Speel as hulpmiddel in die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van ‘n ouer.

LINDA GROBLER

Proefskrif voorgelê vir die graad

Philosophiae Doctor in Pastoraal

(Fakulteit Teologie)

aan die

Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. Dr. W. C. Coetzer

Mede-Studieleier: Dr. M. Steyn

April 2013

Potchefstroomkampus

OPSOMMING

SPEEL AS HULPMIDDEL IN DIE PASTORALE VERSORGINGSPROSES VAN DIE GETRAUMATISEERDE LAERSKOOLKIND AS GEVOLG VAN DIE DOOD VAN 'N OUER

In hierdie studie is daar op die gebruik van speel in die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van 'n ouer gefokus.

Vanuit die **basis-teoretiese navorsing** (hoofstukke 2 en 3) het dit geblyk dat die riglyne van Deut 6:6 – 9 onder andere deur ouers gebruik kan word om inligting aan hul kinders rakende die dood, oor te dra. In Markus 10:13 – 16 het Jesus se optrede in die alledaagse lewe die belangrikheid van kinders beklemtoon. As Jesus gemarginaliseerdes liefhet en hulle genees, dan sal Hy ook kinders van emosionele seer na die dood van 'n ouer, genees. Paulus het in 1 Kor 9:19 – 23 aangetoon dat hy Jesus se voorbeeld volg deurdat hy alle onnodige struikelblokke uit die weg ruim ten einde mense op hul vlak te kan bereik. Hy boet nie sy waardes in nie, maar benader mense op hulle verstaanvlak. In 1 Kor 13:11 gee Paulus erkenning aan die feit dat kinders op 'n ander manier as volwassenes funksioneer en dat hulle daarom op 'n ander manier benader moet word. In Sag 8:5 is daar ook 'n duidelike aanduiding van die rol van speel in die lewens van kinders. Aangesien die dood 'n normale deel van die lewe is, sal kinders gevolglik nodig hê om ook op die vlak van "speel" die dood van 'n ouer te verwerk. Uit 'n literatuurstudie wat in hoofstuk 3 op die historiese ontwikkeling van die pastorale versorging van kinders gefokus het, is bevind dat die belang van 'n sterk verhouding met 'n kind asook kennis rakende die kind se ontwikkeling en belewing van trauma van kritiese belang is. Verder is bevind dat die gebruik van speel 'n gepaste metodologie is met betrekking tot Kinderpastoraat. In hierdie verband is daar geweldige potensiaal in die gebruik van verhale en ook Bybelse narratiewe binne die terapeutiese omgewing.

In die **meta-teoretiese afdeling** (hoofstukke 4 en 5) is op bydraes vanuit die hulpwetenskappe gefokus. Hier het dit geblyk dat die ontwikkelingsfase van die laerskoolkind ŉ bepaalde rol in hul hantering van die dood van ŉ ouer speel. Daar is in besonder ook gefokus op die invloed wat trauma in hierdie verband op die brein het. Verder is die ontstaan en geskiedenis van spelterapie, asook die gebruik daarvan tydens die hulpverleningsproses aan kinders, ondersoek. Tydens die empiriese navorsing in hoofstuk 5 is ŉ voorgestelde model wat elemente van speel in kombinasie met ŉ pastorale benadering bevat, voorlopig getoets om vas te stel of dit suksesvol gebruik sou kon word tydens die hulpverleningsproses van getraumatiseerde laerskool-kinders.

Binne die **praktyk-teoretiese afdeling** (hoofstuk 6) is daar deur middel van ŉ hermeneutiese wisselwerking tussen die basis-teoretiese en die meta-teoretiese perspektiewe gepoog om ŉ prakyk-teoretiese model te formuleer met betrekking tot die gebruik van speel as hulpmiddel in die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van ŉ ouer. Die praktykgerigte model sien soos volg daar uit:

Sessie 1: Bou ŉ verhouding.
Sessie 2: Die uitbou van die verhouding en die inwin van inligting.
Sessie 3: Hulp met lewensstorms en emosies.
Sessie 4: Ondersoek alle aspekte rondom die begrafnis.
Sessie 5: Bespreking van veranderinge.
Sessie 6: Maak van ŉ herinneringshouer.
Sessie 7:Gee aan die kind hoop.

Die navorser is terdeë daarvan bewus dat daar nie presies korrekte stappe is om ŉ kind na die dood van ŉ ouer te begelei nie. Hierdie model is dus bloot ŉ raamwerk waardeur

speel, die unieke taal van kinders, gekombineer kan word met ’n pastorale benadering tot sinvolle begeleiding van emosioneel verwonde en getraumatiseerde kinders.

Sleutelterme:
Speel
Pastorale versorging
Trauma
Dood

Key Terms:
Play
Pastoral care
Trauma
Death

ABSTRACT

PLAY AS A RESOURCE IN THE PASTORAL CARING PROCESS OF THE TRAUMATIZED PRIMARY SCHOOL CHILD AS THE RESULT OF THE LOSS OF A PARENT

In this study the focus was on the use of play in the pastoral care of traumatized primary school children who lost a parent due to death.

From the **basic-theoretical research** (chapters 2 and 3) it was clear that the guide-lines found in Deut 6:6 – 9 can be used by parents to convey information regarding death to their children. In Mark 10:13 - 16, Jesus' actions in everyday life emphasized the importance of children. If Jesus loved the marginalised and healed them, then He will also heal children from emotional hurt after the death of a parent. Paul showed in 1 Cor 9:19 - 23 that he followed the example set out by Jesus. He (Paul) removed all unnecessary obstacles in order to serve people at their own level. He did not compromise his values, but approached people on their level of understanding. In 1 Cor 13:11 Paul acknowledges the fact that children function in a different way than adults and that they therefore should be approached in a different way. In Zech 8:5, there is also a clear indication of the role of play in the lives of children. As death is a normal part of life, children will need to process the death of a parent through “play”. In chapter 3 a literature study was done that focused on the historical development of pastoral care of children. From this literature study it was clear that a strong relationship with a child, as well as knowledge regarding the child’s development and experience of trauma, are of critical importance. It was further found that play is a suitable methodology with regard to pastoral care with children. In this regard, there is tremendous potential in the use of stories and biblical narratives within the therapeutic environment.

The **meta-theoretical section** (chapters 4 and 5) focused on contributions from the auxiliary sciences. Here, it appeared that the development phase of the primary school child has a particular role in their handling of the death of a parent. Attention was also given in particular to the impact of trauma in this regard on the brain. Furthermore, the origin and history of play therapy, as well as its use during the care taking process of children was investigated. During the empirical research in chapter 5 a proposed model that contains elements of play combined with a pastoral approach, was preliminarily tested to determine whether it could successfully be used during the care taking process of traumatized primary school children.

In the **practice theoretical section** (chapter 6), through a hermeneutical interaction between the basic theoretical and meta-theoretical perspectives an attempt was made to formulate a practice theoretical model relating to the use of play as a tool in the process of pastoral care of the traumatized primary school child as a result of the death of a parent. The practice-oriented model is as follows:

Session 1: Build a relationship.
Session 2: The expansion of the relationship and the gathering of information.
Session 3: Help with storms of life and emotions.
Session 4: Examine all aspects of the funeral.
Session 5: Discussion of changes.
Session 6: Making of a memory box.
Session 7: Giving hope to the child.

The researcher is aware that there are no exact or correct steps to guide a child after the death of a parent. This model is simply a framework through which play, the unique language of children, can be combined with a pastoral approach to meaningfully guide emotionally wounded and traumatized children.

Key Terms:
Play
Pastoral care
Trauma
Death

Sleutelterme:
Speel
Pastorale versorging
Trauma
Dood

DANKBETUIGINGS

Dankie aan:

- God, my Vriend en Verlosser, wat altyd die onmoontlike, moontlik maak. Mag hierdie werk die kinders vir wie U so lief het, help om gesond te word.

- Al my maatjies wat bereid wat om by my te kom speel en hul hartseer met my te deel.

- My man, David, wat maar geduldig gebly het wanneer ek aan die werk was. Dankie dat jy ook soms baklei het om my aan die werk te kry. Dankie dat ek altyd kon vra vir hulp. Jy was byna ‘n medewerker aan hierdie studie. Dankie vir ondersteuning, proeflees en aanmoediging deur dik en dun.

- My kinders vir hul ondersteuning, aanmoediging en geduld.

- Besonder dankie aan jou, Madelaine, vir jou aanmoediging en baie hulp. Dankie veral vir ure se geduld om ma se foute met die rekenaar te probeer regmaak.

- My studieleier, prof. dr. Wentzel Coetzer, vir sy professionele leiding. Dit was vir my weereens ’n besondere voorreg om onder so ’n bekwame studieleier te werk. Dankie dat jy bereid was om my by te staan en my bly aanmoedig het toe ek moedeloos geword het.

- My mede-studieleier, dr. Marie Steyn wat my op ‘n uiters professionele manier bygestaan het. Dankie dat jy altyd tyd gemaak het vir my en bereid was om jou besondere wysheid en kennis met my te deel.

Rustenburg,
April 2013

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK 1 – INLEIDING

1.1.	**INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING**	1
1.1.1	Inleiding	1
1.1.2	Dood	2
1.1.3	Trauma	3
1.1.3.1	Die trauma van dood en die brein	3
1.1.3.2	Die verband tussen die trauma van dood en spiritualiteit	5
1.1.4	Hulpverlening	6
1.2.	**MOTIVERING VIR KEUSE VAN NAVORSINGSAREA**	6
1.3.	**NAVORSINGSVRAAG**	8
1.3.1	Verdere vrae	8
1.4.	**DOEL VAN STUDIE**	9
1.4.1	Doelstelling	9
1.4.2	Doelwitte	9
1.5.	**SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT**	10

1.6.	**METODOLOGIE**	10
1.6.1	Basis-, meta-, en praktykteorie	13
1.6.1.1	Basis-teoretiese perspektiewe	14
1.6.1.2	Meta-teoretiese perspektiewe	14
1.6.1.3	Praktyk-teoretiese perspektiewe	15
1.6.2	Navorsingstrategie	15
1.6.2.1	Kwalitatiewe navorsing	17
1.6.2.2	Kwantitatiewe navorsing	17
1.6.2.3	Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming	17
1.6.2.4	Etiese aspekte	18
1.6.3	Navorsingsprosedure	19
1.6.3.1	Literatuurontleding	19
1.6.3.2	Ervaring van kundiges	19
1.7.	**ANDER TEGNIESE ASPEKTE**	20
1.8	**HOOFSTUK INDELING**	21

HOOFSTUK 2 – EKSEGESE VAN 'N AANTAL SKRIFGEDEELTES MET BETREKKING TOT DIE PASTORALE VERSORGING VAN DIE GETRAUMATISEERDE LAERSKOOLKIND AS GEVOLG VAN DIE DOOD VAN 'N OUER

Basis-Teorie

2.1	**INLEIDING**	22
2.2	**DOELSTELLING**	23
2.3	**BASISTEORIE**	23
2.4	**DIE KULTUUR-HISTORIESE AGTERGROND RAKENDE DIE DOOD**	24
2.4.1	Waar kom die dood vandaan	24
2.4.2	Bybelse gebruike rondom die dood	24
2.4.2.1	Rituele	25
2.4.2.2	Begrafnisse	26
2.4.2.3	Hoe die liggame begrawe is	26
2.4.3	Rou	27
2.5	**KULTUUR-HISTORIESE AGTERGROND RAKENDE KINDERS**	28
2.5.1	Hoe is kinders beskou	28
2.5.2	Grootwordjare	29
2.5.3	Opvoeding	29
2.5.4	Model vir onderrig	30
2.5.5	Die kind en die dood	30

2.6	**BYBELSE RIGLYNE IN VERBAND MET KINDERS VOLGENS DEUT 6:6 – 9**	31
2.6.1	Die boek Deuteronomium	31
2.6.1.1	Betekenis van die naam Deuteronomium	31
2.6.2	Die funksie van die boek	32
2.6.3	Die plek van die boek in die Bybel	32
2.6.4	Die skrywer	33
2.6.5	Literêre styl	33
2.6.6	Historiese agtergrond	34
2.6.7	Plek van die perikoop in die boek	34
2.6.8	Teks van Deut. 6:6 – 9	35
2.6.9	Toepassing van die teks	37
2.7	**JESUS SE OMGANG MET KINDERS VOLGENS MARK 10:13-16**	38
2.7.1	Die boek van Markus	38
2.7.2	Die plek van die boek in die Bybel	38
2.7.3	Die skrywer	38
2.7.4	Literêre styl	39
2.7.5	Historiese agtergrond	40
2.7.6	Plek van die perikoop in die boek	40
2.7.7	Teks van Mark 10:13-16	41
2.7.8	Toepassing van die teks	44

2.8	**PAULUS SE VOORBEELD IN 1 KOR 9:19-23**	45
2.8.1	Die boek van 1 Korintiërs	45
2.8.2	Die plek van die boek in die Bybel	45
2.8.3	Die skrywer	45
2.8.4	Literêre styl	45
2.8.5	Historiese agtergrond	46
2.8.6	Plek van die perikoop in die boek	48
2.8.7	Teks van 1 Kor 9:19 – 23	49
2.8.8	Toepassing van die teks	51
2.9	**ERKENNING VAN SPEEL AS 'N AKTIWITEIT VAN KINDERS IN SAG 8:5**	53
2.9.1	Die boek van Sagaria	53
2.9.2	Die plek van die boek in die Bybel	53
2.9.3	Die skrywer	54
2.9.4	Literêre styl	54
2.9.5	Historiese agtergrond	54
2.9.6	Plek van die perikoop in die boek	55
2.9.7	Teks van Sag 8:5	56
2.9.8.	Toepassing van die teks	58
2.10	**SAMEVATTING**	59
2.10.1	Deuteronomium 6:6 – 9	59
2.10.2	Markus 10:13 – 16	60
2.10.3	1 Korintiërs 9:19 – 23	60
2.10.4	Sagaria 8:5	61

HOOFSTUK 3 – 'N FOKUS OP DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE PASTORALE VERSORGING VAN KINDERS

Basis-Teorie

3.1.	**INLEIDING**	63
3.2	**DOEL VAN DIE HOOFSTUK**	63
3.3	**WAT IS PASTORAAT?**	64
3.3.1	Definisie van pastoraat	64
3.3.2	Kern van pastoraat	64
3.3.3	Wat behels pastorale sorg	65
3.3.4	Die kerk as versorgende gemeenskap	65
3.3.5	Die Bybel as hulpmiddel tydens pastoraat	66
3.4	**WAT EN WIE IS 'N PASTOR?**	66
3.4.1	Definisie van pastor	66
3.4.2	Rol van die pastor tydens pastoraat	67
3.5	**GESKIEDENIS VAN PASTORAAT**	67
3.5.1	Pastorale sorg in die Nuwe Testament	68
3.5.2	Pastorale sorg tydens die Reformasie	68
3.5.3	Pastorale sorg onder die Engelse Puriteine	69
3.5.4	Pastorale sorg in die twintigste eeu	70

3.6	**KINDERTEOLOGIE**	70
3.6.1	'n Definisie van Kinderteologie	70
3.6.2	Vertrekpunt van Kinderteologie	71
3.6.2.1	Kinders in die Ou Testament	71
3.6.2.2	Kinders in die Nuwe Testament	71
3.6.3	Die kern van Kinderteologie	72
3.7	**WAT IS KINDERPASTORAAT?**	73
3.7.1	Definisie van kinderpastoraat	73
3.7.2	Rol van die pastor tydens kinderpastoraat	73
3.8	**'N LITERATUURSTUDIE VAN 'N AANTAL BYDRAES RAKENDE KINDERPASTORAAT**	74
3.8.1	A.D. Lester se benadering ten opsigte van pastorale sorg aan kinders in krisis	74
3.8.1.1	Kinders se behoeftes van 'n pastor	74
3.8.1.2	Gebruikmaking van speel as deel van pastorale gesprekke	77
3.8.2	D. Sweeney en G. Landreth se benadering tot die heling van 'n kind se gees deur spelterapie: 'n Skriftuurlike benadering tot die behandeling van kinders	79
3.8.2.1	Kinders kommunikeer deur te speel	79
3.8.2.2	Spelterapie/Speelterapie	80
3.8.2.3	Spirituele of geestelike genesing	81

3.8.3	E.D. Stover en M. Stover se model van Bybelse Storievertelling as ‘n vorm van kinderterapie	82
3.8.3.1	Die kinder- en aanbiddingsprogram	83
3.8.3.2	Ondersteuning vir Bybelse storievertelling as ’n terapeutiese model	84
3.8.4	J. Blore se riglyne oor hoe om ‘n treurende kind te help	85
3.8.4.1	Stap 1 – Ken kinders	85
3.8.4.2	Stap 2 – Ken rousmart	86
3.8.4.3	Stap 3 – Ken vir Jesus	86
3.8.4.4	Stap 4 – Bid en beweeg aan	87
3.8.5	E.L. Cook se benadering tot die berading van kinders	88
3.8.5.1	Deel 1 - Vestig ‘n verhouding met die kind	88
3.8.5.2	Deel 2 – Versamel inligting	89
3.8.5.3	Deel 3 – Gebruik die Bybel in die leerproses	89
3.8.5.4	Deel 4 – Gee huiswerk	90
3.8.6	T.A. Sisemore se vyf dimensies model vir die Christelike berading van kinders	90
3.8.6.1	Geestelike verandering	91
3.8.6.2	Gedragsverandering	92
3.8.6.3	Kognitiewe verandering	92
3.8.6.4	Emosionele verandering	92
3.8.6.5	Interpersoonlike verhoudingsverandering	92
3.8.7	J. Blore se benadering met betrekking tot hulp aan die treurende kind of tiener	93

3.8.7.1	Om te rou is natuurlik en pynlik	93
3.8.7.2	Om te rou is moeilik en hou soms lank aan	93
3.8.7.3	Die rouproses skep geleenthede vir ongehoorsaamheid	94
3.8.7.4	Sommige kinders wat rou het berading nodig	95
3.8.8	D. Coetsee se benadering met betrekking tot die begeleiding van emosioneel-verwonde kinders	96
3.8.8.1	Die Heilige Gees bedien heling	97
3.8.8.2	... deur ‘n genesende gemeenskap	97
3.8.8.3	... in helende verhoudings	97
3.8.8.4	... aan gewonde kinders	98
3.8.9	S.W. Basson se model vir die gebruik van Bybelse narratiewe in die pastoraat aan kinders tussen die ouderdom van 6 en 13 jaar	99
3.8.9.1	Luister	99
3.8.9.2	Dink	100
3.8.9.3	Vertel	100
3.8.9.4	Lees	100
3.8.9.5	Bid	100

3.9	**SAMEVATTING**	101
3.9.1	Belangrike bydrae deur Kinderteologie	101
3.9.2	Belangrike beskrywing van Kinderpastoraat	103
3.9.3	Belangrike raakpunte uit die bydraes van literatuur	103
3.9.3.1	Verhouding	103
3.9.3.2	Kennis	104
3.9.3.3	Die unieke aard van kinders en die gebruik van speel	104
3.9.3.4	Die gebruik van stories tydens die hulpverleningsproses	105
3.10	**SLOT**	106

HOOFSTUK 4 **PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE IMPAK VAN DIE DOOD OP EN DIE BEGELEIDING VAN DIE LAERSKOOLKIND**

META-TEORIE

4.1.	**INLEIDING**	107
4.1.1	Doelstelling	108
4.1.2	Metateorie	109
4.1.3	Definisies van sekere konsepte rakende die dood	109
4.1.3.1	Dood	109
4.1.3.2	Verlies	110
4.1.3.3	Verdriet of rou	110
4.1.3.4	Rousmart/Treur	110
4.2.	**DIE KIND SE PERSEPSIE VAN DIE DOOD**	111
4.2.1	Faktore wat die kind se persepsie van die dood beïnvloed	111
4.2.1.1	Fisiese ontwikkeling	112
4.2.1.2	Kognitiewe ontwikkeling	112
4.2.1.3	Persoonlikheidsontwikkeling	113
4.2.1.4	Emosionele ontwikkeling	114
4.2.1.5	Gesinsontwikkeling	115
4.2.1.6	Sosiale ontwikkeling	115
4.2.1.7	Morele ontwikkeling	116
4.2.1.8	Godsdienstige- en geloofsontwikkeling	118
4.2.1.9	Kulturele ontwikkeling	120

4.3.	**DIE KIND SE REAKSIE OP DIE DOOD VAN 'N OUER**	120
4.3.1	Fisiese reaksie	121
4.3.2	Emosionele reaksie	121
4.3.3	Kognitiewe reaksie	122
4.3.4	Sosiale reaksie	123
4.3.5	Geestelike reaksie	123
4.4.	**DIE KIND SE VERSTAAN VAN DIE DOODSKONSEP**	124
4.4.1	Tradisies uit die Tswana kultuur	125
4.4.2	Tradisies uit die Westerse kultuur	127
4.5	**FAKTORE WAT DIE ROUPROSES BEVORDER OF BEMOEILIK**	129
4.6	**DIE KIND SE FASES VAN ROU**	130
4.6.1	Kübler-Ross	130
4.6.1.1	Skok en ontkenning	130
4.6.1.2	Woede	130
4.6.1.3	Onderhandeling	130
4.6.1.4	Depressie (of egte rou)	131
4.6.1.5	Aanvaarding	131
4.6.2	Wells	131
4.6.2.1	Skok	131
4.6.2.2	Ontkenning	131
4.6.2.3	Soeke na die oorledene	131
4.6.2.4	Wanhoop	132
4.6.2.5	Angstigheid en skuldgevoelens	132

4.6.3	Silverman, Nickman en Worden	132
4.6.3.1	Lokalisering	132
4.6.3.2	Teenwoordigheid van oorledene	132
4.6.3.3	Poging tot kommunikasie	133
4.6.3.4	Poging tot behoud van herinneringe	133
4.6.3.5	Poging tot behoud van oorledene se teenwoordigheid	133
4.7	**DIE KIND SE REAKSIE OP TRAUMA**	134
4.7.1	Die uitwerking van trauma op die brein	135
4.7.2	Die stoor van trauma in die brein	135
4.8	**DIE KIND SE BEHOEFTES NA DIE DOOD**	137
4.8.1	Die kind se behoeftes	
4.8.1.1	Grobler	137
4.8.1.2	O'Connor	137
4.8.1.3	Perry	138
4.9	**DIE KIND SE TREURTAKE NA DIE DOOD**	139
4.9.1	Wass en Corr	139
4.9.2	Hart-May	139
4.9.3	Cook en Dworkin	139
4.9.4	Raakpunte uit die literatuur	140
4.10	**DIE KIND SE UNIEKE TAAL**	141
4.10.1	Die geskiedenis van speel	142
4.10.1.1	Psigo-analitiese spelterapie	142
4.10.1.2	Ontladingspelterapie	143

4.10.1.3	Verhoudingspelterapie	143
4.10.1.4	Nie-Direktiewe spelterapie	143
4.10.1.5	Spelterapie in laerskole	144
4.10.1.6	Assosiasie van Spelterapie	144
4.10.2	Die definisie van speel	145
4.10.3	Die waarde van speel	145
4.10.4	Die gebruik van speel as deel van die hulpverleningsproses	147
4.10.4.1	Kreatiewe spel	147
4.10.4.2	Ontspanningspel	149
4.10.4.3	Biblio-spel	150
4.11	**VOORGESTELDE HULPVERLENINGSMETODE**	152
4.11.1	Sessie 1: Bou ‘n verhouding	152
4.11.2	Sessie 2: Uitbou van die verhouding en uitruil van inligting	153
4.11.3	Sessie 3: Hulp met lewensstorms en emosies	154
4.11.4	Sessie 4: Deelname aan die begrafnis	155
4.11.5	Sessie 5: Bespreek die veranderinge	157
4.11.6	Sessie 6: Maak ‘n herinneringshouer	160
4.11.7	Sessie 7: Gee aan die kind hoop	161
4.12	**SAMEVATTING**	163

HOOFSTUK 5 – EVALUERING VAN DIE EMPIRIESE RESULTATE BETREFFENDE DIE BEGELEIDING VAN DIE GETRAUMATISEERDE LAERSKOOLKIND AS GEVOLG VAN DIE DOOD VAN 'N OUER

META-TEORIE

5.1	**INLEIDING**	165
5.2.	**DOELWIT VAN DIE EMPIRIESE BEVINDINGE IN DIE KONTEKS VAN DIE NAVORSING**	165
5.3.	**METODOLOGIESE VERANTWOORDING**	166
5.3.1	Kwalitatiewe navorsing	166
5.3.2	Gevallestudie	167
5.3.3	Kwantitatiewe navorsing	168
5.3.3.1	Gebruik van 'n meetinstrument	168
5.3.3.2.	Gestandaardiseerde skale vir kinderassessering	169
5.3.3.3	Samestelling van afdelings	170
5.3.3.4	Samestelling van 'n multidimensionele skaal	172
5.3.4	Etiese aspekte	173
5.4	**DATA-INSAMELING EN ONTLEDING**	174
5.5	**AGTERGRONDINLIGTING VAN DIE DEELNEMERS**	175
5.5.1	Deelnemer 1: Natalie	175
5.5.2	Deelnemer 2: Sam	176

5.5.3	Deelnemer 3: Joe	176
5.5.4	Deelnemer 4: Gertjie	177
5.6	**BESKRYWING VAN DIE TERAPEUTIESE SESSIES**	177
5.7	**SESSIE 1: BOU 'N VERHOUDING**	178
5.7.1	Die doel van sessie 1	178
5.7.2	Verloop van sessie 1	178
5.7.2.1	Natalie	179
5.7.2.2	Sam	180
5.7.2.3	Joe	181
5.7.2.4	Gertjie	182
5.7.3	Evaluering van sessie 1	183
5.8	**SESSIE 2: UITBOU VAN DIE VERHOUDING EN UITRUIL VAN INLIGTING**	185
5.8.1	Resultate van Perspektief se assesseringskaal	186
5.8.2	Die doel van sessie 2	187
5.8.3	Verloop van sessie 2	190
5.8.3.1	Natalie	190
5.8.3.2	Sam	191
5.8.3.3	Joe	191
5.8.3.4	Gertjie	192
5.8.4	Evaluering van sessie 2	193

5.9	**SESSIE 3: HULP MET LEWENSSTORMS EN EMOSIES**	195
5.9.1	Die doel van sessie 3	195
5.9.2	Verloop van sessie 3	196
5.9.2.1	Natalie	196
5.9.2.2	Sam	198
5.9.2.3	Joe	202
5.9.2.4	Gertjie	204
5.9.3	Evaluering van sessie 3	206
5.10	**SESSIE 4: DEELNAME AAN DIE BEGRAFNIS**	208
5.10.1	Die doel van sessie 4	208
5.10.2	Verloop van sessie 4	209
5.10.2.1	Natalie	209
5.10.2.2	Sam	210
5.10.2.3	Joe	212
5.10.2.4	Gertjie	215
5.10.3	Evaluering van sessie 4	216
5.11	**SESSIE 5: BESPREEK DIE VERANDERINGE**	217
5.11.1	Die doel van sessie 5	220
5.11.2	Verloop van sessie 5	220
5.11.2.1	Natalie	220
5.11.2.2	Sam	221
5.11.2.3	Joe	222
5.11.2.4	Gertjie	223
5.11.3	Evaluering van sessie 5	224

5.12	**SESSIE 6: MAAK VAN 'N HERINNERINGSHOUER**	225
5.12.1	Die doel van sessie 6	225
5.12.2	Verloop van sessie 6	226
5.12.2.1	Natalie	226
5.12.2.2	Sam	229
5.12.2.3	Joe	231
5.12.2.4	Gertjie	231
5.12.3	Evaluering van sessie 6	232
5.13	**SESSIE 7: GEE AAN DIE KIND HOOP**	233
5.13.1	Die doel van sessie 7	233
5.13.2	Verloop van sessie 7	234
5.13.2.1	Natalie	234
5.13.2.2	Sam	235
5.13.2.3	Joe	236
5.13.2.4	Gertjie	237
5.13.3	Evaluering van sessie 7	238
5.14	**RESULTATE VAN ASSESSERING**	239
5.14.1	Natalie	239
5.14.2	Sam	241
5.14.3	Joe	242
5.14.4	Gertjie	243

5.15	**SAMEVATTING**	244
5.15.1	Sessie 1: Bou ‘n verhouding	245
5.15.2	Sessie 2: Uitbou van verhouding en inruil van inligting	245
5.15.3	Sessie 3: Hulp met lewensstorms en emosies	246
5.15.4	Sessie 4: Deelname aan die begrafnis	247
5.15.5	Sessie 5: Bespreek die veranderinge	248
5.15.6	Sessie 6: Maak van ‘n herinneringshouer	250
5.15.7.	Sessie 7: Gee aan die kind hoop	250
5.16	**SLOT**	251

HOOFSTUK 6 – 'N VOORGESTELDE MODEL VIR DIE GEBRUIK VAN SPEEL AS HULPMIDDEL IN DIE PASTORALE VERSORGINGSPROSES VAN DIE GETRAUMATISEERDE LAERSKOOLKIND AS GEVOLG VAN DIE DOOD VAN 'N OUER

PRAKTYK-TEORIE

6.1	**INLEIDING EN DOELWITSTELLING**	252
6.2	**PRAKTYK-TEORIE**	252
6.3	**DIE HANTERING VAN 'N AANTAL BELANGRIKE VRAE**	252
6.3.1	Vraag 1: Watter Bybelse riglyne kan geïdentifiseer word met betrekking tot die pastorale versorgingsproses van getraumatiseerde laerskoolkinders?	253
6.3.2	Vraag 2: Watter insigte kan geïdentifiseer word vanuit die geskiedenis van die pastorale versorgings van getraumatiseerde laerskoolkinders?	253
6.3.3	Vraag 3: Watter perspektiewe bied die aangrensende wetenskappe betreffende die rol van speel in die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van 'n ouer, en wat leer die historiese ontwikkeling van speel as hulpmiddel in die begeleiding van emosioneel verwonde kinders?	253

6.3.4	Vraag 4: Watter perspektiewe kan vanuit ‘n empiriese ondersoek moontlik meer lig werp op hierdie tema?	254
6.3.5	Vraag 5: Watter model kan geformuleer word wat as basis kan dien vir die gebruik van speel tydens die omvattende pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde kind wat ‘n ouer aan die dood afgestaan het?	254
6.3.5.1	Watter Bybelse riglyne kan geïdentifiseer word met betrekking tot die pastorale versorgingsproses van getraumatiseerde kinders?	254
6.3.5.2	Watter insigte kan geïdentifiseer word vanuit die geskiedenis van die pastorale versorging van getraumatiseerde kinders?	256
6.3.5.3	Watter perspektiewe bied die aangrensende wetenskappe betreffende die rol van speel in die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van ‘n ouer, en wat leer die historiese ontwikkeling van speel as hulpmiddel in die begeleiding van emosioneel verwonde kinders?	258
6.3.5.4	Watter perspektiewe kan vanuit ‘n empiriese ondersoek moontlik meer lig werp op hierdie tema?	262
6.3.5.5	Watter model kan geformuleer word wat as basis kan dien vir die gebruik van speel tydens die omvattende pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde kind wat ‘n ouer aan die dood afgestaan het?	266

6.4 SAMEVATTING 272

HOOFSTUK 7 – SAMEVATTING EN VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING

FINALE SAMEVATTING

7.1 SENTRALE NAVORSINGSVRAAG EN DOELWITTE 274

7.1.1 Sentrale navorsingsvraag 274

7.1.2 Doelstelling 274

7.2 BASIS-TEORIE 275

7.2.1 Hoofstuk 2
Eksegese van ’n aantal Skrifgedeelte met betrekking tot die pastorale versorging van getraumatiseerde laerskoolkinders as gevolg van die dood van ’n ouer 275

7.2.2 Hoofstuk 3
’n Fokus op die historiese ontwikkeling van die pastorale versorging van kinders 278

7.3 META-TEORIE 280

7.3.1 Hoofstuk 4
Meta-teoretiese perspektiewe met betrekking tot die effek van die dood op en die begeleiding van die laerskoolkind 280

7.3.2 Hoofstuk 5
Evaluering van die resultate van ’n empiriese ondersoek ten opsigte van die begeleiding van die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van ’n ouer 281

7.4 PRAKTYK-TEORIE 282

7.4.1 Hoofstuk 6
ʼn Voorgestelde praktyk-teoretiese model vir die gebruik van speel as hulpmiddel in die pastorale versorgingsproses van die laerskoolkind wat getraumatiseer is deur die dood van ʼn ouer 282

7.5 OORSPRONKLIKE DOELWITTE IS BEREIK 283

7.6 FINALE GEVOLGTREKKING 283

7.7 TEMAS VIR VERDERE NAVORSING 283

8. BIBLIOGRAFIE 285

9. BYLAES 312

EXCELLENCE THROUGH WISDOM

IN U LIG

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

1.1.1 Inleiding

In Suid-Afrika word kinders toenemend getraumatiseer as gevolg van die dood van ‘n ouer of ‘n versorger weens die hoë vlakke van misdaad asook die hoë Vigs-sterftesyfer. Hierdie situasie het tot gevolg gehad dat die Universiteit van Limpopo ‘n projek van stapel gestuur het om artikels rondom trauma en psigoterapie vanuit die Afrika-perspektief te versamel en in boekvorm te publiseer (Madu (red.), 2009). Verskeie van die artikels verwys na die gebruik van speel as hulpmiddel in die begeleiding van die kind. Sefotho (2009:135) wat ook ‘n bydrae in hierdie bundel gemaak het, beklemtoon met die volgende stelling die feit dat kinders onder die huidige krisis ly:

> *“Children are faced with a plethora of problems resulting from the complexity of life in today’s world. Such experiences may be loss of one or both parents, loss of property, or becoming surrogate parents to siblings”.*

Suid-Afrika het gedurende 2006 ongeveer ‘n derde bygedra tot die sowat 2,8 miljoen vigssterftes wêreldwyd (Mulder, 2006:5). Die 2008 nasionale skatting van HIV voorkoms onder Suid-Afrikaners van alle ouderdomsgroepe is 10,6%. Dus is ongeveer 5.2 miljoen mense van die totale bevolking HIV-positief (HSRC, 2008:30). Die hoogste persentasies van HIV kom voor onder vrouens tussen die ouderdom van 25–29 jaar (32,7%) en mans tussen die ouderdom van 30-34 jaar (29,1%) (HSRC, 2008:31). Op hierdie ouerdomme is daar waarskynlik reeds ‘n paar kinders gebore, wat dan wees gelaat word wanneer die ouers sterf. Sweeney (2008) noem

tydens ‘n seminaar dat daar na raming 660 000 kinders in Suid-Afrika is wat een of albei ouers verloor het.

1.1.2 Dood

Die dood van ‘n ouer of versorger is ‘n traumatiese gebeurtenis wat enige mens, maar veral ‘n kind se hele lewe, onherroeplik verander en is een van die moeilikste belewenisse vir ‘n kind (Malchiodi, 2008:179). Skielik is daar ‘n nuwe fase wat deurgewerk moet word, met gepaardgaande intense gevoelens van pyn en verlies. Rungan (1997:6) beklemtoon die absolute finaliteit van die dood en die gepaardgaande verbreking van verhoudings. Volwassenes is vanweë hul ontwikkelingsvlak beter toegerus om met die dood te deel, met jare se lewenservaring in die hantering van krisisse asook die beskikbaarheid van goeie steunstelsels. Ondanks hierdie ‘voordele’ is die dood vir talle volwassenes steeds traumaties. Hierteenoor beskik kinders oor geen van bovermelde ‘voordele’ nie. Ferriera en Read (2006:183) verwoord hierdie probleem soos volg:

> *“What must be kept in mind is that children experience the same feelings as adults, but do not have the language skills to verbalize them, nor the cognitive ability to understand, identify or express their feelings”.*

Die navorser het in haar beradingspraktyk die afgelope aantal jare ook opgemerk dat ouers dikwels geneig is om die tema van die dood te vermy in gesprekke met hul kinders – uit onkunde is hulle van mening dat dit tot voordeel van die kind is. Troeteldiere wat doodgaan, word vervang voor die kind van die skool af kom. Van Niekerk (2008:41) ondersteun hierdie observasie deur te praat van ‘n sogenaamde “westerse treurmodel”. Hierdie model se stappe is: onderdruk jou gevoelens, vervang enige verlies so gou as moontlik, treur alleen, en met tyd vind genesing plaas. Kinders het dus óf nie voorheen blootstelling aan die dood nie óf is geleer om hul gevoelens te onderdruk, wat uiteindelik daartoe lei dat hulle nog moeiliker die dood van ‘n ouer hanteer.

1.1.3 Trauma

Die term "trauma" is afgelei uit die Griekse woord trauma, wat *wond* beteken (Coetzer, 2008:24). Rothschild (2000:5) is van mening dat al het geen liggaamlike leed plaasgevind nie, trauma steeds beskryf moet word as 'n "*psychophysical experience*". Die dood affekteer dus die hele persoon: fisies, sielkundig, emosioneel, sosiaal en spiritueel.

1.1.3.1 Die trauma van dood en die brein

Die feit dat dood baie traumaties is, het bepaalde implikasies wanneer daar gekyk word na die manier waarop trauma in die brein gestoor word. Trauma word in die brein gestoor in die limbiese stelsel wat hoofsaaklik sensories van aard is. Traumageheue is nie feitelik nie. Ziegler (2002:26) stel dit so:

> *"Memories of past trauma are not stored in the neocortex where our reasoning functions can have an impact on these recollections".*

Kinders sukkel oor die algemeen vanweë hul ontwikkelingsvlak om hul emosies te verwoord. Blootstelling aan trauma veroorsaak dat dit nog moeiliker is om oor die trauma te praat, veral as gevolg van die chemiese veranderinge in die brein. Van der Kolk (2003:306) stel dit so:

> *"... high levels of arousal interfere with the adequate functioning of the brain region necessary to put one's feelings into words, Broca's area".*

As gevolg van hierdie probleem moet kinders op 'n spesiale manier begelei word om uitdrukking te gee aan hul emosies. In hierdie proses is gesprekvoering nie effektief nie, omdat dit te veel staatmaat op denkende insig (Blom, 2006:20). 'n Ander vorm van hulpverlening sal dus gevind moet word om hierdie kinders te help. Malchiodi (2001:22) ondersteun hierdie standpunt deur die volgende te noem:

> *"Because the core of traumatic experiences is physiological, the expression and processing of the sensory memories of trauma are essential to successful intervention and resolution – drawing is an activity that taps a variety of senses".*

Speel is gevolglik ‘n moontlike opsie om as hulpverleningsinstrument aan verwonde kinders te gebruik, veral wanneer die voorafgaande faktore in ag geneem word. Ziegler (2002:50) is van mening dat die gebruik van nie-verbale metodes belangrik is tydens die hulpverleningsproses, veral aan kinders*:*

> *“Nonverbal therapy methods will be needed to get the best understanding of trauma memories. Use art, play, movement and expression of all kinds to get information. Words will be distracting and often useless”.*

Malchiodi (2012:166) ondersteun die gebruik van kuns as deel van die hulpverleningsproses deur die volgende stelling:

> *“The use of drawing also has an added advantage. For children, as well as adults, trauma memories are encoded in images because trauma is a sensory experience rather than an solely cognitive experience“.*

Die hulpverlener moet as’t ware ’n getuie kan word van die kind se traumabelewenis en teken verskaf die geleentheid om die kind se belewenis met hom te deel en deur die kind se oë te “sien”.

Speel is ‘n uiters belangrike medium waardeur kinders in die algemeen uitdrukking gee aan innerlike gevoelens. Die vryheid wat die kind ervaar deur spontaan die voortou te neem met spel, bied ook geleentheid aan die Heilige Gees om te werk (Piers & Landau, 1980:16). Sodoende word onderliggende probleme na vore gebring deur spel . Kinders van alle kulture speel – net hul speelgoed en speletjies verskil. Die Bybel verwys ook na speel as ‘n tipiese aktiwiteit van kinders, in Sagaria 8:5: *“Die pleine in die stad sal vol seuns en dogters wees wat daar speel”* (Bybel, 1983:987).

Deur speel vind kinders uit hoe die wêreld werk, probeer hulle verskillende rolle vertolk en hanteer hulle verskillende emosies. Deur spel kan daar genesing vir wonde en hartseer plaasvind, verbreking van spanning en ook ‘n meer gemaklike uitdrukking van die self. Sweeney en Landreth (1993:355) voel dat sonder die natuurlike helingskrag van speel, die emosionele wonde wat deur die dood van ‘n ouer of ouers opgedoen is, moontlik nooit geheel kan word nie.

1.1.3.2 Die verband tussen die trauma van dood en spiritualiteit

Kinders is geskep na die beeld van God en daarom is hulle inherent waardevol. Die waarde van kinders lê nie in hul onskuld of nut nie, maar in hul geestelike natuur (Sisemore, 2003:116). Betreffende die begeleiding van getraumatiseerde kinders word daar in die VSA oor die algemeen al sterker gefokus op enersyds die geestelike natuur van die kind, en andersyds die hulpbronne van kinders (Bunge, 2001 & Stonehouse, 1998). Blore, (1998:27) noem in verband met rou van kinders dat *"grief affects the whole person – mentally, physically, emotionally, socially and spiritually".*

Axline (1964:184-187) beskryf byvoorbeeld in hierdie verband hoe 'n jong seun wat geensins agtergrond het rondom geloof nie, begin vrae vra oor God. O'Connor (2004:124) sluit hierby aan:

> *"Regardless of their family's personal belief system or faith tradition, all children ask questions about God, heaven and what happens to us when we die".*

Schoeman (2004:128) toon aan dat daar heel dikwels 'n bepaalde godsdiens gerigtheid in die rouproses na vore kom. In die lig van die feit dat 73,5% van alle Suid-Afrikaners (Johnston, 2001:577) beweer dat hulle Christene is, is dit belangrik om in ag te neem dat 'n kind vanuit 'n Christelike agtergrond wat deur die dood gekonfronteer word, heel waarskynlik geestelike vrae sal vra. 'n 2006 Opname gedoen deur The Pew Forum, 'n Amerikaanse organisasie, dui aan dat 79% van Suid-Afrikaanse inwoners bo 18 hulself as Christene beskou (The Pew Forum, 2010; vergelyk ook ooreenstemmende statistiek vanuit die webblad van die Suid-Afrikaanse regering, 2010).

Simboliek en geloof is sleutelelemente in die geestelike bewussyn van kinders. Hierdie misterie van geloof, naamlik "om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie" (Heb 11:1) groei en ontwikkel deur die simboliese funksie van speel (Sweeney & Landreth, 1993:352). Fowler (1981:133) stel dit dat die ontwikkeling

van geloof gekenmerk word deur fantasie, asook die vloeibaarheid van denkpatrone. Speel is die middel tot hierdie simboliese en verbeeldings-gevulde ondersoek.

1.1.4 Hulpverlening

Hulpverlening aan die groot hoeveelhede kinders wat ‘n ouer aan die dood afstaan, is ‘n groot uitdaging wanneer daar bloot na die syfers gekyk word. Die feit dat kinders op ‘n ander wyse benader moet word, is ook ‘n groot uitdaging. Die wye verskeidenheid van literatuur wat beskikbaar is uit die psigologie en maatskaplike werk-dissiplines en hierteenoor die relatief min beskikbare literatuur rondom pastoraat aan kinders, dui daarop dat hulp tradisioneel verleen is deur middel van spelterapie deur sielkundiges en maatskaplike werkers, terwyl leraars en beraders die pastorale versorging waargeneem het. Die sielkundiges en maatskaplike werkers is goed opgelei (almal het minstens ‘n graad) en het dikwels ook internskappe deurloop en praktiese ondervinding opgedoen. Vir baie van die kinders wat ‘n ouer aan die dood afstaan, is daar egter nie fondse beskikbaar om te gaan vir hulp deur ‘n professionele persoon nie. Die feit dat leraars dikwels nie opgewasse voel om met kinders te werk nie, blyk duidelik uit Lester (1985:14) se verduideliking van hoe hy gevoel het toe hy vir die eerste keer met kinders moes werk:

> *“I did not know what they were thinking or how to talk with them. How I wished for a book about pastoral care with children in crisis!”*

Daar bestaan dus ‘n groot leemte aan ‘n eenvoudige model wat deur versorgers (“*caregivers”)* van welsynsorganisasies, kerkraadslede of selfs leraars na afloop van ‘n paar weke se opleiding gebruik sou kon word. Daar is navraag gedoen by FAMSA, CMR en Kindersorg en geen model of riglyne in hierdie verband bestaan tans nie.

1.2. MOTIVERING VIR KEUSE VAN NAVORSINGSAREA

Die keuse vir hierdie navorsingsarea word gemotiveer uit navorser se ervaring dat

kinders wat ‘n verlies ervaar, ook ‘n geestelike behoefte het gedurende die rouproses. Dit is noodsaaklik om die kind deur die geestelike vrae en pyn te begelei ten einde die verlies te verwerk.

Die navorser werk reeds die afgelope aantal jare met getraumatiseerde kinders, maar het gedurende 2005 by ‘n laerskool vir kleurling- en swart kinders begin berading doen. Daar is beleef aan watter groot hoeveelhede trauma hierdie kinders op ‘n daaglikse basis blootgestel word. ‘n Informele opname in 2007 in ‘n laerskool in Karlienpark (‘n woonbuurt in Rustenburg) onder Kleurling en Swart leerlinge het getoon dat ongeveer 21% van die leerlinge reeds hul ouers of ‘n inwonende naas-bestaande verloor het. In 2010 is hierdie opname herhaal en het aangetoon dat ongeveer 30% van die leerlinge deur die dood van ‘n nabye geliefde gekonfronteer is. Slegs 38 van hierdie kinders het enige vorm van hulp ontvang: 16 is gehelp deur navorser, 18 deur ‘n jeugwerker van Kohin (wat deur ‘n kursus in hierdie verband deur navorser addisioneel opgelei is), 2 deur maatskaplike werkers en 2 deur leraars. Hierdie syfers ondersteun Sweeney (2008) se statistieke, soos voorgelê tydens die Children in Crisis-konferensie, waarna reeds verwys is en dui aan dat die dood ‘n realiteit is waarmee baie kinders op ‘n jong ouderdom gekonfronteer word (informele opname gedoen deur navorser, 2007 & 2010).

Dit moet in ag geneem word dat die kind aangewese is op die oorlewende ouer of naaste familie gedurende die rouproses. Hierdie ouer of familie is egter ook getraumatiseer en emosioneel kwesbaar en dikwels nie in staat om aan die kind voldoende ondersteuning te bied nie. Hierdie kinders moet dan die trauma verwerk – op hul eie, met min of geen steunstelsel en min of geen hulp nie.

Vanuit die navorser se eie beradings- en spelterapie praktyk word daar ook toenemend gedeel met die dood van ‘n ouer weens natuurlike omstandighede, ‘n ouer wat in ‘n motorongeluk omgekom het, ‘n ouer wat selfmoord gepleeg het, ‘n ouer wat gesterf het aan kanker of ‘n ouer wat in onnatuurlike omstandighede dood

is. Die navorser se ondervinding het gewys dat die impak van gebeure soos hierdie op enige kinders wat betrokke mag wees, gewoonlik oorweldigend is.

1.3. NAVORSINGSVRAAG

Die navorsingsvraag in ‘n wetenskaplike studie is volgens De Vos (2011:102) die antwoord op die vrae “wat”, “watter”, “hoekom” en “hoe”. Dit stel die navorser in staat om te fokus op dit waartoe die navorsing lei, en ook wat die verwagte uitkoms daarvan kan wees. Die noodsaaklikheid van navorsingsvrae word deur Blaikie (2000:60) beklemtoon wanneer hy dit soos volg stel: “*A research project is built on the foundation of its research questions*”. Die vraag wat gestel word moet gevolglik deur navorsing getoets word voordat dit as ‘n geldige teorie of deel van ‘n geldige teorie aanvaar kan word. Die volgende vraag is in die onderhawige ondersoek gebruik:

In watter mate kan speel as ‘n hulpmiddel gebruik word tydens die pastorale versorgings-proses van die laerskoolkind wat getraumatiseer is deur die dood van ‘n ouer?

1.3.1 Verdere vrae

- Watter Bybelse riglyne kan met betrekking tot die pastorale versorgingsproses van getraumatiseerde kinders geïdentifiseer word?
    - Watter riglyne kan geïdentifiseer word vanuit die geskiedenis van die pastorale versorging van getraumatiseerde kinders?
- Watter perspektiewe bied die aangrensende wetenskappe betreffende die rol van speel in die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde kind as gevolg van die dood van ‘n ouer?
    - Wat leer die historiese ontwikkeling van speel as hulpmiddel in die begeleiding van emosioneel verwonde kinders?
- Watter perspektiewe kan vanuit ‘n empiriese ondersoek moontlik meer lig werp op hierdie tema?

- Watter model kan geformuleer word wat as basis kan dien vir die gebruik van speel tydens die omvattende pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde kind wat ‘n ouer aan die dood afgestaan het?

1.4. DOEL VAN STUDIE

1.4.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om aan te toon dat speel ‘n uiters effektiewe hulpmiddel kan wees in die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde laerskoolkind wat ‘n ouer aan die dood afgestaan het.

1.4.2 Doelwitte

- Om Bybelse riglyne te identifiseer met betrekking tot die pastorale versorgings-proses van getraumatiseerde kinders.
    - Om toepaslike riglyne te identifiseer vanuit die geskiedenis van die pastorale versorging van getraumatiseerde kinders.
- Om perspektiewe te identifiseer wat deur die aangrensende wetenskappe gebied word betreffende die rol van speel in die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van ‘n ouer.
    - Om vas te stel of die ontwikkelingsvlak van die kind ‘n rol speel in die pastorale versorgingsproses.
    - Om die effek van trauma op die kind se liggaam, siel en gees vas te stel.
    - Om vas te stel watter insigte verkry kan word vanuit die historiese ontwikkeling van speel as hulpmiddel in die begeleiding van emosioneel verwonde kinders.
- Om vas te stel watter perspektiewe vanuit ‘n empiriese ondersoek moontlik meer lig kan werp op hierdie tema.

- Om ‘n pastorale model te formuleer wat as basis kan dien vir die gebruik van speel tydens die omvattende pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde laerskoolkind wat ‘n ouer aan die dood afgestaan het.

1.5. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Speel kan as hulpmiddel gebruik word tydens die omvattende pastorale versorgingsproses van die laerskoolkind wat getraumatiseer is deur die dood van ‘n ouer

1.6 METODOLOGIE

Daar bestaan verskillende raamwerke of modelle vir die Praktiese Teologie. Die punt van ooreenstemming by die onderskeie modelle is dat daar ‘n komponent is wat die Skrif, Christelike tradisie en hermeneutiek behels, verder dat die literatuur- en empiriese navorsing in ‘n volgende komponent verteenwoordig word (hetsy gesamentlik of afsonderlik) en dat daar dan derdens tot ‘n vorm van ‘n “model” of “praktykvorming” gekom word.

Voorbeelde van bestaande modelle is onder andere die volgende:



Figuur 1: Heitink (1993:178 ev)



Figuur 2: Lotter (2007:4)



Figuur 3: Model van Zerfass (vgl Heyns & Pieterse, 1998:37)

Die model van lense wat deur Getz (1980:16; vgl ook Getz en Wall, 2000:24-34) voorgestel word, is suksesvol in studies aan die Noordwes-Universiteit gebruik –(vgl. Botha, 2004: 9; Olivier, 2006:7), alhoewel dit nie 'n erkende Prakties-Teologiese model is nie.

Die model van Getz word hieronder aangedui:



Figuur 4: Getz (1980:16)

Dan is daar ook Osmer (2008) se model wat veral fokus op vier momente, naamlik:

- *Beskrywende empiriese moment*, waartydens die vraag "Wat gebeur?" beantwoord word. Osmer (2008:33) beskryf hierdie moment as "*priestly listening in a spirituality of presence".*
- *Interpretatiewe moment*, waartydens die vraag "Hoekom gebeur dit?" beantwoord word. Hierdie is die moment waar wysheid na vore kom. Die moment van interpretasie word deur Osmer (2008:81) beskryf as "*a spirituality of sagely wisdom."*
- *Normatiewe moment*, waartydens die vraag "Wat moet gebeur?" beantwoord word. In hierdie moment moet daar met profetiese onderskeiding of *"prophetic discernment"* nuwe aspekte na vore gebring word (Osmer, 2008:135).
- *Pragmatiese of strategiese moment*, waartydens die vraag "Hoe kan dit nou in praktyk toegepas word?" beantwoord word. Volgens Osmer (2008:183) is die fokus in hierdie moment op hoe die navorsingsbevindinge prakties toegepas kan word *"in a spirituality of servant leadership."*

1.6.1 Basis-, meta- en praktykteorieë

In hierdie studie word daar gebruik gemaak van die model wat Zerfass (1974: 166) vir die Praktiese Teologie ontwerp het vanweë die omvattendheid van hierdie model soos uiteengesit in figuur 3 hierbo (vgl. Heyns & Pieterse, 1998:38-39; Venter, 1995:181-202). Hierdie model behels die vorming van basisteorieë uit die teologiese tradisie, die vorming van metateorieë uit onder andere die hulpwetenskappe en 'n ordening van die resultate uit beide velde in 'n hermeneutiese wisselwerking met die doel om 'n praktykteorie te ontwerp.

Dit blyk dat die basiese komponente van wat ondersoek word, by *al die modelle* figureer met verskillende benamings en nuanses. Die basiese komponente is die volgende: die Bybelse (basis-teoretiese), ander dissiplines (meta-teoretiese) en toepassing in die praktyk (praktyk-teoretiese). Getz (1980 en 2000) verdeel die meta-teoretiese inhoude na die historiese en kulturele lense.

De Wet (2006:84) beredeneer die meriete van Zerfass se model en dui aan dat die benutting van die basiese struktuur van Zerfass se model om die Christelik-kerklike handelingspraksis te korrigeer slegs voordelig kan wees vir 'n prakties-teologiese studie wat ten doel het om die huidige handelingspraksis reg te stel.

Die model van Zerfass soos hierbo aangetoon en met die motivering daarmee saam, word derhalwe gebruik in die verdere ontplooiing van die studie.

1.6.1.1 Basis-teoretiese perspektiewe

Aandag is gegee aan Skrifgedeeltes wat kan bydra tot vernuwende insigte betreffende die proses van pastoraat aan kinders en rousmart. Wat die Ou Testament betref, dien Deut 6:6–9 as vertrekpunt en ook as 'n voorbeeld van opvoedkundige riglyne wat deur God neergelê is. Dit dien dan ook as voorbeeld vir die pastorale versorging van kinders, aangesien rou nie in een sessie opgeklaar kan word nie. Sag 8:5 is vervolgens ook aan die orde gestel word, aangesien dit die enigste gedeelte in die Ou Testament is waar speel as 'n aktiwiteit van kinders pertinent vermeld word. In die Nuwe Testament is Mark 10:13 – 16, wat Jesus se siening rondom kinders pertinent uitbeeld, gebruik. Dan is verder ook aandag gegee aan 1 Kor 9:19-23 waar Paulus riglyne bied van hoe hy "vir almal alles geword het om in elk geval sommige te red" . Die hantering van vermelde passasies gaan uit van die veronderstelling dat die Skrif 'n gesagvolle openbaring van God se karakter is, asook Sy werke in die verlede en dat dit ook riglyne vir die hedendaagse leefwyse reflekteer (Sisemore, 2003:115). Daar is hoofsaaklik eksegeties te werk gegaan volgens die grammaties-historiese metode terwyl die Gereformeerde tradisie as vertrekpunt dien vir hierdie studie (Coetzee, 1990:17; De Klerk & van Rensburg, 2011:11).

1.6.1.2 Meta-teoretiese perspektiewe

Daar is hoofsaaklik gefokus op meta-teoretiese bydraes vanuit die psigologie en maatskaplike werk. As deel van die empiriese navorsing is daar ook gebruik gemaak van die resultate van 'n pastorale begeleidingsproses of pastorale

begeleidingsmodel wat met behulp van speel toegepas is op ‘n aantal kinders wat ouers aan die dood afgestaan het. ‘n Meer gedetaileerde beskrywing van die verskillende prosedures en reëls wat gevolg is met betrekking tot die metateoretiese navorsing volg in par.1.7.2.

1.6.1.3 Praktyk-teoretiese perspektiewe

Getrou aan Zerfass se model is resultate uit die velde van teologie, sowel as die velde van maatskaplike werk en psigologie gebruik om uiteindelik ‘n pastorale model te formuleer (waarvan speel ‘n integrale element is) vir die begeleiding van kinders wat ‘n ouer aan die dood afgestaan het.

1.6.2 Navorsingstrategie

Vir die doel van hierdie studie is daar gebruik gemaak van ‘n gemengde metodes strategie. Kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes is vermeng in ‘n poging om ‘n meer volledige beeld van die navorsingsprobleem te kry (Delport & Fouché, 2011:434)

1.6.2.1 Kwalitatiewe navorsing

Denzin en Lincoln (2000:1) definieer kwalitatiewe navorsing as volg:

> *“This means that qualitative researchers study things in their natural settings, attempting to make sense of, or interpret, phenomena in terms of the meaning people bring to them.”*

Aangesien die gedagtes, aksies en emosies van deelnemers aan kwalitatiewe navorsing belangrik is, noem Janse van Rensburg (2007:7) kwalitatiewe navorsing ‘n kliënt-gesentreerde benadering. Juis hierdie eienskap van kwalitatiewe navorsing maak dit die ideale navorsing vir die studie van kinders.

Aangesien kwalitatiewe navorsers hoofsaaklik belangstel in die betekenis wat die mens aan sy lewenservaring toeken, is dit ook nodig om ‘n vorm van gevallestudie te gebruik om die aktiwiteite van ‘n klein groep mense te ondersoek om sodoende ‘n

intieme beeld van hul lewens, woorde en aksies te vorm (Fouché & Schurink, 2011:320).

Kwalitatiewe navorsing is die paradigma waarbinne ‘n deel van die navorsing uitgevoer word. Die paradigma bied noodwendig nie die antwoorde op die vrae nie, maar dui aan waar om vir die antwoorde te soek (Fouché & Schurink, 2011:322). Henning (2004:5) gaan verder en definieer kwalitatiewe navorsing soos volg:

> *“ ... the term that denotes the type of inquiry in which the qualities, the characteristics or the properties of a phenomenon are examined for better understanding and examination.”*

Die navorser word as’t ware deel van die respondente se leefwêreld om noukeurig te kan waarneem en hulp te verleen. Die doel van kwalitatiewe navorsing is om by ‘n betroubare of egte of oorspronklike verstaan van mense se ervarings uit te kom (Silverman, 2001:13).

In kwalitatiewe navorsing word daar sterk gefokus op wat die respondent as werklikheid ervaar. Die grootste sterkpunt van kwalitatiewe navorsing is die vermoë om te analiseer wat werklik in ‘n natuurlike situasie gebeur (Steyn & Lotter, 2006:107).

Aangesien kwalitatiewe navorsers hoofsaaklik belangstel in die betekenis wat die mens aan sy lewenservaring toeken, is dit ook nodig om ‘n vorm van gevallestudie te gebruik om die aktiwiteite van ‘n klein groep mense te ondersoek om sodoende ‘n intieme beeld van hul lewens, woorde en aksies te vorm (Fouché & Schurink, 2011:320). Gevallestudie word deur die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:8) beskryf as ‘n “navorsingsmetode vir die vasstelling van die oorsaaklike faktore van bepaalde verskynsels soos dit by individue, gesinne of organisasies voorkom”.

‘n Gevallestudie kan gebruik word sodat spesifieke gevalle die vertrekpunt van ‘n

ondersoek kan wees. Daar kan sodoende insig in die lewe van ‘n bepaalde persoon verkry word en daardeur, spesifiek met betrekking tot hierdie studie, kan die invloed wat speel tydens die pastorale hulpverleningsproses op die kind gehad het, bepaal word. Daarom word hierdie metode vervolgens ook vir die onderhawige studie gebruik. Die hoë syfers rondom HIV asook die hoë misdaadsyfers het die sterftesyfers in Suid-Afrika aansienlik verhoog en dit het grootliks bygedra tot die navorser se soeke om nuwe maniere te vind om hulp te verleen aan getraumatiseerde kinders.

Data-insameling is deur middel van ongestruktureerde onderhoudvoering aan die hand van die temas van die voorgestelde program gedoen. Notas is gebruik en dien as ‘n geskrewe weergawe van die dinge wat gehoor, gesien, beleef en gedink is tydens die onderhoude (Babbie, 2007:311).

1.6.2.2 Kwantitatiewe navorsing

Volgens Kumar (2005:12) het kwantitatiewe navorsing ‘n meer gestruktureerde aanslag, aangesien alles wat deel uitmaak van die navorsingsproses vooraf bepaal is. As ‘n gestruktureerde aanslag is dit meer geskik om die omvang van ‘n probleem vas te stel. Leedy en Ormrod (2005:94 – 97) noem dat ‘n kwantitatiewe studie gewoonlik eindig met die bevestiging al dan nie van die hipoteses wat getoets word. Delport en Roestenburg (2011:171) meld daarom die volgende: *“Quantative data-collection methods often employ measuring instruments.”*

1.6.2.3 Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming

Die navorser beskou alle laerskoolkinders wat ouers aan die dood afgestaan het, as deel van die universum. Die populasie van hierdie ondersoek is laerskoolkinders aan die Laerskool Karlienpark (kleurling- en swart kinders), sowel as kinders (blank) van ‘n ander laerskool in Rustenburg, wat ‘n ouer of ouers aan die dood afgestaan het en wat inskakel by navorser se praktyk.

‘n Steekproef is normaalweg gefokus op sekere elemente van die populasie en word gebruik om sekere fasette van die populasie te beskryf (Strydom, 2011:232). Twee kinders van die laerskool Karlienpark en twee kinders uit ‘n ander laerskool in Rustenburg (toestemming is nie van die skool verkry om die naam bekend te maak nie) sal die steekproefneming uitmaak. Die steekproefstrategie is ‘n nie-waarskynlikheidseleksie waar daar gebruik gemaak word van toevallige steekproewe. Enige geval wat op die navorser se pad mag kom en wat met die verskynsel gemoeid is, sal by die ondersoekgroep ingesluit word. Kinders by die betrokke skole is na navorser verwys deur die onderwysers, omdat die onderwysers bekommerd was oor hul gedrag. Kinders wat ‘n ouer(s) aan die dood afgestaan het en daarom verwys is, is lukraak ingesluit by die steekproef.

1.6.2.4 Etiese aspekte

Etiese aspekte is veral van belang tydens maatskaplike ondersoeke aangesien inligting nooit ten koste van die persoon bekom mag word nie (Strydom, 2011:115). Etiese aspekte dien ook as riglyn vir die navorser om sy eie optrede te beoordeel. Juis vir hierdie doel is alle sessies met betrekking tot die empiriese navorsing op videoband vasgelê. Toestemming is verkry om video opnames te maak van die speelsessies (Strydom, 2011:117). Toestemming is van die onderwysdepartement, die skoolhoof, sowel as die versorgers verkry vir deelname van die kinders.

In hierdie navorsing is geen kind gedwing om sy tyd af te staan of om persoonlike inligting aan die navorser te verskaf nie. Deelname was dus ten volle vrywillig, soos voorgeskryf deur Ruben en Babbie (2005:17). Deelnemers aan die navorsing is geensins deur die navorsing benadeel nie. Hulle is deeglik voorberei op die impak van die navorsing en enige ongemak wat uitgespreek is, is met respek en sensitiwiteit benader.

Skuilname (wat deur die kinders self gekies is) is gebruik om die identiteit van die deelnemers tydens verslagdoening te beskerm. Persoonlike inligting van die

deelnemers is veilig geberg. Die etiese riglyne van die Noordwes- Universiteit is nougeset gevolg.

1.6.3 Navorsingsprosedure

Die volgende prosedures van dataversameling en dataverwerking is gevolg:

1.6.3.1 Literatuurontleding

Daar bestaan relatief min bronne waar ‘n kombinasie van speel en pastoraat beskryf word met betrekking tot hulpverlening aan ‘n getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van ‘n ouer. Slegs vier verhandelings is gevind wat raakpunte het met die beoogde studie. Al vier is M-verhandelinge vanuit ‘n pastorale vertrekpunt. S.F. Hoffman het in 2006 ‘n verhandeling voltooi met die tema: Gestaltspel terapeutieseriglyne vir die hantering van die kind wat verlies ervaar: ‘n pastorale perspektief. Y.H.C. Shim se verhandeling in 1995 het die tema: Pastoral care and counseling to and with children. In 2001 het W.C. Strydom ‘n evaluering gedoen van die gebruik van spelterapie in kombinasie met pastoraat in sy verhandeling met die tema: Pastorale gebruik van spelterapie met kinders: ‘n evaluering. I.L. Deppe se verhandeling in 2005 het die tema: Verlies in die lewe van die 7-11 jarige kind in die enkelouergesin: ‘n pastorale perspektief. Geen van hierdie verhandelinge maak gebruik van ‘n kombinasie van speel en pastoraat nie en daar is ook geen eksegese in enige van hierdie verhandelinge gedoen nie. Met behulp van die voorgestelde pastorale model wat die uitvloeisel van hierdie studie sal wees, kan leraars bemagtig word om met vrymoedigheid kinders pastoraal te versorg. Leraars sou dan ook kinders, wie se ouers nie oor die nodige finansiële middele beskik om professionele hulp te bekom nie, kon help.

1.6.3.2 Ervaring van kundiges

Om die navorsingsprobleem duideliker te omlyn en om praktiese inligting ten opsigte van die onderwerp te bekom, word daar in hierdie studie ook gefokus op die inwin

van kennis deur kundiges (Strydom, 2011:238 – 239). ‘n Holistiese beeld van bestaande kennis is na konsultasie met kundiges bekom.

In hierdie verband is daar reeds verskeie gesprekke gevoer met predikante van die drie susterskerke, asook maatskaplike werkers van FAMSA. Gesprekke is ook gevoer met dr. Alida Herbst (dosent aan die departement Maatskaplike Werk van die Noord-Wes Universiteit: Potchefstroom kampus en ‘n kundige op die gebied van “*memory work*”) asook terapeute van die Kindertraumakliniek in Pretoria. Hierdie gesprekke het gedien as hulpmiddel vir die empiriese ondersoek, aangesien veral “*memory work*” ‘n waardevolle tegniek in die pastorale begeleiding van die kind na die dood van ‘n ouer, is. In sessie 6 word daar gebruik gemaak van ‘n herinneringshouer, wat deel is van “*memory work*” as deel van die voorgestelde model.

Verskeie werkswinkels in hierdie verband is reeds in die verlede bygewoon. Die navorser het ‘n 2-dag werkswinkel in Mei 2008 bygewoon wat aangebied is deur Dr. Rinda Blom en Dr. Daniel Sweeney van die VSA (kundiges betreffende spelterapie) en wat handel oor pastorale hulpverlening aan getraumatiseerde kinders.

1.7 ANDER TEGNIESE ASPEKTE

- Vir die afkorting van Bybelboekname, is gebruik gemaak van die algemeen erkende afkortings soos wat dit voorkom in die nuwe vertaling (1983) van *Die Bybel* (sien BYBEL in bronnelys).
- Waar die geslagsvorm *hy/hom* in die studie aangedui word, verteenwoordig dit ook die vroulike geslagsvorm *sy/haar.*
- Waar die term *kind/kinders* of *laerskoolkind/laerskoolkinders/middelkinderjare kind* in die studie aangedui word, verwys dit na die *laerskoolkind*, soos die titel van die studie aandui.
- Die term hulpverlener word gebruik vir die persoon wat berading of terapie aanbied.

- Met hierdie studie word daar voldoen aan al die etiese vereistes soos neergelê deur die Noordwes-Universiteit.

1.8 HOOFSTUK INDELING

Hfst 1: Inleiding

Basis-teorie

Hfst 2: Eksegese van ‘n aantal Skrifgedeeltes met betrekking tot die pastorale versorging van die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van ‘n ouer.

Hfst 3: ‘n Fokus op die historiese ontwikkeling van die pastorale versorging van kinders.

Meta-teorie

Hfst 4: Meta-teoretiese perspektiewe met betrekking tot die impak van die dood van die ouer op en die begeleiding van die getraumatiseerde laerskoolkind.

Hfst 5: Evaluering van die resultate van ‘n empiriese ondersoek betreffende die begeleiding van die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van ‘n ouer.

Praktyk-teorie

Hfst 6 ‘n Praktyk-teoretiese model vir die gebruik van speel tydens die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde laerskoolkind word aan die orde gestel.

Hfst 7: **Finale samevatting en gevolgtrekkings**

HOOFSTUK 2: BASIS-TEORIE

EKSEGESE VAN 'N AANTAL SKRIFGEDEELTES MET BETREKKING TOT DIE PASTORALE VERSORGING VAN DIE GETRAUMATISEERDE LAERSKOOLKIND AS GEVOLG VAN DIE DOOD VAN 'N OUER

2.1 INLEIDING

Die lewe het baie verliese en dit beteken ongelukkig dat verdriet en rou onvermydelik is. Die pyn van die rousmart proses vorm 'n integrale deel van menswees – iets waarvan die mens dikwels probeer wegkom, maar nogtans is dit onlosmaaklik deel van menswees.

Die rousmart proses is 'n baie unieke en persoonlike belewing. Volwassenes steier na die dood van 'n geliefde. Ferreira en Read (2006:183) verwoord die probleem wat kinders in hierdie situasie ervaar soos volg:

> *"What must be kept in mind is that children experience the same feelings as adults, but do not have the language skills to verbalize them, nor the cognitive ability to understand, identify or express their feelings".*

Wat beleef 'n kind wanneer hy vir die eerste maal in sy lewe gekonfronteer word met die dood? Hoe oorleef die kind wat nie goed onderlê is in Bybelse hoop nie? Hoe hanteer hierdie kind wat geen informasie rakende "normale" rousmart reaksies het nie die hervatting van sy lewe? Hoe sal hy optree tydens hierdie proses?

Die Bybel is sowel prakties as realisties, met voorbeelde en riglyne oor hoe om te rou. Die manier van rou in die Bybelse tyd verskil egter radikaal van wat tans nagevolg word, veral onder Westerlinge (Van Niekerk, 2008:42). Onder die swart bevolking van Suid-Afrika is daar tog 'n mate van ooreenstemming met die Bybelse rou. Aangesien gelowiges die Bybel aanvaar as 'n riglyn van die lewe, is dit tog belangrik dat daar kennis geneem word van hoe rou in die Bybelse tyd daar uitgesien het en hoe dit huidiglik daarvan verskil.

Een van die kern-elemente is ook die vraag na waar die dood vandaan kom, aangesien daar steeds ‘n opvatting onder sommige mense (ook Christene) bestaan dat die dood die gevolg van sonde is.

2.2 DOELSTELLING

Die doel van hierdie studie is daarop gerig om die rol van speel tydens die pastorale hulpverleningsproses van kinders wat deur ‘n rouproses gaan, te evalueer. In ‘n poging om hierdie evaluasie sinvol af te handel, is dit belangrik om aandag te skenk aan Bybelse perspektiewe betreffende die dood; algemene Bybelse perspektiewe betreffende die onderrig en omgaan met kinders; die erkenning wat die Bybel gee aan die unieke karakter en ontwikkeling van kinders; die voorbeeld wat Jesus in Sy omgaan met kinders gestel het en ook of dit Bybels verantwoordbaar is om op die ontwikkelingsvlak van kinders aan hulle hulp te verleen.

2.3 BASISTEORIE

Om ‘n basisteorie te ontwerp, moet Bybelse waardes, kriteria en norma rakende menslike handeling binne die veld van die pastoraat geïnterpreteer word (Schoeman, 2005:14). De Klerk en Van Rensburg (2011:13) voel dat dit noodsaaklik is dat navorsing in hierdie verband oor ‘n deeglike Bybelse fundering beskik, veral omdat dit juis beginsels en riglyne vanuit die Skrif is wat so ‘n prominente rol binne pastorale berading vervul.

Binne hierdie hoofstuk is daar Skrifgedeeltes geïdentifiseer wat met die dood, onderrig aan kinders en Jesus se voorbeeld rakende kinders te make het. Hierdie Skrifgedeeltes is dan met behulp van die grammaties-historiese metode eksegeties ontleed (vgl. De Klerk & Van Rensburg , 2011:77 - 92) om sodoende ‘n basisteorie te ontwerp.

2.4 DIE KULTUUR-HISTORIESE AGTERGROND RAKENDE DIE DOOD

2.4.1 Waar kom die dood vandaan

Ten einde sin te probeer maak van die ervaring van die dood van ‘n geliefde is dit noodsaaklik om te verstaan hoe die lewe en die dood in hierdie wêreld ontstaan het. In die Ou Testament is daar tipies twee sieninge rondom die dood (Samuels, 2007:65; Douglas, 2004:265):

1. Die dood was eenvoudig die einde van lewe op aarde. Die punt waar hereniging met die voorvaders plaasvind en nie die gevolg van sonde nie;
2. Dat die mens se voorliefde vir sonde aanleiding gegee het tot die dood van die self of soms die dood van ‘n hele gemeenskap.

Oordeel en die dood is gesien as die gevolg van sonde, want daar was geen plek vir die dood in God se perfekte skepping volgens Gen 1 & 2 nie (Winter, 1999:376). Nadat Adam en Eva gesondig het, was die uitvloeisel van hul sonde die dood. Atkinson (1990:97) is van mening dat heelwat “klein” dode ervaar is in die verandering van seën, vryheid en gemeenskap in die tuin, na vervloeking, moeisame arbeid en vervreemding. God het nie die dood as deel van die oorspronklike skepping beplan nie, maar het wel die moontlikheid van menslike keuses en vryheid toegelaat.

Die tweede tema van genade is ook in Genesis. Nadat Adam en Eva die sonde gepleeg het, word hulle verban uit die tuin. God het uit genade gesien dat dit nie goed sou wees vir die mens om vir altyd te bly leef in sy sondige toestand nie en die dood het ‘n genadige verlossing geword van die ouderdom, siekte en lyding (Winter, 1999:376).

2.4.2 Bybelse gebruike rondom die dood

In die Bybelse tyd het verskillende uitdrukkings van smart en bepaalde rituele

voorgekom. Daar word gelees van die Israeliete se nakoming van ‘n routydperk vir Moses in Deut 34:8; Dawid se hartseer oor die dood van sy twee seuns, Amnon en Absalom in 2 Sam 13 en18; Job se optrede en sy hartseer oor sy kinders in Job 1:20 - 21 en ook Jesus se trane by Lasarus se graf in Joh 11:35.

2.4.2.1 Rituele

Die dood in Bybelse tyd was nooit ‘n stil en stemmige gebeurtenis, soos in die moderne tyd nie. Wanneer ‘n persoon gesterf het, was daar ‘n oop en publieke demonstrasie van rou deur die familie en bure. Gevoelens is nooit weggesteek nie. Die doodsberig is letterlik van die dakke van die huise af verkondig (Du Plessis, 1988:31) en mense het ook op die dakke gestaan en huil - “hulle huil op die dakke ..”(Jes 15:3).

Daar is dikwels ook gebruik gemaak van professionele roubeklaers, wat die werk teen betaling gedoen het. Die beroep is van geslag tot geslag oorgelewer (Du Plessis, 1988:38). Mense het gesing of ‘n klaaglied uitgeroep – ‘n wettige en sosiaal aanvaarbare uiting van emosie (Thompson, 1996:92).

Die volgende rituele was algemeen:

- Die treurendes sou huil, hulself op die bors slaan, hul klere skeur en as of grond op hul koppe gooi of daarin rondrol (Thompson, 1996:92; De Vaux, 1984:59; Stander & Louw, 1990:70; Winter, 1999:372).
- Mans wat geraak is deur die dood, sou hulle koppe bedek het, hul baarde onversorg gelaat en soms self hul koppe kaalgeskeer het (Du Plessis, 1988:38; Stander & Louw 1990:72).
- Vroue sou as ‘n teken van hul smart, ophou om skoonheidsmiddels te gebruik (Du Plessis, 1988:38; Thompson, 1996:92).
- Daar is gevas (De Vaux, 1984:59).
- Sommiges het hul liggame stukkend gesny (Deut 14:1 & 2) of hulle laat tatoeëer (Lev 19:27 & 28).

- Gedurende die routydperk kon geen kos in die huis waar die dood plaasgevind het voorberei word nie, aangesien die huis “onrein” was. Bure het gewoonlik troosbrood en ‘n troosbeker as blyk van belangstelling en meelewing aangebied (Du Plessis, 1988:31).
- Treurendes het soms ‘n sak of klere wat van bokhaar gemaak is om hul middel gedra teen die vel (Thompson, 1996:92; De Vaux, 1984:59).

2.4.2.2 Begrafnisse

Dooies is dieselfde dag begrawe, waarskynlik omdat die liggame in die hitte vinnig ontbind het en ‘n gesondheidsgevaar sou inhou (Thompson, 1996:92;, Metzger & Coogan, 2001:78). Grafte was dan ook altyd gereed vir onmiddelike gebruik, soos afgelei kan word in Luk 23:53 waar Josef van Arimatea sy nuwe graf aanbied om Jesus in te begrawe (Du Plessis, 1988:31).

Volgens De Vaux (1994:56) word daar reeds in Gen 46:4 verwys na die tradisie om die oë van die oorledene te sluit. Naaste familielede het ook die liggaam omhels soos in Gen 50:1 beskryf word (Stander & Louw, 1990:72). Die liggaam is met geurige olies gesalf en in doeke toegedraai, soos in Mark 16:1 en Joh 19:40. Soms is ‘n mengsel van mirre en aalwyn in die liggaam ingevryf (Van der Walt, 2006:288). Tussen die doeke is speserye gestrooi en die gesig is toegebind met ‘n kopdoek (Du Plessis, 1988:31). Nadat die liggaam behandel is, is dit op ‘n draagbaar geplaas en na die begraafplaas geneem. Bykans die hele gemeenskap het in ‘n stoet agter die familie aanbeweeg (Marx, 2007:11).

2.4.2.3 Hoe die liggame begrawe is

Kiste is oor die algemeen nie gebruik nie. Indien die grafkamers vol was, is die bene soms in ‘n ossuarium geplaas (Thompson, 1996:93; Du Plessis, 1988:37). Die gebruik van ‘n ossuarium was egter meer algemeen by die Egiptenare en Babiloniërs as by die Israeliete.

Die ideaal was dat mense in familiegrafte begrawe is. Grotte is baie gebruik om as grafte te dien (De Vaux, 1984:57). Grafkamers is dikwels in die kalksteen heuwels rondom Palestina gegrawe (Du Plessis, 1988:34; Samuels, 2007:68). Die graf se opening is met ‘n ronde klip verseël.

Daar is wel etlike verwysings waar liggame in die grond begrawe is in die Bybel te vinde, byvoorbeeld Gen 35:8, waar Debora onder die groot boom naby Bet-El begrawe is, ook in Gen 35:19 waar Ragel begrawe is op die pad na Efrata (Bethlehem) toe. Jakob het ‘n groot klip op haar graf gesit. ‘n Verdere verwysing is in 2 Kon 23:17 waar Josia ‘n grafsteen opmerk en dat die mense van die stad dan na die graf van die “man van God uit Juda” verwys. Volgens Jer 26:23 en 2 Kon 26:6 was dit ook die gebruik om armes, haweloses en veroordeelde kriminele in ‘n gemeenskaplike sloot buite die dorpe te begrawe (De Vaux, 1984:57). In Luk 7:12 is daar ‘n verdere verwysing na grafte buite die dorp/stad (Stander & Louw, 1990:74).

2.4.3 Rou

Die tydperk van rou het gewoonlik van 7 tot 30 dae geduur, soms langer. In Deut 34:8 is dit geskryf dat daar 30 dae oor Moses gerou is en in Gen 50:3 dat daar in Egipte vir 70 dae oor Jakob gerou is. Josef en sy broers het ‘n verdere 7 dae gerou (Gen 50:10) oor hul pa.

Tradisioneel is daar openlik uiting gegee aan emosies en in die Bybel is daar baie gevalle van mense wat gehuil het en uiting gegee het aan hul hartseer en rou. Trane is nie as verkeerd of swak beskou nie, maar eerder as ‘n God-gegewe manier van uitdrukking van hartseer en pyn (Winter, 1999:369).

In die Ou, sowel as die Nuwe Testament, is daar voorbeelde van die uitdrukking van rou as ‘n vorm van katarsis. In die Ou Testament word daar in Eseg 27:30 - 32 beskryf hoe daar deur “geskreeu, bitterlik gekerm, bitterlik gehuil, tussen hul smartkrete deur” uiting gegee is aan hul hartseer. Daar word ook in Gen 23:2

beskryf hoe Abraham oor Sara “gaan rou en huil” het. Dawid het openlik uiting gegee aan sy verdriet oor die dood van Saul en Jonatan.
In die Nuwe Testament beskryf Markus (5:38) “ ‘n hele gedoente van mense wat verskriklik huil en te kere gaan” na die dood van ‘n kindjie. Ook in Luk 23:27 word die volgende geskryf: “.. onder wie ook vroue wat oor Hom getreur en gehuil het”. Jesus self het by Lasarus se graf gehuil, wat die omstanders laat opmerk het: “Kyk hoe lief het hy hom gehad!” (Joh 11:36).

2.5 KULTUUR-HISTORIESE AGTERGROND RAKENDE KINDERS

2.5.1 Hoe is kinders beskou

In die Ou Testament is kinders gesien as gawes of geskenke van God. Jakob beskryf sy kinders aan Esau as “die kinders wat God in sy liefde aan my gegee het” (Gen 33:5) en Salomo verwys in Ps 127:3 na seuns as “geskenke van die Here” (Stander & Louw, 1990:60 - 62).

In die Nuwe Testament verwys Elisabet na Maria se ongebore kindjie en noem die baba wat sy dra geseënd: “geseënd is die vrug van jou moederskoot” (Luk 1:42). Kinders as geskenke, gawes of seëninge van God was dus inherent waardevol vir die Israeliete. Van der Walt (2006:18) stel dit so: “Kinders was die krag van die gesin, veral seuns”.

Daar was egter ook ‘n teenpool in die sin dat ongewenste kinders op vullishope gelaat is om te sterf, ‘n gebruik wat algemeen in die eerste paar eeue van die Christelike era beoefen is (Barnett, 1991:202). Konstantin, as die eerste Christelike keiser het hierdie gebruik as misdaad strafbaar met die dood, verklaar (Sisemore en Moore, 2002:319).

2.5.2 Grootwordjare

Kinders is gespeen teen 2 of 3 jaar. Abraham het toe Isak gespeen is, 'n fees gehou (Stander & Louw, 1990:62). Hierdie tipe feeste is gehou omdat min kinders hierdie ouderdom bereik het. Kinders het selde in die huise gespeel (Stander & Louw, 1990:302). Soos kinders ouer word het hulle in die strate en op die pleine met maats gespeel (Sag 8:5), bymekaargekom (Jer 6:11) en na mekaar geroep, fluit gespeel, gesing en gedans (Matt 11:26). Volgens Stander en Louw (1990:302) en De Vaux (1984:48) het kinders in die strate blokke getrek en op een been gespring ('n vorm van "hopscotch"), met balle en albasters gespeel, selfgemaakte musiekinstrumente gebruik en selfs ook bordspeletjies gespeel.

By die huis was die ouers die primêre voorbeeld. Familie het letterlik elke lid van die familie ingesluit – ooms, tannies, neefs, niggies, ensovoorts. Die pa was die hoof van die huis en het het absolute mag gehad, ook oor sy kinders (De Vaux, 1984:20). Familie is hoog geag en kinders is ingesluit in aktiwiteite wat in die ouerhuis plaasgevind het (Marx, 2007:14; Stander & Louw, 1990:57).

2.5.3 Opvoeding

Die moeders het aanvanklik die opvoeding waargeneem tot ongeveer drie jarige ouderdom. Daarna het dit die vader se verantwoordelikheid geword (Stander & Louw, 1990:79). Die opdrag in Deut 6:9 en 11:20 sou daarop kon dui dat dit algemeen aanvaar is dat elke familiehoof kon skryf (Stander & Louw, 1990:80; De Vaux, 1984:49). Geleerdheid was egter skaars. Skool het nie bestaan tot 'n paar eeue voor Christus nie (De Vaux, 1984:50). Rabbi's by sinagoges het die rol van onderwysers vervul. Kinders is merendeels onderrig uit die Torah (die eerste vyf boeke van die Bybel), maar waarskynlik ook in geletterdheid en gesyferdheid. Daar was geen Christelike skole in die vroeë kerk nie, maar daar was wel Romeinse skole met slawe as onderwysers (Thompson, 1996:83).

Geleerdheid was dalk skaars, maar werk was volop vir kinders. Kinders het

vaardighede by hul ouers geleer deur in die landerye of werkswinkels te help. Dogters sou merendeels uithelp in die kombuis (Stander & Louw, 1990:62). Die Israelitiese kind en waarskynlik ook die meeste kinders in die Nuwe Testament sou speel, werk, onderrig en familie geïntegreer het as deel van hul gesinslewe (Thompson, 1996:83; De Vaux, 1984:49).

2.5.4 Model vir onderrig

Dit was ook die ouers se plig om hul kinders te onderrig in die verbonds-geskiedenis van Israel. By die jaarlikse Pasga sou ‘n kind vra wat die betekenis daarvan is en die pa sou dan die betekenis verduidelik. In Deut 6:1- 5 hou Moses aan die volk die voorskrifte van die Here voor en direk daarna gee hy riglyne oor hoe hierdie belangrike waarhede aan die kinders oorgedra moet word. Volgens Sisemore en Moore (2002:319) impliseer dit dat die ouers eers die voorbeeld van sulke liefde vir God moes gestel het en dit dan aan hul kinders gemodelleer het op formele en informele maniere.

2.5.5 Die kind en die dood

Navorser kon nêrens in die Bybel ‘n spesifieke verwysing opspoor na die kind en rousmart nie. Geen beskrywing van kinders in rousmart kon gevind word nie. Die enigste verwysing wat voorkom van ‘n kind se rousmart, is díe van Isak in Gen 24:67 wat vertroos is na sy ma se dood. Aangesien die Bybel nie *spesifieke* riglyne gee oor hoe kinders hanteer moet word tydens die rouproses nie, is dit belangrik om aan vrae soos die volgende aandag te gee:

1. Word daar in die Bybel riglyne gegee oor hoe ouers kennis aan hul kinders moet oordra?
2. Word daar erkenning gegee aan die feit dat kinders speel, met ander woorde heel dikwels anders optree of funksioneer as volwassenes en derhalwe ook anders sal rou as volwassenes? Indien dit wel die geval, sou dit dan ook

impliseer dat hulle op ‘n ander vlak benader en begelei sal moet word as volwassenes?

3. Hoe het Jesus met kinders omgegaan?

Om hierdie vrae te beantwoord, is dit belangrik dat die volgende tekste verder ondersoek word :

- Deut 6:6 - 9 as ‘n moontlike voorbeeld van opvoedkundige riglyne wat deur God neergelê is;
- Mark 10:13 - 16 om die voorbeeld van Jesus in Sy omgang met kinders te ondersoek;
- 1Kor 9:19 - 23 om na te gaan hoe Paulus “vir almal alles geword het om in elk geval sommige te red” en of dit as voorbeeld sou kon dien om met kinders op hul vlak om te gaan.
- Sag 8:5 as plek waar speel as kinderaktiwiteit vermeld word;

2.6 BYBELSE RIGLYNE IN VERBAND MET KINDERS VOLGENS DEUT 6:6-9

2.6.1 Die boek Deuteronomium

2.6.1.1 Betekenis van die naam Deuteronomium

Daar is twee verduidelikings van die betekenis van die naam Deuteronomium. Die eerste kom van die Griekse vertaling (LXX) van Deut 17:18, waar die frase “’n afskrif van hierdie wet” misverstaan is as “hierdie tweede wet” (*to deuteronomiom touto*) (McConville, 2002:17; Merrill, 1999:21; Clements, 2001:xiii). Volgens McConville (2002:17) en Miller (1990:1 & 2) is hierdie konsep waarskynlik geskoei op die veronderstelling dat die boek nuwe wette sou bevat, bo en behalwe díe van Eksodus tot Numeri.

Die tweede verduideliking is dat Deuteronomium se titel in Hebreeus egter "*elleh haddebarim*" is, wat dan vertaal word met, "hierdie is die woorde" – dit sou dan moontlik kon dui op die "toesprake" van Moses (Miller, 1990:1).

2.6.2 Die funksie van die boek

Die boek het die voorkoms van 'n wetboek. Dit word as wette voorgestel en is waarskynlik bedoel om ook so te funksioneer (Miller, 1990:2).

2.6.3 Die plek van die boek in die Bybel

Deuteronomium is die vyfde boek van Moses en die laaste boek van die Pentateug. Die term Pentateug is nie Bybels nie, maar 'n woord wat gebaseer is op die Grieks vir "vyf boekrolle" en waarskynlik 'n produk van die kanonisering van die eerste vyf boeke (McConville, 2002:1). Die Hebreeuse woord "*Torah*" , wat wet of instruksie beteken en 'n sleutelterm in Deuteronomium is, is ook gebruik om na hierdie vyf boeke te verwys en het waarskynlik deur dieselfde kanoniseringsproses gegaan.

- In Genesis kan die volk insig verkry betreffende wie hulle is, waarvandaan hul kom en wat God vir hulle in gedagte het in die toekoms.
- Eksodus se narratief sluit in die aanwas van die volk, hul verlossing uit Egipte en die verbond tussen hulle en God. Hulle word ook toegerus om as 'n heilige volk voort te bestaan.
- Levitikus stipuleer die vereistes van die verbond en hoe die volk mag nader tot 'n heilige God.
- In Numeri word riglyne vir die volk op pad na die beloofde land gegee.

Deuteronomium bevestig die verbond in terme wat gepas is vir die nuwe generasie wat die Beloofde Land moet binnegaan en 'n nuwe vorm van verantwoordelikheid moet aanvaar onder heidennasies. Niks is meer belangrik vir die toekoms van God se volk nie (Christensen, 2001:142).

2.6.4 Die skrywer

Daar kan selde presies gedetermineer word deur wie ‘n Bybelboek geskryf is, soos ook die geval met Deuteronomium. Die meeste navorsers is dit eens dat Deuteronomium nie deur Moses geskryf is nie (Clements, 2001:xx;).

Merrill (1999:22) noem egter dat voorkritiese Joodse en Christelike tradisies almal Moses uitwys as die outeur van Deuteronomium. Hierdie tradisies vind hul oorsprong in Deuteronomium self. Na die titel gaan die teks voort: “..word die woorde van Moses weergegee”. Volgens Merrill (1999:22) kan daar geen twyfel wees dat die profete, Jesus en die dissipels saamgestem het dat Moses Deuteronomium geskryf het nie. Dit verklaar egter nie wie Moses se dood en die routydperk daarna aangeteken het nie.

2.6.5 Literêre styl

In Deuteronomium word die voorafgaande boeke se narratiewe styl herhaal waar Numeri gesluit het. Moses en Israel het in Moab aangekom. Moses is steeds die sleutelfiguur soos hy in die ander boeke is, maar na Deuteronomium is dit nie meer die geval nie (Miller, 1990:8). Deuteronomium word tradisioneel beskou as ‘n toespraak of ‘n versameling van toesprake wat deur Moses aan die Israeliete oorgedra is. Die boek is geskryf in herkenbare seremoniële styl wat gebruik maak van herhalinge en ‘n kenmerkende woordeskat en frases (McConville, 2002:19).

Die hele boek toon egter ook sterk ooreenkomste met ‘n Hetitiese verdrag (McConville, 2002:23 - 24; Merrill, 1999:30 - 32). Die hoofelemente hiervan was:

1. ‘n Inleiding waar die verdrag en diegene betrokke daarby benoem is (Deut 1:1 - 5).
2. ‘n Historiese proloog waar die vorige verhoudings tussen die party uitgestippel word (Deut 2 - 4).
3. Algemene bepalings (Deut 5 - 11).

4. Meer besonderhede van bepalings wat vervat is in ‘n bepaalde klousule vir periodieke voorlesing (Deut 12 - 26).
5. Getuies (Deut 32).
6. Seëninge en strawwe indien die verdrag instandgehou of verbreek word (Deut 27:12 - 26; 28).

Die boek is egter meer as net ‘n formele verbondsteks, veral aangesien dit heelwat langer is as enige bestaande soortgelyke dokumente.

Deuteronomium het ‘n gemengde en gevarieërde genre, alhoewel die kern van die komposisie essensieël die styl en doel van ‘n verbondteks het (Merril, 1999:29). Deuteronomium is egter onafhanklik en uniek, aangesien bekende en beskikbare vorms van styl soos benodig in die boek gebruik word.

2.6.6 Historiese agtergrond

Deuteronomium se komposisie word gedateer ongeveer 1400 v.C. Die Laat Bronstydperk is die tydperk waar Moses se geboorte geplaas word (1526 v.C volgens Merril, 1999:24). Carpenter, (2009:420) en Paul, Van den Brink en Bette, (2005:765) ondersteun die datering van ongeveer 1400 v.C.

2.6.7 Plek van die perikoop in die boek

Die perikoop word gevind net na die *Sjema* (na die eerste woord in vers 4) in Deut 6:4-5. Jesus se gebruik van die *Sjema* word in al drie Sinoptiese Evangelies genoem (Matt 22:37 - 38; Mark 12:29 - 30 en Luk 10:27). Die *Sjema* word beskou as die hart van die Tien Gebooie en verwys na die liefdesgebod tussen God en Sy kinders (Merril, 1999:164). Net hierna word die opdrag gegee om hierdie gebooie lewend te hou.

2.6.8 Die teks van Deut 6:6-9

> "Jy moet jou heelhartig verbind aan die gebooie wat ek vandag vir jou gee. Herhaal hierdie woorde oor en oor vir julle kinders. Praat daaroor by die huis en wanneer julle op pad is, wanneer julle lê en wanneer julle opstaan. Bind dit op jou hande as 'n herinnering en dra dit op jou voorkop. Skryf dit op die deurkosyne van jou huis en van jou poorte" (Nuwe Lewende Vertaling, 2006:219).

> "*And these words, which I command thee this day, shall be in thine heart; and thou shalt teach them diligently to thy children, and shalt talk of them when thou sittest in thine house, and when thou walkest by the way; and when thou liest down, and when thou risest up. And thou shall bind them for a sign upon thine hand, and they shall be as frontlets between thine eyes. And thou shalt write them upon the post of thy house and on thy gates*" (King James Version, 19522:89).

> *"Write these commandments that I've given to you today on your hearts. Get them inside of you and the get them inside your children. Talk about them wherever you are, sitting at home or walking in the street; talk about them from the time you get up in the morning to when you fall into bed at night. Tie them on your hands and foreheads as a reminder; inscribe them on the doorposts of your homes and on your city gates*" (The Message, 2002:232).

'n Belangrike aandrang van die verbondsverhouding is dat dit van generasie na generasie oorgedra moet word. Hierdie woorde moet deur konstante herhaling onuitwisbaar ingeprent word (Merrill, 1999:167). Vir die Israeliete was hul godsdiens 'n integrale deel van hul lewe, wat op praktiese maniere in hul leefwyse geïnkorporeer is. Die skrywer van Deuteronomium was terdeë daarvan bewus en het daarom doelbewus praktiese voorbeelde gebruik.

Daar word in vers 6 begin by die “hart” as persoonlik en privaat, wat ook die nodigheid van ‘n innerlike gehoorsaamheid beklemtoon en dan uitbeweeg na die hek, wat meer publieke domein is. Om op die hart te skryf is ‘n beeld van permanente aandag (Nelson, 2002:91 - 92). Die gebruik van “hart” in Deuteronomium is tipies om deur te dring na die setel van die wil , aangesien die hart in die denkwyse van die Ou Testament beskou is as die setel van die intellek of die rasionele sy van die mensdom (Merrill, 1999:167; McConville, 2002:142).

In vers 7 word die belangrikheid van die oordrag van die verbond aan die kinders beklemtoon met presiesheid sodat dit onuitwisbaar is (die gebruik van die “*piel van sanan*”). Hierdie woorde roep die beeld van ‘n graveerder op wat ‘n inskripsie op ‘n monument met uiterste sorg en baie geduld ingraveer op ‘n soliede stuk graniet – ‘n byna onbegonne taak, maar wanneer dit voltooi is, is dit byna onmoontlik om die boodskap uit te wis en dis op hierdie manier wat die woorde aan die volgende geslagte oorgedra moet word (Merrill, 1999:167).

Dit is interessant dat teenoorgesteldes gebruik is, maar op ‘n baie bepaalde manier:

- Sit (onaktiwiteit) of staan (aktiwiteit).
- Regmaak om te slaap of om op te staan (totaliteit van tyd).

Saam omsluit dit alle menslike aktiwiteit. Die verbond is dus so belangrik dat dit die middelpunt moet vorm van alle areas van die mens se werk en lewe (Clements, 2001:32, Christensen, 2001:142, Nelson, 2002:91; Merrill, 1999:167).

Die gebruik van simbole in vers 8 as ‘n uiterlike teken, kon moontlik dien om die volk te identifiseer as lede van die verbond (Merrill, 1999:168) of dit kon ‘n metaforiese beeld wees (McConville, 2002:142). In die post-Bybelse Judaïsme tot huidiglik word ‘n fisiese simbool steeds gebruik: die van ‘n miniatuur dosie waarin verse van die *Torah* geplaas is. Die teks van vers 9 maak dit wel moontlik om vers 8 letterlik op te neem (McConville, 2002:142).

Vers 9 beveel die leser om dit “op jou deurkosyne en op jou stadspoorte” te skryf. Dit is buite die deure en by die stadspoorte waar hierdie woorde dan ook die meeste sigbaar sou wees, aangesien dit die plekke was waar mense bymekaar gekom het. Of hierdie woorde werklik as letterlike aanwysings bedoel was of nie, dit was bedoel as aanmoediging om daarop te konsentreer (Nelson, 2002:92).

2.6.9 Die toepassing van die teks

In die middelpunt van die teks staan die *Sjema* – die liefdesgebod. Die riglyne van vers 6-9 is gegee om die *Sjema* te onthou en aan die volgende generasie(s) oor te dra (Christensen, 2001:142).

Eerstens word in hierdie teksgedeelte begin by die “hart”, met ander woorde ‘n intellektuele keuse of wilsbesluit om inligting oor te dra, aangesien die hart as die setel van die intellek beskou is (Merrill, 1999:167; Wright, 1996:98-99; Pilch & Malina, 2000:68-71). Teen hierdie agtergrond sou ouers byvoorbeeld ‘n besluit kon neem om hul kinders in te lig (feite te gee) rakende die dood en alles wat daarmee gepaard gaan – op hierdie wyse sou kinders dan ook na die afsterwe van ‘n ouer pastoraal versorg en begelei kan word.

In die moderne era word die “hart” egter as die setel van emosies beskou. Ouers sal ook hier ‘n besluit moet neem om nie net te praat nie, maar ook die emosies te modelleer (Wright, 1996:98-99; Biddle, 2003:125). As ‘n ouer sou sê dat dit aanvaarbaar is om te huil, maar hy/sy huil self nie het dit geen waarde vir ‘n kind nie (O’Connor, 2004:30).

Wanneer daar gelet word op die ontwikkelingsvlak van die kind en watter implikasies dit inhou, is een van die sake wat na vore kom díe van herhaalde vrae. Vers 7 bevestig die belangrikheid van herhaling om iets aan ‘n kind oor te dra op sowel ‘n formele as ‘n informele manier:

deur te praat in die huis – formeel – aangesien baie van die formele onderrig in die huis plaasgevind het; (Wright, 1996:100; Sisemore & Moore, 2002:319), maar ook wanneer daar buite geloop word – meer ontspanne onderrig buite in die natuur. Kinders het dikwels buite gespeel, wat ook ruimte laat vir onderrig terwyl hulle besig is met ‘n ouderdoms toepaslike aktiwiteit (Thompson, 1996:83; De Vaux, 1984:49; Sisemore & Moore, 2002:319).

Die gebruik van simbole in vers 8, sou ook geïnterpreteer kon word dat die simboliek van speel gebruik kan word tydens die pastorale versorgingsproses.

2.7 JESUS SE OMGANG MET KINDERS VOLGENS MARK 10:13 - 16

2.7.1 Die boek van Markus

Die boek van Markus word erken as die eerste evangelie en daarom die mees betroubare historiese bron (Williamson, 1983:17; Witherington, 2001:20). Dit is die enigste boek in die Nuwe Testament wat aan die begin aankondig dat dit ‘n evangelie is: “Die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God, begin só:” (Mark 1:1). Markus is die kortste van die evangelies. Die boek van Markus is waarskynlik tussen die jaar 65 – 70 n.C. geskryf (Sabin, 2005:6).

2.7.2 Die plek van die boek in die Bybel

Markus is die tweede van die sinoptiese evangelies in die Nuwe Testament en waarskynlik die belangrikste narratiewe bron waarop Matteus en Lukas staatgemaak het (Barnett, 1991:10).

2.7.3 Die skrywer

Die skrywer is onbekend. Witherington (2001:20) noem die volgende drie dinge wat bekend is van die skrywer: eerstens is dit bekend dat die skrywer ‘n Christen was.

Hy skryf hierdie boek as iemand wat oortuig is van die goeie nuus rakende Jesus en graag ander wil oortuig. Tweedens was die skrywer waarskynlik ‘n Jood aangesien hy bekend was met die Joodse tradisies en kultuur en die Joodse geskrifte geken het. Derdens moes hy ‘n opgevoede man gewees het, wat Grieks kon lees en skryf. Dit plaas hom in die 10 – 20% van sy hele kultuur wat Grieks magtig was. Verskeie bronne dui aan dat die skrywer van die evangelie ’n persoon met die naam Markus, ‘n “tolk van Petrus”, was (Sabin, 2005:5). In Hand 13:4-5 word verwys na Johannes wat by Barnabas en Saulus was terwyl hulle die woord van God in die Joodse sinagoges verkondig en ook in Hand 15 word verwys na Johannes wat ook Markus genoem word vir wie Barnabas op die tweede sendingreis wou saamneem.

Papias was ‘n biskop in die 2de eeu. Hy was ‘n volgeling van Johannes, waarskynlik van Efese. Papias is ‘n skakel met die era van die apostels. Hy skryf dat Johannes Markus as ‘n tolk vir Petrus opgetree het en noem hom as die oorsprong van die Evangelie (Barnett, 1991:9).

2.7.4 Literêre styl

Volgens Bolt (2004:15) ontvou die evangelie van Markus op drie vlakke: tegelyk narratief, geskiedenis en teologie. Barnett (1991:14) volstaan daarby dat Markus ‘n evangelie is, nie geskiedenis of ‘n biografie nie, alhoewel dit wel historiese inligting verskaf oor Jesus en andere.

Markus se evangelie is nie in vlot Grieks geskryf nie (Sabin, 2005:6). Dit wil eerder voorkom asof die skrywer in een taal gedink het en in ‘n ander geskryf het. Die evangelie is ook die enigste evangelie wat gebruik maak van Aramese frases op sleutelmomente in die verhaal, soos byvoorbeeld die volgende: *Talitha koum* (klein dogtertjie, staan op – Mark. 5:41); *Ephphatha* (gaan oop of word vry – Mark. 7:34); *Abba* (vader – Mark 14:36); *Eloi, Eloi* (my God, my God – Mark. 15:34) (Sabin, 2005:6) Dit wil voorkom asof Markus Jesus interpreteer in die lig van die Hebreeuse Bybel.

2.7.5 Historiese agtergrond

Twee pole is van belang wanneer die historiese agtergrond aandag geniet:
Galilea en Judea in die 20's en 30's, asook Rome in die 60's.
Die eerste pool is Galilea - die plek waar Jesus sy bediening begin het. Galilea en Judea is areas in Jesus se leefwêreld, waar Hy dikwels mense geleer, wonderwerke gedoen en met mense omgegaan het. In hierdie wêreld was politiek en godsdiens altyd intiem vermeng. Hierdie vermenging was op die voorgrond tydens die regering van Pontius Pilatus, wat die tweede pool voorstel. Abnormale hoë belastings is deur die Romeine ingestel. Herodes Antipas het ook geen sensitiwiteit getoon vir die Joodse geloof nie, soos wat duidelik is toe hy 'n gedeelte van Tiberias laat bou het bo-op 'n Joodse begraafplaas (Witherington, 2001:32). Hierdie praktyke het opstande tot gevolg gehad, wat uitgeloop het op die Joodse oorlog.

Die Joodse oorlog (66 - 70n.C.) laat hierdie twee pole in 'n mate oorvleuel. Die jaar 70 n.C. is 'n baie belangrike datum in die Joodse geskiedenis as die jaar waarin die Romeine die Tempel in Jerusalem vernietig het. Dit het 'n einde gemaak aan die vier jaar lange opstand van die Jode.

2.7.6 Plek van die perikoop in die boek

Die evangelie van Markus kan volgens Williamson (1983:2 - 6) in vyf dele ingedeel word:

Inleiding: Aankondiging van Jesus deur Johannes (1:1 - 8).

Deel 1: Jesus verskyn op die toneel, gereed vir Sy bediening (1:16 - 3:6).

Deel 2: Jesus roep die twaalf en begin met Sy prediking in Galilea, maak mense gesond en doen wonderwerke (3:7 – 6:6).

Deel 3: Begin met die uitstuur van die Twaalf om te genees, preek en leer (6:7 – 8:21).

Deel 4: Jesus probeer die dissipels se blindheid genees. Hier verskuif die klem van openbare optrede na meer intieme oomblikke met die dissipels. In die middel van Markus se sestien hoofstukke antwoord Petrus die baie belangrike vraag van wie Jesus is. Dit is dan ook gedurende hierdie deel wat Jesus en die dissipels op pad is na Jerusalem (8:22 – 10:52).

Deel 5: Jesus se intog in Jerusalem en die begin van Sy lydenspad
(11:1 – 16:20).

Volgens Evans, (2001:91) kan Mark 10:13 - 31 in die volgende drie eenhede verdeel word:

- Jesus se ontvangs en seën van die kindertjies (vv 13 - 16);
- Jesus se gesprek met die ryk jong man (vv17 - 22) en
- Jesus se lering oor die gevare van rykdom (vv23 - 31).

Hierdie eenhede word dan aanmekaar gekoppel deur die tema van toegang tot die Koninkryk van God.

2.7.7 Teks van Mark. 10:13-16

> "Die mense het kindertjies na Jesus toe gebring dat Hy hulle moet aanraak. Sy dissipels het met die mense daaroor geraas. Maar toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig en het Hy vir hulle gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle. Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie." Hy het sy arms om die kindertjies gesit, hulle die hande opgelê en hulle geseën" (Die Bybel,1983:64).

> *"And they were bringing children to him, that he might touch them; and the disciples rebuked them. But when Jesus saw it he was indignant, and said to them: "Let the children come to me, do not hinder them; for to such belongs the kingdom of God. Truly, I say to you, whoever does not receive the kingdom of God like a child shall not enter it. And he took them in his arms and blessed them, laying his hands upon them"* (Revised Standard Version, 1952:43).

> *"The people brought the children to Jesus, hoping that he might touch them. The disciples shooed them off. But Jesus was irate and let them know it: Don't push these children away. Don't ever get between them and me. These children are at the very center of life in the kingdom. Mark this: Unless you accept God's kingdom in the simplicity of a child, you'll never get in." Then, gathering the children up in his arms, he laid his hand of blessing on them*" (The Message, 2002:1391).

Hierdie gedeelte volg op die deel rondom die heiligheid van die huwelik. Jesus gee baie duidelike instruksies hieroor: mans en vroue moet getroud bly en kinders moet waardevol wees (Barnett, 1991:203). Hierdie instruksie was veral belangrik aangesien die Jode in 'n Romeinse leefwêreld gefunksioneer het. Die Romeinse samelewing was bekend vir hul hoë egskeidingsyfer en vir die tekort aan omgee vir klein kindertjies. Aborsie was wettig en so ook kindermoord (Barnett, 1991:202). Dit sou dus vir Markus wat vir Jode tydens hierdie tyd skryf, baie belangrik gewees het om Jesus se siening oor die huwelik en kinders weer te gee.

Die agtergrond is dat persone (ouers, familielede, vriende – die teks sê nie) kinders na Jesus bring om aangeraak te word (Williamson, 1983:178). Die woord (*paida* – kinders of *brephe* – suigelinge soos in Luk 18:15) vir kinders wat hier gebruik word, dui nie werklik aan hoe oud die kinders is nie. Wat egter duidelik is, is dat die kinders klein genoeg was dat Jesus hulle in sy arms kon neem. Dit is waarskynlik

ook die rede waarom die ouers die kinders gebring het, sodat Jesus hulle kon aanraak en moontlik net kon seën (Evans, 2001:93).

Ten spyte daarvan dat Jesus reeds tydens ‘n vorige geleentheid ‘n kindjie tussen hulle laat staan en selfs Sy arms om hom gesit het (Mark 9:36 - 39) volg die dissipels steeds die norme van die tyd: waar die tipiese houding rondom kinders was dat hulle minder belangrik is as volwassenes en dat belangrike leermeesters nie deur hulle gepla behoort te word nie (Witherington, 2001:279). Die dissipels se bekommernis oor hul eie belangrikheid en posisie is ook al in Mark 9:33 - 34 bewys en kom weer voor in Mark 10:35 - 37. Dit is waarskynlik dan ook waarom die dissipels kinders as onbelangrik beskou.

Jesus se verontwaardiging teenoor die dissipels skemer deur in die gebruik van die sterk Griekse woord *aganakteo*. Dit is duidelik dat die dissipels glad nie Jesus se liefdevolle doel en inderdaad die hele aard van die koninkryk begryp nie (Cole, 1989:232). Dit is slegs in die evangelie van Markus waar Jesus as “verontwaardig” beskryf is. Daar word ook slegs in Markus genoem dat Jesus die kindertjies seën (Williamson, 1983:178).

Jesus se woorde aan die dissipels wys sy positiewe houding teenoor kinders en bekragtig die positiewe verhouding tussen kinders en die Koninkryk van God. Volgens Sabin (2005:89) wys Jesus se woorde ook op die hulpeloosheid van kinders. Barnett (1991:204) voel dat Jesus bedoel dat slegs die wat op ‘n kinderlike manier staatmaak op God in die Koninkryk kan ingaan. Witherington (2001:279) en Williamson (1989:179) is van mening dat Jesus se punt is dat kinders tevrede is om iets te aanvaar as ‘n geskenk en dat dit die regte manier is om God se koninkryk te aanvaar, sonder enige voorbehoud. Navorser stem saam met laasgenoemde twee skrywers dat kinders enigiets, hetsy ‘n geskenk of ‘n gebaar aanvaar sonder enige bybedoelings en voorbehoud.

Die klimaks waarop hierdie perikoop afsluit is díe van Jesus wat die kindertjies in Sy arms neem – 'n warm, menslike teken van Jesus en 'n baie visuele beeld. Dit bevestig die letterlike betekenis dat Jesus kinders liefhet, hulle seën en hulle insluit in Sy nuwe gemeenskap (Garland, 2002:62).

2.7.8 Toepassing van die teks van Mark 10:13-16

Hierdie perikoop uit Markus is waarskynlik een van die warmste en mees menslike weergawes van die tradisionele storie in enige van die Evangelies. Hierdie deel vind plaas in die alledaagse lewe van die see en die sinagoge, die huis en tafel (Sabin, 2005:10). Hierdie gedeelte vind ook aansluiting by Deut 6 in die sin dat die liefde van God teenoor kinders in die alledaagse handelinge en plekke en situasies geverbaliseer en gemodelleer moet word.

In hierdie alledaagse lewe het Jesus uit liefde wonderwerke en genesings verrig. Van die honderde verse in Markus (678), vertel ongeveer 'n derde (198) daarvan van wonderwerke. Ongeveer 'n kwart van die Evangelie (18 eenhede) behoort aan die literêre genre van wonderwerk "verhale". Dertien hiervan is spesifiek wonderwerke waarin Jesus genesings doen (Williamson, 1983:20). Markus was moontlik diep geraak deur die liefde wat Jesus vir mense – veral gemarginaliseerde mense soos vroue, kinders en siekes – gehad het en wat Hom gedring het om mense te genees.

In hierdie besondere perikoop het Jesus weereens (vergelyk Mark 9:36 - 39) onomwonde die belangrikheid van kinders beklemtoon deur Sy optrede. Die implikasie daarvan is duidelik: as God kinders aanvaar en as Sy koninkryk bestaan uit diegene wat soos kinders is, dan moet 'n hoë premie geplaas word op kinders deur ouers, die kerke en die gemeenskap. As Jesus gemarginaliseerdes liefhet en hulle genees, dan sal Hy ook kinders genees van emosionele seer.

2.8 PAULUS SE VOORBEELD IN 1 KOR 9:19 - 23

2.8.1 Die boek van 1 Korintiërs

Paulus verwys in 1 Kor 5:9 na ‘n vorige brief wat hy geskryf het aan die gemeente in Korinte. Daardie brief is klaarblyklik misverstaan en is nie vir die mens bewaar gebly nie (Keck, 2002:776; Morris, 1989:23).

Die huidige 1 Korintiërs is waarskynlik uit Efese geskryf. Paulus het sekere berigte ontvang aangaande probleme in die gemeente. Een daarvan was ‘n mondelinge berig van lede uit Chloë (‘n Korintiese vrou) se huishouding en ‘n tweede was ‘n brief van sommige of al die lede van die kerk waarin daar vrae gevra word oor spesifieke kwessies wat verdeeldheid in die gemeente veroorsaak het (Blomberg, 1994:22).

2.8.2 Die plek van die boek in die Bybel

1 Korintiërs is die 7de boek in die Nuwe Testament. Dit is net na Romeine (‘n ander brief van Paulus) geplaas.

2.8.3 Die skrywer

Die skrywer is Paulus en hy identifiseer homself in die inleiding: “Van Paulus, wat deur die wil van God ...” (1 Kor 1:1)

Die brief is uit Efese geskryf tydens Paulus se derde sendingreis. Hy het vir ongeveer 3 jaar in Efese gewoon en gewerk vanaf 52-55 n.C (Gill, 2002:3, Hays, 1997:5; Keck, 2002:777).

2.8.4 Literêre styl

Die brief van Korintiërs bevat argumente om die luisteraars te oorreed, en nie soseer Christelike doktrine nie. Om hierdie doel te bereik maak Paulus gebruik van vorme van redenasie of retoriek wat algemeen in die Hellenistiese kultuur gebruik is.

Retoriek is die kuns van oorreding. In Paulus se tyd was opleiding in retoriek ‘n basiese vorm van opvoeding vir almal wat dit kon bekostig (Keck, 2002:783). Deliberende retoriek (wat vir of teen toekomstige aksies argumenteer) was oorheersend, maar by sommige punte gebruik hy ook wetlike retoriek (wat in howe gebruik is om aksies van die verlede te verdedig of te veroordeel) of epididaktiese retoriek (wat ontwerp is vir publieke toesprake of by begrafnisse) (Horsley, 1998:22; Keck, 2002:783).

Die struktuur van 1 Korintiërs is baie dieselfde as Paulus se ander briewe. Dit begin ook met ‘n groet en danksegging, dan die brief self en sluit af met groete en seën. Hierdie brief is egter anders. Waar Paulus se briewe gewoonlik na appèl as klimaks (Rom. 12:1; Fil. 4:2) beweeg, volg die eerste appèl reeds na die danksegging. In ander briewe van Paulus word een of twee probleme op die voorgrond geplaas deurdat Paulus dit inweef in die brief. In 1 Korintiërs is daar ‘n hele string probleme wat Paulus opeenvolgend hanteer, asof in antwoord op vrae wat die gemeente in Korinte gevra het (Keck, 2002:779). Die tipiese taalgebruik wat kenmerkend aan Paulus is, kom skaars daarin voor. In plaas daarvan domineer teenoorgesteldes soos wysheid versus dwaasheid, volwassenheid versus kinderlikheid, ryk versus arm, ens. hele seksies. Paulus bespreek sekere kwessies wat hy nie eers noem of kwessies wat hy op ‘n heeltemal ander manier in ander briewe hanteer (Horsley, 1998:22). Hierdie brief is duidelik geskryf in antwoord op vrae en om probleme in die Korinte-gemeente aan te spreek.

2.8.5 Historiese agtergrond

Die boek is geskryf uit die stad Efese as ‘n persoonlike kommunikasie aan die gemeente in Korinte.

In 146 v.C. is die stad Korinte verwoes deur die leërs van die Romeinse ryk. Julius Caesar het ‘n eeu later die stad herbou en vrygelate Romeinse soldate en hul slawe het die bevolking opgemaak. Die stad het ‘n bloeitydperk beleef, soveel so dat dit in

die eerste eeu na Christus as een van die vernaamste stede in die Romeinse ryk bekend was.

Korinte was ‘n hawestad, met ‘n kosmopolitaanse vermenging van mense en godsdienste (Keck, 2002:775). Daar was verskeie tempels vir Apollo, Asklepius en Afrodite. Daar was ook ‘n Joodse sinagoge, wat identifiseerbaar was deur ‘n gefragmenteerde inskripsie (Blomberg, 1994:19).

Dit is belangrik om kennis te neem van die kulturele en sosiale veronderstellings wat daar in daardie tyd in Korinte geheers het (Keck, 2002:782):

- **Pater Familias**

  Paulus en sy lesers was bekend daarmee dat die vader verantwoordelik was om waardes aan die gesin te leer, om te ondersteun, om te dissiplineer, om gesinslede op te lei en hulle te beskerm. Dit was dan ook baie belangrik vir die vader om die regte gedrag uit te leef, wanneer hy hierdie verantwoordelikhede uitgevoer het.

- **Eer/Skande; Lof/Blaam**

  Die belangrikste kulturele norm was die verwerwing van eer en die vermyding van skande. Besluite is gewoonlik geneem en tot aksie oorgegaan met dien verstande dat daar eerbaar opgetree word en dat skande ten alle koste vermy word om sodoende lof in te palm en blaam te vermy.

- **Beskermheer/Kliënt**

  Daar was ‘n stelsel in plek waar beskermhere, gewoonlik ryk en invloedryke, individue, hele families en assosiasies van mense aanvaar het as hul “kliënte”. Hierdie beskermhere het land, werk, geld en wetlike beskerming aan hulle verskaf in ruil vir politieke ondersteuning en publieke betrekkinge.

Daar is heelwat informasie wat daarop dui dat die skeuring in die kerk van Korinte, die verwaarlosing van die armes deur die rykes by nagmaal en die reaksie op Paulus se weiering om geld te aanvaar, moontlik veroorsaak is deur hierdie beskermhere se onwilligheid om te breek met die sosiale konvensies van die samelewing – wat hulle eie reputasies en belange gepas het (Blomberg, 1994:20). Paulus berispe die ryk Korintiërs wat die armes voor die hof daag om hul sin te kry (hoofstuk 6) en omdat hulle hul mag as die gashere by die nagmaal misbruik (11:17-34) (Keck, 2002:785).

2.8.6 Plek van die perikoop in die boek

Die sketsplan van 1 Korintiërs sien as volg daar uit volgens Blomberg (1994:29-30) en Du Rand (1993:1756):

I. Inleiding (1:1 - 9).

II. Brief self

A. Paulus reageer op die mondelinge verslag oor die kerk in Korinte

1. Verdeeldheid in die kerk (1:10 - 4:21).
2. Hantering van ‘n man wat saam met sy stiefma woon (5:1 - 13).
3. Hofsake tussen gelowiges (6:1 - 11).
4. Erns van onsedelikheid in die algemeen (6:12 - 20).

B. Paulus reageer op die brief uit Korinte

1. Leiding rondom die huwelik (7:1 - 40).
2. Leiding rondom Christelike vryheid, die gebruik van offervleis en offermaaltye (8:1 - 11:1).
3. Leiding ten opsigte van die erediens (11:2 - 14:40).
4. Leiding rondom die opstanding (15:1 - 58).

III. Slot (16:1 - 24).

A. Kollekte vir Judea (16:1 - 4).

B. Paulus se reisplanne (16:5 - 12).

C. Laaste versoeke en groete (16:13 - 24).

Hierdie perikoop (1Kor 9:19 - 23) val onder die gedeelte waar Paulus reageer op die brief uit Korinte, spesifiek die deel rondom Christelike vryheid onder andere die regte en pligte van ‘n apostel.

2.8.7 Teks van 1 Kor 9:19-23

“Hoewel ek vry is en van niemand afhanklik nie, het ek my aan almal diensbaar gestel om soveel mense as moontlik vir Christus te wen. Vir die Jode het ek soos ‘n Jood geword om Jode te wen. Hoewel ek self nie meer onder die wet is nie, het ek my vir die wat onder die wet staan, onder die wet gestel om hulle te wen. Hoewel ek nie onder die wet van God is nie, maar onder die wet van Christus, het ek vir die wat sonder die wet is, geword soos een sonder die wet om hulle te wen. Vir die swakkes het ek swak geword om die swakkes te wen. Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red. Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê”
(Die Bybel, 1983:224).

“*For though I am free from all men, I have made myself a slave to all, that I might win the more. To the Jews I became a Jew, in order to win Jews, to those under the law I became as one under the law – though not begin myself under the law – that I might win those under the law. To those outside the law I became as one outside the law- not begin without law toward God but under the law of Christ – that I might win those outside the law. To the weak I became weak, that I might win the weak. I have become all things to all men, that I might by all means save some. I do it for the sake of the gospel, that I may share in its blessings*”
(Revised Standard Version, 1952: 2769).

“Even though I am free of the demands and expectations of everyone, I have voluntarily become a servant to any and all in order to reach a wide

> *range of people: religious, non-religious, meticulous moralists, loose-living immoralists, the defeated, the demoralized – whoever. I didn't take on their way of life. I kept my bearings in Christ – but I entered their world and tried to experience things from their point of view. I've become just about every sort of servant there is in my attempts to lead those I meet into a God-saved life. I did all of this because of the Message. I didn't just want to talk about it; I wanted to be in on it*" (The Message, 2002:1574-1575).

In vers 18 vra Paulus: "*What then is my reward? Just this: that in my preaching I may make the gospel free of charge, not making full use of my right in the gospel*." (Revised Standard Bible, 1952: 2769). Volgens vers 19 verklaar Paulus dat hy volle vryheid verkry het deur Jesus Christus. Hy is ook vry van mense in die sin dat hy afstand gedoen het van sy reg op lewensonderhoud van die gemeentes en daardeur staan hy eintlik nog sterker in sy vryheid. Sy doel blyk te wees om die Evangelie vry te maak van beskermheerskap, want hy wil nie sy "reg/outoriteit/vryheid" in die Evangelie en daardeur eintlik sy hoë status as apostel prysgee nie (Horsley, 1998:130; Keck, 2002:908). Aangesien en ten spyte daarvan dat vryheid vir die Korintiërs baie belangrik was, verklaar Paulus in vers 19 dat hy "*have made myself a slave to all, that I might win the more*". Die besluit om 'n slaaf te word om ander te red reflekteer ook dít wat Jesus gedoen het (Ciampa & Rosner, 2010:422). Hoewel Paulus homself in vers 19 as 'n "*servant in Christ*" beskryf in die inleiding van drie briewe is dit slegs hier en in 2 Kor 4:5 waar hy ook na homself verwys as 'n slaaf van die mense onder wie hy werk (Horsley, 1998:131). Die gedagte van slaaf en dienskneg kom slegs treffend na vore in die Engelse vertaling en dien vir die gelowige as bevestiging van hoe sterk Paulus oor hierdie aangeleentheid voel.

Paulus val nie terug in die rituele voorskrifte van die Jode, of die wetteloosheid van sommiges nie – hy staan immers onder die wet van Christus, maar hy is bereid om hulle te ontmoet waar hulle is, waar hulle lewe – in hulle sosiale konteks. Die evangelie, die krag van God ontmoet mense en verander hulle, maar dit kom altyd

na hulle toe en bly dan by hulle van daardie punt af – soos en waar hulle is (Keck, 2002:908, Ciampa & Rosner, 2010:422).

Vir Paulus word die Christelik geloof uitgeleef in die gemeenskap. As “geloof” Paulus se kodewoord is vir die regte verhouding met God, dan is “liefde” sy kodewoord vir die regte verhouding met ander. Liefde en behoorlike omgee vir ander is ‘n nodige uitdrukking van geloof, die regte manier om met God in verhouding te staan, want geloof word uitgedruk in liefde (Gal 5:6). Omgee vir ander gelowiges, hul opbou en aanmoediging, hul vertroosting en om hulle te waarsku is nie opsioneel vir gelowiges nie, maar ‘n vereiste van geloof (Keck, 2002:786).

Volgens Horsley (1998:131) en Keck (2002:787) hou Paulus sy eie gedrag voor as voorbeeld vir die verligte Korintiërs oor hoe hulle moet optree in hul nuutgevonde vryheid. Aan die einde van vers 22 noem Paulus dat die feit dat hy sy apostoliese regte opgee die direkte teenoorgestelde is van die gemeentelede wat die swakkes onderdruk. Volgens Hays (1997:153) en Ciampa en Rosner (2010:422) maak Paulus se optrede hom deel van die patroon van Jesus se aksies – hy volg Jesus se voorbeeld in alles wat hy doen. Elke oomblik van die lewe en in elke situasie, leef Paulus asof hy gereed is vir God se finale oordeel (Keck, 2002:787).

2.8.8 Toepassing van die teks van 1 Kor 9:19 - 23

Paulus skryf hierdie brief na aanleiding van ‘n mondelinge verslag en ‘n brief wat die probleme in die gemeente in Korinte beskryf. Die karakter van sy antwoord is skynbaar dat hy besef dat die kerk in Korinte ‘n krisis beleef, veral wanneer ‘n mens 1 Kor 10:11-13 lees (Hays, 1997:6). Deel van hierdie krisis was dat van die gemeente hulself belangriker geag het as die ander.

Vir die wêreldse Korintiërs was hul beskermhere en hul vryheid baie belangrik. Ongelukkig het baie van hulle die kosbare vryheid misbruik. Sommige van die ryker

gemeentelede wat as gashere vir die nagmaal ete opgetree het, het eerste geëet en dus aan hulself groter belangrikheid toegesê, terwyl die armer gemeentelede die kos wat oorgebly het, moes eet. Dit terwyl Jesus juis gekom het om die onderskeid tussen ryk en arm, swak en sterk, ens. uit die weg te ruim en Sy volgelinge tot die besef te laat kom dat almal vir Hom belangrik is, ook die swakstes van die swakkes – naamlik die kinders.

In die tyd van ‘n krisis, volg Paulus Jesus se voorbeeld. Die belangrikste van hierdie teks is die feit dat Paulus Jesus se voorbeeld navolg tot so ‘n mate dat hy bereid is om “swak” te word om sodoende die swakkes vir Christus te wen. Wat Paulus hier doen is dat hy alle onnodige struikelblokke uit die weg ruim wanneer hy met iemand werk. Hy word dus vir die Jode ‘n Jood – hy boet nie dit waarin hy glo in nie – hy benader hulle egter op ‘n manier wat vir hulle duidelik, verstaanbaar en toeganklik is.

In 1 Kor. 13:11 noem Paulus dat toe hy ‘n kind was “het ek gedink soos ‘n kind, geredeneer soos ‘n kind”. Dit is vir Paulus duidelik dat kinders anders dink en anders optree as volwassenes, want hy skryf verder: “noudat ek ‘n man is, is ek klaar met die dinge van ‘n kind”. Paulus herken dus in hierdie teksgedeelte dat kinders op ‘n ander manier funksioneer as volwassenes en by implikasie, dan ook op ‘n ander manier benader moet word as volwassenes. Paulus het dus die mees geskikte en mees effektiewe benadering vir elke groep waarmee hy gewerk het, gevind (Ciampa & Rosner, 2010:429). As dit aanvaarbaar is vir Paulus, wat Jesus se voorbeeld navolg, om elkeen te benader op ‘n manier wat vir hulle duidelik en verstaanbaar is, dan moet dit aanvaarbaar wees vir die volwassene om ook ‘n kind te benader op ‘n manier wat vir hulle duidelik en verstaanbaar is.

2.9. ERKENNING VAN SPEEL AS 'N AKTIWITEIT VAN KINDERS IN SAG 8:5

2.9.1 Die boek van Sagaria

Die boek van Sagaria is geskryf aan die nageslag van die mense wat deur Nebukadnesar in ballingskap weggevoer is. Koning Kores het uiteindelik aan hulle toestemming verleen om na Jerusalem terug te keer. Sagaria bring God se woord aan 'n volk wat met verwagting uitsien na God se heerskappy (Scalise, 2009:179). Die boek Sagaria is geskryf om aan die volk hoop te gee, nadat hulle ontmoedig is deur verskeie terugslae.

Hoofstuk 1 – 8 is gerig aan die in Jerusalem wat reeds uit ballingskap teruggekeer het. Die term ballingskap sou geïnterpreteer kon word dat die hele land leeg van mense was gedurende hierdie tydperk. Die mense wat daar gewoon het, was nie in staat om hulself polities te organiseer of 'n nasionale identiteit te vorm nie. Die tempel in Jerusalem was steeds 'n ruïne (Dunn & Rogerson, 2003:721) Hoofstuk 9 – 14 het egter ook die mense in die Persiese tydperk ingesluit wat nog in ballingskap was in Babilonië totdat Kores, die Persiese koning hul toegelaat het om ook na hul land terug te keer (Dunn & Rogerson, 2003:721). Die eerste deel van die boek (hoofstuk 1 – 8) is gedateer "die agste maand van die tweede regeringsjaar van Darius" (Sag 1:1) – dit korrespondeer met Augustus 520 vC (Scalise, 2009:180). Die tweede deel is egter nie gedateer nie. Die meeste geleerdes stem saam dat hoofstukke 9 – 14 geskryf is lank nadat die tempel voltooi is (Webb, 2003:44; Scalise, 2009:181).

2.9.2 Die plek van die boek in die Bybel

Sagaria maak deel uit van die klein profete, 'n versameling van 12 boeke wat net voor die Nuwe Testament in die Bybel opgeneem is. Dit is inderdaad ook die grootste van die klein profete (Dunn & Rogerson, 2003:721). Sagaria is die tweede laaste boek in die Ou Testament.

2.9.3 Die skrywer

Die outeur van die profesie identifiseer homself as Sagaria, seun van Berekja, seun van Iddo. Volgens Webb (2003:27-28) en Dunn en Rogerson (2003: 721) was Iddo die hoof van een van die priesterlike families en as die kleinseun sou Sagaria waarskynlik tot die hoër vlakke van die samelewing behoort het. Sagaria blyk toegang tot die hoëpriester Jesua te gehad het (Sag 6:9-12) en waarskynlik ook tot die goewerneur (Sag 4:6). Hy het waarskynlik Sagaria hoofstukke 1 – 8 geskryf. Die betekenis van die naam Sagaria is opsigself ‘n getuienis – Jahweh onthou en beantwoord gebede (Scalise, 2009:180).

Die tweede gedeelte van Sagaria (hoofstukke 9 – 14) staan bekend as Deutero-Sagaria. Sesbassar en Jesua kom glad nie hier voor nie, en daar word geensins na die Perse verwys nie. Griekeland, wat in 333 vC eers ‘n wêreldmoondheid geword het, word in Sag 9:13 genoem (Van der Watt, 2003:560).

Volgens Scalise (2009:183) maak naamlose orakels of naamlose skrywers van ‘n deel of die geheel van die kanonieke boek nie afbreuk aan Sagaria se gesaghebbendheid of inspirasie nie.

2.9.4 Literêre styl

Daar is verskeie literêre style in die boek van Sagaria. Dit is primêr as prosa geskryf, maar bevat ook poësie (hoofstukke 9 – 10). Dit bevat vermanings (1:1 - 6), visioene (1:7 - 6:8), simboliese aksies (6:9 - 15) en orakels (7:1 - 14:21) (Scalise, 2009:184 - 189). Antieke Israel was bekend met visioene en orakels en die profete het die ryk simboliek gebruik om wat God aan die volke bekend wou maak, oor te dra (Hill, 2009:208).

2.9.5 Historiese agtergrond

Die boek Sagaria is geskryf in die tweede regeringsjaar van koning Darius van Persië. Aan die einde van sy derde regeringsjaar het die koninkryk gestrek van Indië

tot by Griekeland en van Armenië tot by Egipte. Hy het hierdie koninkryk opgedeel in 20 provinsies om dit sodoende beter te kan administreer (Webb, 2003:22).

Onder konings Dawid en Salomo het Israel 'n bloeitydperk beleef, maar daarna het die noordelike en suidelike koninkryke ontstaan. Die suidelike deel is Juda genoem, met Jerusalem as hoofstad. In 587 vC is Juda deur Babilonië ingeval en verwoes, met die meeste mense wat dan ook as slawe weggevoer is. Ongeveer 50 jaar later kon die ballinge terugkeer na Israel en hulself hervestig, nadat koning Kores van die Perse Babilonië onderwerp het (Webb, 2003:24).

2.9.6 Plek van die perikoop in die boek

Volgens Webb (2003:31) is die basiese struktuur van Sagaria as volg:
Deel 1: Hoofstuk 1 – 6
Inleiding (1:1 - 6).
Agt Visioene/gesigte (1:7 – 6:8 en 6:9 -15).

Deel 2: Hoostuk 7 – 14
Inleiding (7:1 – 8:23).
Twee orakels (Hoofstukke 9 – 11 en 12 – 14).

Smith (1984:181) deel Sagaria as volg in:
Deel 1: Hoofstuk 1 – 8

1. Inleiding en eerste gesig (1:1 - 6).
2. Agt gesigte (1:7 – 6:8).
3. Simboliese kroning van Jesua (6:9 - 15).
4. Die vraag oor vas en moraliteit (7:1 - 8:23).

Deel 2: Hoofstuk 9 – 14

1. Die eerste orakel (9:1 - 11:17).
2. Die tweede orakel (12:1 - 14:21).

Die Bybel in Praktyk (Van Rooy, 1993:1332) en Die Bybel A – Z (Venter, 2003:555) deel Sagaria in twee dele: Die eerste deel bestaan uit hoofstukke 1 – 8 en die tweede deel uit hoofstukke 9 – 14.

Van Rooy (1993:1332) deel in die Bybel in Praktyk die boek Sagaria soos volg in:
Deel A: Boodskappe tydens die herbou van die tempel (1:1 – 8:23).

1. Opskrif (1:1).
2. Inleiding: Oproep tot bekering (1:2 – 6).
3. Agt gesigte (1:7 – 6:8).
4. Die kroning van Jesua (6:9 - 15).
5. Kenmerke van die heilstyd (7:1 – 8:23).

Deel B: Boodskappe na die herbou van die tempel (9:1 – 14:21).

1. Die Here verskyn terwille van sy volk (9:1 - 17).
2. Die Here sal sy volk laat terugkom (10:1 - 11:3).
3. Die herders (11:4 - 17).
4. Bevryding, vernuwing en reiniging (12:1 – 13:6).
5. Suiwering van die oorblyfsel (13:7 - 9).
6. Die dag van die Here kom (14:1 - 21).

Die navorser stem saam met laasgenoemde uiteensetting van die boek van Sagaria. Die teks van Sag 8:5 kom laat voor in die eerste deel van Sagaria, waar kenmerke van die heilstyd (7:1 - 8:23) aan die orde gestel word.

2.9.7 Teks van Sag 8:5

> "Die pleine van die stad sal vol seuns en dogters wees wat daar speel"
> (Die Bybel, 1983:987).
> *"And the streets of the city shall be full of boys and girls playing in its streets"* (Revised Standard Bible, 1952:2295).

> *"And boys and girls will fill the public parks, laughing and playing – a good city to grow up in"* (The Message, 2002:1310).

In hoofstuk 8 is daar 7 heilsaankondigings rakende Jerusalem – verse 2, 3, 4, 6, 7, 9 en 14 (Webb, 2003:122). Die vyf orakels in Sag 8:1-8 herinner God se volk aan die verbondsverhouding wat reeds oor 'n lang tydperk bestaan. Vier van hierdie orakels verklaar wie God is in verhouding tot Sy volk en een (8:4 - 5) fokus op die manier hoe die volk as gemeenskap lewe in respons op God se liefde, genade, justisie en regverdigheid (Caldwell, 2001:186).

In die voorafgaande verse 8:1 - 4 is dit duidelik dat Sagaria as profeet optree en dit aankondig wat hy van die Here ontvang het. Sy profesie beeld 'n passievolle God uit, wat na Sy straf die herstel van Jerusalem belowe.

Dit is belangrik om kennis te neem van vers 4 wanneer vers 5 gelees word:

> "So sê die Here die Almagtige: Daar sal weer bejaarde mans en vrouens, ryp in jare, op die pleine in Jerusalem sit, elkeen met 'n kierie in die hand."

Die ouer generasie van vers 4 tesame met die jonger generasie van vers 5, wys hulle uit as die voorlopers van Jerusalem se her-populasie (Scalise, 2009:256; Webb, 2003:122). Hierdie ou mense sal op die pleine sit en ontspan en die kinders sal in die strate speel. Dit moet dus 'n voorspoedige tydperk wees met relatiewe vrede: anders sou die ou mense en kinders enersyds moes wegkruip (en beslis nie op pleine gesit of gespeel het nie) en andersyds moes gewerk het om te probeer voorsien in hul gesinne se behoeftes.

Hierdie gedeelte is in direkte teenstelling tot die Here se toorn in Klaagliedere 2:21: "Jonges en oues lê dood in die strate;" (Die Bybel, 1983:857).

Sagaria daag die leser uit om te kyk hoe 'n gesonde samelewing funksioneer en sy standpunt is dat daar gekyk word na die plek wat aan die oud en jonk in die samelewing gegee word om sodoende die stand daarvan te bepaal. Die stede se

betekenisvolheid word dikwels gemeet aan die besighede, kuns en kultuur, geboue, rykdom, ensovoorts. Sagaria stel egter voor dat dit gemeet word aan die effek wat hulle sou hê op die twee groepe wat maklik oorgesien word, naamlik oud en jonk (Smith, 1984:233). Jesus se optrede wys duidelik dat Hy ook hierdie standpunt huldig wanneer Hy na die swakkes omsien en aan hul 'n besondere plek in die samelewing gee, wat dan in besonder ook die kinders insluit.

2.9.8. Toepassing van die teks van Sag 8:5

Die volk het nie ag geslaan op die waarskuwings van God nie en daarom het Hy sy guns onttrek en toegelaat dat Jerusalem vernietig is en hulle as ballinge weggevoer is na Babilonië. God is vrygewig met genade, maar is ook deeglik met Sy straf.

In Sagaria is daar die belofte dat dinge in die toekoms anders sal wees. God se straf sal tot 'n einde kom. Juda sal weer voorspoedig wees. God kom weer in Jerusalem woon en seën die stad en die inwoners.

Uit die teksgedeelte in Sagaria 8:4 & 5 is dit duidelik dat dit goed gaan met die ekonomie, aangesien oues en jonges nie werk nie, maar dinge doen wat toepaslik is vir mense van hul ouderdom, soos sit of speel. Jerusalem sal weer vol mense wees, want daar word na oud en jonk in hierdie teksverse verwys. Oues en jonges verteenwoordig die weerloses in die samelewing. Vir hulle om dus in die oopte (strate en pleine) te sit en te speel, beteken dat daar nie oorlog of vrees vir oorlog bestaan nie.

Wanneer Sagaria die heilsaankondiging doen dat God Jerusalem sal seën, word ook die gemarginaliseerdes in die samelewing – oud en jonk – ingesluit.
In hierdie teksvers erken Sagaria dat kinders anders as volwassenes funksioneer. Wanneer hulle in normale tye leef, doen hulle wat eie is aan kinders – hulle speel (Sweeney & Landreth, 1993:352).

2.10 SAMEVATTING

2.10.1 Deuteronomium 6:6 - 9

- In die teks van Deut 6:6-9 staan die *Sjema* – die liefdesgebod. Die riglyne van liefde is gegee om aan die volgende generasie(s) oorgedra te word.

- Daar word hier begin by die "hart": 'n intellektuele keuse of wilsbesluit om inligting oor te dra. Ouers sal dus 'n besluit moet neem om hul kinders in te lig (feite te gee) onder andere met betrekking tot 'n aspek soos die dood en alles wat daarmee gepaard gaan.

- In die moderne era word die "hart" egter as die setel van emosies beskou. Ouers sal hul emosies ook vir hul kinders op 'n sigbare wyse moet modelleer, aangesien kinders verstaan deur voorbeeld.

- Wanneer 'n kind getraumatiseer is, vra hy dikwels herhaaldelik dieselfde vrae. Vers 7 bevestig die belangrikheid van herhaling om iets aan 'n kind oor te dra op beide 'n formele en 'n informele manier:
  - Deur te praat in die huis – formeel – aangesien baie van die formele onderrig in die huis plaasgevind het;
  - Maar ook wanneer daar buite rond beweeg word – hier kan die klem ook val op byvoorbeeld meer ontspanne onderrig buite in die natuur. Kinders het dikwels buite gespeel, wat ook ruimte gelaat het vir onderrig (ouderdoms toepaslike aktiwiteite).

- Die gebruik van simbole in vers 8, sou ook geïnterpreteer kon word dat die simboliek van speel aanvaarbaar sou kon wees vir gebruik tydens die pastorale versorgingsproses.

2.10.2 Markus 10:13 - 16

- Hierdie perikoop uit Markus is waarskynlik een van die warmste en mees menslike weergawes van die tradisionele storie in enige van die Evangelies. Markus skryf oor genesings en wonderwerke wat plaasvind in die alledaagse lewe van mense en in hierdie opsig kan daar ‘n parallel getrek word met die gedagtegang van Deut 6 waar die fokus ook baie sterk geplaas word om die kommunikasie en modellering van sekere belangrike inligting en beginsels deur middel van die alledaagse handel en wandel.

- In hierdie alledaagse lewe het Jesus uit liefde wonderwerke en genesings verrig. Daar word oor agttien wonderwerk “verhale” geskryf. Dertien hiervan is spesifiek wonderwerke waarin Jesus genesings verrig. Markus beklemtoon in hierdie perikoop dat Jesus in staat is om mense te genees.

- Deur Jesus se optrede bevestig Hy die belangrikheid van kinders. Hy beklemtoon dit ook deur Sy optrede. As Jesus gemarginaliseerdes liefhet en hulle genees, dan sal Hy ook kinders genees van emosionele seer.

- Om kinders te help om onder andere genesing van hul seer na die dood van ‘n ouer te verkry, sou as ‘n prioriteit vanuit bovermelde feite en gebeure gekonkludeer kon word.

2.10.3 1 Korintiërs 9:19 - 23

- Paulus is deeglik onder die indruk dat die gemeente in Korinte ‘n krisis beleef en dat ‘n deel van hierdie krisis geïmpliseer het dat sommige van die gemeente hulself belangriker geag het as die ander.

- Die Korintiërs het steeds gediskrimineer teen die armes deur hulself groter belangrikheid toe te sê. Dit terwyl Jesus juis gekom het om die onderskeid tussen ryk en arm, swak en sterk, ens. uit die weg te ruim en Sy volgelinge tot die besef te laat kom dat almal vir Hom belangrik is, ook die swakstes van die swakkes (wat die kinders insluit).

- Paulus volg Jesus se voorbeeld deurdat hy alle onnodige struikelblokke uit die weg ruim wanneer hy met iemand werk. Paulus boet nie sy waardes en dit waarin hy glo in nie – hy benader mense op hul vlak.

- In 1 Kor 13:11 herken Paulus dat kinders op ‘n ander manier funksioneer as volwassenes en by implikasie, dan ook op ‘n ander manier benader moet word as volwassenes. As dit aanvaarbaar is vir Paulus, wat Jesus se voorbeeld navolg, om elkeen te benader op ‘n manier wat vir hulle verstaanbaar en aanvaarbaar is, dan moet dit ook aanvaarbaar wees vir die volwassene om ook ‘n kind te benader op ‘n manier wat vir hom duidelik en verstaanbaar is.

2.10.4 Sagaria 8:5

- In Sagaria belowe *Yahweh* dat die toekoms voorspoedig sal wees. God se straf sal tot ‘n einde kom. God sal weer in Jerusalem woon en die stad en inwoners sal geseënd wees.

- Wanneer Sagaria die heilsaankondiging doen dat God Jerusalem sal seën, word ook die gemarginaliseerdes in die samelewing – oud en jonk – ingesluit.

- Sagaria gee in vers 5 erkenning aan die belangrikheid van speel vir kinders - daardeur erken hy ook dat kinders anders as volwassenes funksioneer. Wanneer hulle in normale tye leef, dan doen hulle dit wat eie is aan kinders, naamlik dat hulle speel .

- Aangesien die dood ‘n normale deel van die lewe is, sal kinders gevolglik ook nodig hê om in ‘n sekere sin op die vlak van “speel” die dood van ‘n geliefde te verwerk en genesing daarvoor te verkry.

HOOFSTUK 3: BASIS-TEORIE

'n FOKUS OP DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE PASTORALE VERSORGING VAN KINDERS

3.1. INLEIDING

Vir sommige leraars is die blote gedagte daaraan om kinders pastoraal te versorg, oorweldigend (Lester, 1985:14; Collins, 2011:2). Volgens Lester (1985:15) is daar 'n gebrek aan materiaal om die leraar by te staan om kinderpastoraat te hanteer.

Jesus dien as 'n besondere model van volwasse geloof in aksie. Hy het baie ure aan gesprekke met mense in nood spandeer, nie net in groepe nie, maar ook van aangesig tot aangesig met enkelinge (Collins, 2011:3). In die voorafgaande hoofstuk het duidelik vanuit die eksegese van Mark 10:13 - 16 geblyk dat Jesus 'n baie besondere plek aan kinders gegee het. Hy het die belangrikheid van 'n verhouding met kinders met Sy dissipels bespreek (Mark 9:36 - 37), Hy het gewaarsku dat niemand kinders op die verkeerde pad moet lei nie (Mark 9:42) en Hy het kinders aangeraak (Mark 9:36) en geseën (Mark10:16) (Lester, 1985:36 - 39). Is dit dan nie gelowiges se opdrag om dit ook te doen nie?

3.2 DOEL VAN DIE HOOFSTUK

Die doel van hierdie hoofstuk is om die ontstaan en geskiedenis van kinder-pastoraat na te vors en ook op die belangrikste rolspelers met betrekking tot die ontwikkeling van hierdie veld te fokus. Hierdie navorsing vorm deel van die basis-teoretiese ondersoek, soos in hoofstuk 1 uiteengesit is. Navorsing oor hierdie onderwerp kan moeilik suksesvol aangepak word sonder om kennis te neem van die Bybelse perspektiewe rakende pastoraat. Die rol van die pastor asook die pastoraat met betrekking tot hierdie terrein sal gevolglik duidelik uitgespel moet word.

Voorts word die begrippe van pastoraat en pastor verduidelik en daarna word aandag aan die geskiedenis van pastoraat geskenk.

3.3 WAT IS PASTORAAT?

3.3.1 Definisie van pastoraat

Pastorale sorg of sielesorg het uit die Latynse woorde *cura animarum* ontstaan (Pattisson, 1993:7; Louw, 2012:15). Volgens Gerkin (1997:88) is die fokus in die pastoraat op die sorg en omgee vir al God se mense onder alle omstandighede gerig. Hy plaas dan ook klem op die skep van omgewings waarbinne mense tot hul volle geestelike potensiaal kan groei.

3.3.2 Kern van pastoraat

Volgens Louw (2012:15) is die kern van pastoraat die soort helpende verhouding wat die volgende teweeg wil bring:

- Om mense by te staan om die lewe op ‘n sinvolle manier te hanteer.
- Om mense te besiel met hoop sodat geloof ‘n volhoubare deel van die mens se hanteringsmeganismes word.
- Om ‘n veilige spasie van versorging te skep.
- Om lewenssituasies deur taal, simbole en metafore te artikuleer sodat die lewensverhale aan Bybelse narratiewe verbind kan word, op so ‘n wyse dat mense hul identiteit en geestelikheid daarin kan ontdek.
- Om die werklikheid van die lewe met geskikte Godsbeelde in kontak te bring, sodat mense blootstelling kan kry wat tot rekonsiliasie en vergifnis kan lei om sodoende verhoudings, binne ‘n geestelike ruimte te hernu.
- Om wanneer daar ‘n bewussyn by mense ontwikkel van die verryking en genot van die lewe te midde van pyn en die dood, dit saam met hulle te vier.

3.3.3 Wat behels pastorale sorg

De Jongh van Arkel (2000:160 - 161) verdeel pastoraat in vier komponente:

- Onderlinge sorg: Die primêre vlak van pastoraat. Hierdie vlak is die mees basiese en kom voor in die gemeenskaplike versorging van lidmate onder mekaar.
- Pastorale sorg: Die fokus hier is die opbou en versorging van die gemeente.
- Pastorale beraad: Hierdie is ‘n intensiewe vorm van sorg. Die persoon wat op hierdie vlak betrokke wil raak, moet kennis hê rakende die verskillende vorme van berading en ook vaardig daarin wees.
- Pastorale terapie: Langtermyn rekonstruktiewe terapie om chroniese of ernstige probleme te verlig. Dit vereis die meeste spesialis kennis en vaardighede.

Collins (2011:4) onderskei drie komponente:

- Pastorale sorg: Dit behels die wydste omvang en verwys na die oorkoepelende bediening waarby genesing, ondersteuning, leiding en die versoening van mense met God en mekaar ingesluit is.
- Pastorale berading: ‘n Meer gespesialiseerde aspek wat te doen het met hulp aan enkelinge, gesinne en groepe mense wat krisisse in hul lewens moet hanteer. Mense word gehelp met ‘n verskeidenheid van genesingsmetodes wat in ooreenstemming met Bybelse leringe is.
- Pastorale psigoterapie: ‘n Langtermyn, grondige hulpproses wat fundamentele verandering in die mens se persoonlikheid, geestelike waardes en denkwyse wil aanbring. Slegs opgeleide spesialiste kan hierdie aspek hanteer.

3.3.4 Die kerk as versorgende gemeenskap

Volgens Collins (2011:10) is die antwoord op die vraag na waarom God die Kerk geskep het, te vinde in Jesus se laaste groot opdrag aan sy dissipels in Mat 28: 19 - 20:

> "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" (Die Bybel, 1983:47).

Die vroeë gelowiges het in 'n gemeenskap of koinonia, wat 'n gemeenskaps-verhouding met mekaar behels het, bymekaargekom. Hier het hulle die evangelie aktief bevorder en mekaar opgebou, terwyl hulle hul insigte, ervarings, aanbidding, behoeftes en materiële besittings met mekaar gedeel het. Hulle het waarlik mekaar se laste gedra (Collins, 2011:10).

3.3.5 Die Bybel as hulpmiddel tydens pastoraat

Die opkoms van die psigologie in Amerika het geweldige druk op die pastorale teologie geplaas (Louw, 1993:9; MacArthur & Mack 1994:xv) Pastorale berading het die afgelope 40 jaar geleidelik uit die kerk beweeg en die rol is al meer deur sogenaamde pastorale sielkundige klinieke oorgeneem. In die VSA is daar egter tans weer 'n beweging terug na berading met 'n meer Bybelse begronding (MacArthur & Mack, 1994:xv).

Psigologiese handboeke gee bykans geen erkenning aan die geestelike basis van kinderontwikkeling nie. Dit is egter vir die Bybelse skrywers belangrik (Collins, 2011:167). Die Bybel gee egter nooit voor om 'n beradingshandboek te wees nie (Collins, 2011:11).

3.4 WAT EN WIE IS 'N PASTOR?

Pastoraat is nie moontlik sonder 'n persoon wat die pastoraat bedien nie. Daarom is dit belangrik om ook kennis van die pastor se rol binne die pastoraat te neem.

3.4.1 Definisie van pastor

Elke gelowige is in wese 'n berader in die Bybelse sin van die woord (Lotter, 2004:1).

Hoewel alle gemeenteleiers nie noodwendig geroepe tot die pastoraat voel nie,meen Adams (1973:9) egter dat pastoraat spesifiek deur ‘n “pastor” beoefen moet word.

3.4.2 Rol van die pastor tydens pastoraat

Pastors (in die historiese pastorale sorg tradisie het dit gedui op erkende kerkleiers) het deur die tye die volgende aktiwiteite waargeneem:

- Hulle het skulderkennings aangehoor.
- Advies en raad gegee, beide geestelik, prakties, verbaal en skriftelik.
- Vertroosting aan behoeftiges asook praktiese hulp gebied.
- Mense in hul huise, in hospitale en in die gevangenis besoek.
- Mense probeer genees van hul siektes deur van sakramente en medisyne gebruik te maak.
- Betrokke in opvoedkundige aktiwiteite geraak.
- ‘n Bediening van omgee sowel binne die Christelike gemeenskap as daarbuite volgehou.
- Sosiale en politieke rolle in die belang van die gemeenskap onderneem.
- Dienste en begrafnisse gehou en huwelike voltrek in die lewe van individue (Pattison, 1993:7 - 8).

3.5 GESKIEDENIS VAN PASTORAAT

Vanaf die aanvang van die Christelike kerk het basiese en meer ingewikkelde vorme van pastorale teologie bestaan. Die Bybelskrywers het hulp aan mens nie as opsioneel beskou nie, maar as die verantwoordelikheid van elke gelowige, insluitend die kerkleiers (Collins, 2011:3). Dit dien as ‘n voorbeeld van ‘n basiese vorm van pastorale teologie. By punt 3.4.2 is ‘n lys van ingewikkelde aktiwiteite wat deur pastors hanteer is reeds genoem (Pattison, 1993:7 - 8). Berading het in die Kerk as ‘n natuurlike funksie van die spirituele lewe van sy lede bestaan. Paulus skryf aan gelowiges “ ...dat julle vol goeie hoedanighede is en omvattende kennis besit, en dat julle mekaar self op die regte weg kan help” (Rom 15:14).

Alhoewel pastorale sorg op die basis van die Ou Testament gebou is en dus as die fondament van pastorale sorg in die Nuwe Testament dien, sal pastorale sorg (vir die doel van hierdie studie) in die Nuwe Testament as vertrekpunt in die geskiedenis van die pastoraat dien.

3.5.1 Pastorale sorg in die Nuwe Testament

In die boek van Handelinge word die rol van die Heilige Gees as ‘n verlengstuk van menslike aktiwiteite beklemtoon (Heitink, 1999:91). Mans en vroue het geestelike gawes (*charismata)* ontvang. Romeine 12:8 verwys na die gawe van bemoediging.
In Ef. 4:12 skryf Paulus dat die doel van die gawes was “om gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus”. Die invloed van die Heilige Gees is dus die middelpunt van ware Christelike hulp. Sy teenwoordigheid en invloed maak Christelike berading uniek (Collins, 2011:8). Deur die Bybel heen word dit duidelik dat God verkies om deur mense te werk.

Daar word selfs in Hebreërs 13:3 die versoek gerig: “Dink aan die gevangenes asof julle self ook gevangenes is, en aan die wat mishandel word, asof julle self ook mishandel word.” Watter beter voorbeeld van empatie kan gebruik word? (Heitink, 1999:92). Empatie vorm in ‘n sekere sin die kern van pastoraat.

3.5.2 Pastorale sorg tydens die Reformasie

Binne die Lutherse tradisie is ‘n basiese pastorale model gevolg wat Genève in kwarte verdeel het, met ouderlinge in beheer van tuisbesoeke en kerkdissipline en diakens wat aandag aan die sosiale en materiële behoeftes geskenk het (Heitink, 1999:95). Die kerk het gevolglik die verantwoordelikheid vir die versorging van armes, die siekes en die behoeftiges aanvaar.

Volgens Heitink (1999:96) was Martin Bucer die eerste om die volgende spesifieke take in die area van pastorale sorg in die kerk toe te deel:

- Om te soek na verlore skape en hulle te vind.
- Om die wat verstoot is terug te bring.
- Om heling na gewondes ("*wounded"*) te bring.
- Om die swakkes te versterk.
- Om die wat gesond is te beskerm en te versorg.

Gijsbertus Voetius (1589 - 1676), professor by Utrecht, was die eerste wat die term *Theologia Practica* vir kursusse in pastorale teologie gebruik het. Peter Binsfeld het waarskynlik die eerste boek oor hierdie onderwerp geskryf. In 1591 het sy boek, *Enchiridion Theologiae Pastoralis* verskyn (Heitink, 1999:96).

Verskeie groot Protestante het boeke en bydraes in hierdie verband in die vroeë kerk geskryf, onder andere Thomas Brookes se *Precious remedies against Satan's devices*, Richard Baxter se *A Christian directory* en Jonathan Edward se *A Treatise concerning religious affections* (Powlinson, 1994:44). Edwards se boek is byna 250 jaar oud en van die ander boeke meer as 300 jaar oud.

3.5.3 Pastorale sorg onder die Engelse Puriteine

Die Puriteine het bekend gestaan as 'dokters van die siel' en hulle verteenwoordig onder andere die eerste Protestante skool vir Bybelse berading (Keller, 1988:11). Hierdie Puriteinse beweging het hulself vir reformasie in die kerk en suiwering van die lewe van die individuele gelowiges vanaf die middel sestiende eeu tot die vroeë agttiende eeu beywer (Sarles, 1994:22).

Die Woord was die middelpunt van Puriteinse gedagtes en lewens. Puriteinse berading het op die Bybelse beginsel van inspirasie deur die Heilige Gees berus (MacArthur & Mack, 1994:30).

Die beginsel wat deur die Puriteine neergelê is en wat steeds vandag as uitdaging dien, is hul verbintenis tot die integrering van geloof en dade.

3.5.4 Pastorale sorg in die twintigste eeu

In die negentiende en twintigste eeue het Christene die gebruik van die waarheid en die vaardighede wat daarmee gepaard gaan, verloor. Die psigologie het in ‘n groot mate die plek daarvan ingeneem, sonder om te beweer dat daar nie ‘n regmatige plek vir die psigologie is nie. Powlinson (1994:46) stel dit so: *“The Christians took the Bible, and the psychologists took people.”* Daar het dus ‘n mate van wanbalans ontstaan wat ‘n regstelling benodig.

Teen die 1960’s is Bybelse berading herontdek (Powlinson, 1994:46; Heitink, 1993:104). Daar was verskeie rolspelers wat in hierdie tydperk belangrike bydraes gelewer het, byvoorbeeld Adams (1973, 1976, 1979), Clinebell (1992), Collins (1993), Crabb (1974), Gerkin (1997), Heitink (1979, 1999), Nouwen (1998), Louw (1997), MacArthur & Mack (1994), McMinn (1996) en Thurneysen (1963).

Vir die doel van hierdie studie, gaan daar nie verder op die detail van hierdie geskiedenis gefokus word nie, maar die klem gaan vervolgens eerder na die ontwikkeling van Kinderteologie en Kinderpastoraat verskuif.

3.6 KINDERTEOLOGIE

Eerstens is dit belangrik om kennis te neem van sekere belangrike bydraes wat in die veld van Kinderteologie gelewer is.

White, (2010:5) skoei sy benadering rondom kinderteologie asook sy siening ten opsigte van die ontstaan daarvan op die benadering wat Jesus in sy interaksie en omgang met mense gevolg het. White se gevolgtrekking is dat Jesus se aksies en optrede en Sy leer mekaar aanvul.

3.6.1 ‘n Definisie van Kinderteologie

White (2010:8) definieer kinderteologie soos volg:

“A process of theological reflection starting with the question: “What does it

mean for us today to respond to the teaching and example of Jesus when he placed a little child in the midst of his disciples so that they could be encouraged to change and become lowly like little children in order to enter the Kingdom of heaven?"

Om by die hart van hierdie definisie uit te kom, is dit nodig om te begin by wat 'n kind is en wat die kind se rol in die Bybel was.

3.6.2 Vertrekpunt van Kinderteologie

Tydens 'n lesing by die *Children and Spirituality* Simposium in Australië in 2012 begin Cupit (2012:5) deur te verduidelik wie en wat 'n kind is. Volgens hom gaan dit om 'n kind van enige ouderdom, hoewel normaalweg jonk, vir wie dit onmoontlik is, om enige rede, om outonome bevoegdheid uit te oefen en wat in stede daarvan op andere moet staatmaak om hulle te versorg en vir hulle te besluit.

3.6.2.1 Kinders in die Ou Testament

Kinders in die Ou Testament is as deel van die sosiale lewe en strukture inggesluit. Lofprysing was visueel en dramaties – beide maklik toeganklik vir kinders en volwassenes. Met betrekking tot die simbole van Paasfees sou kinders maklik kon vra wat dit alles beteken (Eks 20) en so ook die twaalf klippe wat gestapel is nadat die Jordaan oorgesteek is (Jos 4). Kinders is regdeur die Ou Testament as 'n teken van die seën van God beskou, maar hulle was ook diegene wat eerste deur oorlog, trauma en sonde geraak is (White, 2000:2).

3.6.2.2 Kinders in die Nuwe Testament

In die Nuwe Testament word daar dikwels na insidente wat kinders insluit verwys, maar daar is vier aspekte van die Evangeliese narratiewe wat veral belangrik is (White, 2000:4-6):

1. God het gekies om in die wêreld as 'n kind in te kom – klein, swak, kwesbaar, afhanklik, sonder opvoeding en opleiding en taal.

2. Die gedeeltes van Matt 17 – 21, Mark 9 - 11 en Luk 9 - 19 bevat van die suiwerste lering van Jesus rakende die aard van die Koninkryk. Die eerste daad van Jesus na die verheerliking op die berg is om ‘n bose gees uit ‘n seun te verdryf (Mat 17:14 - 21). In hoofstuk 18 gebruik Jesus ‘n kind om aan die dissipels te demonstreer wat nederigheid en diensbaarheid behels en om aan hulle te illustreer hoe belangrik kinders in Sy Koninkryk is (Mat 18:1 - 5). Net hierna plaas Jesus weer eens kinders in die middelpunt van die Koninkryk (Mat 19:13 - 15) wanneer Hy die kindertjies seën. Dan volg die gedeelte waar Jesus die ryk jong man beveel om alles te verkoop sodat hy “‘n skat in die hemel sal hê”, met ander woorde om soos ‘n kind te word. Toe Jesus Jerusalem binnegaan, het almal Hom geloof en geprys, maar toe Hy die tempel binnegaan, was dit slegs die kinders wat voortgegaan het om Hom te prys. Kinders se gedrag is nie onbeduidend nie maar dit is gevestig in God (Cupit, 2012:7). Jesus bevestig dat die kinders presies doen waarvoor God hulle gemaak het, naamlik lofprysing (Ps 8:2).

3. Jesus leer dat die Koninkryk van God niks met status, krag, mag, invloed, rykdom of die normale aannames van die samelewing te doen het nie, maar wel met die feit dat die mens moet verander en berouvol moet wees. Die mens moet van nuuts af begin, soos ‘n klein babatjie ... in Christus.

4. In Johannes word hierdie waarheid in die verhouding tussen Jesus en die Vader vasgelê - dit is die dominante beskrywing: Vader en Seun. Dit moet ook die mensdom se norm wees. Die evangelie van Johannes begin by “kinders van God,” en Jesus se lewe wys hoe dit veronderstel is om te lyk.

3.6.3 Die kern van Kinderteologie

Kinderteologie begin by Jesus en vra watter lig kinders op God (Vader, Seun en Heilige Gees) en Sy manier van dinge doen in die wêreld laat val (White, 2010:8). Dit is duidelik uit die Evangelies dat Jesus ‘n baie besondere plek aan kinders toegeken het. Jesus het in Sy omgang met kinders en deur Sy gebruik van kinders

as voorbeelde aan volwassenes, aangevoer dat ‘n vorm van geloof, fundamenteel aan kindwees, belangrik vir God was (Cupit, 2012:6).

Dit is uit die voorafgaande duidelik dat kinders vir God baie belangrik is en dat volwassenes met groot omsigtigheid en liefde met kinders moet omgaan. Die volwassene wat tot kinders toetree, hetsy om hulp te verleen of om die Evangelie te verkondig, mag nooit vergeet dat baie van kinders geleer kan word nie. In die lig hiervan, is dit belangrik om kennis te neem van wat kinderpastoraat is.

3.7 WAT IS KINDERPASTORAAT?

3.7.1 Definisie van Kinderpastoraat

Kinderpastoraat is die vorming van verhoudings met kinders wat aandui dat hulle ‘n inherente behoefte as kinders van God het om hulself te verstaan, sodat hulle bemagtig kan word deur hul lewenservarings in terme van hul geloof te verstaan (Grossoehme, 1999:5). Volgens Van Zyl (2007:35) het Christelike Kinderpastoraat te doen met die pastorale begeleiding van kinders uit hul krisissituasie, soos gefundeer in die Bybel.

Basson (2010:114) definieer kinderpastoraat samevattend soos volg:
“... die bediening van die Goddelike heling aan gebroke kinders, deur middel van die Skrif en Skrifgefundeerde middele, binne die konteks van ‘n liefdevolle verhouding van heling”.

3.7.2 Rol van die pastor tydens Kinderpastoraat

Lester (1985:36) beskryf die rol van die eensame herder in antieke Judea en Galilea. Hy meen dat hierdie model steeds toepaslik in vandag se samelewing is, aangesien die funksies van beskerming, begeleiding, versorging, genesing, heling en uitreik steeds belangrike take binne die ampsverpligting van ‘n pastor is.

Root (2009:49 - 64) beskryf die verhouding tussen die pastor en die kind as plekdeling ("*placesharing*"). Pastoraat geskied deur langs die kind plek in te neem, met ander woorde saam die pad te stap en nie met die doel om die kind te "behandel" nie. Voorts sal daar aandag gegee word aan 'n literatuurstudie van verskeie bydraes rakende kinderpastoraat.

3.8 'N LITERATUURSTUDIE VAN 'N AANTAL BYDRAES RAKENDE KINDERPASTORAAT

Alhoewel daar deur die eeue veelvoudige modelle van Christelike terapie vir volwassenes geskep is, kan dieselfde nie gesê word van modelle vir berading aan kinders en tieners nie (Sisemore, 2003:115). Verskeie modelle of maniere van hulpverlening aan kinders het egter die afgelope jare ontstaan. Daar sal vervolgens in terme van kronologiese datering aandag aan 'n aantal modelle geskenk word. Ten slotte sal dan 'n samevattende oorsig gebied word.

3.8.1 A.D. Lester se benadering ten opsigte van pastorale sorg aan kinders in krisis (1985)

Lester noem dat daar min literatuur in hierdie verband in 1985 beskikbaar is. Dit is juis om hierdie rede dat hy in daardie stadium 'n boek saamstel om pastorale hulp te verleen aan kinders wat krisisse beleef. Sy uitgangspunt is dat kinders ook gemeentelede is en daardeur die reg tot pastorale sorg het. Hy noem dat Jesus as die model van volwasse geloof in aksie en ook as voorbeeld van effektiewe bediening dien.

3.8.1.1 Kinders se behoeftes van 'n pastor

'n Pastor het nodig om 'n kind met sekere behoeftes te help, soos onder andere:

- **Sin van vaardigheid**

Kinders het nodig om sekere take teen skoolgaande ouderdom te bemeestser om

sodoende ‘n sin van vaardigheid te ervaar. By beide die skool en wanneer daar gespeel word, ondersoek kinders hul nuwe fisiese, sosiale en intellektuele potensiaal. Hulle toets ook hulself teen die verwagtinge van beide hul groep en hul ouers. Wanneer kinders by die proses om die uitdaging van die krisis te konfronteer en daarop te reageer ingesluit word, word hul sin van vaardigheid grootliks verhoog. Hulle voel dikwels dat hul vaardighede deur volwassenes raakgesien word. As pastor moet daar seker gemaak word dat kinders in ‘n krisistyd ingesluit, eerder as uitgesluit word (Lester, 1985:52-54).

- **Gesindheid en waardes**

Wanneer die kind kleuterskool toe gaan, is vroeë indrukke rondom verskeie dinge reeds vasgelê. Teen die einde van die laerskool het hierdie selfde kind reeds volle kennis van sosiale vaardighede wat aangeleer is van die familie, onderwysers, groep en kontak met die gemeenskap en wyer wêreld deur middel van blootstelling aan films, radio, televisie en boeke. Dit is vir die pastor, wat intens in die kind se religieuse en geestelike groei belangstel, uiters belangrik om hierdie gesindhede en waardes te help vorm, veral aangesien dit dikwels die fondament vir die kind se latere geloofsisteem vorm. Heelwat mense se idee van hoe God is, hoe God in die wêreld werk en hoe God oor die mens voel, is juis deur krisisse in die kinderjare gevorm. Dikwels kan iets so eenvoudig soos ‘n gebed gesindhede en waardes weergee wat ‘n deurslaggewende indruk op ‘n kind kan maak (Lester, 1985:54-56).

- **Bevestiging van hul persepsies**

Volwassenes is dikwels geneig om kinders te probeer beskerm deur inligting van hulle te weerhou, maar kinders besef gereeld dat hulle om die bos gelei word. As pastor verteenwoordig jy vir God en juis daarom is dit belangrik om altyd die waarheid deur te gee. As pastor tydens ‘n krisis is dit belangrik om:

- die kind te help om akkurate inligting te kry;
- om die kind by te staan om hierdie inligting te interpreteer, dit deur te dink en daarop te reageer;

- om in die toekoms terug te keer na hierdie inligting en om seker te maak dat hulle genoeg geleentheid gehad het om hierdie krisis te prosesseer en daarop te reageer (Lester, 1985:56-57).

- **'n Plek om te behoort**

In die laerskooljare begin kinders self vriende kies by wie hulle gemaklik voel, van wie hulle hou en wat positiewe terugvoer gee. Binne hierdie groepie leer hulle om regverdig te speel, hulle leer groepreëls, aanvaarbare maniere om omgee te wys, verbale en nie-verbale taboes, gedrag wat aanvaarbaar is en ook hoe om hulle in die groep te laat inpas. Teologies gesproke is hierdie 'n goeie beskrywing van die basiese fondament vir die kapasiteit om gemeenskap te ervaar. Kinders wat effektief 'n sosiale self kan ontwikkel, is ook in staat om die *koinonia* van die kerk te ervaar.

In 'n krisis word die kind se behoefte aan 'n plek om te behoort dikwels nie raakgesien wanneer volwassenes self met die krisis moet deel nie. Kinders het gevolglik nodig om versorging, gerusstelling en ondersteuning van hul gemeenskap te verkry. Dit sal verligting bring van die gevoel van verlatenheid en hul "sin van behoort " herstel (Lester, 1985:57-59) .

- **Volwasse vriende en selfs helde**

Volwassenes kan as rolmodelle vir volwassenheid dien, voorbeelde stel, help met doelwitte stel en hulle kan konkrete ideale vir kinders modelleer om na te volg. Volwassenes wat buite die gesin staan, het 'n ander tipe outoriteit en sal selde in konflik met die kind staan rondom dissipline. Dit vergemaklik weer die vestiging van 'n vriendskapsverhouding.

Sommige van die helde uit die kinders se fantasiewêrelde is nie altyd die ideale voorbeeld van Christenskap nie. Dit is dus belangrik vir die kerk om alternatiewe helde te verskaf. Deur die pastor kan die kind Jesus as 'n ware vriend en held leer ken (Lester, 1985:59-61).

- **Iemand om te luister**

Een van die belangrikste funksies van ‘n goeie vriend is om aandagtig en versorgend te luister terwyl die persoon sukkel om sy diepste gedagtes te orden en te deel. Wanneer die kind ‘n vriend in ‘n volwassene gevind het, kan hulle in hierdie verhouding ook dieper godsdienstige vrae vra, hul grootste vrese uitdruk en skaamte of skuldgevoelens na vore bring (Lester, 1985:61-62).

- **Iemand om hul gevoelens te aanvaar**

‘n Belangrike doel in die versorgingsproses van kinders tydens ‘n krisis is om ‘n geleentheid te skep waarbinne hulle hul emosies kan uitdruk. Binne hierdie konteks kan emosies beleef, beskryf en bespreek word sonder vrees vir afkeuring (Lester, 1985:62-63).

- **Geestelike leiding**

Skoolgaande kinders is in ‘n fase van geestelike groei en ontwikkeling. Hulle beskik nou oor die intellektuele kapasiteit om dele van inligting en enkel beelde saam te voeg in konsepte oor God. Kinders het nie ‘n geskiedenis van persoonlike geestelike ondervindinge wat hulle deur ‘n krisis kan ondersteun nie. Jy, as die pastor, kan die een wees wat insette in ‘n tyd van krisis lewer (Lester, 1985:63-64).

3.7.1.1 Gebruikmaking van speel as deel van pastorale gesprekke

Lester noem die speelkamer die natuurlike habitat van ‘n kind. Wanneer kinders speel, doen hulle wat vir hulle die mees natuurlike is. In die proses van speel, maak kinders baie van wie en wat hulle is, bekend. Speel help nie net om verhouding te skep of pastorale assesserings te doen nie, maar skep ook die basis vir pastorale take soos die uitdrukking van emosies, werklikheidstoetsing en lering.

Lester maak gebruik van ‘n verskeidenheid van speelvorme tydens pastorale gesprekke:

- **Handpoppe**

Kinders is baie lief vir handpoppe. Hulle voel baie minder bedreig wanneer hulle met

of deur ‘n handpop praat, as direk met ‘n volwassene. Kinders openbaar ook meer oor hulself deur ‘n handpop, aangesien hulle nie besef dat dit dieselfde is as om direk met ‘n volwassene te praat nie (Lester, 1985:87-91).

- **Bordspeletjies**

Bordspeletjies bied aan kinders die geleentheid om deel te neem aan ‘n speletjie wat reëlgebonde is. Lester maak gebruik van die sogenaamde “Ungame” en ook die “Bag of words-game” wat in die VSA beskikbaar is. Dit sou dus gepas wees om van plaaslike of self-ontwerpte speletjies tydens pastoraat gebruik te maak (Lester, 1985:91-96).

- **Kuns**

Die Skepper het aan die mens die gawe van uitdrukking gegee, die begeerte om dit wat gedink en gevoel deur die kreatiewe aktiwiteit wat kuns genoem word te simboliseer. Kinders is natuurlike kunstenaars. Kuns is by uitstek ‘n uitstekende medium vir selfuitdrukking aangesien dit nie van woorde en verbale of kognitiewe vermoëns afhanklik is nie. Kuns kan dus die medium wees waardeur die kind sy/haar pastorale krisis kan kommunikeer. Die pastor kan ook die kind se kuns gebruik om die kind se persepsies oor die krisis te bespreek, om seën in die kind se lewe uit te lig of om geloofsbeginsels oor te dra wat kan dien as ‘n soliede fondasie vir die ontwikkeling van geestelike insig (Lester, 1985:97-112).

- **Storievertelling en pastorale sorg**

Alle mense is geskep met die kapasiteit om te fantaseer. Die mens het nog altyd stories gebruik om basiese dinge rondom kulturele waardes, veral hul geloof, te bewaar en te kommunikeer. Mites, legendes, fabels en gelykenisse is van die belangrikste storievertel metodes wat gebruik word. Jesus self het van gelykenisse gebruik gemaak om geestelike waarhede uit te lig. Bybelse storievertelling leen op sigself dus uitstekend daartoe om as ‘n hulpmiddel in pastoraat te dien (Lester, 1985:113-124).

- **Pastorale sorg deur te skryf**

Gesproke woorde het baie krag en sodra dit gespreek is, kan dit nooit teruggeneem word nie. Kinders is in ‘n sekere sin bewus van hierdie krag en juis dit maak hul huiwerig om oor sensitiewe persoonlike vraagstukke te praat, veral dit wat hul kwesbaar maak. Volgens Lester blyk dit daarom dat die skryfproses as minder persoonlik en minder bedreigend deur kinders ervaar word. Die proses van skryf blyk aan kinders toestemming te gee om rondom verbode onderwerpe te deel. Verskillende skryfaktiwiteite word bespreek en kan aangewend word om die pastorale proses te versterk (Lester, 1985:125-133).

Opsommenderwys is dit duidelik dat Lester se boek rondom pastorale sorg bevestig dat die gebruik van speel in die pastorale proses as aanvaarbare hulpmiddel kan dien.

3.8.2 D. Sweeney en G. Landreth se benadering tot die heling van ‘n kind se gees deur spelterapie: ‘n Skriftuurlike benadering tot die behandeling van kinders (1993)

Sweeney en Landreth (1993:351) se uitgangspunt is dat kinders ‘n spesiale plek in die hart van God het. Jesus het aan sy dissipels gesê: “laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na my te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle.” (Matt 19:14). Hy het ook verder gesê dat die mens, om in die hemel te kom, sal moet verander en soos kinders word (Matt 18:3).

3.8.2.1 Kinders kommunikeer deur te speel

Sweeney en Landreth verwys na Neale wat reeds in 1969 (1969:165) die volgende skryf:

> *“Consider the play of the child, and nature of the Kingdom is revealed. Christ is that fiddler who plays so sweetly that all who hear Him begin to dance”.*

Sweeney en Landreth beskou speel as die enkele belangrikste en natuurlikste aktiwiteit van kindwees. Dit is ook vir kinders hul natuurlike medium van kommunikasie. Hierdie outeurs verwys na die teksvers in Sag 8:5 in hierdie verband: “Die pleine in die stad sal vol seuns en dogters wees wat daar speel” (Bybel, 1983:987).

Simboliek en geloof is ‘n sleutel element in spirituele bewuswording. Heb 11:1: “Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.” Die misterie van geloof ontkiem en ontwikkel deur die simboliese funksie van speel. Speel is verder ook die medium vir hierdie simboliese of verbeeldingryke ontdekking.

Die skrywers beklemtoon dat terapeute wat met kinders werk die kind dus moet toelaat om te wees, te praat en te verstaan soos ‘n kind, veral aan die hand van Paulus se brief in 1 Kor 13:11: “...toe ek ‘n kind was het ek gepraat soos ‘n kind, gedink soos ‘n kind en geredeneer soos ‘n kind ...” (Bybel, 1983:228).

3.8.2.2 Spelterapie of speelterapie

Landreth (1991:14) beskryf dit soos volg:

> *“A dynamic interpersonal relationship between a child and a therapist trained in play therapy procedures who provides selected play materials and facilitates the development of a safe relationship for the child to fully express and explore self (feelings, thoughts, experiences and behaviours) through the child’s natural medium of communication, play.”*

Sweeney en Landreth (1993:352-354) verskaf verdere verduidelikings van sekere terme in hierdie definisie:

- Die spelterapeutiese verhouding is *dinamies en interpersoonlik*. Byrd en Warren (1989:153) noem dat ‘n kind ‘n “*corrective emotional experience”* vanuit die interpersoonlike verhouding met die terapeut, waarbinne die kind staan, verkry. Die verhouding tussen die kind en die terapeut binne kliënt-gesentreerde

spelterapie is die enkele mees kreatiewe mag in genesing. Die verhouding is die sleutel tot groei. Soos wat die kind se eie pogings om meer toereikend te word en probleme te hanteer, toeneem, ontwikkel die kind se Godsbeeld ook.

- Die terapeut moet *opgelei wees in spelterapie prosedures*. Christus het vir die mens ‘n basiese model vir berading en evangeliebediening gegee. Hierdie model is uiters geskik vir opleiding in spelterapie. Jesus het sy dissipels geleer, Hy het die bediening vir hulle gemodelleer, Hy het hulle uitgestuur en ook supervisie gedoen.
- S*peelmateriaal moet geselekteer* word. As speel as ‘n kind se taal erken word, dan moet die materiaal as die kind se woorde erken word. Die Bybel herinner mense om hul woorde versigtig te kies (Jak 1:19), wat ‘n konsep is wat enige psigoterapeut ook in gedagte moet hou. Die speelgoed asook ‘n wye reeks van speelaktiwiteite moet die kind se selfuitdrukking fasiliteer. Kinders moet ook die geleentheid gebied word om self keuses te maak. Die spelterapeut sal die kind die geleentheid bied om ‘n keuse te maak, dit respekteer en hulle dan ook die gevolge van hul keuse laat dra as hulle byvoorbeeld ‘n vetkryt sou kies en dan op die muur daarmee wou skryf. God laat individue toe om te kies of hulle ‘n verhouding met Sy Seun wil hê, al dan nie.

3.8.2.3 Spirituele of geestelike genesing

‘n Kind wat geviktimiseer of getraumatiseer is, het ‘n wond in hul gees ontvang. Deur ‘n kind te laat “praat” deur die aksie van te speel, die kind toe te laat om die terapeut en die terapie te lei en die veiligheid te ervaar van simboliese speel, maak van kliënt-gesentreerde spelterapie die geskikte modaliteit om te gebruik (Sweeney & Landreth, 1993:355).

Die skrywers erken ook dat geestelike wonde aandag moet geniet. Aansluitend hierby stel James (1989:212) dit soos volg:

> *“Direct work with the spiritual nature and beliefs of a traumatized child is commonly needed, as that is often damaged or may be the only place where needed strength can be gained”.*

Speelterapie skep gevolglik ‘n omgewing waar genesing kan plaasvind. Die vryheid vir die kind om die leiding te neem, skep ook vryheid vir die Heilige Gees om te werk (Sweeney & Landreth, 1993:356). Volgens die outeurs is speel natuurlik, genesend en ook Skriftuurlik korrek.

3.8.3 E.D. Stover en M. Stover se model van Bybelse storie-vertelling as ‘n vorm van kinderterapie (1994)

Stover en Stover (1994:28) noem dat terapeutiese storievertelling gebruik word binne ‘n verskeidenheid van kringe, insluitend dié van kinderterapie. Davis (1989:18) word aangehaal, wat die volgende lys van verskeie redes gee waarom stories en metafore so effektief is:

- Stories is nie-bedreigend.
- Stories aktiveer beide die bewuste en onderbewuste.
- Stories bevoordeel onafhanklikheid.
- Stories omseil die natuurlike weerstand teen verandering.
- Stories modelleer buigbaarheid.
- Stories verduidelik die gedrag van ander.
- Stories onderrig en leer deur middel van humor.
- Stories maak idees meer onvergeetlik.

Stover en Stover wys ook op die feit dat iemand soos Violet Oaklander een van vele, maar sekerlik die bekendste gebruiker van storievertelling, aktief in kinderterapie betrokke is. Sy gebruik ‘n verskeidenheid van metodes soos onder andere die opmaak van eie stories, die lees van stories uit boeke, die toelaat van kinders om hul eie stories te maak, en ook om prentjies, handpoppe, sandbak, flenniebord en fantasieë te gebruik om stories te stimuleer.

Die skrywers lê vervolgens veral klem op die volgende program:

3.8.3.1 Die kinder- en aanbiddingsprogram

Jerome Berryman, ‘n Episkopale leraar en prokureur, en Sonja Stewart, ‘n professor in Christelike opvoeding, het ‘n program saamgestel wat soos volg beskryf kan word:

> *“Children and worship uses a sensorimotor style of storytelling as a primary means for encountering God, so God is experienced, not just learned about... It enables young children to bring their lived experiences into dialogue with God in the biblical stories”* (Stewart & Berryman, 1989:13).

Sensoriese integrasie is ‘n baie belangrike aspek van hierdie program. Jong kinders leer deur beweging, sig, reuk, gehoor, gevoel, smaak, aanraking en gewaarwording. Om hierdie behoeftes te akkommodeer, word figure en materiaal gebruik wat die kinders kan hanteer en deur spel reageer hulle dan in reaksie op die stories.

Stewart en Berryman (1989:25-26) waarsku dat daar getrou gebly moet word aan die kern van die Bybelse teks wat beteken dat die basiese boodskap van die betrokke gedeelte gewoonlik vanselfsprekend en voor die handliggend is. Volgens hulle spreek die geïnspireerde Woord van God baie duideliker as die dikwels moraliserende kommentaar van ‘n goedbedoelende storieverteller.

Stewart en Berryman (1989:26) glo ook dat baie Bybelse stories met die behoeftes van kinders korrespondeer en dat dit ook hul vrese aanspreek. Hulle noem verder dat:

> *“Children have needs for love, security, growth, continuity, belonging and caring for others and for the environment. They also need to create meaning and order in their lives, and particularly in facing their fears. These stories of God speak to their fears of being abandoned, lost or alone, of pain, suffering and even death. When they learn to enter the stories and meet God, they have a tool for living and discovering meaning in any place at any time”.*

3.8.3.2 Ondersteuning vir Bybelse storievertelling as a terapeutiese model

Die metaforiese krag van Bybelse stories en gelykenisse, het baie potensiaal om in ‘n terapeutiese omgewing gebruik te word. Bybelse storievertelling, veral vir ‘n Christelike berader wat die teologiese en geestelike betekenis verstaan, mag nie ‘n uitsondering op hierdie gerespekteerde model van terapie wees nie.

‘n Tweede area van ondersteuning kom uit die veld van spiritualiteit en kinders. Aansluitend by die standpunte van Stewart en Berryman het Fowler (1981) byvoorbeeld oor die verskillende ontwikkelingsfases van geloof in die lewe van kinders en volwassenes geskryf. Volgens Fowler (1981:123) sal alle kinders, met of sonder geestelike blootstelling, hul eie beeld van God saamstel.

Die werk van Sommer (1989:225 - 233) is ook aanverwant. Hy het uitgewys dat sterwende kinders sekere geestelike behoeftes het wat bevredig moet word sodat emosionele en sielkundige afsluiting voor hul dood kan plaasvind. Eerstens het die kind nodig om met teologies eerlike versorgers en terapeute interaksie te hê. Tweedens moet die versorgers die kinders se taal kan praat en in hul wêreld ingang kan vind. Derdens het sterwende kinders nodig om verhoudings te vorm, om liefde te ervaar en om lief te hê. Vierdens moet sterwende kinders God se liefde ervaar. Vyfdens moet hulle ‘n positiewe “na-doodse” beeld, byvoorbeeld van die hemel kan projekteer. Laastens het hulle nodig om te weet dat hulle na hul dood onthou sal word. Die eerste vier behoeftes is ook relevant wanneer daar met gesonde kinders gewerk word.

Stover en Stover sluit af deur te noem dat hulle glo hierdie model van terapie as ‘n kragtige genesende hulpmiddel gebruik kan word vir diegene wat met kinders en hul gesinne werk.

3.8.4 J. Blore se riglyne oor hoe om ‘n treurende kind te help (1998)



Figuur 1: Rousmart affekteer die hele persoon

Blore se model is in vier stappe opgedeel:

3.8.4.1 Stap 1 – Ken kinders

Wanneer ‘n kind ‘n naasbestaande verloor, is dit ‘n groot krisis vir hom. Dit veroorsaak pyn en is baie verwarrend en uiters moeilik vir ‘n volwassene wat oor lewenservaring beskik en al daarmee gekonfronteer was in die verlede. ‘n Kind het nog nie hierdie kennis nie en kan nie terugstaan en hierdie ervaring met ‘n ewigheidsperspektief beskou nie. Kinders sal gewoonlik een van drie gedrags-

reaksies toon na verandering in hul lewens: hulle sal uit-reageer, terugtrek of die verantwoordelike bestuurder van die familie word. Dikwels sal hierdie kinders se gedagtes of denke gerig word op God se planne vir Sy kinders en Sy voorbereiding vir hulle in die hemel (Blore, 1998:24-26).

3.8.4.2 Stap 2 – Ken rousmart

Om te rou, is pynlik vir enigeen van enige ouderdom – dit geld ook enige stadium van volwassenheid en enige geloof. Die rouproses neem tyd. Vir die kind is dit belangrik dat daar vasgestel word watter soort verlies gely is – of dit byvoorbeeld met die versorger, onderwyser, voorsiener, speelmaat, opponent, kamermaat, medewerker (byvoorbeeld aan huishoudelike takies) ensovoorts, verband hou. Dit is ook belangrik dat die familie hersaamgestel word, aangesien die persoon wat dood is, ‘n leemte in die huishouding laat.

Verder is dit ook belangrik om kennis te neem van vorige verliese wat gely is en hoe dit verdiskonteer is. Besef die kind dat ander mense al dieselfde proses deurgemaak het en sterk geword het daardeur? Soos vanuit bovermelde skets blyk, affekteer verlies die persoon as geheel. Kinders is vanweë hul vlak van ontwikkeling dikwels slegs in staat om vir kort periodes op ‘n keer te rou. Hulle moet oor en oor dieselfde storie hoor totdat hulle dit hul eie kan maak (Blore, 1998:26-28).

3.8.4.3 Stap 3 – Ken vir Jesus Christus

Wat sou Jesus doen om ‘n kind wat rou, te help? Watter riglyne is daar waar te neem vanuit Sy lewe waarvolgens kinders wat swaarkry gehelp kan word? Blore gee die volgende riglyne in hierdie verband:

- Jesus gee om vir kinders. Hy het sommige genees. Hy het die dissipels aangesê om hulle toe te laat om op Sy skoot te kom sit. Hy het tyd en energie vir kinders gehad.
- Jesus vertel altyd die waarheid. Hierdie beginsel moet gevolglik deurgaans teenoor kinders toegepas word, veral ook ten opsigte van die dood. Vertel vir hulle dat die mens in ‘n wêreld leef waar moeilike en slegte dinge met goeie én

slegte mense gebeur. Vertel aan kinders die waarheid van die lewe nadat die dood hul aangeraak het: dat Jesus altyd naby is. Christene leef as vrygemaakte mense, met hoop vir ‘n toekomsverwagting wat God vir elkeen beplan (Jer 29:11).

- Jesus het gehuil. Hy was nie bang om aan Sy emosies uiting te gee nie.
- Jesus vertroos mense wat swaarkry en Hy gee ook die opdrag dat ander ook vertroos moet word deur Sy kinders.

Blore beklemtoon ook die belangrikheid daarvan om in ‘n verhouding met ‘n kind te staan en dat genesing altyd binne ‘n verhouding plaasvind. Sy verwys onder andere na ‘n Skrifgedeelte soos Deut 6 waar ‘n onderwys- of leerbeginsel uitgespel word. Hier word aan ouers die opdrag gegee om kinders te leer en met hulle te praat “... as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan”. In kort, in alle aktiwiteite van die lewe.

‘n Volgende belangrike saak is dat vrae moontlik herhaaldelik beantwoord sal moet word. Verduidelik dus aan die kind oor en oor wat plaasgevind het. Wanneer daar nie antwoorde is nie of as die terapeut nie ‘n antwoord het nie, is dit ook korrek om dit te erken (Blore, 1998:28-30).

Die belangrikste is om uiteindelik oor die hoop van die opstanding te praat. Gelowiges glo dat Jesus gesterf en weer opgestaan het en daarom is daar hoop wat ander nie het nie.

3.8.4.4 Stap 4 – Bid en beweeg aan

Bid vir die gewonde kind. Jy weet dat die verlies wat die kind gely het, ‘n impak op sy lewe gaan hê en ook op wie hy uiteindelik gaan word. Bid daarom dat daar ook uit die verlies goeie vrug sal voortkom.

Blore (1998:39) sluit af deur die leser aan te moedig om in gebed voort te gaan om hulp aan ‘n gewonde kind te verleen. Sy getuig dat sy self, as “verlies-deskundige”

dikwels voel dat sy uit haar diepte is en spartel om kop bo water te hou – dit is egter in die mens se swakheid dat God se krag duidelik skyn.

3.8.5 E.L. Cook se benadering tot die berading van kinders (1999)

Cook (1999:11) noem ter inleiding twee krities-belangrike lesse wat oor die jare heen geleer is:

- Dat kinders baie, indien nie alle probleme waarmee volwassenes gekonfronteer word, ook beleef, byvoorbeeld vrees, angstigheid, woede, obsessies, depressie, kompulsies, onstabiele emosies, selfsugtigheid, impulsiwiteit, lyding, beheer, manipulasie, verwronge self-persepsie en verhoudingsprobleme.
- Die tweede belangrike les is dat die beginsels van die Bybel net so geldig vir kinders is as vir volwassenes. Hierdie beginsels moet egter op die kind se vlak verduidelik word.

Cook se model bestaan uit die volgende vier dele:

3.8.5.1 Deel 1 - Vestig ‘n verhouding met die kind

Hy beveel aan dat wanneer ouers die kind vir ‘n sessie bring, die kind eerste gegroet moet word, aangesien die kind die fokuspunt is. Indien die kind op die vloer sit en speel, sal die gewenste gedrag wees dat die berader/terapeut op die vloer langs die kind gaan sit en dan betrokke raak in wat hy/sy doen.

Wanneer die berader en die kind in die kantoor ingaan, sal dit van belang wees om aanvanklik na die prente teen die muur te verwys om sodoende die kind gerus te stel dat ander kinders ook al hier gekuier het. Dit is ook ‘n unieke geleentheid om te verduidelik dat kinders kom, gehelp word deur saam te werk, en dan weer gaan. Dit is verder belangrik om die kind dop te hou om te sien wanneer die kind sy/haar limiet bereik het aangesien dit intimiderend is om alleen tyd saam met ‘n vreemde volwassene deur te bring. Die sessie kan dus indien nodig, na ‘n halfuur reeds beëindig word (Cook, 1999:12-14).

3.8.5.2 Deel 2 – Versamel inligting

- Dit is belangrik dat die kind weet wat die berader se werkswyse is. Dit is ook belangrik dat indien die kind nie antwoord nie, om toestemming te vra om die vraag aan een van die ouers te stel.
- Gebruik stories of prente om die kind te help om sy/haar storie te vertel.
- Laat die kind toe om sy/haar storie te teken.
- Kinders het aktiewe verbeeldings. Vra die kind om ‘n prentjie in sy/haar verbeelding te maak van die probleem en dit dan aan jou te beskryf.
- Die kind kan gevra word om te vertel van sy/haar vriende.

Probeer uitvind in watter mate die kind ingelig word rondom die verloop van sessies, die tydsduur en frekwensie daarvan. Hierdie is alles faktore wat aan ‘n kind sekuriteit verskaf en die verhouding meer vestig.

Cook beveel aan dat verskeie tegnieke in hierdie verband gebruik word:

- Vra direkte vrae.
- Indien die kind nie antwoord nie, vra toestemming om die ouers te vra of die kind sy gedrag kan beheer, hoe en of die kind bewus is dat hy/sy probeer manipuleer of ander straf.
- Wees kreatief in die soeke na maniere om die kind betrokke te maak by jou as berader deur die identifisering van die sake wat hanteer moet word (Cook, 1999:14-15).

3.8.5.3 Deel 3 – Gebruik die Bybel in die leerproses

Die belangrikste hier is dat die Bybel die fondament is van die verandering wat teweeggebring moet word in die kind se lewe. Kinders kan ‘n sterk geloof hê en kan deel van die Koninkryk van God word. Met kleiner kinders sal die gebruik van ‘n Kinderbybel voor die hand liggend wees. Lees die storie, dramatiseer die storie en laat die kind die storie dan dramatiseer. Hier kan verduidelik word dat God altyd by die gelowige is en veral by die kind wat beraad word. Daar is uitstekende lesse te leer uit die Bybel en kinders kan hiervan bewus gemaak word (Cook, 1999:15-16).

3.8.5.4 Deel 4 – Gee huiswerk

Kinders het oefening nodig as hulle iets nuuts in hul lewe wil inbou. Dit is dus wys om ‘n enkele ding te kies wat deur die kind ingebou of ingeoefen moet word. Hou egter ingedagte dat kinders maklik deur te veel take oorweldig kan word.

Ten slotte nooi Cook beraders uit om te probeer om kinders te beraad. Hy noem dat op hierdie wyse ‘n wonderlike gawe en voorreg wat deur God geskenk is, dalk ontdek kan word (Cook, 1999:16).

3.8.6 T.A. Sisemore se vyf dimensie model vir die Christelike berading van kinders (2003)

Sisemore (2003:115) begin met die veronderstelling dat daar in die Bybel ‘n outoritêre openbaring van God se karakter, God se werke in die verlede, sowel as waardes om vandag te leef soos God dit wil hê, vervat is. ‘n Model in psigoterapie behoort volgens Sisemore (2003:116) die volgende elemente te bevat:

- Die menslike natuur.
- Die natuur van gesondheid en patologie.
- Terapeutiese strategieë wat verandering sal meebring.

Sisemore se model maak gevolglik van hierdie basiese psigoterapeutiese vertrekpunte gebruik ten einde dit van toepassing op Kinderpastoraat te maak.

Volgens Sisemore (2003:116) is kinders na die beeld van God geskep en is as sulkes dus inherent waardevol. Hierdie waarde lê juis in hul geestelike natuur. Die Bybel verwys ook na kinders as seëninge of geskenke van God (Ps 127:3; Deut 32:39). Kinders word ook egter in sonde gebore en het daarom ouers nodig om hulle te lei en op te voed.

Sekulêre teorieë (2003:117) rakende die mens se persoonlikheid ignoreer God en die mens se verhouding tot God. As die aspek van geestelike motivering na vore gebring word of beklemtoon word, dan sou dit óf geïgnoreer word óf beskou word as patologies (vgl. in hierdie verband ook Vitz, 1997:23). Vir die Christen moet

"gesondheid" egter dui op die doel van die lewe wat in 'n verhouding met God gewortel is.

Die *Five Domains Model* van Sisemore aanvaar dat die diepere wortel van alle patologie en emosionele vraagstukke wat deur kinders ervaar word, sonde is. Hierdie sonde het met die sondeval die wêreld binnegekom en veroorsaak pyn by kinders en wel op die volgende drie wyses:

- Idiopatiese pyn – pyn wat veroorsaak word deur eie sondige gedrag.
- Toegediende pyn – die effek van 'n gevalle omgewing en die sondes van ander kan 'n dramatiese impak op kinders hê. 'n Kind kan byvoorbeeld getraumatiseer wees deur te sien hoe 'n tornado hul huis verwoes of wanneer hy deur 'n gesinsvriend verkrag word.
- Oorgeërfde pyn – in ons gevalle wêreld, is daar ook 'n gevalle genepoel en kinders kan sielkundige afwykings van ouers erf (Sizemore, 2003:117).

Die *Five Domains Model* bied 'n strategie vir berading aan kinders en hul ouers deur die voorafgaande in aanmerking te neem (2003:118). Dit aanvaar dat God 'n werklikheid is en in staat is om verandering in enige kliënt teweeg te bring. Die vyf areas waarin verandering teweeg gebring moet word, is die volgende:

- Geestelike verandering.
- Gedragsverandering.
- Kognitiewe verandering.
- Emosioneel en interpersoonlike verandering.
- Interpersoonlike verhoudingsverandering.

3.8.6.1 Geestelike verandering

Die geestelike gesondheid van die berader sal 'n direkte impak hê op die terapeutiese proses indien die berader meer op die werk van die Heilige Gees in sy eie lewe asook in die lewe van die kliënt gefokus is. Gesinne en families speel ook 'n belangrike rol in die geestelike lewens van kinders. Dit word aanvaar dat geestelik gesonde families 'n sterker basis vir positiewe verandering verskaf. Daar word

toenemend aandag gegee aan die geestelike aard en vindingrykheid van kinders deur outeurs soos byvoorbeeld White (2000) en Bunge (2001). Die berader kan dan van hulpmiddele soos Bybelse stories gebruik maak om kognitiewe hanterings-meganismes aan te leer asook beheer van emosies, en selfs kinders aanmoedig om oor sekere aspekte te bid (Sisemore, 2003:119).

3.8.6.2 Gedragsverandering

Ouers kan gehelp word om hulle kinders se gedrag meer effektief te bestuur om sodoende die kinders te help om hul lewens te verbeter. Dit sou kommunikasie opleiding, die effektiewe gebruik van riglyne en die maksimale gebruik van beloning en gevolge insluit (Sisemore, 2003:119-120).

3.8.6.3 Kognitiewe verandering

Christelike lering beklemtoon in die algemeen dat denke belangrik is (Ps 19:14; Heb 4:12) en dat denke ook bepalend ten opsigte van aksies en dade is (Ps 119:11). Dit is gevolglik belangrik om probleme in kinders se denkwyses of –patrone te adresseer om sodoende verandering te bewerkstellig. In hierdie verband is die gebruik van narratiewe of stories belangrik. Simboliese speel, asook sosio-dramatiese rollespel kan addisioneel gebruik word om die kind te help om op ‘n subjektiewe vlak duidelikheid oor sy denkwyse of dade te kry (Sisemore, 2003:120).

3.8.6.4 Emosionele verandering

Sisemore (2003:120-121) beklemtoon dat die Bybel baie waarde heg aan emosies. Die eerste drie vrugte van die Gees in Gal 5:22 hou verband met emosies: liefde, vreugde en vrede. Emosies kan baie pyn veroorsaak as dit nie in lyn is met wat die Skepper daarmee beoog het nie. In sulke gevalle is die probleem dan nie noodwendig met die emosie as sodanig nie maar wel met die formulering en denkprosesse daaragter wat gewoonlik moet verander.

3.8.6.5 Interpersoonlike verhoudingsverandering

Die Bybel is grootliks ‘n storie oor God wat in verhouding met die mens staan en die

mens wat dan in onderlinge verhoudings funksioneer. Deur die verhouding tussen die berader en kind mag die self van die kind bekragtig ("*validate"*) word deur die empatie van die berader, asook die bereidwilligheid van die berader om met aandag te luister. Die kind moet die verhouding tussen hom/haarself en die terapeut sien as 'n bondgenootskap waardeur die kind sal saamstem oor doelwitte en saam daarnatoe sal werk. Beraders sal dan ook 'n bydrae lewer deur al die verhoudings waarbinne die kind funksioneer, te probeer verbeter (Sisemore, 2003:121).

Sisemore sluit af deur te noem dat hierdie model nog nie werklik grondig nagevors is nie. Nieteenstaande hoop hy dat dit in die toekoms as 'n vertrekpunt sal dien vir die bespreking rakende metodes van Christelike berading aan kinders.

3.8.7 J. Blore se benadering met betrekking tot hulp aan die treurende kind of tiener (2007)

Blore noem haarself in 2007 'n kind wat rou, na aanleiding van haar ma wat 'n jaar vantevore gesterf het. Sy noem dat daar sekere basiese doelstellings is wanneer daar gerou word waarvan kennis geneem moet word. Die belangrikste om te doen aan die begin van berading, is om te bid. Bid dat God wysheid sal gee en deur die proses teenwoordig sal bly – hou ook vas aan Bybelse beloftes en doelstellings wat van toepassing op die rouproses is. Blore glo verder dat God aan die mens die wysheid gee om die volgende doelstellings na te volg:

3.8.7.1 Om te rou is natuurlik en pynlik

Die intensiteit van rou verbaas 'n mens soms. Verseker die kind dat hy/sy die proses sal oorleef en dat dit moontlik sal wees dat hulle ook sal kan groei na die dood van 'n geliefde (Blore, 2007:48). Herinner hulle ook dat "God eendag al die trane sal afdroog" (Open 7:17).

3.8.7.2 Om te rou is moeilik en hou soms lank aan

Hou in gedagte dat dit energie gebruik om te rou en dat elke kind deur sy/haar

unieke aard die wêreld anders sal beleef en juis daardeur meer of minder energie beskikbaar sal hê om na jou voorskrifte te luister, dit te prosesseer en daarop te reageer. Die kind is nie in ‘n posisie om belangrike besluite te neem nie. Moet ook nie die kind in hierdie stadium met nuwe voorskrifte, reëls of verantwoordelikhede oorlaai nie.

Om te rou veroorsaak emosionele pyn – laat dus tyd vir genesing toe. Wanneer die ouer rou, rou die kind ook saam. Die kind wat staatmaak op die ouer wat rou, is waarskynlik oor die stabiliteit en veiligheid van sy wêreld besorg. Basiese reëls moet gevolglik weer ingestel word om stabiliteit en veiligheid te verseker (Blore, 2007:48-49).

3.8.7.3 Die rouproses skep geleenthede vir ongehoorsaamheid

Paulus het Ps 4:5 aangehaal toe hy in Ef 4:26 geskryf het: “As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie die dag kwaad afsluit nie”. Blore (2007:49-50) beklemtoon dat swak gedrag of ongehoorsaamheid dikwels die uiterlike manifestasie is van innerlike pyn van sommige jongmense en kinders wat rou. Ongehoorsaamheid is nie aanvaarbaar nie, maar moet onder sulke omstandighede tog met “genade” hanteer word. Ongehoorsaamheid, vyandigheid, blaamverskuiwing, selfverwyt en selfs dronkenskap en immorele optrede is tipiese “sondes” wat gedurende die rouproses kan voorkom. Swak gedrag moet daarom konstruktief hanteer word, maar moet vergewe word juis omdat God die mens soveel vergewe (Ef 4:32 & Kol 3:13).

Wanneer daar uitbarstings plaasvind, moet dit met takt en wysheid hanteer word en dit moet nie persoonlik opgeneem word nie. Probeer ook kleiner oortredings oorsien. Hanteer die kind se woorde en swak gedrag met empatie en begrip. Fokus eerder op die hartseer wat weggesteek word as die uitbarsting. Probeer om die kind se hart met beide menslike liefde en Goddelike liefde in Jesus Christus te vul.

3.8.7.4 Sommige kinders wat rou, het berading nodig

Oorweeg hulp vir die kind deur ‘n leraar, ‘n familievriend of ‘n berader/ terapeut. Neem die volgende riglyne in ag as daar getwyfel word of hulp benodig word al dan nie:

- Wanneer ‘n kind vasgevang is in die rouproses.
- Wanneer skolastiese prestasies noemenswaardig daal en vir meer as ‘n semester so bly.
- As die ouer so oorweldig is deur eie rousmart dat daar nie aandag aan die kind se behoeftes gegee kan word nie.
- Wanneer daar geen gesprek tussen die ouer en die kind oor enige hartsake kan plaasvind nie.
- Wanneer dit lyk of die kind geen ander bondgenote in sy lewe het nie.
- Wanneer die kind om hulp vra.
- Wanneer die kind dreig met selfmoord.

Indien daar ‘n afspraak vir berading gemaak word, moet die kind verseker word dat daar nie gedink word dat hy/sy abnormaal of mal is nie. Die kind moet eerder verseker word dat hy/sy tydens berading belangrike hulpmiddels kan kry om deur die rousmart te werk. Dit is belangrik dat die kind bewus gemaak word van die bystand en liefde van ‘n ouer se kant af, wat hulle juis deur berading wil help om heel en gereed vir die lewe anderkant uit te kom (Blore, 2007:50-51).

3.8.8 D. Coetsee se benadering met betrekking tot die begeleiding van emosioneel verwonde kinders (2005 & 2011)



Figuur 2: Coetsee se model

Coetsee pas hierdie model reeds vanaf 2005 toe. Die navorser kon Coetsee se opleidingshandboek van 2011 bekom en hieruit blyk dit dat hy kennis deur die hele handleiding beklemtoon. Die volgende aspekte blyk van besonder belang te wees vir Coetsee (2011:25 - 115):

- Kennis rondom die ontwikkeling van die kind.
- Die kind se reaksie op trauma.
- Die hulpverleningsproses waar die ontwikkeling en reaksie van die kind in gedagte gehou word.

Coetsee (2011:116-145) beveel aan dat speel tydens die hulpverlenings-proses gebruik word. Sy definisie van pastoraat aan gewonde kinders is die volgende: “Die

Heilige Gees bedien heling deur ‘n genesende gemeenskap in helende verhoudings aan gewonde kinders”.

Coetsee se benadering rondom pastorale sorg word opgedeel in die volgende vier dele:

3.8.8.1 Die Heilige Gees bedien heling

Die Heilige Gees self bring heling. Niks wat die pastor of terapeut probeer doen, het enige betekenis sonder die krag van die Gees nie. Hy voorsien die gawes wat die liggaam van Christus opbou. Die Gees kan werk sonder die hulp van enige mens, maar die mens kan nie verandering teweeg bring sonder Hom nie (Coetsee, 2011:21).

3.8.8.2 ... deur ‘n genesende gemeenskap

In die meeste gevalle is die trauma wat deur kinders beleef word, die direkte gevolg van sondige mense se optrede. In ‘n minderheid van die gevalle veroorsaak natuurlike rampe (waar volwassenes geen invloed het nie) ook trauma by kinders. Kinders word dus in die meerderheid van gevalle binne ‘n gevoellose en ongesonde gemeenskap gewond.

Wanneer God heling bewerkstellig, is dit dikwels deur ‘n gemeenskap wat omgee (Clark, 2004:177-183). ‘n Besorgde individu sou hierdie “gemeenskap” kon verteenwoordig. Die woord “helende” word met ‘n aktiewe en passiewe betekenis verduidelik. Die doelbewuste hulpverlening aan ‘n kind, byvoorbeeld deur pastoraat, is ‘n voorbeeld van aktiewe heling, terwyl die veilige omgewing wat ‘n genesende gemeenskap bied waarbinne kinders kan groei en ontwikkel, ‘n voorbeeld van passiewe heling is (Coetsee, 2011:22).

3.8.8.3 ...in helende verhoudings

Die mens is wie hy is deur verhoudings met ander mense. Dit beteken dat die mens deur die verhouding met die omgewing, en die meeste deur die verhoudings tussen

mense gevorm en beïnvloed word. Waar verhoudings gesond is, is die kind se kans om gesond groot te word, goed. Waar die kind egter in ongesonde verhoudings grootword, is die kans baie sterk dat die kind op hierdie wyse verwond gaan word. Coetsee se standpunt is dat werklike innerlike verandering slegs binne die veilige omgewing van ‘n diep vertrouensverhouding plaasvind (Coetsee, 2011:23).

3.8.8.4 ... aan gewonde kinders

Coetsee (2011:21) beklemtoon die volgende gedagtes wanneer daar na “gewonde” kinders verwys word. Eerstens dat dit belangrik is om ook aandag te gee aan wat in die binneste van die verwonde kind gebeur, om sodoende in staat te wees om die kind suksesvol te begelei. Die kind wat die meeste in gevaar is, is die kind wat weens eksterne faktore in buitengewone traumatiese omstandighede verkeer soos armoede, HIV/VIGS, oorlog of uitbuiting op enige manier byvoorbeeld deur slawerny of kinderprostitusie.

Coetsee noem dat dit steeds ‘n wonder bly dat waar ‘n kind in ‘n helende gemeenskap opgeneem word en begin herstel en groei, hierdie selfde kind uiteindelik ‘n “*wounded healer*” kan word wat deur die Heilige Gees gebruik kan word om hoop aan ander gewonde kinders te bring.

3.8.9 S.W. Basson se model vir die gebruik van Bybelse narratiewe in die pastoraat aan kinders tussen die ouderdom van 6 en 13 jaar (2010)



Figuur 3: Basson se model

Basson se voorgestelde model bevat die volgende vyf 'stasies':

3.8.9.1 Luister

Basson (2010: 267-268) verduidelik dat met "luister" bedoel word dat die kliënt binne die veilige ruimte van die pastoraal terapeutiese omgewing die geleentheid kry om sy storie te vertel. Dit is duidelik vanuit hierdie model dat dit belangrik is dat die kind (as deel van die pastoraat) voldoende geleentheid ontvang om sy/haar verhaal ten volle te vertel. Dit is ook van uiterste belang dat 'n liefdevolle en vrugbare omgewing

geskep moet word sodat heling daarbinne kan plaasvind. Die pastor/berader moet die rol van ‘n goeie luisteraar vervul.

3.8.9.2 Dink

Die “dink”-stasie dui op die assessering en verwerking van die inligting wat uit die kind se verhaal na vore gekom het. Verder moet daar ook ‘n keuse gemaak word rakende watter gepaste Bybelse narratief gebruik gaan word in die pastorale begeleiding van die bepaalde kind (Basson, 2010:269-271).

3.8.9.3 Vertel

Tydens hierdie stasie word die Bybelse narratief wat in die vorige stasie gekies is, deur die pastor/berader in sy spreektaal oorvertel. Die rol wat metafore in narratiewe pastoraat speel, is hier van belang. In hierdie verband beskryf Van den Berg (1998:118- 136) byvoorbeeld die rol van ‘n metafoor as ‘n “brug na ‘n nuwe betekenis” en dit moet op hierdie stadium in gedagte gehou word tydens die “vertel”-proses (Basson, 2010:271-272).

3.8.9.4 Lees

Volgens Basson (2010:273-274) is dit belangrik om by hierdie stasie die gekose Bybelse narratief wat aan die kind vertel is, ook aan die kind voor te lees. Die doel is dat dit as verdere bevestiging en vaslegging sal dien by die kind. Ouers kan ook aangemoedig word om hierdie bepaalde Bybelse narratief herhalend aan die kind voor te lees.

3.8.9.5 Bid

Die gebed wat in die laaste stasie aangewend word, is in die eerste plek ‘n reflekterende gebed, waartydens die gekose Bybelse narratief verder in die lewe van die kind vasgelê word. Tydens hierdie gebed word lof en eer aan God gebring. Danksegging volg daarop om dankie te sê vir God se genade tydens die pastorale proses. Gebed dra ook tot die verdieping van die verhouding tussen die pastor en die kind by (Basson, 2010:274-275).

Basson is van mening dat hierdie voorgestelde model die vraag na ‘n model vir die gebruik van Bybelse narratiewe in die pastorale versorging van laerskoolkinders suksesvol beantwoord.

3.9 SAMEVATTING

Bunge *et al*. (2008:4-7) redeneer dat kinders ook na God se beeld geskape is en daardeur waarde het. God sou nie Sy beloftes van seën en erfenis kon vervul sonder kinders nie.

Die ideale ruimte waarbinne Kinderpastoraat sou kon figureer, is dié van die plaaslike gemeente (Meyers & Meyers, 1992:7 - 9). Lester (1985:37) steun hierdie standpunt deur daaraan te herinner dat kinders ook gemeentelede is. Dit is juis in hierdie ruimte waar kinders in ‘n verbondsverhouding met God deur die doop bevestig word.

Dit is egter nie al ruimte waarbinne Kinderpastoraat voorkom nie. Volgens Coetsee (2011:21-24) vind Kinderpastoraat plaas wanneer die Heilige Gees heling bring deur ‘n helende gemeenskap wat helende verhoudings aan gewonde kinders fasiliteer. Kinders kan dus ook pastoraal versorg word deur besorgde individue wat genoeg omgee en in staat is om die taal van kinders te praat en te verstaan.

3.9.1 Belangrike bydrae deur Kinderteologie

Die Kinderteologie vestig die aandag op die belang van kinders in die Bybel. Reeds in die Ou Testament het verskeie gebruike en handelinge kinders ingesluit, aangesien dit hul behoeftes as gevolg van hul vlak van ontwikkeling, aangespreek het:

- Lofprysing was byvoorbeeld visueel en dramaties en kinders sou tuis gevoel en maklik deelgeneem het,

- Daar is baie van simbole gebruik gemaak, byvoorbeeld tydens Paasfees (Eks 20) en ook tydens die Klipstapel van die 12 stamme (Jos 4) – hierdie simboliek sou in besonder ook tot kinders gespreek het.

In die Nuwe Testament gebruik God ‘n klein, swak, kwesbaar en afhanklike baba – Jesus - om verlossing vir Sy volk te bring. Jesus het met kinders geïdentifiseer en hulle dikwels as ‘n voorbeeld vir ander gebruik. Toe die dissipels stry oor wie die belangrikste is (Mark 9:34) het Jesus ‘n kind as voorbeeld gebruik (Mark 9:36 - 37) om aan hulle ‘n beginsel van nederigheid en diensbaarheid te demonstreer. Hy het ook hierdeur aan hulle die belangrikheid van kinders in Sy Koninkryk geïllustreer (Lester, 1985:37). Hierdie kind het as ‘n voorbeeld gedien van ‘n mens wat oor geen mag, geen regte en geen posisie beskik het nie. Tog, soos wat ‘n kind tot sy aardse pa nader, kan kinders ook tot God nader. In hierdie opsig was die kind vir die dissipels ‘n voorbeeld (Cupit, 2012:8).

Die verhouding tussen God en kinders is nie maar net ‘n gemarginaliseerde of verwaterde weergawe van die verhouding tussen Hom en volwassenes nie. Dit versinnebeeld eerder die ware verhouding wat God met die mens begeer (Cupit, 2012:8).

Wanneer Jesus volwassenes uitgedaag het om kinders te verwelkom, was dit omdat Hy in kinders kwaliteite gesien het wat kenmerkend is van gelowiges, maar wat geneig is om deur kultuur uitgewis of verdraai te word (Harkness, 1996:228). Vir Jesus was kinders se geloof, wat so fundamenteel tot die kinderjare is, belangrik (Cupit, 2012:6). Tydens die reiniging van die tempel (Matt 21:15 - 16) haal Jesus in Sy uitspraak aan uit Ps 8:3 wanneer Hy sê dat kinders en suigelinge God se werk besing.

Enige persoon wat wil betrokke raak by Kinderpastoraat, het nodig om ten volle te identifiseer met die uitgangspunt dat kinders, net soos hul is, inherent waardevol vir God is. Deur Jesus se voorbeeld om deurgaans op dieselfde vlak as kinders te

wees, vertrou Hy ons met die hart van Sy sending en Koninkryk. Hy beloof egter dat as mense hulle harte vir een kind oopmaak, hulle eintlik in die proses ook hul harte vir Christus oopmaak (White, 2000:11).

3.9.2 Belangrike beskrywing van Kinderpastoraat

Die belangrikste drie sake in die definisie van Kinderpastoraat is die volgende:

- Die vorming van ‘n verhouding tussen die hulpverlener en die kind.
- Dat dit korrek is om ‘n kind in krisis of ‘n gewonde kind te begelei.
- Dat dit nodig is om hulp te verleen deur gebruik te maak van die Skrif of Skrifgefundeerde middele.

3.9.3 Belangrike raakpunte uit die bydraes van literatuur

Wanneer die bydraes van verskillende individue uit die literatuur evalueer word, is daar ‘n aantal belangrike raakpunte. Die navorser is van mening dat hierdie raakpunte handig te pas kom in die uiteindelike samestelling van ‘n model vir die begeleiding van die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van ‘n ouer. Raakpunte wat in hierdie verband belangrik geblyk het, is die volgende:

3.9.3.1 Verhouding

Die belangrikheid daarvan om in ‘n verhouding met kinders staan, strek soos ‘n goue draad deur die literatuur. Lester (1985), Sweeney en Landreth (1993), Blore (1998), Cook (1999), Sisemore (2003), Coetsee (2005 & 2011) en Basson (2010) verwys almal pertinent na die verhouding tussen die kind en die hulpverlener of pastor as die belangrikste in die helingsproses. Sweeney en Landreth (1993:354) beskryf die verhouding as “... *the single most creative force in healing. The relationship is the key to growth*”. Byrd en Warren (1989:153) noem die verhouding tussen hulpverlener en die kind ‘n *“corrective emotional experience.*” Die ander outeurs meld nie spesifiek die belangrikheid van ‘n verhouding nie, maar uit hul bydraes is dit tog duidelik dat hulpverlening wel vanuit ‘n verhouding moet geskied.

Vir Cook (1999:12) is die beginpunt in pastoraat die vestiging van ‘n verhouding. Coetsee (2011:21 - 24) noem dat die Heilige Gees heling gee deur helende verhoudings aan gewonde kinders. Hy noem verder dat ware innerlike verandering slegs plaasvind binne die veilige omgewing van ‘n diep vertrouensverhouding. Basson (2010:114) stel dat Kinderpastoraat binne die konteks van ‘n liefdevolle verhouding plaasvind. Dit is dus duidelik dat indien pastorale sorg nie vanuit ‘n gevestigde verhouding geskied nie, dit nie suksesvol sal wees nie.

3.9.3.2 Kennis

In al die literatuurstudies wat geraadpleeg is, word daar verwys na die belangrikheid daarvan om kinders te “ken”. In die artikels, boeke en verhandelinge is daar telkens aandag aan die ontwikkelingsvlakke van kinders gegee en word daar erkenning gegee aan die feit dat kinders anders funksioneer. Paulus erken ook in 1 Kor 13:11 die verskil tussen kinders en volwassenes deur die volgende: “Toe ek ‘n kind was, het ek gepraat soos ‘n kind, gedink soos ‘n kind, geredeneer soos ‘n kind”.

Coetsee (2011:25-116) wy byna sy hele handleiding aan die belangrikheid van kennisname van die ontwikkelingsfases van ‘n kind en die kind se reaksie op trauma. Basson (2010:90-128) wy ‘n hoofstuk aan die ontwikkelingsfases van die kind, hoe die kind op trauma reageer en hoe dit die kind se reaksies beïnvloed. Kennis is dus van die uiterste belang wanneer daar pastoraal tot die kind toegetree word.

3.9.3.3 Die unieke aard van kinders en die gebruik van speel

Simboliek het reeds in die Ou Testament ‘n belangrike rol vervul en verskeie simboliese gebeure (Paasfees – Eks 20; klipstapels - Jos 4) en herinnerings-tekens (Deut 6:8-9) is gebruik om kinders aan God se verbond, sorg en liefde te herinner.

Kinders beskik dikwels nog nie oor die taalkundige vermoë om hulself sinvol uit te druk nie. Speel is volgens Sweeney en Landreth (1993:352) die enkel mees belangrike en natuurlike aktiwiteit in kindwees en is hul natuurlike medium van kommunikasie. Lester (1985:85) ondersteun hierdie standpunt en noem dat die

speelkamer die kind se natuurlike habitat is en dat wanneer hulle speel, hulle doen wat natuurlik vir hulle is. Sisemore (2003:120) noem ook dat simboliese speel gebruik kan word om kognitiewe verandering teweeg te bring. Coetsee (2011:117 - 145) wy ‘n hele hoofstuk aan die belang van die gebruik van speel tydens ‘n hulpverleningsproses.

Aangesien speel die kind se leefwêreld is, sal dit ook gepas wees as die pastor hierdie leefwêreld as deel van die pastorale proses betree (Lang, 1994:188). Lester (1985:85) beskryf dat hierdie proses van speel goed werk aangesien kinders nie besef dat hulle heelwat van hulself openbaar terwyl hulle speel nie. Sag 8:5 erken ook speel as ‘n aktiwiteit van kinders: “Die pleine in die stad sal vol seuns en dogters wees wat daar speel”.

3.9.3.4 Die gebruik van stories tydens die hulpverleningsproses

Lester (1985), Stewart en Berryman (1989) (*In* Stover & Stover,1994) Sweeney en Landreth (1993), Blore (1998), Cook (1999) Basson (2010) en Coetsee (2011) ondersteun almal die gebruik van stories, en spesifiek Bybelstories.

Stewart en Berryman (1989:26) glo dat talle Bybelse stories by die behoeftes van kinders aansluit en dat dit ook hul vrese aanspreek. Hulle noem verder dat:

> *“Children have needs for love, security, growth, continuity, belonging and caring for others and for the environment. They also need to create meaning and order in their lives, and praticularly in facing their fears. These stories of God speak to their fears of being abandoned, lost or alone, of pain, suffering and even death. When they learn to enter the stories and meet God, they have a tool for living and discovering meaning in any place at any time.”*

Stover en Stover (1994:28) is van mening dat die metaforiese krag van Bybelse stories en gelykenisse baie potensiaal het om in ‘n terapeutiese omgewing gebruik te word. Hulle wys ook op die gedagte dat die krag van metafore juis daarin lê dat dit ook tot die onderbewuste van ‘n persoon spreek. Basson (2010) het ook deeglik

nagevors hoe belangrik en suksesvol die gebruik van Bybelse storievertelling in Kinderpastoraat is.

3.10 SLOT

Dit is duidelik uit die voorafgaande dat ‘n model om hulp aan die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van ‘n ouer te verleen die volgende vier basiese elemente sal moet insluit:

- Verhoudingsbou.
- Kennis.
- Gebruik van speel.
- Bybelse stories.

HOOFSTUK 4: META-TEORIE

PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE EFFEK VAN DIE DOOD OP EN DIE BEGELEIDING VAN DIE GETRAUMATISEERDE LAERSKOOLKIND.

4.1. INLEIDING

In die vroeë 1900's het mense in hul eie huise gesterf, omring deur hulle geliefdes. Gedurende hierdie tyd het tot 80% van alle sterfgevalle in Amerika in die huis waar die persoon gewoon het plaasgevind (Corr *et al*., 2003:35). Mense is dikwels aan die dood blootgestel en die dood was dus meer bekend in gesinne. Die liggaam is gewas en aangetrek en dikwels in die bed gelaat totdat almal "afskeid" geneem het. Kinders is ook in hierdie rituele ingesluit. Die dorpsklok is soms gelui om mense in kennis te stel dat iemand dood is. Die kis is van die solder gehaal of self gemaak. Almal van die dorp het bymekaar gekom om hul laaste eer te bewys – dikwels in die voorportaal van die huis (Kübler-Ross & Kessler, 2005:205). Almal het mekaar geken en dikwels het die besoeker 'n storie te vertel gehad oor die oorledene. Hierdie stories het gewoonlik 'n nalatenskap geword waarin almal gedeel het.

Die mens leef egter in 'n nuwe era. 'n Era waarin daar nie oor die dood gepraat word nie. Kübler-Ross en Kessler (2005:205) stel dit so*: "Illness moved into the hospital in the 1940's and death moved into the funeral home".* Teen 1999 het meer as 72% van alle Amerikaanse sterftes in instansies plaasgevind (Corr *et al*., 2003:36). Thompson en Rudolph (1996:357) ondersteun die standpunt dat daar nie meer oor die dood gepraat word nie, soos volg: *"Death has been a taboo subject for discussion in our society*". Die dood het onpersoonlik geword en persoonlike ontmoetings met alle fasette van natuurlike menslike dood het byna in ons samelewing verdwyn. Wanneer volwassenes gevra word oor die dood, probeer hulle die onderwerp vermy of verskoon hulle hulself deur te sê dat hulle nie opgelei is om die onderwerp met kinders te bespreek nie (Thompson & Rudolph, 1996:357). Dit het die navorser die afgelope paar jaar in die praktyk opgeval dat die oorlewende

ouer selde op die dag van die begrafnis gaan afskeid neem van sy/haar geliefde by die begrafnisondernemers. Dikwels spreek die kinders die behoefte uit om afskeid te gaan neem, maar die ouer voel dat dit die kind sal ontstel en weier die versoek. In die praktyk waar die navorser werk, het een ma sover gegaan om vir die 11-jarige kind te vertel dat sy pa blou sal wees en dat dit hom vir die res van sy lewe sal pla. Tydens terapie het hierdie kind (wat sy pa ‘n jaar laas gesien het) te kenne gegee dat hy voel dat hy nie kans gekry het om totsiens te sê nie.

Die verlies van ’n ouer is waarskynlik die mees traumatiese en moeilikste belewenis vir ‘n kind om te hanteer (Malchiodi, 2008:179). Dit is ’n baie bekende feit dat of ‘n familie ’n spesifieke geloofstradisie het of nie, die kinders gaan vra of praat oor die dood, die hemel en wat met die mens gebeur as hy doodgaan (O’ Connor, 2004:124, Axline, 1964:184 - 187, Wass & Corr, 1991:20). Blore (1998: 27) noem dat: “*Grief affects the whole person – mentally, physically, emotionally, socially and spiritually.*” Cook en Dworkin (1992:8) ondersteun Blore se standpunt:

> *“The grief response is multifaceted and includes all aspects of one’s being – emotional, spiritual, behavioural and physical – simultaneously, so a holistic approach is needed in order to fully accept and understand how pervasive the adjustment process can be”*.

Hierdie stelling is absoluut ook die navorser se standpunt.

4.1.1 Doelstelling

Die doel van hierdie hoofstuk is om te bepaal in watter mate die aangrensende wetenskappe, insluitend maatskaplike werk en psigologie, ’n bydrae lewer tot die verstaan wat die effek van die dood op die laerskoolkind is en hoe dit die pastorale begeleiding van die kind sal aanvul of beïnvloed.

Die paradigma waarbinne hierdie studie geskied is Christelik. Hiervolgens is die Here die Skepper van alle dinge en daarom dien die Bybel as basisteorie. Alhoewel die studie vanuit die teologie geskied, is dit egter ook belangrik dat daar ’n deeglike

literatuurstudie gedoen word om kennis te neem van bydraes vanuit die psigologie en maatskaplike werk betreffende die gebruik van speel as deel van hulpverlening aan die middelkinderjare kind. Die navorser is van mening dat speel van onskatbare waarde is wanneer daar hulp aan die kind wat ’n ouer of primêre versorger verloor het, verleen word.

4.1.2 Meta-teorie

Venter (1995:89) verkaar die volgende daaroor: *meta-teorie word verstaan as ’n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakpunte met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek”.*
Hierdie perspektiewe speel ’n belangrike rol in die vorming van praktyk-teoretiese riglyne en dit kan dus nie sondermeer geïgnoreer word nie (Van Wyk, 1985:341). Heystek (2000:56) ondersteun hierdie stellings en noem dat die weglating van metateoretiese insigte ’n onvolledige prakykteoretiese ontwerp tot gevolg kan hê, wat ’n minder waardevolle impak in die praktyk sal hê.

4.1.3 Definisies van sekere konsepte rakende die dood

Enige persoon wat liefde ervaar en in ’n verhouding met die betrokke persoon staan neem die risiko om ’n geliefde te verloor. Die dood van ’n geliefde termineer ’n verhouding en lei tot die verlies daarvan. Op enige verlies volg ’n proses van rou en dan laastens dié van aanvaarding en vertroosting (Kübler-Ross & Kessler, 2005:7-28). Die terme dood, verlies, verdriet/rou, die rousmart/treurproses en troos sal voorts verduidelik word:

4.1.3.1 Dood

Jong kinders verstaan die dood as ‘n konkrete realiteit: die persoon kan nie meer beweeg, slaap, asemhaal, eet, praat, hoor of voel (pyn en liefde) nie. Die verduideliking van die dood volgens die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal is

soos volg: “Toestand wanneer die lewe ophou, tydstip wanneer die hele liggaam met al sy organe ophou om te funksioneer, afsterwe, oorlyde, as die hart nie meer klop nie, die asemhaling ophou en geen refleksreaksies voorkom nie” (Odendaal & Gouws, 2009:176).

4.1.3.2 Verlies

Daar bestaan verskeie soorte verliese, onder andere tasbare en simboliese (sekondêre) verliese (Van Niekerk, 2008:12 - 13). Tasbare verliese sluit in die verlies van ’n eggenoot of ouer, ’n ledemaat, verlies deur diefstal, ensovoorts. Simboliese of sekondêre verliese sluit in ’n egskeiding, verlies van vriendskap na konflik of die verlies van status nadat ’n persoon sy werk verloor het. ’n Ouer wat sterf is ’n tasbare verlies, maar die huis wat die kinders daarna verloor is ’n voorbeeld van ’n tasbare, sowel as simboliese verlies.

4.1.3.3 Verdriet of rou

Die Engelse woord “*grief*” is ’n meer bekende woord en beskryf dit wat beleef word na die afsterwe van ’n ouer baie goed. Verdriet is die hartseer-gevoel wat deur almal wat ’n geliefde aan die dood afstaan, beleef word. Volgens Silverman (2000:25) is rou die manier waardeur mense uiting aan hul gevoelens gee. Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal verskaf die volgende selfstandige naamwoorde ter verduideliking van die woord rou: leed, smart, droefheid, hartseer (Odendaal & Gouws, 2009:1270). Grollman (1991:4) beskryf dit soos volg:

> *“Grief is an emotion, not a disease. It is as natural as crying when one is hurt, eating when hungry- , sleeping when weary. Grief is nature’s way of healing a broken heart”.*

4.1.3.4 Rousmart/Treur

Die Engelse woord “*mourn”*, wat treur beteken is aan die mens meer bekend as rousmart. Rousmart omskryf die proses waardeur almal gaan om uiteindelik by heling en aanvaarding uit te kom, dit wil sê die psigiese verwerking na ’n verlies (Silverman, 2000:25). Trane is een van vele maniere waardeur hartseer ’n uitlaatklep

vind en is een van die mens se ingeboude genesingsmeganismes. ’n Oorweldigende gevoel van hartseer gee gewoonlik tot trane aanleiding (Kübler-Ross & Kessler, 2005:42). Stroebe *et al.* (2005:50) sê die volgende oor die proses:

> “*on the deceased person involves grief work, positive (e.g., relief at the end of suffering) and negative (e.g., yearning and rumination) reappraisal of the meaning of the loss, and the effort to “relocate” the deceased in a world without his or her presence. It incorporates “separation distress” (the urge to cry and search for the lost person), which Bowlby (1980) identified as a major component of grief*”.

Dit is belangrik dat die voorafgaande konsepte begryp word, aangesien hierdie konsepte die kind se reaksie en belewing van die dood van ’n ouer beskryf. Hierdie konsepte is net so ‘n inherente deel van die kind se ervaring van die dood, as dié van ’n volwassene.

4.2. DIE KIND SE PERSEPSIE VAN DIE DOOD

Webb (1993:29 – 30) noem verskeie faktore wat die kind se persepsie van die dood beïnvloed, naamlik individuele faktore, gesins-, sosiale-, godsdienstige- en kulturele faktore.

4.2.1 Faktore wat die kind se persepsie van die dood beïnvloed

Faktore wat hier van belang is, sluit in die ouderdom, ontwikkelingsvlak van die kind, persoonlikheid, huislike omgewing en huislike omstandighede, skoolomgewing en skoolomstandighede, interpersoonlike verhoudings (insluitende familie- en vriend-skapsverhoudings), stokperdjies en belangstellings, mediese geskiedenis en vorige blootstelling en hantering van die dood. Al hierdie faktore sal uiteindelik ’n rol in die kind se hantering van die dood speel (Henderson & Thompson, 2011:67).

Dit is interessant dat ouers en die skool gesamentlike verantwoordelikheid aanvaar om die kind van die lewe te leer. Ongelukkig aanvaar niemand verantwoordelikheid

om die kind van die dood te leer nie, waar dit eintlik elkeen se verantwoordelikheid behoort te wees. Die volgende faktore speel 'n belangrike rol in die persepsie van kinders rondom die dood:

4.2.1.1 Fisiese ontwikkeling

Kenmerke van die fisiese ontwikkeling van die kind sluit die volgende in:
Die vinnige groei van die arms en bene in vergelyking met die romp (liggaam). Groei vind egter nou meer geleidelik plaas teenoor die groot "spronge" gedurende die vorige fase (Louw & Louw, 2007:215). Babatande (melktande) word deur permanente tande vervang (Schoeman, 2004:18). Liggaamsproporsies verander geleidelik en die kind se liggaam neem nou stadig maar seker die vorm van die van 'n volwassene aan. Die brein bereik sy volwasse grootte en gewig (Schoeman, 2004:18). Kinders in hul middelkinderjare beskik nie oor dieselfde krag, spoed of uithouvermoë as volwassenes nie, maar hul koördinasie, tydsberekening en konsentrasie is dikwels net so goed en hou aan om te verbeter. (Louw & Louw, 2007:216; Papalia *et al*., 2009:286). Die fisiese ontwikkeling veroorsaak dat die kind al meer met die volwassenes in sy lewe kan identifiseer, veral vanweë die feit dat hy al hoe meer soos 'n volwassene begin lyk.

4.2.1.2 Kognitiewe ontwikkeling

Piaget beskryf die periode tussen 7 – 12 jaar as die kontreet-operasionele fase: die fase waarin die kind begin om denkhandelinge te gebruik om probleme op te los en te redeneer (Zastrow & Kirst-Ashman, 2010:118; Henderson & Thompson, 2011:32 - 37). Die kind het nou die kapasiteit om dinge vanuit ander mense se oogpunt te sien. Empatie en verstaan vermeerder substansieel gedurende hierdie tydperk.

Die vermoë tot meer komplekse denke ontwikkel vervolgens. Dit sluit die vermoë in om aandag aan verskeie aspekte tegelykertyd te gee. Die kind verwar nie meer die betekenis van oorsaak en gevolg nie (Schoeman, 2004:18; Papalia *et al*., 2009:294). Sy redenasievermoë word ook meer logies en hy kan op verskeie aspekte gelyk konsentreer (Papalia *et al*., 2009:295; Zastrow & Kirst-Ashman, 2010:218).

Die kind ontwikkel ook die bewuswording dat gebeure op verskillende maniere geïnterpreteer kan word (Henderson & Thompson, 2011:40). Dit help die kind om bewus te word dat sekere probleme verskillende fasette kan hê. Hierdie begrip – dat sowel fisiese aksies as denkhandelinge omkeerbaar is – word as die mees kritiese beskou. Elke handeling het ’n teenoorgestelde wat die effek van ’n handeling kan omkeer of uitwis (Louw & Louw, 2007:217). Indien ’n volwassene hier nalaat om ’n kind te begelei en die korrekte inligting te verskaf, sou die kind moontlik kon glo dat die dood omkeerbaar is. ’n Kind wie se ouer die geleentheid gebruik het om by ’n vorige geleentheid waar hulle op ’n dooie diertjie afgekom het, duidelik aan die kind te verduidelik en te demonstreer dat die diertjie dood is, het reeds die kind daarop voorberei dat die dood onomkeerbaar is. Die ouer sou kon verduidelik dat die diertjie nie meer beweeg nie, nie asemhaal nie, dat daar geen hartklop is nie en dat dit styf en koud is (Furman, 1984:193). Die kind sal dan self kon waarneem dat alles wat die ouer sê, wel so is.

Uit die voorafgaande inligting blyk dat dit juis hierdie fase is wat probleme tydens die dood van ’n ouer skep indien inligting weerhou of nie korrek oorgedra word nie. Dit is dan wanneer ’n kind self sal probeer om antwoorde te kry. Die probleem is dat ’n kind se interpretasie van die dood dikwels so onlogies is dat volwassenes nie eers daaraan sal dink as ’n moontlikheid nie (Kübler-Ross & Kessler, 2005:160) Wanneer ’n kind egter nie die korrekte feite of geen feite rondom die dood het nie, sal hy die gapings in die feite met sy eie gevolgtrekkings, byvoorbeeld “Dit moet dan my skuld wees”, invul (Syme, 2006:387).

4.2.1.3 Persoonlikheidsontwikkeling

Verskeie ontwikkelings ten opsigte van selfbegrip vind gedurende hierdie fase plaas. Kinders begin hulself in terme van sielkundige eienskappe beskryf, asook om hierdie eienskappe met die van hul portuurgroep te vergelyk. Hulle sal ook toenemend oor die oorsake van hul eie sterk- en swakpunte begin bespiegel. (Louw & Louw, 2007:242; Henderson & Thompson, 2011: 23).

Die kind se ideale omvat baie van die norme wat hy geleer is en dit stel hom in staat om sy impulse te beheer om ’n aanvaarbare persoon te word (Schoeman, 2004:20; Papalia *et al*., 2009:324). Die ouer wat die dood hanteer deur ontkenning of emosioneel koud is teenoor die kind, sal hier probleme veroorsaak wat die kind sal bybly dwarsdeur sy lewe, veral aangesien die kind in hierdie fase die ouer se hantering van die dood sal naboots.

4.2.1.4 Emosionele ontwikkeling

Tye van verhoogde emosionaliteit word beleef. ’n Verbeterde begrip ontwikkel dat meer as een emosie in ’n spesifieke situasie ervaar kan word (Louw & Louw, 2007:244). Die kind kan sy gevoelens meer geredelik benoem, asook sy gevoelens lug eerder as beheer en moet harder werk om sy gevoelens te verstaan (De Klerk & Le Roux, 2004:23).

Vrese is ’n natuurlike verskynsel onder kinders van hierdie ouderdom. Hulle vrees onder andere die bo-natuurlike (spoke, hekse), fisiese besering, weerlig en donderweer, die donker, om alleen tuis te wees, mediagebeure (bv. berigte oor oorlog, geweld en kinderontvoering), toetse en eksamens op skool, swak skolastiese vertoning, eensaamheid, die dood en die moontlikheid dat ouers mag doodgaan (Louw & Louw, 2007:176; Papalia *et al*., 2009:346-347).

Humor ontwikkel ook gedurende die middelkind jare. Kinders geniet dit om grapmakers te wees en grappies te vertel. Hoe meer hulle kognitief ontwikkel hoe meer is hulle in staat om humor te herken en te waardeer (Schoeman, 2004:20). Humor (soos om terug te dink aan ’n snaakse insident) kan ook help om die intensiteit van die kind se emosies te verlig.

Die gesonde emosionele ontwikkeling van die kind sal vir die kind van besondere waarde tydens die rouproses kon wees, mits die kind reeds oor ’n gesonde selfbeeld beskik, besef dat meer as een emosie in ’n spesifieke situasie ervaar kan word en dat dit toelaatbaar is om enige en alle emosies te ervaar. Dit is ook tydens hierdie

ontwikkeling waar dit belangrik is om uit te vind wat die vrese is wat kinders beleef nadat ’n ouer oorlede is en dit te hanteer (Papalia *et al*., 2009:349).

4.2.1.5 Gesinsontwikkeling

Die reaksie van die tradisionele of hersaamgestelde familie op die dood is ’n belangrike faktor (Nadeau, 1998:24). Ouers is primêr verantwoordelik vir die oordra van waardes en houdings – hul eie sowel as dié van die breër kultuur en gemeenskap waarbinne hulle lewe – aan hul kind, aangesien hulle ook as rolmodelle en opvoeders vir die kind optree (Louw & Louw, 2007:225; Papalia *et al*., 2009:324 – 334; De Witt, 2011:240 - 241).

Die rol van die gesin is van groot belang, aangesien die ouers die primêre rolspelers in die persoonlikheidsontwikkeling van die kind is. Na aanleiding van die voorafgaande is dit duidelik dat die ouers se hantering van die dood dan ook as ’n model sal dien waarvolgens die kind dit sal hanteer.

4.2.1.6 Sosiale ontwikkeling

Die mens is inherent ’n sosiale wese. Dit is in die sosiale konteks waar troos, omgee en ondersteuning beleef word. Die kind ontwikkel van ’n egosentriese wese na ’n sensitiewe deelnemer, namate ander se perspektiewe beter verstaan word. Hy het die vermoë om van mening te verander en wil nie die hele tyd konformeer nie (Schoeman, 2004:19).

Die portuurgroep verskaf geleenthede vir nuwe gedrag en die aanleer van positiewe sosiale vaardighede, soos samewerking en onderhandeling (Louw & Louw, 2007:258; Henderson & Thompson, 2011:35). Die portuurgroep veroorsaak ’n verswakking in die emosionele band tussen die kind en sy ouers. Dit is ’n belangrike stap nader aan onafhanklikheid (Louw & Louw, 2007:258; Papalia *et al*., 2009:335 -338). As deel van ’n groep doen die kind ondervinding in verhoudings op, aangesien hy hier op gelyke vlak met ’n ander kind kan meeding. Kinders in hierdie fase geniet dit om aan kompetisies deel te neem (Van Zyl, 2007:51). In hierdie fase

speel heldeverering ook ’n groot rol en daarom het rolmodelle ’n baie belangrike invloed op die kind se sosiale en morele ontwikkeling (Clark, 2004:36).

Louw en Louw, (2007:239 – 260) noem dat werklikheidsgebaseerde spel, liggaamlike vaardighede en sport al meer dominant raak. Speletjies met gestruktureerde reëls, byvoorbeeld Monopoly en kaartspeletjies het aantrekkingskrag. Items wat versamel en georganiseer kan word is vir die kind in hierdie fase belangrik.

Fantasiespel word met ’n meer realistiese siening van die wêreld vervang. Aangesien ’n kind se taal speel is, is dit vanselfsprekend dat sy hartseer, vrese en vrae tydens speletjies na vore sal kom. Kinders uit oorlogsgeteisterde gebiede is geneig om oorlogspeletjies te speel, terwyl kinders in gebiede waar baie begrafnisse voorkom meer geneig is om begrafnisspeletjies te speel. Kinders uit lae sosio-ekonomiese omstandighede het dikwels minder tyd om te speel, veral omdat hulle moet help met take in en om die huis en met die versorging van jonger kinders (Louw & Louw, 2007:260; Papalia *et al*., 2009:334).

Aangesien die kind ‘n gewete moet ontwikkel en dit ’n baie belangrike deel van sosiale ontwikkeling uitmaak, moet daar ook aan die morele ontwikkeling van die kind aandag gegee word. Morele ontwikkeling is waardevol wanneer daar ’n model vir gebruik vir kinders in hierdie fase ontwikkel word. Die belangrike rol wat reëls tydens die middelkinderjare kind se lewe speel, kan goed gebruik word om ’n speletjie te ontwikkel wat dan toepaslik is op die kind se vlak.

4.2.1.7 Morele ontwikkeling

Om menslik te wees en om te groei in al die areas wat menslikheid inhou, moet kinders se morele kapasiteit ontwikkel. Hierdie ontwikkeling gaan met die goedkeuring van mense rondom hulle gepaard en hang saam met die verpligting en verantwoordelikhede wat daar op hulle rus (Basson, 2010:95). Moraliteit is veronderstel om ’n manier te wees om etiese aangeleenthede te orden en behels die

regverdiging dat sekere aksies moreel beter as ander is (Richards, 1983:149; Papalia *et al*., 2009:296). Positiewe begeleiding deur hulle ouers en die plaaslike gemeente, sal die gevaar van negatiewe groepsdruk verminder (Meyers & Meyers, 1992:54).

Piaget (1932:18) se morele ontwikkelingsteorie is daarop gebaseer dat ’n kind se morele ontwikkeling in ’n bepaalde orde plaasvind en dat morele en kognitiewe ontwikkeling gesamentlik plaasvind. Twee van die fases is van toepassing op die kind in middelkinderjare:

Die fase van morele realisme ontwikkel tussen die ouderdom van ses en tien jaar. In hierdie tydperk ontwikkel die kind ’n geweldige respek vir reëls, sowel as die siening dat dit ten alle tye gehoorsaam moet word. Reëls word as riglyne vir aanvaarbare gedrag beskou en ’n oortreding daarvan moet gestraf word, ongeag die bedoeling van die oortreder. Geen versagtende omstandighede of doelbewuste handelings word in berekening gebring nie. Hierdie eienskap staan as morele absolutisme bekend.

Nog ’n kenmerk van hierdie stadium is kinders se geloof in inherente geregtigheid. Dit beteken dat ’n kind wat val en seerkry nadat hy koekies sonder toestemming geneem het, sal glo dat dit sy straf is omdat hy die reël oortree het. Hierdie kenmerk kan dikwels probleme na die dood van ’n ouer veroorsaak, aangesien die kind sou kon dink dat dit sy skuld is. Dit is uiters belangrik in die hulpverleningsproses, dat daar ondersoek gedoen word om seker te maak dat die kind nie skuldgevoelens het nie.

Die fase van morele relativisme ontwikkel na die ouderdom van tien jaar. In hierdie fase besef kinders dat sosiale reëls arbitrêr is, bevraagteken mag word en selfs verander mag word met die toestemming van die betrokkenes. Die beweegredes van die oortreder word ook in ag geneem.

Kinders besef ook dat ongelukke nie deur ongehoorsame gedrag veroorsaak word nie. In hierdie fase behoort daar minder skuldgevoelens ervaar te word. Dit is egter steeds belangrik dat daar gespreksvoering rondom skuldgevoelens met die kind plaasvind.

4.2.1.8 Godsdienstige- en geloofsontwikkeling

Volgens Webb (1993:14) moet enige analise rondom die kind se verstaan van die dood, ook die kind se blootstelling aan geloof en geloofsinstansies, soos 'n kerk, insluit. Hierdie implikasie is dat die kind beïnvloed sal word deur die geloof en praktisering daarvan by die geloofsinstansie waaraan sy gesin behoort (Roehlkepartain, *et al.* 2006:326 327; Smidt, 2007:59). Altschul en Pollock (1988:70 - 71, 74) noem dat waar ouers aktief betrokke by hul kerk is, hul wel ondersteuning van die kerk in geval van dood sal ontvang, aangesien begrafnisreëlings die kerk sal insluit. Hul voeg ook by dat sommige kerke ook berading aan die oorlewende ouer en kind(ers) sal gee. Sisemore (2003:119) stem saam met die bogenoemde stelling van Altschul en Pollock dat die kerk ondersteuning verskaf: *"The Christian community of the church may also be called upon to help with problems and offering of support*".

Wanneer die middelkinderjare kind ter sprake kom, is deel van die holistiese benadering juis dat daar ook aandag aan die geestelike ontwikkeling van hierdie kind gegee word (Cook & Dworkin, 1992:8). In hierdie verband voer Cook en Dworkin (1992:41 - 42) aan dat:

> *"the spiritual and religious beliefs can help the mourner make some sense of the loss and provide the basis for meaningful rituals that assist in adapting to a new reality".*

Fowler en Dell (2006:38-39) en Fowler (1995:135-150) deel geloofsvorming in drie fases in. Slegs een van hierdie fases (fase 2) het betrekking op die kind gedurende die middelkinderjare. In die middelkinderjare het die kind (volgens Piaget, 1965) die operasionele fase bereik. Hulle verstaan God hoofsaaklik deur middel van die

narratiewe verhale wat beskikbaar is deur hulle kultuur. God sal verstaan word as ouer, pastoor of regter. Die Bybelstories wat vroeër (voor die middelkinderjare) vertel is, kan nou korrek verstaan en oorvertel word en sal die kind help om die baie aspekte van hul geloof te verstaan. Dit is hier ook belangrik dat die kind wat agterbly na die dood van ’n ouer, gehelp word om sy waarde en eenheid in die storie van die oorledene (ook die geloofsoortuigings) te bepaal (Fowler, 1995:149).

Kinders in hierdie ouderdomsfase word egter deur die konkrete aard van hul denkprosesse verhinder. Hulle sal maklik op bewyse of feite of ’n demonstrasie aandring om seker te maak (Fowler, 1995:135). Hierdie proses het verreikende gevolge wanneer ’n ouer in hierdie ontwikkelingsfase aan die dood afgestaan word, aangesien die kind “bewyse” sal benodig dat die ouer wel dood is.

Kinders in die laat middelkindjare se groter begrip stel hulle in staat om beter te kan onderskei tussen God, Jesus en die Heilige Gees, maar hulle kan dit nog nie regtig in die volle omvang verstaan nie. In die laat middelkinderjare begin hulle al meer van God as God praat en verwys meestal na Jesus as dit oor die persoon van Jesus self gaan. Die ontwikkeling van hul abstrakte denke maak die Heilige Gees ook nou meer deel van hul begripsveld uit (Van Zyl, 2007:66). Hul vermoë om abstrak te begin dink, veroorsaak dat hulle meer op etiese en leerstellige aangeleenthede agter ’n Bybelverhaal fokus, as om die verhaal self te geniet (Malan, 2005:44). Die kind in die middelkinderjare kan, net soos ’n volwassene sekerheid hê oor sy geloof en dit waarin hy glo. Die basiese geloofswaarhede vir die laerskoolkind is die volgende (Van Zyl, 2007:67):

- God is lief vir die mens en Hy wil graag hê dat die mens saam met Hom in die hemel moet wees.
- Die mens is ’n sondaar en sy sonde keer dat hy saam met God in die hemel kan wees.
- Jesus het aan die kruis doodgegaan om in die mens se plek vir sy sonde gestraf te word en daarom kan die mens nou weer hemel toe gaan.

- Almal gaan nie outomaties hemel toe nie, maar net die mense wat eerstens erken (bely) dat hulle sondaars is wat verdien om hel toe te gaan en tweedens glo dat Jesus ook in hul plek aan die kruis gesterf het sodat hulle hemel toe kan gaan.

Die kind in die middelkinderjare se geestelike ontwikkelingsvlak is van so ’n aard dat verhale uit die Bybel ook van toepassing in sy lewe gemaak kan word, byvoorbeeld Jesus wat by Lasarus se graf huil. Hierdie verhaal sou vir ’n seun (seuns word dikwels grootgemaak met die wete dat hulle nie mag huil nie) groot troos kon inhou dat Jesus ook hartseer was en gehuil het en dat die dood van iemand vir wie Hy lief was, Hom nie koud gelaat het nie.

Die laaste belangrike faktor in die kind se belewing van die dood van ’n ouer is dié van kultuur.

4.2.1.9 Kulturele ontwikkeling

Volgens Papalia *et al*., (2009:618-619) sal die kind se ontwikkeling onderling verskil afhangende van die sosiale en kulturele omstandighede en die verwagtings van die area waar die kind grootword. Die kind sal kulturele waardes leer deur die interaksie met ander om hom. Dit sal ontwikkel soos hy aan sosiale situasies en sosiale veranderinge waarop hy moet reageer blootgestel word, ook deur ander gade te slaan en te leer uit die uitvoering van die aktiwiteite van dié rondom hom (Henderson & Thompson, 2011:35, 43). Die kind sal ‘n skema van simbole soos taal (en volgens die navorser dan ook speel) gebruik om dit wat hy sien te prosesseer en om nuwe vaardighede aan te leer. Cook en Dworkin (1992:43) noem dat mense meer met hul kultuur-agtergrond in ‘n tyd van lewenskrisis identifiseer as enige ander tyd.

4.3. DIE KIND SE REAKSIE OP DIE DOOD VAN ’N OUER

Rousmart is uniek vir elke persoon. As gevolg van die samelewing se houding teenoor kinders, is dit moeilik vir kinders om gehoor te word (Ferreira & Read,

2006:193). Dit is moeilik vir die jonger kind om hul gevoelens te verwoord en dit moet in ag geneem word tydens die rouproses. Kübler-Ross & Kessler (2005:166) sê: "*A child should be affected by loss ... these are normal reactions, and no reaction at all may be unseen or delayed grief*". Die kind mag van die volgende reaksies toon, wat normale reaksies is na 'n verlies wat die kind ervaar:

4.3.1 Fisiese reaksie

Worden (1996:85 - 86) beskryf die eerste fisiese effek wat die kind sal voel as 'n hol gevoel in die maag en 'n gevoel van styfheid in die bors en keel . Hy noem ook dat die kind 'n algemene swakheid van die spiere mag beleef en dat moontlik kan kla oor droogheid van die mond. Volgens Van Niekerk (2008:127) is slaapsteurnisse en nagmerries algemeen by 'n kind na die dood van 'n ouer. Grollman (1992:6) noem dat verskeie fisiese probleme soos hoofpyn, maagpyn, verandering in eetpatrone, maag- en blaasprobleme mag voorkom. Hierdie simptome is 'n vorm van angstigheid wat psigosomaties van aard is. Dikwels is dit weens 'n onvermoë om verbaal uitdrukking aan emosies te gee (Furman, 1984:187).

4.3.2 Emosionele reaksie

Intense hartseer is 'n kenmerk van rou by kinders. Kinders gee dikwels nie uiting aan hul emosies nie. Hierdie klaarblyklike gebrek aan emosies help kinders dikwels om hulself van die pyn van die oomblik los te maak (Perry, 1995:10). Hulle reageer soms op vreemde maniere deur byvoorbeeld aan iets te peuter of met iets te speel wanneer die nuus van die dood aan hulle gebreek word. Dit beteken nie noodwendig dat hulle nie omgee nie (Kübler-Ross & Kessler, 2005:164). Kinders, anders as volwassenes, kom nie tot stilstand om hulle volle aandag te gee nie. In die roufase sal kinders ook dikwels regresseer, wat sou impliseer dat enurese en enkoprese kan voorkom en dat skeidingsangs ook na vore kan kom (Hart-May, 2005:373).

Skuldgevoelens en gevoelens van leegheid kan by die kind voorkom (Vos, 1997:36; Van Niekerk, 2008:127). Die kind voel dikwels skuldig omdat hy byvoorbeeld stout was en nie altyd geluister het nie.

Deur die kind voor te berei dat daar baie emosies na vore sal kom, sal die rouproses vergemaklik word. Ook die verduideliking dat die mens oor verskillende emosies beskik en dat dit dus reg is om dit te beleef, sal ondersteunend vir die kind se proses wees om die rousmart te verwerk. Verhoudings is uniek en daarom is elke persoon se rouproses ook uniek. Elke kind sal sy eie emosionele response tydens die rouproses beleef. Elke kind het ook ‘n unieke proses wat hy deurgaan om sin uit die rousmartproses te maak (Nadeau, 1998:12).

Soos reeds genoem sal algemene angstigheid (soms ook angsaanvalle) en vrees dat die oorlewende ouer ook sal sterf, algemeen voorkom (Vos, 1997:36). Dit is belangrik om seker te maak dat die angstigheid nie ‘n vorm van depressie is nie, veral omdat kinders normaalweg ten spyte van die verlies, nog steeds pret het en speel.

4.3.3 Kognitiewe reaksie

‘n Gebrek aan konsentrasie in die skool kom algemeen voor. Kinders is dikwels ook traag om skool toe te gaan (Van Niekerk, 2008:127). Kinders sukkel om eenvoudige dinge te onthou, vergeet huiswerk, verloor motivering om te leer en beskik oor min energie, met die gevolg dat hul akademiese vordering verswak (Papadatou & Papadatos, 1991:86 - 87). Webb (1993:40) noem dat kinders baie nou let op die opinies van onderwysers en klasmaats. Wanneer ‘n kind die dood van ‘n ouer beleef, is die reaksie van onderwysers van uiterste belang vir die kind. Dit is daarom belangrik om daarvan kennis te neem dat dit die werk van ‘n volwassene is om ‘n gesprek rondom die dood te begin (Kübler-Ross & Kessler, 2005:163). Die kind sal dikwels voel dat die volwassenes in sy lewe nie omgee as daar nie oor die dood gepraat word nie.

Dit sou ideaal wees as onderwysers, wat ‘n groot hoeveelheid tyd van elke dag met die kind spandeer, ‘n groter rol in hierdie verband kon speel, veral omdat hul opinie van soveel belang vir die kind is. Dit is juis in hierdie fase waar ondersteuning by die

skool van kardinale belang is. ‘n Onderwyser wat die nodige kennis het en simpatieke ondersteuning bied kan die rouproses vergemaklik, terwyl die kwaai en veroordelende onderwyser groot skade kan aanrig.

4.3.4 Sosiale reaksie

Kinders kan soms van die buitewêreld onttrek en nie meer so dikwels met maatjies speel nie, soms omdat hulle bewus word daarvan dat ander kinders twee ouers het en dan ingedoen voel of omdat onsensitiewe vriende hulle spot (Vos, 1997:36; Worden, 1996:86). Wanneer dit gebeur word hulle dikwels oor-afhanklik van die oorlewende ouer. Dit is egter so dat die kind ook na vriende sal gaan om sodoende spesifiek nie die nuus te hanteer nie. Ouers sal hierdie reaksie kan misinterpreteer as dat hulle nie ontsteld is nie (Silverman, 2000:37). Die kind sal sy oorlewende ouer probeer beskerm deur behulpsaam te wees en sy gevoelens onderdruk om sodoende nie ontsteltenis te veroorsaak nie (Silverman, 2000:37).

Die kind se reaksie op die dood van ’n ouer sal deur sy verstaan van die doodskonsep óf vergemaklik óf bemoeilik word. Dit is daarom uiters belangrik om seker te maak hoe en wat hulle verstaan.

4.3.5 Geestelike reaksie

Kinders wat gelowig is, sal dikwels worstel met die vrae: “Waarom het God toegelaat dat my ouer doodgaan? Hoekom nou? Hoekom moes dit met my gebeur?”, net soos wat volwassenes doen. Dit is ook normaal dat hulle vir God sal kwaad wees. Volgens Tripp (2005:11) behoort die dood die mens hartseer te maak en is dit geregverdig om kwaad daaroor te wees. Kinders wonder ook soms oor God se bestaan na die dood van ’n ouer: “Is Hy regtig daar en in beheer?” Is dit die moeite werd om te glo? My ouer het altyd probeer om ’n goeie mens te wees en kyk wat het met hom gebeur.” Blore (2007:50) noem dat hierdie en ander vrae normaal vir ’n gelowige kind is. Die oorblywende ouer of ’n helpende volwassene moet

uitvind of die kind met hierdie vrae worstel en leiding uit die Woord verskaf. Nadeau (1998:29-32) het uit die bydraes van verskillende skrywers bevind dat die meeste mense graag die sin in krisisse opsoek.

4.4. DIE KIND SE VERSTAAN VAN DIE DOODSKONSEP

Kinders in die middelkinderjare-fase sukkel met die konsep van finaliteit, maar begin onomkeerbaarheid verstaan – dat die dood permanent is (Doka, 1995:11). Hierdie fase is ’n moeilike fase om iemand aan die dood af te staan, want soos kinders begin verstaan, voel hulle ook die verlies meer intens. Hulle voel ook dikwels dat die dood op die een of ander manier vermy kon word. Soos wat die middelkinderjare kind ouer word, verstaan hy dat die dood finaal en onvermydelik is (Doka, 1995:11).

Die dood word egter steeds as ’n onpersoonlike krag beskou wat net gebeur as gevolg van ’n buite-faktor (O’Connor, 2004:23). In hierdie fase is die “wat, wanneer, waar”-feite rondom die dood vir kinders van belang, aangesien hulle in die tasbare aspekte belangstel. Hulle stel ook belang in oorsaak/gevolg en wil weet wat iemand se dood veroorsaak het (McGlaufin, 1990:12). Gedurende hierdie fase neem kinders die dood baie ernstig op en dit kom veral dikwels duidelik in die rituele en seremonies wat hul uitleef na byvoorbeeld die dood van ’n troeteldier.

Op ongeveer 10 jaar en daarna, begin kinders oor lewe na die dood in aansluiting met ’n geloofsisteem van die een of ander aard praat. Hulle begin dink oor abstrakte konsepte soos die ewigheid, spiritualiteit, die hemel en die hel (Van Zyl, 2007:92). Wat egter nooit uit die oog verloor moet word nie, is dat nie alle kinders teen dieselfde pas of op dieselfde manier ontwikkel nie. Die ontwikkeling van kinders het baie gemeenskaplike dimensies, prosesse en mylpale, wat weer deur ’n magdom individuele en omgewingsfaktore geaffekteer word. Een van hierdie faktore, die van kultuur, speel ’n kardinale rol in die verstaan van die doodskonsep vir kinders. Dit is dus belangrik om aandag hieraan te skenk.

4.4.1 Tradisies uit die Tswana-kultuur

Aangesien kinders vanuit verskillende kulture deelneem aan hierdie studie, speel die tradisies rakende die dood en begrafnisse ‘n groot rol in hierdie studie. Dit is dus baie belangrik om soveel as moontlik inligting hieroor in te win. Dit was egter opmerklik dat daar uiters min literatuur in hierdie verband beskikbaar is. Die navorser kon slegs sewe artikels opspoor rakende verskillende aspekte van tradisies in ander kulture. Slegs vier van die artikels het raakpunte met die Tswana-kutuur getoon en kon gebruik word in die studie. Daar is besluit om op die Tswana- en Westerse kultuur te fokus, aangesien die oorgrote meerderheid van mense in die Rustenburg-omgewing tot die Tswana-kultuur behoort.

In ‘n onderhoud met Monaledi (2010) wat as sielkundige in Rustenburg praktiseer, is gepoog om meer lig te werp rondom die Tswana-kultuur se hantering van die dood. Me. Monaledi is Tswana sprekend en ken die Tswana tradisies goed, aangesien haar ma ‘n tradisionalis is. Mndende (1997:793) noem dat ten spyte van die invloed van Westerse opvoeding en kultuur, vele patrone van gedrag en geloof steeds tradisioneel bly. Monaledi het aan die navorser verduidelik dat die dood as slegte geluk beskou word en dat lewendes deur dooies “besoedel” kan word. Ngubane, (2004:175) ondersteun hierdie stelling deur te noem dat daar ook geglo word dat hongersnood en slegte geluk of ongeluk (*misfortune*) deur die woede van die voorvaders veroorsaak word. Ndudane (1998:6) bevestig ook dat die dood as slegte geluk en as die oorsprong van besoedeling beskou word. Dit het aan die navorser verklaar waarom ‘n kennis by ‘n vorige geleentheid so huiwerig was om aan haar dooie baba te raak.

Verder is die volgende inligting rakende die verloop van ‘n begrafnis van haar verkry: ‘n Tent word by die oorledene se huis opgeslaan. Dit is waaruit die begrafnisdiens plaasvind. Volgens Selepe en Edwards (2008:4) het die opslaan van die tent ‘n dubbele doel: ten eerste is dit ‘n openbare aankondiging dat ‘n tragedie plaasgevind het en ten tweede gee dit aan die gemeenskap geleentheid om afsonderlike rolle te vervul om sodoende die bedroefde familie by te staan. Die kis word ongeveer 18:00

die aand voor die begrafnis na die oorledene se huis gebring. Indien die oorledene in ‘n motorongeluk of aan onnatuurlike oorsake dood is, word die lyk nie huis toe gebring nie, aangesien dit slegte geluk aan die oorlewendes sal besorg. Die lykswa sal slegs die volgende dag by die huis op pad begraafplaas toe, verbyry. Daar word geglo dat die oorledene afskeid moet neem van sy/haar huis.

‘n Nagwaak word by die huis gehou. Selepe en Edwards (2008:1) verwys na rituele uit ander kulture wat hiermee ooreenstem, byvoorbeeld die *shiva* van die Jode of ‘n vorm van ‘n nagwaak vanuit die Britse en Ierse kulture. Tydens die nagwaak word baie gesing – dwarsdeur die nag. Ongeveer 4 uur die oggend word daar met die voorbereiding van die kos begin. Slegs getroude vroue wat familie is, doen die kookwerk.

Die begrafnis word vroeg gehou sodat dit om 12:00 verby sal wees. Daar word geglo dat die voorvaders om 12:00 in die begraafplaas uit die grafte kom. Na die begrafnis sal al die begrafnisgangers by die oorledene se huis bymekaarkom en saam eet. Die hare van ‘n weduwee/wewenaar en die oorlewende kinders word na die begrafnis afgesny of afgeskeer.

Weduwees ondergaan rituele reinigingsbaddens en dra swart klere vir ‘n jaar, waarna dit verbrand sal word. Die oorledene se klere word in ‘n groot laken toegevou. Op die Sondag na die begrafnis word kruie oor die klere gegooi om slegte geluk te verdryf.

Monaledi (2010) noem dat dit taboe is om te praat oor wat jy voel. Kinders word in die middel van die nag wakker gemaak (volgens haar tydens die REM-slaapfase) en die nuus dat die geliefde dood is, word dan aan hulle oorgedra. Tradisioneel is geglo dat die kind dan sal dink dat hy dit gedroom het en wanneer hy wakker word, dit reeds sou aanvaar het. Ndudane (1998:6) noem die volgende in aansluiting hierby: somtyds wanneer jong kinders aanhou vra oor waar hul ouer is, of aanhou huil of ophou eet veroorsaak dit ‘n probleem vir die oorlewende- of pleegouer. ‘n

Spesiale ritueel word uitgevoer terwyl die kind slaap. Daar word dan in die kind se oor gefluister “jou ma is laat”. Die idee is nie dat die kind sy ma moet vergeet nie, maar om die kind te troos. Tradisioneel is daar ook geglo dat kinders nie die dood sou verstaan en/of dit ken nie en daarom is hulle nie toegelaat om ‘n begrafnis by te woon nie. Kinders word nie toegelaat om oor die oorledene te praat nie en niemand praat met hulle daaroor nie. Kinders is wel toegelaat om agterna die graf in die begraafplaas te besoek.

Volgens Monaledi (2010) het die kerke (spesifiek die Sondagskool) later die plek geword waar kinders oor hulle gevoelens rakende die oorledene kon praat en waar volwassenes met hulle oor die dood gepraat het.

4.4.2 Tradisies uit die Westerse-kultuur

Van Niekerk (2002:42) verwys na ‘n hedendaagse of Westerse kultuur waar ‘n treurmodel geskep is wat reeds vanaf kinderdae geprogrammeer word om sekere emosies op ‘n sekere manier te hanteer. Een daarvan is byvoorbeeld dat “ ‘n man nie huil nie”. Begrafnisse “lyk” ook baie dieselfde – gesigte is strak en sterk. Trooswoorde is dikwels niksseggend;- mense wil tog net nie betrokke raak nie.
Dit het tot gevolg dat die dood koud en onpersoonlik geword het, met mense wat afwesig is. Volwasse kinders woon nie meer by hul ouers nie, dus is kleinkinders onbekend met die dood en met hul ouers se hantering daarvan. Dit is juis hier waar die probleem ontstaan. Ouers het ‘n onvermoë om die dood te hanteer en kan dus nie gesonde hanteringsmeganismes aan hul kinders oordra nie.

Kübler-Ross & Kessler (2005:160) beskryf kinders as “*forgotten grievers*”. Kinders word dikwels nie toegelaat om ‘n begrafnis by te woon nie. Die navorser het in haar eie praktyk die belewenis dat ouers hul kinders die hartseer van ‘n geliefde se begrafnis wil “spaar” en daarom word hulle nie toegelaat om te gaan nie. Ouers huil nie voor die kinders nie, want anders word hulle “ontsteld”. Ongelukkig leer kinders dan dat die dood iets is wat nie regtig saak maak nie en dat dit verkeerd is om oor geliefdes te huil.

In die Weste is daar minder tradisie as in die Afrika-kultuur. Dit is belangrik om ook kennis te neem van die reëlings en verloop van ‘n Westerse begrafnis teenoor die van ‘n begrafnis uit die Afrika-kultuur. Die verloop is die volgende:

Die lyk word na ‘n begrafnisondernemer geneem en bly daar tot die begrafnis. Alles word deur die begrafnisondernemer gedoen, byvoorbeeld die was en aantrek van die lyk. Die familie besigtig soms die oorledene as ‘n laaste huldeblyk of om vir oulaas afskeid te neem ‘n paar uur voor die begrafnis.

Die lykswa vervoer die kis tot by die kerk. By vele kerke word dit nie meer toegelaat dat die kis in die kerk ingebring word nie. Na die diens vertrek die lykswa of na die begraafplaas of na die krematorium. In die Weste is verassing in die algemeen aanvaarbaar. Na die roudiens (verassing) of na die begraafplaas-seremonie kom vriende en familie in ‘n kerksaal bymekaar om iets te ete (gewoonlik toebroodjies) en iets te drinke te geniet. Weduwees dra nie spesiale rouklere nie en daar is nie ‘n bepaalde routydperk nie.

Ndudane (1998:6) noem dat volgehoue druk deur sterk vrouegroepe, kerke en skole ‘n geleidelike positiewe verandering in die tradisionele manier om met die dood te deel teweeg bring. Wanneer ‘n familielid tans doodgaan, is daar ‘n geneigdheid om met kinders oor die dood te praat en wat dit beteken. Woorde wat gebruik word is gewoonlik: “Jy sal jou ma/pa nooit weer sien nie”. Sommige families sal kinders toelaat om insette met die begrafnisreëlings te lewer en die begrafnis by te woon. Soms sal kinders ook toegelaat word om vir oulaas afskeid van hul geliefde by die begrafnisondernemer te neem. Kinders sal tans ook eerder toegelaat word om te huil en sal vervolgens deur familie vertroos word.

Die artikel van Ndudane (1998), ‘n maatskaplike werker van die Oos-Kaap, is die enigste artikel waarin daar pertinent na die hantering van kinders verwys word nadat ‘n geliefde dood is. Hieruit blyk dat daar steeds heelwat ouers is wat aan die

tradisionele praktyke vashou, maar dat daar ‘n groter openheid en bewussyn rondom die rol van kinders na vore begin tree.

Wanneer die Afrika-kultuur en die Westerse kultuur se hantering van die dood met mekaar vergelyk word, is daar tog raakpunte rondom die hantering van die dood:

- Kinders word uitgesluit van begrafnisse.
- Kinders word nie toegelaat om te huil nie.
- Kinders word nie hanteringsmeganismes rakende die dood geleer nie.

Dit is egter baie duidelik dat beide die Westerse en die Afrika-kultuur se hantering van die dood, veral waar dit kinders raak, skade veroorsaak. ‘n Ander manier sal gevind moet word om kinders te help om die dood van ‘n ouer te hanteer. Dit is ook die doel van hierdie studie, om sonder om aanstoot te gee aan ‘n persoon van ‘n ander kultuur, ‘n model van riglyne saam te stel om kinders te help om deur die rouproses te werk op ‘n manier wat by hulle kulturele waardes sal kan aansluit.

Daar is egter verdere faktore wat die kind se rouproses kan vergemaklik of bemoeilik. Dit is belangrik dat daarvan kennis geneem word en daar word vervolgens daaraan aandag gegee.

4.5 FAKTORE WAT DIE KIND SE ROUPROSES BEVORDER OF BEMOEILIK

Die tipe dood, insluitend of dit skielik/onverwags of geantisipeer is en of dit verhoed kon word is ’n belangrike faktor. Die betrokkenheid van geweld of trauma by die dood, asook die graad van pyn tydens die dood sal die kind beïnvloed. Indien die kind teenwoordig was tydens die dood, in ’n nabye verhouding met die oorledene was of gereelde kontak met die oorledene tydens die sterwensproses gehad het, sou dit ’n beduidende faktor wees. Bywoning van die begrafnis, laaste afskeid by die begrafnisondernemer, besoeke aan die begraafplaas – bywoning van toepaslike seremonies en rituele is ook belangrike faktore wat ’n rol in die kind se belewenis van die dood speel (Wass & Corr, 1991:20).

4.6 DIE KIND SE FASES VAN ROU

Na die dood gaan elke kind, na gelang van sy unieke persoonlikheid deur verskeie fases gedurende die rouproses. Dit is belangrik dat daar tydens die hulpverleningsproses seker gemaak word in watter fase die kind hom bevind.

4.6.1 Kübler-Ross

Kübler-Ross (1969) se boek, *On Death and Dying* het ‘n groot impak gehad op almal wat doodsbegeleiding gedoen het. Sy het verskeie fases geïdentifiseer waardeur terminale pasiënte dikwels beweeg. ‘n Geneigdheid het by baie mense ontstaan om hierdie fases net so op die treurproses toe te pas. Dit is egter nie waar dat dit op *elke* rouproses van *elke* mens van toepassing is nie. Dit is tog belangrik dat daar kennis van hierdie fases geneem word, alhoewel dit met groot omsigtigheid gebruik behoort te word, aangesien daar geen algemeen toepaslike model/raamwerk is wat vir alle treurprosesse geld nie. Volgens Kübler-Ross (1969:34) is die volgende fases belangrik:

4.6.1.1 Skok en ontkenning

Die kind weier/kan nie glo wat besig is om met hom te gebeur nie en ontken dan die dood om die realiteit te ontduik vanweë die emosionele pyn wat ervaar word.

4.6.1.2 Woede

‘n Woede reaksie teenoor ‘n persoon, persone, instansies. Die kind is kwaad vir die ouer en voel dat hy (die ouer) hom in die steek gelaat het. Dit gaan dikwels ook gepaard met woede teenoor God wat die krisis toegelaat het. Hierdie woede kom meestal tot uiting deur middel van liggaamlike aggressie en woede-uitbarstings. Dit is belangrik dat die kind ook kennis neem dat goeie en gawe mense ook soms kwaad word.

4.6.1.3 Onderhandeling

Hierdie fase gaan dikwels ook met ‘n kombinasie van egte en vals skuldgevoelens

gepaard. Hulle sal met God onderhandel (bv. waar iemand siek is of terminaal is) oor die moontlikheid van ‘n langer lewe.

4.6.1.4 Depressie (of egte rou)

Skuldgevoelens en hartseer gee veral tot ‘n fase van depressie aanleiding. Hierdie depressie is ‘n normale reaksie op die dood van ‘n geliefde. Daar moet uiting gegee word aan emosies. Deur nie uiting te gee nie, kan tot jarelange depressie lei.

4.6.1.5 Aanvaarding

Hierdie fase volg gewoonlik nadat die ander fases deurgewerk is. Die fases van rou kan oorvleuel. Elke fase verskil in intensiteit en tydsduur en meer as een fase kan gelyktydig voorkom.

4.6.2. Wells

Wells (1992:6) se siening van die fases van kinderlike rou verskil van die van Kübler-Ross. Dit is belangrik om kennis van al die verskillende sienings wat bestaan te neem, om sodoende te finaliseer watter fases werklik van toepassing op die kind is gedurende die rouproses. Hy onderskei die volgende fases:

4.6.2.1 Skok

By die kind is verwarring en disoriëntasie ook tydens die skokreaksie teenwoordig.

4.6.2.2 Ontkenning

Hierdie fase kom veral in die eerste paar dae direk na die dood voor. Dit voel dikwels asof die persoon nog leef en naby aan die mens is, veral omdat die persoon gedurende hierdie tyd dikwels in die mens se gedagtes is. Dit is daarom werklik moeilik om te erken dat die persoon dood is.

4.6.2.3 Soeke na die oorledene

‘n Natuurlike soeke ontstaan na die oorledene in die bewussyn en onderbewussyn.

Elke geleentheid waar so ‘n soeke ontstaan word die verlies meer intensief beleef.

4.6.2.4 Wanhoop

Die gevoel van verlies en die leemte wat die oorledene agtergelaat het lei tot die besef dat die kind mettertyd beleef dat die ouer nie gaan terugkom nie. Hierdie besef lei dikwels tot desperaatheid en/of moedeloosheid. Dit is in hierdie fase waar die kind gewoonlik weier om skooltoe te gaan (Wells, 1992:7).

4.6.2.5 Angstigheid en skuldgevoelens

In hierdie fase word angs met al die ander fases van rou vermeng. Dit is normaal dat die kind meer angstig as normaal sal wees en dat hy ander verliese ook sal vrees. Skuldgevoelens rondom sy gedrag voor die afsterwe van die ouer sal ook voorkom. Kinders sal dikwels skuldig voel omdat hulle te “stout” was en hulself daaroor verwyt. Hulle sal ook skuldig voel omdat hulle niks kon doen om die dood te verhoed nie of dat hulle op die een of ander wyse verantwoordelik vir die dood is (Grollman, 1991:6).

4.6.3 Silverman, Nickman en Worden

Silverman *et al.* (1992:499) voeg nog ‘n fase by in die rouproses van die kind: Verhouding met die oorledene. Hulle beklemtoon vyf aspekte wat veral toepaslik in die geloofsontwikkeling en -oortuiging van die kind is:

4.6.3.1 Lokalisering

‘n Definitiewe oortuiging dat die oorledene in die hemel is, dui volgens die skrywers op ‘n poging om die oorledene te lokaliseer.

4.6.3.2 Teenwoordigheid van oorledene

Die kind sal dikwels oortuig wees daarvan dat die oorledene hom uit die hemel kan sien. Hierdie oortuiging gee aan die kind die ervaring dat hy die oorledene se teenwoordigheid kan aanvoel.

4.6.3.3 Poging tot kommunikasie

Die kind sal dikwels met die ouer probeer kommunikeer deur te gesels of briefies te skryf.

4.6.3.4 Poging tot behoud van herinneringe

Die kind sal herinneringe oproep van tye wat saam spandeer is.

4.6.3.5 Poging tot behoud van oorledene se teenwoordigheid

Die kind sal die oorledene se teenwoordigheid in sy lewe probeer behou deur artikels of foto's of geskenke bymekaar te maak wat aan die oorledene behoort het of gegee is (Furman, 1984:195).

Die navorser het uit ondervinding bevind dat Silverman *et al.* (1992:499) se vyf aspekte tydens die kind se rouproses herhaaldelik na vore kom. Hierdie fases is volgens die navorser van groot belang in die hulpverleningsproses van die kind. Wanneer daar metodes in die hulpverleningsproses ingesluit word om die kind te help om deur hierdie fase te werk, kan die kind werklik hierdie fase afsluit. Indien daar byvoorbeeld 'n herinneringshouer ("memory box") gemaak word, is dit iets konkreets wat die kind weer en weer kan hanteer om te help wanneer die hartseer te veel word. 'n Oorgangsobjek soos hierbo genoem sal ou herinneringe berg, hom help fokus op sy verlies en hom help rou. Die herinneringe sal 'n tasbare verbinding tussen hom en die oorledene vorm, wat 'n besondere rituele aspek in die rousmart fase skep.

Dit is baie belangrik om te besef word dat daar geen korrekte of tipiese reaksie op verlies is nie, net soos daar geen korrekte of tipiese manier is om dood te gaan nie. Bogenoemde fases is slegs 'n aanduiding van moontlike fases wat sou kon voorkom en dan ook nie in 'n bepaalde volgorde nie.
Dat die dood traumaties is, kan niemand betwyfel nie. John Bowlby (1980:67) maak die volgende stelling:

> *"Family doctors, priests and perceptive laymen have long been aware that there are few blows to the human spirit so great as the loss of someone near and dear".*

Clinton *et al.* (2005:361) beaam die stelling heelhartig. Aangesien die dood beslis trauma veroorsaak, sal daar vervolgens kortliks aandag geskenk word aan wat trauma is en hoe dit die kind raak.

4.7 DIE KIND SE REAKSIE OP TRAUMA

Die dood is traumaties en waarskynlik een van die *mees* traumatiese gebeure waaraan 'n mens blootgestel kan word. Dit is daarom dat die trauma-aspek van die dood ondersoek word.

Die woord "trauma" is van die Griekse term *trauma* wat "wond" beteken afgelei (Coetzer, 2008:24). 'n Traumatiese gebeurtenis het 'n effek op die fisiese, die geestelike en emosionele funksionering van 'n persoon. In die literatuur is daar verskillende definisies rondom trauma. Frederickson (1992:22) beskryf trauma soos volg:

> *"Trauma is any shock, wound, or bodily injury that may be either remembered or repressed, depending on your needs, your age and the nature of the trauma. Some of your childhood traumas may be remembered with incredible clarity, while others are so frightening or incomprehensible that your conscious mind buries the memory in you unconscious."*

Daar word tans aanvaar dat trauma reaksies beide sielkundig en fisiologiese ervarings bevat. Wat in die brein gebeur wanneer daar blootstelling aan trauma is, is dus uiters belangrik en moet vermeld word. Hoe trauma in die brein gestoor en herroep word, sal uiteraard die hulpverleningsproses aan die kind beïnvloed. Kennis rondom die fisiologie van trauma, hoe die brein georganiseer is en hoe die liggaam en brein op traumatiese gebeure reageer, sal kortliks verduidelik word.

4.7.1 Die uitwerking van trauma op die brein

Die brein bestaan uit biljoene neurone en giliale selle wat verdeel, beweeg, spesialiseer, konnekteer, interaksie het en organiseer totdat dit ‘n groep funksionele strukture volgens ‘n bepaalde hiërargie gevorm het (Perry & Hambrick, 2008:39). Die menslike brein bestaan basies uit drie dele: die breinstam, die limbiese stelsel en die neokorteks.

Die breinstam is die deel van die brein wat eerste ontwikkel en beheer basiese oorlewingsfunksies soos asemhaling, hartklop en liggaamstemperatuur.

Daar word dikwels na die limbiese stelsel as die emosionele sentrum van die liggaam verwys (Ziegler, 2002:11; Malchiodi, 2008:7). Die hipotalamus, amigdala en die hippokampus vorm ‘n ring rondom die breinstam. Die limbiese stelsel evalueer ervaring vir emosionele betekenis en reageer dan daarop op ‘n manier wat deur die individu aangeleer is deur vorige ervarings (Malchiodi, 2008:7).

Die korteks en neokorteks is die sogenaamde denkende brein, aangesien die funksies van rede, kommunikasie en beplanning hier gesetel is.

4.7.2 Die stoor van trauma in die brein

Die koms van die neuro-wetenskappe verskaf ‘n groter verstaan van hoe die brein en die liggaam op stres, trauma, siekte en ander gebeure reageer. Dit staan ook sentraal in die verstaan proses van hoe beelde emosies, gedagtes en welsyn beïnvloed en hoe die visuele, sensoriese en uitdrukkingsvolle taal van kuns die beste in behandeling geïntegreer kan word (Malchiodi, 2012:24).

Die amigdala evalueer die emosionele betekenis van inkomende stimuli en bestuur die emosionele gedrag deur projeksie na ander areas van die brein. Die hippokampus kategoriseer en stoor inkomende stimuli in geheue en neem die dimensies van die ondervinding in die geheue op (Ziegler, 2002:8 - 13). Sweeney

(2008) noem tydens die Children in Crisis-konferensie in Suid-Afrika dat die hippokampus ook n rol speel in verband met die vorming en herroeping van verbale en emosionele herinneringe. Geheue wat in die limbiese stelsel gestoor word is belewenis, met ander woorde dit wat sensories beleef word tydens ‘n gebeurtenis en bestaan dus grootliks uit sensoriese komponente (Malchiodi, 2012:21).

Die belangrikste waarvan daar kennis geneem moet word rondom die stoor van traumageheue in die brein is volgens Ziegler (2002:26) die volgende: “*Memories of past trauma are not stored in the neocortex where our reasoning functions can have an impact on these recollections*”. Die belang hiervan is dat alhoewel iemand trauma herinneringe sou wou verstaan of verander, dit nie moontlik sou wees nie, aangesien die denkende deel (neokorteks) nie hierdie herinneringe na willekeur kan oproep of sin daarvan maak nie.

Kinders sukkel oor die algemeen vanweë hul ontwikkelingsvlak om hul emosies te verwoord. Blootstelling aan trauma veroorsaak dat dit nog moeiliker is om oor die trauma te praat, veral as gevolg van die chemiese veranderinge in die brein. Van der Kolk (2003:306) verduidelik waarom die brein so reageer:

> *”... high levels of arousal interfere with the adequate functioning of the brain region necessary to put one’s feelings into words, Broca’s area”.*

Gespreksvoering is dus nie effektief nie, omdat dit te veel op denkende insig en verbale kapasiteit staatmaak. ‘n Ander vorm van hulpverlening moet dus gevind word om die kind te help (Blom, 2006:20; Malchiodi, 2012:141). Die gebuik van die sensoriese komponente van kuns en speel, vergemaklik die genesingsproses (Malchiodi, 2012:21; Steele & Raider, 2001:15; Van der Kolk et al., 1996:420). Die navorser stem heelhartig met hierdie standpunte saam. Dit is al male sonder tal beleef hoe dit vir ‘n kind onmoontlik is om te vertel wat by die begrafnis gebeur het, net om enkele minute daarna die begrafnis in die fynste detail uit te speel in ‘n sandbak.

Aangesien die kind dan op ‘n spesiale manier begelei moet word, is dit ook belangrik dat daar kennis geneem word van die spesiale behoeftes van die laerskoolkind.

4.8 DIE KIND SE BEHOEFTES NA DIE DOOD

Kinders wat dalk nie dadelik hul verlies hanteer nie, sal wel op ’n gepaste tyd daarmee deel, aangesien kinders ’n meganisme het om die verlies intakt te hou totdat die kind of oud genoeg of psigologies genoeg voorberei is om daarmee te deel (Kübler-Ross & Kessler, 2005:166).

4.8.1 Die kind se behoeftes

Volgens die literatuur verskil die kind se behoeftes van navorser tot navorser of skrywer. Dit is tog belangrik dat daar kennis van die verskillende behoeftes geneem word en daarom word hierdie behoeftes volgens enkele outeurs weergee.

4.8.1.1 Grobler

Grobler (2000:62) onderskei die volgende behoeftes van ‘n kind na die dood van ‘n ouer:

PRIMêRE BEHOEFTES	**SEKONDêRE BEHOEFTES**
Duidelike en verstaanbare inligting	Hulp met sekondêre verliese soos verhuising
Ware feite, eerlikheid	Herstel van emosionele ekwilibrium
Hulp met emosies	Herstel van ego-funksies
Deelneem aan begrafnisgebeure	Uiting gee aan trauma binne emosioneel veilige situasie
Normale roetine	Hulp met emosies, byvoorbeeld gevoelens van kwesbaarheid

4.8.1.2 O’Connor

Volgens O’Connor (2004:42) is daar drie noodsaaklike komponente wanneer die

nuus van ‘n ouer se dood aan ‘n kind oorgedra word, sodat daar in die kind se behoeftes voorsien kan word:

1. Die feite van die verlies in eenvoudige, verstaanbare taal.
2. Die emosies wat die oorlewende ouer en die kind sal ervaar.
3. Die geloof in God wat die plek is waar daar antwoorde, troos, aanmoediging, en hoop gevind kan word.

4.8.1.3 Perry

Perry (1995:2 - 6) het die volgende kernbeginsels vasgestel vir die gesprek met die kind rondom die dood van ‘n ouer:

1. Moenie bang wees om oor die traumatiese gebeure te praat nie en moenie die onderwerp vermy wanneer die kind dit opper nie. Wees eerlik, openlik en duidelik en bereid om dieselfde details oor en oor te bespreek. Ouderdoms-toepaslike taal en verduidelikings moet so ver moontlik gebruik word.
2. Help die kinders om valse redenasies rondom die oorsaak van die dood te vermy. Maak seker dat daar nie skuldgevoelens by die oorlewende kinders bestaan nie.
3. Onderskei tussen verdriet en rou. Verdriet is normaal – aanhoudende verdriet-reaksies is egter nie normaal nie. Verwag ook ongewone sensoriese ervarings tydens die rouproses, soos dat die kind die ouer se teenwoordigheid sal *voel*.
4. Wanneer ‘n volwasse hulpverlener tot die kind toetree, moet hy beskikbaar, koesterend, gerusstellend en voorspelbaar wees. Hy kan die volwassenes en kinders in die kind se wêreld in kennis stel van die tragedie en van ander hulpbronne gebruik maak om hulp te verleen.

Die kind het ‘n spesifieke stel treurtake wat aansluit by sy behoeftes en dit moet ook in ag geneem word tydens die hulpverleningsproses.

4.9 DIE KIND SE TREURTAKE

4.9.1 Wass en Corr

Volgens Wass en Corr (1984:189) bestaan die rouproses uit drie take of drie behoeftes waarmee die volwassene(s) die kind moet help:

1. Om te verstaan en die realiteit, feite en omstandighede rondom die dood te aanvaar.
2. Om te rou.
3. Om die lewe te hervat en aan te hou lewe.

4.9.2 Hart-May

Hart-May (2005:364) se mening rondom rou verskil in ‘n mate van die van Wass en Corr. Sy voel dat die belangrikste behoeftes van die kind tydens rou die volgende is:

1. Om oor die verlies van ‘n band/binding met die oorledene te rou.
2. Om aan te pas en daardeur steeds die band (nou slegs op ‘n ander manier) te behou.
3. Om die self, verhoudings en lewenstake in die lig van die verlies te herorganiseer.

4.9.3 Cook en Dworkin

Cook en Dworkin (1992:74-92) het ses algemene onderwerpe geïdentifiseer wat belangrik vir die kind tydens die rouproses is. Hulle het dit terapeuties van toepassing op die hulpverlening aan die kind gemaak.

1. Laat die kind die oorledene beskryf, hoe die oorledene gesterf het en hoe die kind daarvan gehoor het. Dit kan verbaal gedoen word, deur kuns, skryf of om ‘n boek te maak.
2. Vind uit watter gedagtes en gevoelens die kind het rondom die begrafnis of ander rituele wat daaruit vloei.

3. Praat oor veranderinge wat na die dood ingetree het en hoe die veranderinge beleef word. Terwyl daar geluister word, kan assessering oor hoe die kind daarmee deel plaasvind, of daar ondersteuning is en hoe die kind probeer sin maak uit die dood.
4. Praat oor die toekoms en hoe dit gaan uitsien sonder die oorledene (verliese).
5. Vind maniere vir die kind om steeds ‘n band met die oorledene te behou. Deur herinneringe en die terugkyk op die hoop en die wense wat die oorledene vir die kind gehad het, kan die kind steeds die oorledene se deurlopende sekuriteit en troos beleef. Dit kan ook gedoen word deur briefies, ‘n boek of net herinneringe oproep.
6. Wees kreatief en laat die kind die leiding neem. Begin elke sessie met spelterapie, kuns, storieskryf of een of ander kreatiewe aktiwiteit waardeur die kind homself kan uitdruk.

Die bogenoemde behoeftes of metodes van hulpverlening wat die kind se behoeftes in ag neem, is slegs ‘n paar van die vele modelle wat bestaan. Daar is geen absoluut korrekte voorskrif oor hoe gerou moet word, hoe lank die tydperk moet wees, wat die fases is en wat gedoen kan word om te help nie, maar hierdie behoeftes het ontstaan nadat daar deeglik navorsing gedoen is. Dit sou dus as hulpmiddel kon dien wanneer daar soortgelyke riglyne opgestel moet word rondom hulpverlening aan die kind in die middelkinderjare na die verlies van ‘n ouer of primêre versorger.

4.9.4 Raakpunte uit die literatuur

Die kind se ouderdomstoepaslike behoeftes moet sover as moontlik in ag geneem word wanneer daar hulpverlening na die dood van ‘n ouer plaasvind. Om met ‘n kind op volwasse vlak te probeer werk, gaan die hele proses kelder.

Van die raakpunte wat by bykans al die skrywers voorkom, is die volgende:

1. ‘n Volwassene/hulpverlener moet bereid wees om in ‘n verhouding met die kind te staan.
2. Feite, eenvoudige, duidelike en toepaslike taal – op die kind se vlak.
3. Hulp en inligting in verband met emosies (deurlopend).
4. Deelname aan die begrafnis.
5. Bespreek veranderinge wat ingetree het na die dood.
6. Behou die band met die oorledene.
7. Bespreek die toekoms en hervat die lewe.

Die navorser voel dat hulpverlening moet geskied om die rouproses van die kind te vergemaklik. Daarom is dit belangrik dat die kind se behoeftes, asook sy vlak van ontwikkeling ‘n sleutelrol sal speel in die ontwerp van ‘n model waardeur die kind gehelp kan word tydens die rouproses na die dood van ‘n ouer. Wanneer die kind se unieke “taal” van speel gebruik word, kan bogenoemde raakpunte in speeltegnieke omgesit word. Dit sal volgens die navorser van baie groot waarde wees om hulp te verleen. Die kind sal nie nodig hê om verbaal en kognitief te reageer nie, maar sou instede daarvan op sy natuurlike manier, deur middel van speel kon kommunikeer. Wanneer daar op ’n natuurlike manier gekommunikeer word, sou dit meer gemaklik wees en sou daar ook makliker heling kon plaasvind. Daarom is dit belangrik om kortliks die gebruik van speel as ’n hulpmiddel te ondersoek.

4.10 DIE KIND SE UNIEKE TAAL

Kinders van alle kulture speel, wat dit ‘n universele middel maak wat ideaal is om ook in Suid-Afrika, met ons diverse kulture, te gebruik. Kinders hoef nie geleer te word hoe om te speel of gedwing te word om te speel nie. Dit is ‘n spontane aksie, wat op enige tyd en op enige plek kan plaasvind (Schaeffer, 1993:2). Deur speel vind kinders uit hoe die wêreld werk, probeer hulle verskillende rolle vertolk en hanteer hulle verskillende emosies. Deur die aktiwiteit van speel kan kinders veilig hulle emosies uitdruk sonder verwerping deur ander. Dit is ook deur speel wat genesing vir hartseer kan plaasvind. Sonder die natuurlike helingskrag van speel,

sal die emosionele wonde wat deur die dood van ‘n ouer of ouers opgedoen is, moontlik nooit geheel kan word nie (Sweeney & Landreth, 1993:355).

4.10.1 Die geskiedenis van speel

In die Bybelse tye het kinders alreeds gespeel. Volgens Stander en Louw (1990:302) en De Vaux (1984:48) het kinders in die strate blokke getrek en op een been gespring (‘n vorm van “hopscotch”), met balle en albasters gespeel, selfgemaakte musiekinstrumente gebruik en selfs ook bordspeletjies gespeel. Die Bybel erken ook die belangrikheid van speel as ‘n normale aktiwiteit van kinders in Sagaria 8:5: “Die pleine van die stad sal vol seuns en dogters wees wat daar speel.” (Bybel, 1983:987).

Froebel het reeds so vroeg as 1903 die simboliese komponente van speel beklemtoon (1903:22). Daarna het verskeie rolspelers na vore getree. Die ontwikkeling van spelterapie is deur ses belangrike gebeure gekenmerk, waaraan voorts aandag verleen sal word (Landreth, 2002:27-51):

4.10.1.1 Psigo-analitiese spelterapie

Sigmund Freud se verslag van “little Hans” ‘n 5-jarige kind met ‘n fobie, was die eerste gepubliseerde geval waar speel tydens die hulpverleningsproses gebruik is.
Melanie Klein het in 1919 die tegniek van speel begin gebruik om kinders onder ses jaar te evalueer. Spelterapie het op hierdie manier direkte toegang tot die kind se onderbewussyn verseker.

Hermine Hug-Hellmuth het in 1921 een van die eerste terapeute geword wat speel as noodsaaklik in kinderanalisie beskou het. Sy het kinders gedurende terapie van speelmateriaal voorsien om hulself mee uit te druk. Reeds gedurende hierdie tydperk is gevind dat dit vir kinders onmoontlik was om hul angs op ‘n verbale vlak te beskryf.

Anna Freud het in 1946 begin om speel as ‘n manier te gebruik om die kind aan te moedig om in ‘n verhouding met haar te tree. Beide Klein en Freud het geglo dat speel die medium is waardeur kinders hulself die meeste uitdruk.

4.10.1.2 Ontladingspelterapie

Die tweede belangrike ontwikkeling het in die 1930’s deur die werk van David Levy ontstaan. Hy het ontladingspelterapie ontwikkel. Dit is ’n gestruktureerde spelterapie benadering vir kinders wat spesifieke stresvolle situasies beleef het. Sy benadering was dat die terapeut die stresvolle of traumatiese toneel herskep. Sy teorie was dat die heropvoering of herbelewing van die traumatiese gebeurtenis, ontlading van die pyn en spanning wat dit veroorsaak het, tot gevolg sal hê.

4.10.1.3 Verhoudingspelterapie

Jesse Taft (1933) en Frederick Allen (1934) se bydrae rondom die verhouding as basis vir spelterapie, het die derde belangrike ontwikkeling van spelterapie gevorm. In verhouding-spelterapie is die klem op die helende of genesende krag van die emosionele verhouding tussen die terapeut en die kind. Gevoelens en reaksies in die hier-en-nou was die primêre fokus.

4.10.1.4 Nie-direktiewe spelterapie

Die vierde belangrike ontwikkeling in die veld van spelterapie, het deur die werk van Virginia Axline (1947) gekom. Sy het nie-direktiewe en kliëntgesentreerde terapie beginsels suksesvol in kinderterapie gebruik. Die vernaamste oogmerk van nie-direktiewe spelterapie was om selfbewussyn by die kind aan te wakker. Die kind is vry om van enige speelgoed in die speelkamer gebruik te maak. Axline (1950:68) som haar konsep van spelterapie soos volg op:

> *“A play experience is therapeutic because it provides a secure relationship between the child and the adult, so that the child has the freedom and room to state himself in his own terms, exactly as he is at that moment in his own way and in his own time”.*

4.10.1.5 Spelterapie in laerskole

Die vestiging van voorligting en beradingsprogramme in laerskole het in die 1960's die deur vir die vyfde belangrike ontwikkeling in spelterapie geopen. Tot in hierdie stadium, was spelterapie grootliks die domein van privaatpraktisyns met 'n fokus op die wanaangepaste kind. Met die aanstelling van beraders in laerskole het opvoeders soos onder andere Landreth (1969 & 1972) spoedig bydraes tot spelterapie gelewer. Die primêre vraag wat ontstaan het, was nie *of* die skool se voorligter, die skoolsielkundige of die maatskaplike werker van spelterapie tydens die hulpverleningsproses gebruik moet maak nie, maar eerder *hoe* spelterapie in laerskole gebruik behoort te word.

4.10.1.6 Assosiasie van spelterapie

Die vestiging van die assossiasie van spelterapie in 1982 het die sesde belangrike ontwikkeling in die groei van spelterapie tot gevolg gehad. Hierdie assossiasie is inter-dissiplinêr en eklekties in oriëntasie. Die verdere vestiging van 'n nasionale sentrum vir Spelterapie by die Universiteit van Noord-Texas deur Garry Landreth het verder 'n beduidende rol in die ontwikkeling van spelterapie gehad.

Spelterapie ontwikkel steeds, met kenners wat navorsing doen en daardeur nuwe metodes en tegnieke beskikbaar stel. 'n Volledige ondersoek na die geskiedenis van speel kan egter nie weergegee word nie, aangesien die lengte daarvan problematies vir hierdie hoofstuk sou wees. Spelterapie sal waarskynlik nooit ophou om te ontwikkel nie, veral nie in ons land waar kinders byna op 'n daaglikse basis aan groot hoeveelhede trauma blootgestel word nie. In die Suid-Afrikaanse konteks is 'n groot bydrae tot die veld van spelterapie deur dr. Rinda Blom en dr. Hannie Schoeman gelewer.

Dit is voorts belangrik dat daar gekyk word na bepaalde definisies oor wat speel behels:

4.10.2 Definisie van speel

> *"Play is how children try and learn about their world. Play is therefore essential for healthy development. For children, play is serious, purposeful business through which they develop mentally, physically and socially. Play is the child's form of self-therapy through which confusions, anxieties and conflicts are often worked. Through the safety of play, children can try out their own new ways of being. Play performs a vital function for the child. It is far more than just a frivolous, light-hearted, pleasurable activity that adults usually make of it. Play also serves as a symbolic language. Children experience much that they cannot yet express in language, so they use play to formulate and assimilate what they experience"* (Oaklander, 1988:160).

Volgens Landreth (2001:4) is die definisie van speel soos volg:

> *"Play is an integral part of childhood, a unique medium that facilitates the development of expressive language, communication skills, emotional development, social skills, decision-making skills and cognitive development in children. Play is also a medium for exploration and discovery of interpersonal relationship, experimentation with adult roles and understanding of one's own feelings. Play is the most complete form of self-expression developed by the human organism".*

Speel het dus besondere waarde tydens die hulpverleningsproses en daar sal vervolgens kortliks daarop gefokus word:

4.10.3 Die waarde van speel

Dat kinders se kommunikasiestyl radikaal van díe van volwassenes verskil, is reeds so vroeg as 1919 deur Melanie Klein ontdek. Kinders in die laerskool het nog nie taal tot so 'n mate bemeester en beskik nog nie oor die abstrakte denkwyse wat sou wees om gedagtes, gevoelens en gedrag te verbaliseer nie. Volgens Ferreira &

Read (2006:183) reageer die kind so: "*Children will express their feelings through play, drawing and non-verbal behaviour*" . Nie-verbale kommunikasie is prominent by kinders en kom dikwels deur speel (Schoeman & Van der Merwe, 1996:7) na vore. Speel is vir 'n kind wat verbalisering vir 'n volwassene is: die mees natuurlike medium vir die uitdrukking van die self (Schaefer, 1993:6).

Alle trauma is sensories van aard of dit het minstens 'n baie groot sensoriese komponent. Deur speel kan kinders die traumatiese ervaring op hul eie tyd en op hul eie manier uitsorteer met net soveel emosie soos wat hulle wil, soos deur David Levy in 1930 ontdek is . Kinders deel in elk geval met stres en trauma deur dit uit te speel en sal daardeur geleidelik beheer daaroor verkry. Tydens die speelsessie is die kind in beheer van die trauma en is daar minder angstigheid, want dit is net voorgee.

Volgens Schaefer (1993:1) is dit nodig om na verskeie aspekte van speel te kyk ten einde volledige begrip van die waarde daarvan te kry:

Tabel 4.10.3

Speel is 'n vorm van selfuitdrukking. Dit kombineer gevoelens, gedagtes en aksies.	Die kind is aktief by die speel betrokke en verloor dikwels tred met tyd of omgewing.
Speel word deur innerlike versus uiterlike motivering gekenmerk.	Speel het 'n "wat as" kwaliteit, wat beteken dat dit gebruik kan word asof dit in die regte lewe gebeur.
Die kind stel meer belang in die spel self, as in die suksesvolle voltooiing daarvan.	Speel verleen die vryheid aan die kind om 'n eie mening aan voorwerpe of gebeurtenisse te koppel.
Speel word deur positiewe gevoelens gekenmerk.	

Dit is ook belangrik om kennis te neem van die verskillende vorme van speel wat moontlik gebruik kan word tydens die hulpverleningsproses van die kind. Voorts word gefokus op die onderskeie aspekte van speel:

4.10.4 Die gebruik van speel as deel van die hulpverleningsproses

Daar word van verskeie soorte speelmateriaal en verskillende vorme van speel gebruik gemaak tydens hulpverlening aan die getraumatiseerde laerskoolkind, wat elk ‘n besondere doel dien in die proses. Vir die doel van hierdie studie, sal daar slegs gefokus word op ‘n klein seleksie van speeltegnieke, weereens terwille van die lengte van die proefskrif.

4.10.4.1 Kreatiewe spel

Hieronder word verskeie elemente ingesluit, onder andere:
Teken en verf, klei, sand en enige ander kreatiewe aktiwiteite. Kreatiewe spel kan vir verskeie doeleindes aangewend word. Die volgende is van belang:

- Kreatiewe spel kan gebruik word om die kind op sy gemak te stel, hom meer ontspanne te laat voel en om interaksie tussen die kind en die hulpverlener te bevorder (Van der Merwe, 1996:138; Geldard & Geldard, 2008:10 – 16).
- Kreatiewe spel kan die vestiging van ‘n verhouding en kommunikasie tussen die kind en die hulpverlener fasiliteer (Porter, 1983:242 – 271; Blom, 2006:130).
- Dit kan gebruik word om inligting rakende die kind se wêreld in te win.
- Dit bied aan die kind die geleentheid om emosies op ‘n nie-bedreigende wyse uit te druk (Van der Merwe, 1996:139; Schoeman, 2004:92; Blom, 2006:130).
- Traumatiese gebeure kan herleef word en veranderinge kan aangebring word (Jeffries & Gillespie, 1981:11).

Die volgende elemente is spesifiek van toepassing op die gebruik van teken as ‘n vorm van kreatiewe spel:

- Dit mag ook die vermoë om herinneringe op te roep verbeter en die kind help om die gebeure as sy storie (narratief) te organiseer (Malchiodi, 2012:141). Volgens Malchiodi (2001:21) is teken 'n natuurlike kommunikasiemiddel wat kinders moeilik weerstaan en is dit een van die enigste maniere om die kompleksiteite van pynlike ondervindings, onderdrukte herinneringe of onuitgesproke vrese, angstighede en skuldgevoelens oor te dra. Teken bring met 'n doelmatigheid toepaslike sake tot hulpverlening na vore, wat die tydperk van hulpverlening verkort.
- Teken is 'n vorm van openbaarmakende terapie wat help met die konstruksie van die traumatiese narratief, terwyl dit terselfdertyd ook die herlewing van die traumatiese herinnering op 'n nie-bedreigende wyse fasiliteer (Steele & Raider, 2001:12). Wanneer teken gebruik word saam met trauma-spesifieke vrae, help dit die kind om sy storie te ontwikkel, met ander woorde om taal daaraan te gee.
- Die motoriese bewegings van teken, wat met die verbale storievertelling gepaard gaan help die kind om van 'n passiewe (internaliserende) betrokkenheid met die trauma aan te beweeg na 'n aktiewe (eksternaliserende) beheer daarvan (Steele & Raider, 2001:12).

Die volgende elemente is spesifiek van toepassing op die gebruik van sand as kreatiewe spel:

- Die gebruik van sand is 'n natuurlike medium waardeur kinders sensories kontak kan maak met die self, sonder die gebruik van woorde (Schoeman, 2004:98 – 99; Blom, 2006:135).
- Kinders geniet die gebruik van sand en kan hul wêreld uitdruk deur tonele soos begrafnisse, ensovoorts (Schoeman, 2004:99). Steele en Raider, (2001:10) beklemtoon die volgende in hierdie verband: *"Re-exposing the trauma victim to his experience has remained a core component of trauma intervention"*.
- Dit verskaf aan die kind die geleentheid om trauma te hanteer deur dit te eksternaliseer (Geldard & Geldard, 2008:182).

- Deur die gebruik van sand kan die kind ‘n kognitiewe verstaan ontwikkel rondom die gebeure in hul lewe en sodoende insig daarin verkry (Geldard & Geldard, 2008:182).
- Die gebruik van sand bied ook die geleentheid om die verlede te verwerk (Geldard & Geldard, 2008:182).

4.10.4.2 Ontspanningspel

Ontspanningspel word meestal gebruik om die kind voor te berei vir die hulpverleningsproses (Van der Merwe, 1996:77). Verskeie komponente word onder ontspanningspel geklassifiseer, byvoorbeeld die gebruik van musiek, legkaarte, speletjies, uitstappies, troeteldiere. Die volgende is van belang tydens die gebruik van ontspanningspel:

- Louw en Louw, (2007:239 – 260) noem dat werklikheidsgebaseerde spel, liggaamlike vaardighede en sport al meer dominant in die tydperk van die middelkinderjare raak. Speletjies met gestruktureerde reëls soos byvoorbeeld Monopoly en kaartspeletjies het veral aantrekkingskrag vir die middelkinder-jare kind en maak dus ‘n uitstekende medium om te gebruik.
- Reëls stel die spelers in kennis oor die rolle wat hul sal speel, stel die limiete en verwagtinge vir gedrag en oor hoe die speletjie werk. Die gevolg is dat dit struktuur en grense bied vir die hulpverleningsproses, asook veilige raamwerk waarbinne die kind kan ontspan en die speel en speletjie geniet (Van der Merwe, 1996:15; Geldard & Geldard, 2008:236).
- Bundy en Cordier, (2009:49) noem dat wanneer dit by kompeterende speletjies kom, dit juis die onsekerheid is oor wie aan die einde gaan wen wat die deelnemer aanmoedig om die speletjie te speel.
- Speletjies kan gebruik word om die kind te help om gemaklik te voel tydens die hulpverleningsproses en om die verhouding tussen die hulpverlener en die kind verder uit te bou (Porter, 1983:319; Van der Merwe, 1996:81; Schaeffer & Reid, 1986:4 – 11; Geldard & Geldard, 2008:236). Schaeffer en Reid (1986:2) verduidelik dit so:

> *"Game playing is an activity that shares at least two of elements of the basics of play: both are meant to be fun and provide a context for fantasy experience. However, when playing an organized game, children must abide by the relatively fixed set of rules".*

- Geldard en Geldard (2008:235) noem dat speletjies kinders ook help om fisies, kognitief, emosioneel en sosiaal te ontwikkel.
- Speletjies kan ook gebruik word om inligting in te win (Van der Merwe, 1996:81). Frey (1986:29) ondersteun die stelling deur te noem dat terwyl bordspeletjies gespeel word, dit moontlik is om die kind se gedagtes, gevoelens en gedrag, verbale vermoëns, aandagspan, persepsie, liggaamstaal, doelgerigtheid, vermoë om gevoelens te verbaliseer en vlak van ontwikkeling waar te neem. Speletjies het dus die dubbele doel in die sin dat dit goed gebruik kan word indien 'n kind skaam is of skugter om in verhouding met die hulpverlener te staan en ook dat sekere inligting bekom kan word.
- Speletjies verskaf ook 'n geleentheid vir die kind om van spesifieke onderwerpe te leer, byvoorbeeld gesinsgeweld en dan by implikasie ook van die dood en God (Geldard & Geldard, 2008:238).
- Speletjies is 'n goeie medium om te gebruik om inligting van die kind rondom voorveronderstellings en fisiese simptome te verkry, asook wat die kind rondom die dood glo (Schoeman & Van der Merwe, 1996:81).
- Dit is noodsaaklik dat regstellings plaasvind indien die kind vreemde persepsies het (Wass & Corr, 1984:193; Kübler-Ross & Kessler, 2005:160).

4.10.4.3 Biblio-spel

Biblio-spel sluit die gebruik van stories, lewensboeke, dagboeke, padkaarte, gedigte, tydskrifte, prente, strokiesprente, onvoltooide sinne, briewe, ensovoorts in. Die waarde van die gebruik van stories tydens die hulpverleningsproses sluit die volgende in:

- Die gebruik van ‘n storie is ‘n genotvolle aktiwiteit wat die verhouding tussen die kind en die hulpverlener, verder uitbou (Porter, 1983:271-316; Thompson & Rudolph, 1992:199; Geldard & Geldard, 2008:213).
- Die gevoel van isolasie word verminder wanneer die kind besef dat ander ook soortgelyke probleme oorkom het (Porter, 1983:271-316; Thompson & Rudolph, 1992:199; Geldard & Geldard, 2008:213). Sweeney, (1997:121) ondersteun hierdie standpunt deur te noem dat die kind op onbewuste vlak met die karakters in die stories identifiseer en die situasies op sy eie lewe van toepassing maak en daardeur sy gevoel van isolasie tydens probleme na ’n gevoel van gedeelde ondervindings verander.
- Die gebruik van stories is op sigself terapeuties in die sin dat dit miskonsepsies regstel (Van der Merwe, 1996:110).
- Die krag van ’n storie is in die vermoë om gebeure en situasies oor te vertel, om mense te skep wat die kind verstaan en met wie die kind kan identifiseer geleë (Gunn & Fewell, 1993:47) .
- Die kind sal deur die storie bewus gemaak word van emosies wat ervaar kan word, veral deur hul eie angstigheid of vrese te herken deur en met die karakters te identifiseer (Gunn & Fewell, 1993:47; Sweeney, 1997:121; Geldard & Geldard, 2008:214).
- Davis (1989:18) noem dat die gebruik van stories nie-bedreigend is en dat dit beide die bewussyn en onderbewussyn gebruik. Sy gaan verder deur te noem dat: *“the unconscious of the child appears to be able to understand conceptually at a much higher level than the child’s conscious mind”.*
- Die gebruik van storie is ‘n gestruktureerde vorm van speel, wat dadelik die gesprek op die bepaalde onderwerp fokus (Van der Merwe, 1996:110).
- Die gebruik van biblio-spel bespoedig die hulpverleningsproses (Van der Merwe, 1996:110).
- Deur dadelik die gesprek rondom die dood te inisieër, sal aandui dat die hulpverlener nie wegskram om oor die dood te praat nie. Toestemming word

hierdeur aan die kind verleen dat dit veilig is binne hierdie verhouding om oor die dood te praat (Kübler-Ross & Kessler, 2005:162 – 163).

Die navorser volstaan by slegs hierdie bydraes vanuit die spelterapie, aangesien dit spesifiek van toepassing is op die inhoud van die voorgestelde model en ter wille van die lengte van die studie. Die doel van hierdie studie is om ‘n eenvoudige metode daar te stel, wat onder andere deur versorgers van alle kulture gebruik kan word. Aangesien spelterapie intensiewe opleiding en dikwels ‘n internskap behels, het die navorser besluit om slegs gebruik te maak van speel, wat die model meer bruikbaar maak vir ‘n groter deel van die samelewing. Die navorser gaan voorts ‘n voorgestelde hulpverleningsmetode daarstel, wat in die empiriese ondersoek getoets sal word. Dit sou soos volg daar kon uitsien:

4.11 VOORGESTELDE HULPVERLENINGSMETODE

Die voorgestelde hulverleningsmetode sal daargestel word deur die raakpunte wat geïdentifiseer is vanuit die kind se behoeftes en take na die dood van ‘n ouer (vgl.4) te kombineer met die speeltegnieke vanuit die spelterapie-dissipline rakende hulpverlening aan die getraumatiseerde laerskoolkind (vgl. 4.10.4). Doelwitte sal hieruit geïdentifiseer word en voorgehou word tydens die empiriese ondersoek.

4.11.1 Sessie 1: Bou ‘n verhouding

Van der Merwe (1996:9) noem dat die individualiteit en aandag wat die kind tydens terapie (hulpverlening) ontvang opsigself van ‘n terapeutiese aard is. Een van die probleme van volwassenes is dat daar te maklik van die eie kinderjare vergeet word. Kinders word gevolglik onderskat. Hulle begeerte om te weet en te probeer sin maak van die wêreld, gebeurtenisse en die mense daarin, word onderskat. Aangesien volwassenes vergeet het hoe hul as kinders gefunksioneer het, weet hulle nie altyd hoe en wat om aan die kind oor te dra nie.

Die eerste keer wat ’n kind en hulpverlener mekaar ontmoet, maak gewoonlik die kind angstig. Daar sal tydens hierdie sessie gebruik gemaak word van kreatiewe spel en in besonder teken (vgl. 4.10.4.1) om die verhouding tussen die hulpverlener en die kind te bou,inligting op ’n nie-bedreigende wyse rakende die kind se wêreld te bekom en ook inligting rakende die dood en wanpersepsies weer te gee.

4.11.2 Sessie 2: Uitbou van die verhouding en uitruil van inligting

Dit is tydens hierdie ontmoeting van belang om die verhouding tussen die hulpverlener en die kind verder uit te bou. Vir hierdie doel word daar gebruik gemaak van ontspanningspel (vgl. 4.10.4.2), in besonder die gebruik van ‘n speletjie. In die ontwikkelingsfase waarin die kind homself bevind (vgl. 4.10.4.2) sal die gebruik van ‘n speletjie die korrekte medium/”taal” wees.

‘n Verdere doelwit is om inligting rondom die kind se denke en inligting wat hy van volwassenes oor die dood ontvang het, in te win en enige wanpersepsies reg te stel (vgl. 4.9.4 en 4.10.4.2). Dit is ook belangrik om uit te vind oor watter kennis aangaande God die kind beskik en hoe die kind se verhouding met God daar uitsien. Die navorser het ‘n speletjie ontwerp vir gebruik tydens hierdie sessie. Dit is ‘n eenvoudige speletjie wat maklik vertaal kan word vir gebruik deur ‘n ander kultuur. Daar is vier-en-twintig vrae in die speletjie:

1. Ken jy vir Jesus en wat weet jy van Hom?
2. Wat is die snaaksste ding wat al ooit met/in jou familie gebeur het?
3. Wat laat mense doodgaan?
4. Is jy bang dat ander mense vir wie jy lief is, sal doodgaan?
5. Wat maak jou bang?
6. Het jy ‘n troeteldier en wat is sy naam?
7. Wat/hoe speel jy en jou maats?
8. Het jy al ooit gehuil? Waar en wanneer?
9. Wat doen jy en jou (oorlewende) ouer wat lekker is?

10. Kan jy keer dat iemand doodgaan?
11. Wat is jou beste maat se naam?
12. Wat is jou grootste droom/wens?
13. Waar is die hemel en hoe is dit daar?
14. Het jy ander familie?
15. Vertel vir my iets wat jy van jou pa of ma kan onthou.
16. Kry jy soms hoofpyn of maagpyn of is jy soms naar?
17. Praat jy ooit met iemand oor jou hartseer of verlange?
18. Wat mis jy die meeste van jou ma of pa?
19. Wat is vir jou nou nog lekker.
20. Vertel my van ‘n vakansie waar julle almal saam was.
21. Slaap jy lekker in die aand of kry jy soms nagmerries?
22. Dink jy jou pa of ma kon keer of dit verhelp om nie dood te gaan nie?
23. Glo jy dat jy eendag weer jou pa of ma sal sien?
24. Wat sou jy nog graag vir jou pa of ma wou sê?

Daar word van ‘n dobbelsteentjie gebruik gemaak wat gerol word en die spesifieke hoeveelheid word dan afgetel. Die kind beantwoord die vraag waarop hy land. Vraag 1 en 23 is verpligtend.

4.11.3 Sessie 3: Hulp met lewensstorms en emosies

Tydens hierdie sessie word gebruik gemaak van beide biblio-spel (storie) en kreatiewe spel (teken) in die hulpverleningsproses aan die kind. Die bepaalde elemente van teken wat van belang is (vgl. 4.10.4.1, met spesifieke verwysing na teken) en die van ‘n storie (vgl. 4.10.4.3) word saam gebruik om ook emosionele uitdrukking te fasiliteer. Hulpverlening aan die kind om onderdrukte emosies te identifiseer en uit te druk is noodsaaklik tydens die hulpverleningsproses (vgl. 4.9.4) (Oaklander, 1988; McMahon, 1992; Schoeman & Van der Merwe, 1996 en Blom, 2006).

Die storie wat gebruik word is die storie waar Jesus die storm stil maak (Mark 4:35 - 41). Stewart en Berryman (1989:26) noem dat heelwat Bybelse stories met die behoeftes van kinders ooreenkom en ook hul vrese aanspreek. Volgens Stover en Stover, (1994:29) is die vertel van stories een van die oudste vorme van kommunikasie aan die mens bekend.

Vir die navorser is dit belangrik om die kind in kontak met die intensiteit van sy belewing van die verlies in hom te bring en hom deur die storie 'n geleentheid te gee om dit te internaliseer. Hierdie integrasie word soos volg deur Burger en Simpson, (1996:83) ondersteun:

> "Die mens se lewe word dus deur die integrasie van sy eie en God se verhaal, in 'n nuwe raamwerk geplaas, wat die hele betekenis van die mens se storie en gedrag verander."

Die verloop van die sessie is dat die Bybelstorie eers gelees word en daarna word dit op dramatiese wyse oorvertel. Daar word aan die kind verduidelik dat daar naas natuurstorms, ook hartstorms is. Hy word gevra om sy storm na sy ouer of versorger se dood te teken. Wanneer die kind klaar is, word daar oor emosies en die toelaatbaarheid daarvan gepraat. Hy word dan gevra om sy bladsy om te draai en dan agterop aan te dui watter emosies en hoeveel daarvan hy tydens sy storm beleef het.

4.11.4 Sessie 4: Deelname aan die begrafnis

Die doel van hierdie sessie is om aan die kind die geleentheid te gee om op sy eie manier sin van die begrafnis te maak en dan sodoende ook beheer daaroor te neem (vgl. 4.9.4 & 4.10.4.1 – spesifieke verwysing na die gebruik van sand).

Die uitspeel van die begrafnis in die sand kan met die vorming van 'n kunswerk vergelyk word (Malchiodi, 2012:21). Die kind moet beplan, verskeie elemente byvoorbeeld sand en water, mensfigure, blomme gebruik en dit dan na willekeur

struktureer. Die kunswerk in die sand kan baie maklik verander word. Daar bly geen spore van die vorige een oor nie en dit is dus nie ’n statiese proses nie.

Die geleentheid vir ’n kind om die begrafnis van sy ouer te herleef terwyl hy in beheer daarvan en in die ondersteunende teenwoordigheid van ’n volwasse hulpverlener is, sal tot die herstel van die kind bydra (Steele & Raider, 2001:15). Van der Kolk *et al.,* (1996:420) noem die volgende:

> *“Traumatic memories need to become like memories of everyday experience, that is, they need to be modified and transformed by being placed in their proper content and restructured into a meaningful narrative. Thus, in therapy, memory paradoxically becomes an act of creation rather that the static (fixation) recording of event that is characteristic of trauma-based memories”*

Die brein kan van die trauma dissosieer deur van konkrete en gestruktureerde partisie gebruik te maak (Piers, 1996:545). Blom (2006:92) ondersteun hierdie stelling deur te noem dat kinders wat trauma beleef hulself dikwels nie slegs sensories uitsluit nie, maar ook fisies en emosioneel en hulle kan gevolglik nie holisties funksioneer nie. Traumatiese herinneringe moet dus eers bereik of geaktiveer/na vore gebring word voordat dit omgeskakel kan word. Aangesien ’n groot deel van ’n trauma sensories van aard is, sal die sensoriese aard van die sand hiermee behulpsaam wees. Die kapasiteit van die skepping van die begrafnistoneel (soos kuns) om die sensoriese materiaal te tap (byvoorbeeld die limbiese stelsel se sensoriese komponent van die gebeurtenis) maak dit ’n kragtige stuk gereedskap in trauma intervensie (Malchiodi, 2012:21).

Wanneer die kind met die sand werk, plaas dit hom in beheer en gee dit hom ’n geleentheid om op sy manier, ontwikkelingsvlak en tyd soveel van die begrafnis – trauma te herleef soos wat hy wil (Geldard & Geldard, 2008:182). Steele en Raider, (2001:12-15) voer aan dat hierdie geleentheid bemagtigend vir die kind is, veral

aangesien dit aan die kind geleentheid bied om oor die begrafnis te praat of om vrae daaroor te vra.

Blom (2006:93) noem ŉ lang lys van kundiges, soos byvoorbeeld Oaklander (1988), Schoeman en Van der Merwe (1996), Senior en Hopkins (1998), asook Thompson en Rudolph (1996) wat ten gunste is van die gebruik van sand en water om sensoriese bewussyn in die kind te bevorder. Dikwels sal die kind eers net met hul hande in die sand speel en die sensoriese ervaring daarvan geniet.

4.11.5 Sessie 5: Bespreek veranderinge

Een van die ander elemente wat ‘n behoefte van die kind is, is dat veranderinge wat na die dood van ‘n ouer ontstaan en in die toekoms gaan ontstaan, aangespreek moet word (vgl. 4.9.4).

Die navorser het weereens ‘n speletjie ontwerp (vgl. 4.4.10.2) om sodoende op die kind se vlak insette rakende die veranderinge wat in sy lewe plaasgevind het en steeds sal plaasvind na die dood van sy ouer of versorger te lewer.

Daar is vir hierdie speletjie sterk gesteun op die werk wat deur Lehman et al. (2000) gedoen is. Heelwat van die stellings is vanuit die Grief Support Curriculum, wat deur hulle opgestel is, gebruik.

Die dood van ŉ ouer sal veroorsaak dat die kind se lewe onherroeplik verander. Hierdie gebeurtenis sal alle aspekte van die kind se lewe aanraak. Dit is daarom belangrik dat die veranderinge wat ingetree het en nog sal intree, aandag moet geniet. Lehman *et al*.(2000:110) het verskeie “Grief Keys” opgestel waardeur hulle hulp verleen. Een van hierdie sleutels is die identifiseer veranderinge-sleutel (“*identifying changes*”). Van die vrae wat hier gevra word, is:

Watter veranderinge het na die dood plaasgevind?, hoe het ek (die kind) verander?, hoe het my familie en my vriendskappe verander? en hoe het dit by die skool verander?

Hier is dit belangrik dat die onderwerp van verlies ook aandag geniet. Die verlies wat plaasgevind het, sal ook in die toekoms ’n rol speel. Die oorledene sal nie meer saamgaan met vakansie nie, nie teenwoordig wees vir ’n verjaarsdag, Kersfees, skoolfunksies, ensovoorts, nie. ’n “Wat as” speletjie kan gespeel word om vrae te vra. Die “speel”-element sal vir die kind veiligheid verskaf, terwyl die speletjie volmaak by die middelkinderjare ontwikkeling van die kind sal pas. Die teoretiese begronding van die gebruik van speletjies is reeds breedvoerig onder punt 4.11.2 bespreek en sal dus nie hier weer aandag geniet nie.

Die speletjie wat ontwerp is, bestaan uit ‘n aantal stellings wat op papier getik is. Elke stelling het ‘n kolletjie by: blou, geel, groen en oranje. Die stellings word in ‘n dosie geplaas en elkeen (die navorser en die kind) trek vervolgens ‘n stelling wat beantwoord of bespreek moet word. Die een wat eerste vier van elke kleur het, wen. Die stellings is soos volg:

- **Geel:**

Slegte goed gebeur met goeie mense.
Die spesiale persoon is nie meer Kersfees by ons nie.
Ek slaap nou in ’n ander plek en kry nou nagmerries.
Niemand praat meer met mekaar nie.
Wanneer dinge verkeerd gaan, voel dit of ek gestraf word.
Ons eet nou ‘n ander soort kos.
Ek bekommer my dat ek kan doodgaan op dieselfde manier.
Ek kan nie aan die slaap raak nie.
Partykeer maak ek my broek nat.
Partykeer “voel” dit vir my of die dooie persoon by my is. Ek voel sy/haar teenwoordigheid.

Wanneer iemand doodgaan, hou hulle wag oor jou en beskerm hulle jou.
Ons moes trek na die spesiale persoon se dood.

- **Blou:**

Ek kry nie meer drukkies nie.
Ons kry nou minder geld.
Partykeer praat ek met die persoon wat dood is.
Doodgaan is aansteeklik.
My familie het nie meer pret nie.
Niemand praat meer aan tafel nie.
Ek is nou bang vir wit/swart mense.
Ek eet minder kos.
Wanneer ‘n spesiale persoon doodgaan, staan familie/vriende by mekaar en help mekaar.
Ek is nou bang vir die donker.
Partykeer dink ek my spesiale persoon kon sy/haar dood vermy het.

- **Oranje:**

Ek sal weer eendag my spesiale persoon “sien”.
Iemand anders bad my nou.
Alle dinge gebeur met ‘n rede, ook slegte goed.
Ek is nou in die naskool.
Ons eet nie meer so baie uit nie.
Wanneer ‘n spesiale persoon doodgaan, weet hulle die hele tyd wat jy dink en doen.
Ek kyk meer TV.
Die spesiale persoon sit my nie meer in die bed nie.

- **Groen:**

Ek kan hiervan herstel en gesond en gelukkig wees.
Ons speel nie meer as ‘n gesin buite nie.
Ek mis die spesiale persoon met my verjaarsdag.

Die meeste mense wil nie oor die dood praat nie.
Ons eet nie meer by die tafel nie en daar is ‘n leë stoel by die tafel.
Wanneer iemand doodgaan, word iemand gebore om hulle te vervang.
Mense baklei nou meer.
Ons bly meer by die huis.
Ek kan die spesiale persoon nie meer sien nie.

4.11.6 Sessie 6: Maak ‘n herinneringshouer

Na aanleiding van verskeie gesprekke deur die jare met kinders na die dood van ‘n ouer, het navorser gevind dat hulle bang is dat hulle hul geliefde sal vergeet. Die belang van ‘n band behou met die oorledene is ook as raakpunt uit die literatuur uitewys (vgl. 4.9.4) Daarom is die maak van ‘n tasbare objek so belangrik.

Volgens Herbst en De la Porte (2006:40) is die behoefte om herinneringe, nalatenskappe en aandenkings vas te vang so oud soos die wêreld self. Soms word herinneringe in museums geberg, ander word in boeke neergeskryf en ander word van geslag na geslag deur stories oorgelewer. In die Afrika-kultuur word die meeste tradisies deur narratiewe storievertelling oorgedra. Herbst en De La Porte (2006:41) noem dat “Memory work” of herinnerings-werk ’n oorsprong het in Brittanje in die 1990’s onder HIV-geïnfekteerde Afrikane wat daar gewoon het. Die gedagte was om hul geskiedenis en tradisies aan hul kinders na te laat, sodat dit deur hulle lewend gehou kon word nadat die ouers gesterf het.

In Uganda het HIV-positiewe moeders met herinnerings-werk begin deur boeke en houers te gebruik om hulle te help om beter met hul kinders te kommunikeer, om hulle HIV-status bekend te maak en om toekomsbeplanning saam met hul kinders te begin (Morgan, 2004:3). Denis (2002:3) beskryf ’n herinneringshouer soos volg:

> *“ Memory box is a metaphor. But the term also designates a physical object: a box that can be decorated with photos or drawings and contains*

the story of the deceased person as well as various objects pertaining to the history of the family."

In die voorafgaande punt 4.6.3 is genoem dat Silverman *et al*., (1992:499) 'n fase in die rouproses van die kind bygevoeg het: Verhouding met die oorledene. Drie van die aspekte is ook toepaslik vir die maak van herinnerings houers:

1. Die kind sal dikwels met die ouer probeer kommunikeer deur te gesels of briefies te skryf.
2. Die kind sal herinneringe oproep aan tye wat saam spandeer is.
3. Die kind sal die oorledene se teenwoordigheid in sy lewe probeer behou deur artikels of foto's of geskenke bymekaar te maak wat aan die oorledene behoort het of gegee is. (Furman, 1984:195)

Hierdie drie aspekte maak 'n herinneringshouer die ideale metode waardeur die kind 'n verhouding met die oorledene kan voortsit. 'n Bykomende pluspunt is die feit dat die maak van hierdie houer sensories van aard is en dat dit ook weer eens die onbewuste na vore sal bring (Malchiodi, 2012:21). (vgl. 4.10.4.1)

'n Agt-jarige dogtertjie uit die navorser se praktyk het na haar pa se dood gesê dat sy bang was dat sy haar pa sal vergeet. Die maak van 'n herinneringshouer het aan haar die geleentheid gebied om briefies te skryf, foto's van hulle saam, foto's van haar pa alleen en aandenkings van hom daarin te plaas. Dit het haar ook tydens die rouproses gehelp om te huil. Wanneer sy baie na haar pa verlang het, het sy die houer uitgehaal en dan die herinneringe opgeroep en herleef en oor haar pa gehuil. In hierdie opsig het sy ook haar ma gehelp om te rou, want sy het dikwels haar ma ook geroep om saam met haar daardeur te kyk en dan het hulle ook saamgehuil.

4.11.7 Sessie 7: Gee aan die kind hoop

Vanuit die Christelike perspektief is die tema rondom die dood tweeledig: hartseer, maar ook vreugdevol (2 Kor 6:10). Daarom is dit van groot belang om ook aan die kind die hoop van die Ewige Lewe te gee.

Vir Christene moet tye van swaarkry as ’n geleentheid beskou word om te leer en om die ongelooflike krag van God te ontdek, volgens 2 Kor 1:6. Om ’n kind in hierdie proses te begelei, is ’n groot voorreg wat met uiterse versigtigheid en nederigheid hanteer moet word. Randolph (2005:16) beklemtoon die belangrikheid *van daar wees* (in verhouding wees) tydens die rouproses soos volg: *“what meant most to grieving persons were not the words I said, but the fact of my presence with them in their sorrow”*. Kinders word hierdeur gehelp om op hul eie manier teologiese sin te maak en om dan dit wat gebeur het, asook hul eie respons daarop te verstaan (Lester, 1985:49).

In ons gevalle wêreld, waar ons gedurig met die teenwoordigheid van beide lewe en dood gekonfronteer word, is daar twee temas wat na die dood byna parallel in ons harte voorkom: hartseer, maar vreugdevol (2 Kor 6:10). Daar is altyd die helende en vertroostende woorde dat niks ...” nie lewe of dood “... “in staat is om ons te skei van die liefde van God nie” (Rom 8:38-39), wat vertroosting bring (Winter, 1999:375). Om te weet dat God almagtig en in beheer van alles is, verander dikwels die rouproses. God het ’n plan en ’n doel vir alles wat gebeur, ook die groot tragedie van die dood en die daaropvolgende hartseer. Niks verras God nie (Randoph, 2005:17). Elke keer wat iemand doodgaan, herinner dit Christene dat God se werk nog nie voltooi is nie (Tripp, 2005:9). Daar is egter ’n belofte van ’n wonderlike lewe na die dood, waar God elke traan sal afdroog en waar daar nooit weer gehuil sal word nie (Tripp, 2005:12).

As Christene word daar geglo dat Jesus gesterf het en opgestaan het. Dit verskaf ’n hoop wat ander nie het nie (Blore, 1998:30). Die realiteit van die ewige lewe, as ’n geskenk van God, gee aan hartseer Christene, as oorlewendes van trauma en verlies, ’n vertroostende hoop. Dit verskaf ook innerlike sterkte en innerlike berusting dat God in beheer is, al verstaan die mens nie altyd nie (Tripp, 2005:9).

Tydens hierdie sessie word die herinneringshouer klaargemaak en ‘n kruis as konkrete teken van die hoop (Blore, 1998:30; Tripp, 2005:9) wat daar in Jesus

Christus is, versier. Terwyl die kind besig is met die versiering van die kruis, bied dit aan die hulpverlener die geleentheid om enige verdere vrae van die kind te kan beantwoord of enige verdere vraagstukke te kan hanteer.

4.12. SAMEVATTING

Die dood is daagliks ‘n pynlike werklikheid vir vele kinders. In die era waarin ons leef is die dood nie meer ‘n natuurlike verskynsel nie. Die geweldige mediese vooruitgang wat gemaak is, het veroorsaak dat mense langer leef en dat siek mense hospitaal toe gaan om gesond te word of daar te sterf (Kübler-Ross & Kessler, 2005:205).

Wanneer ‘n ouer sterf, is daar baie verskillende emosies, wat op verskillende grade van intensiteit na vore kom, wat hanteer moet word. Die bepaalde ontwikkelingstadium waarin die laerskoolkind homself bevind, die middelkinderjare, speel ‘n baie belangrike rol wanneer daar aan die kind hulp verleen moet word. Volgens Malchiodi (2012:21) en Ferreira en Read (2006:183) is dit belangrik om in gedagte te hou dat kinders nie oor die kognitiewe vermoëns beskik om hul emosies te verstaan, te identifiseer en uit te druk nie. Hul beskik ook nie oor die taalkundige vermoëns om dit te verbaliseer nie.

As dit in ag geneem word dat trauma ook ‘n fisiese effek op die kind se brein het en dat dit probleme rondom die Broca’s area van die brein waar emosies in woorde omgesit word veroorsaak (Van der Kolk, 2003:306), dan skep dit ‘n unieke probleem: as woorde nie gebruik kan word om ‘n kind te help nie, wat kan? Speel bied die unieke oplossing daarvoor, soos onder punt 4.10 beskryf.

Die beskikbare literatuur rakende die kind se behoefte of treur take na die dood van ‘n ouer, het verskeie raakpunte (vgl. 4.9.4). Hierdie raakpunte en die waarde van

speelgebruik om ‘n voorgestelde hulpverleningsmodel wat bestaan uit sewe sessies, saam te stel wat in hoofstuk 5 deur middel van empiriese navorsing getoets sal word.

HOOFSTUK 5: META-TEORIE

EVALUERING VAN DIE EMPIRIESE RESULTATE BETREFFENDE DIE BEGELEIDING VAN DIE GETRAUMATISEERDE LAERSKOOLKIND AS GEVOLG VAN DIE DOOD VAN 'N OUER.

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n uiteensetting van die terapeutiese program wat gevolg is gegee. Volgens Dreyer (1991:229) hou empiriese navorsing verband met die aktiwiteit waarmee mens besig is wanneer jy noukeurig en sistematies te werk gaan om 'n probleem op te los. Empiriese navorsing was noodsaaklik om hierdie program te toets en finaal te ontwikkel om die waarde van hulpverlening aan die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van 'n ouer na te vors .

Barker (2003:406) en Neuman (2006:6) definieer navorsing in die sosiale wetenskappe soos volg:

> *"It involves the study of people's beliefs, behaviour, interaction and institutions in order to test hypotheses, acquire information and solve problems pertaining to human inter-relationships."*

Die empiriese proses wat vir hierdie navorsing gebruik is, word voorts verduidelik. Die data wat uit hierdie empiriese navorsing verkry is, sal geïnterpreteer word om na te gaan of speel 'n verskil aan die rouproses van getraumatiseerde kinders gemaak het.

5.2. DOELWIT VAN DIE EMPIRIESE BEVINDINGE IN DIE KONTEKS VAN DIE NAVORSING

Die navorsingsproses is volledig in hoofstuk 1 bespreek , maar dit is belangrik om weer kortliks daaraan aandag te skenk ten einde die verstaan ten opsigte van die empiriese gegewens en bevindinge wat volg, te vergemaklik.

Die doelwit van hierdie empiriese studie is om op ‘n wetenskaplike manier ondersoek in te stel na die rol en die gebruik van speel tydens die rouproses van kinders wat ‘n ouer aan die dood afgestaan het. Volgens Delport en de Vos (2011:45 - 46) moet daar ‘n balans tussen praktiese probleemoplossende navorsing en teorie-ontwikkelende navorsing gehandhaaf word. Basiese navorsing verskaf ‘n fondament van kennis en verstaan van sosiale probleemsituasies. Van die gevolgtrekkings wat op grond van die navorsing gemaak sal word, sal uiteindelik bydra om n praktykteoretiese model daar te stel wat gebruik kan word om deur middel van pastoraat en speel hulp aan die getraumatiseerde laerskoolkind te verleen. Om hierdie doelwit te bereik moet meta-teorie en basis-teorie geïntegreer word. Die empiriese navorsing dien vervolgens as ‘n toets wat gebruik word om ondersoek in te stel of dit praktiese moontlik is om die twee perspektiewe met mekaar te versoen.

5.3 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Daar is ‘n neiging onder navorsers om elemente van twee benaderings in navorsingsprojekte te kombineer (Bergman, 2008:1). Vir die doel van hierdie studie word die gemengde metode (“*mixed methods*”) van navorsing gevolg. Kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes word in ‘n poging om ‘n meer volledige beeld van die navorsingsprobleem te kry, vermeng (Delport & Fouché, 2011:434). In hierdie studie val die fokus op beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing, aangesien van onderhoude en ‘n meetinstrument gebruik gemaak word. Die sessies met die kinders word onder gevallestudie geklassifiseer, aangesien die effek van ‘n program op die deelnemers getoets word (Fouché & Schurink, 2011:320).

5.3.1 Kwalitatiewe navorsing

Kwalitatiewe navorsing is die paradigma waarbinne ‘n deel van die navorsing uitgevoer word. Die paradigma bied noodwendig nie die antwoorde op die vrae nie, maar dui aan waar om vir die antwoorde te soek (Fouché & Schurink, 2011:322).
Henning (2004:5) gaan verder en definieer kwalitatiewe navorsing soos volg:

> *" ... the term that denotes the type of inquiry in which the qualities, the characteristics or the properties of a phenomenon are examined for better understanding and examination."*

Aangesien die gedagtes, aksies en emosies van deelnemers aan kwalitatiewe navorsing belangrik is, noem Janse van Rensburg (2007:7) kwalitatiewe navorsing 'n kliënt gesentreerde benadering. Juis hierdie eienskap van kwalitatiewe navorsing maak dit die ideale navorsing vir die studie van kinders.

Die navorser word as't ware deel van die respondente se leefwêreld om noukeurig te kan waarneem en hulp te verleen. Die doel van kwalitatiewe navorsing is om by 'n betroubare of egte of oorspronklike verstaan van mense se ervarings uit te kom (Silverman, 2001:13).

In kwalitatiewe navorsing word daar sterk gefokus op wat die respondent as werklikheid ervaar. Die grootste sterkpunt van kwalitatiewe navorsing is die vermoë om te analiseer wat werklik in 'n natuurlike situasie gebeur (Steyn & Lotter, 2006:107).

5.3.2 Gevallestudie

Aangesien kwalitatiewe navorsers hoofsaaklik belangstel in die betekenis wat die mens aan sy lewenservaring toeken, is dit ook nodig om 'n vorm van gevallestudie te gebruik om die aktiwiteite van 'n klein groep mense te ondersoek om sodoende 'n intieme beeld van hul lewens, woorde en aksies te vorm (Fouché & Schurink, 2011:320). Gevallestudie word deur die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:8) as 'n navorsingsmetode vir die vasstelling van die oorsaaklike faktore van bepaalde verskynsels soos dit by individue, gesinne of organisasies voorkom beskryf.

'n Gevallestudie kan gebruik word sodat spesifieke gevalle die vertrekpunt van 'n ondersoek kan wees. Daar kan sodoende insig in die lewe van 'n bepaalde persoon

verkry word en daardeur, spesifiek met betrekking tot hierdie studie, kan die invloed wat speel tydens die pastorale hulpverleningsproses op die kind gehad het, bepaal word. Daarom word hierdie metode vervolgens ook vir die onderhawige studie gebruik. Die hoë syfers rondom HIV asook die hoë misdaadsyfers het die sterftesyfers in Suid-Afrika aansienlik verhoog en het grootliks bygedra tot die navorser se soeke om nuwe maniere te vind om hulp te verleen aan getraumatiseerde kinders bygedra.

Data-insameling is deur middel van ongestruktureerde onderhoudvoering aan die hand van die temas van die voorgestelde program gedoen. Notas is gebruik en dien as ‘n geskrewe weergawe van die dinge wat gehoor, gesien, beleef en gedink is tydens die onderhoude (Babbie, 2007:311).

5.3.3 Kwantitatiewe navorsing

Volgens Kumar (2005:12) het kwantitatiewe navorsing ‘n meer gestruktureerde aanslag, aangesien alles wat deel van die navorsingsproses uitmaak vooraf bepaal is. As ‘n gestruktureerde aanslag is dit meer geskik om die omvang van ‘n probleem vas te stel. Leedy en Ormrod (2005:94 – 97) noem dat ‘n kwantitatiewe studie gewoonlik met die bevestiging al dan nie van die hipoteses wat getoets word eindig. Delport en Roestenburg (2011:171) meld daarom die volgende:

“Quantative data-collection methods often employ measuring instruments.”

5.3.3.1 Gebruik van ‘n meetinstrument

Die navorser wou die effektiwiteit van die hulpverlening aan die kind vir die doel van hierdie studie deur middel van ’n gestandaardiseerde meetinstrument vir kinders probeer meet. Die navorser het met die assessering gewag tot die tweede sessie, om sodoende ‘n beter verhouding met die kind te bou. ***Die gebruik van ’n meetinstrument vorm nie deel van die navorser se model nie.*** Hepworth en Larsen, (1993:36-37) identifiseer die volgende as ’n rede om die proses te monitor: *“To evaluate the effectiveness of change strategies and interventions.*” Hierdie

meetinstrument moes eenvoudig wees, sodat dit maklik verstaanbaar en maklik afneembaar en daardeur ook kindervriendelik is.

Die enigste meetinstrument wat navorser kon opspoor wat aan hierdie kriteria voldoen, is die CFI (Childrens Functioning Inventory of die Kinder Funksioneringsinventaris) wat in 1997 deur dr. Annatjie Faul en mnr. Bertie Hanekom van Perspektief Opleidingskollege ontwikkel is. Hierdie meetinstrument is ’n ekometriese assesering-skaal. Ekometrie is die tegnologie wat dit met die kwantifisering van die mens se plasing binne sy omgewing bemoei en fokus op die manier waarop mense binne hul omgewings aanpas (Van Zyl, 1995:31). Dit dui dus op die persoon se psigo-sosiale funksionering.

Slegs die dele wat betrekking op die kind se belewing van die self, trauma en verhoudings het is afgeneem. Hierdie is faktore wat ‘n rol in die kind se belewing van die dood van ‘n ouer speel. Die hele assessering is baie lank (209 vrae) en sou te veel tyd in beslag neem, sonder dat die resultate van die ander sub-skale noodwendig van waarde vir hierdie studie sou wees.

Daar is nie regte of verkeerde antwoorde nie. Die skale is bloot ontwikkel om op ’n wetenskaplike manier vas te stel of die kliënt probleme in sy daaglikse funksionering ondervind en wat die intensiteit van hierdie probleme is (Faul & Hanekom, 2009:6). Die navorser wou die vlak van die kind se angstigheid, skuldgevoelens, geheueverlies, frustrasie, hulpeloosheid, houding teenoor volwassenes, wantroue, stigma, skoolprobleme en verhouding met die oorblywende ouers vasstel.

5.3.3.2. Gestandaardiseerde skale vir kinderassessering

Die probleme met betrekking tot die standaardisering van kinderassessering kan soos volg opgesom word (Faul & Hanekom, 2009:4):

- Kinders kan dit dalk moeilik vind om die graad van hulle gevoelens en emosies op ’n kategorie partisie skaal aan te toon.

- Kinders mag dit moeilik vind om die vrae te verstaan, hoofsaaklik as gevolg van hul kognitiewe ontwikkeling wat dit vir hulle moeilik maak om taal effektief te benut.
- As gevolg van hul onvermoë om te verstaan dat om ’n probleem te hê nie beteken hulle is abnormaal nie, wil kinders nie graag erken dat iets verkeerd is nie en hulle kan probeer om antwoorde te manipuleer.
- Kinders se begrip van tyd is meer onmiddellik. ’n Probleem vandag is dalk nie ’n probleem môre nie. Dit is dus heeltemal moontlik dat ’n kind mag aantoon dat daar geen probleem is nie, wanneer daar in der waarheid ’n probleem is.

Die CFI is gestandaardiseer vir ’n gerieflikheidsteekproef van 430 laerskoolkinders en 183 hoërskoolkinders. Die betroubaarheid van die verskillende subskale wissel tussen 0.60 en 0.89 en ’n standaardmetingsfout tussen 0.6 en 2. Die resultate is baie goed vir ’n kinderassesseringinstrument met ’n drie punt en ’n vyf punt Likert Skaal gekombineerd met baie kort subskale (Faul & Hanekom, 2009:5).

5.3.3.3 Samestelling van afdelings (Faul & Hanekom, 2009:8 - 10)

Vir die doel van hierdie navorsing, is daar slegs van die subskale wat betrekking kon hê op die kind se belewing van die dood of reaksie op die dood uit drie afdelings, gebruik gemaak:

<u>Afdeling B. Selfpersepsie</u>

Die selfpersepsie van die kind word met 6 konstrukte gemeet: angstigheid, skuldgevoelens, gebrek aan selfwaarde, isolasie, verantwoordelik vir ander en gebrek aan selfgelding. Die navorser het slegs twee daarvan gebruik, naamlik:

- **Angstigheid**

  Hierdie konstruk meet die gevoel van onsekerheid en vrees wat die kind ervaar. Hierdie skaal is baie sensitief vir die spesifieke ontwikkelingsfase waarin die kind hom bevind. Kinders wat trauma beleef en in hierdie ontwikkelingsfase verkeer, sal baie hoë angstigheidsvlakke beleef.

- **Skuldgevoelens**

  ’n Kind wat trauma beleef voel gewoonlik dat hy verantwoordelikheid vir alles wat verkeerd loop in sy lewe moet aanvaar.

Afdeling C. Trauma Dinamika

Elemente wat daarop dui dat die kind trauma ervaar het, word in hierdie afdeling gemeet. Nege konstrukte word in hierdie afdeling gemeet: geheueverlies, frustrasie, hulpeloosheid, houding teenoor volwassenes, wantroue, stigma, liggaamsbeeld, persoonlike grense, alkohol gebruik, dwelmgebruik en skoolprobleme. Die navorser het slegs ses daarvan gebruik, naamlik:

- **Geheueverlies**

  Hierdie konstruk meet probleme wat die kind het om basiese dinge te onthou.

- **Frustrasie**

  Hier word die kind se reaksie teenoor die probleme in homself of in sy omgewing wat hom verhoed om sy doelwitte en begeertes te bereik, ondersoek.

- **Hulpeloosheid**

  Hierdie subskaal meet die gevoelens van die kind met betrekking tot die uitputting van sy hanteringsvaardighede en die hulpeloosheid wat hy mag voel om iets aan sy lewensomstandighede te doen. Die ontwikkelingsfase van die kind kan ‘n rol in hierdie skaal speel. Kinders in ‘n jong ontwikkelingsfase voel gewoonlik meer hulpeloos as kinders in ‘n ouer ontwikkelingsfase, hoofsaaklik omdat hulle beleef dat volwassenes in beheer van hul lewens is en nie hulself nie. As hierdie gevoelens reg hanteer word, lei dit gewoonlik nie tot ernstige probleme nie.

- **Houding teenoor volwassenes**

  Die houding van die kind teenoor volwassenes in die algemeen word deur hierdie konstruk gemeet. Die kind wat trauma beleef waarby volwassenes betrokke is (byvoorbeeld misbruik, egskeiding, ensovoorts) het ’n negatiewe houding teenoor volwassenes en beleef dat hulle volwassenes nie meer kan vertrou nie.

- **Wantroue**

  Hierdie konstruk meet die gebrek aan vertroue wat die kind in ander mense het. Kinders wat trauma beleef, het gewoonlik vertroue in die mense wat hy ken verloor.

- **Skoolprobleme**

  Die probleme wat die kind in die skoolomgewing het, word deur hierdie konstruk gemeet.

Afdeling D. Verhoudings

Aangesien verhoudings so 'n belangrike deel van 'n kind se lewe is, vorm die kwaliteit van die verhoudings waarin 'n kind staan deel van sy persoonlike funksionering. Ses konstrukte word in hierdie afdeling gemeet: verhouding met vriende, verhouding met ma, verhouding met pa, verhouding met stiefma, verhouding met stiefpa en verhouding met familie. Die navorser het egter slegs die verhouding met die oorblywende ouer of versorger gemeet.

- **Verhouding met die ma**

  Hierdie konstruk meet die sterkte van die verhouding wat die kind met sy ma het. 'n Jong kind idealiseer dikwels die verhouding met sy ma. Kinders in die junior fase kan dikwels nie 'n ware prentjie van hul verhouding met hul ma gee nie en hierdie beperking moet in gedagte gehou word.

- **Verhouding met die pa**

  Die sterkte van die kind se verhouding met sy pa word gemeet. In sommige gevalle kan die junior primêre kind ook hierdie verhouding idealiseer, alhoewel dit minder algemeen as die verhouding met die ma is.

5.3.3.4 Samestelling van 'n multidimensionele skaal

Alhoewel die ideaal is om die verskillende items te meng, is dit nie met die kinderskale gedoen nie. Daar is gevind dat meer betroubare resultate verkry word as die items wat oor een konstruk handel, bymekaar bly weens die ontwikkelingsvlak van die kind. Ten einde seker te maak dat die kind nie mislei word nie, word die name van die subskale nie op die vraelys voorsien nie.

Navorser het die assesseringsvrae gelees en die kinders het verbaal gereageer deur Nee (1), Somtyds (2) en Ja (3) te antwoord. Navorser het dit so aangebring op die antwoordblad. Die syfers is dan met die toepaslike program in ‘n rekenaar ingevoer, en ‘n volledige verslag is gegenereer. Die assessering bestaan normaalweg uit 209 vrae, maar navorser het besluit om slegs die dele wat van toepassing is op die kind se reaksie op die dood van ‘n ouer, te gebruik. Dit het die aantal vrae te staan gebring op 74.

5.3.4 Etiese aspekte

Etiese aspekte is veral van belang tydens maatskaplike ondersoeke aangesien inligting nooit ten koste van die persoon bekom mag word nie (Strydom, 2011:115). Etiese aspekte dien ook as riglyn vir die navorser om sy eie optrede te beoordeel. Juis vir hierdie doel is alle sessies met betrekking tot die empiriese navorsing op videoband vasgelê. Toestemming is van die onderwysdepartement, die skoolhoof, sowel as die versorgers verkry vir deelname van die kinders.

In hierdie navorsing is geen kind gedwing om sy tyd of persoonlike inligting aan die navorser te verskaf nie aangesien deelname ten volle vrywillig was, soos deur Ruben en Babbie (2005:17) voorgeskryf. Een van die deelnemers het na die tweede sessie nie kans gesien om voort te gaan nie en is verder van die studie uitgesluit.

Deelnemers aan die navorsing is geensins deur die navorsing benadeel nie. Die doel van die navorsing is aan hulle verduidelik en hulle was baie opgewonde om deel te kan wees daarvan. Skuilname (wat die kinders self gekies het) is gebruik om die identiteit van die deelnemers tydens verslagdoening te beskerm en persoonlike inligting van die deelnemers sal veilig geberg word. Die etiese riglyne van die Noordwes Universiteit is nougeset gevolg.

Sentrering, waar die navorser probeer verseker het om op die ontwikkelingsvlak van die deelnemers te wees, het ook plaasgevind. Strydom (2011:123) meld dat

navorsers eties verplig is om te verseker dat hulle bevoeg en voldoende vaardig is om die voorgestelde navorsing te onderneem. Die bevoegdheid sluit dus ook aan en is van die hoogste belang in die sin dat die kind in ag geneem moet word.

Toestemming is verkry om video opnames van die speelsessies (Strydom, 2011:117) te maak.

5.4 DATA-INSAMELING EN ONTLEDING

Navorser het in hoofstuk 1 uiteengesit dat alle laerskoolkinders wat ouers aan die dood afgestaan het, deel van die universum uitmaak. Drie kinders uit Laerskool Karlienpark en twee wat deur ‘n ander laerskool in Rustenburg na navorser verwys is en dus deel uitgemaak het van navorser se eie praktyk, het aanvanklik deel van die steekproefneming uitgemaak. Een van die kinders van Laerskool Karlienpark het na die tweede sessie onttrek. Hierdie vier gevalle is deel van ‘n lukrake verwysing deur onderwysers van Laerskool Karlienpark en ‘n ander skool in Rustenburg.

Die navorser het by Laerskool Karlienpark van ‘n video-kamera gebruik gemaak om die inligting op ‘n tasbare wyse vir latere gebruik vas te lê, terwyl notas ook geneem is. Wat die kinders wat na die navorser se praktyk verwys is aanbetref, is die sessies deur ‘n kamera wat permanent in navorser se speelkamer is opgeneem. In die speelkamer is daar ook van notas gebruik gemaak.

Die gebruik van die terapeutiese model waarin speel gebruik word om kinders na die dood van ‘n ouer(s) pastoraal te versorg sal aan die hand van vier gevallestudies bespreek word en sal daar na die toepaslike literatuur in die voorafgaande hoofstukke verwys word. Die empiriese data sal onder die volgende punte beskryf word:

- Agtergrondinligting van elke deelnemer.
- Die terapeutiese sessies sal in die vorm van beskrywing weergegee word.

- Die kwalitatiewe bevindinge van die gevallestudies tydens die gebruikmaking van die model sal laastens beskryf word.

5.5 AGTERGRONDINLIGTING VAN DIE DEELNEMERS

5.5.1 Deelnemer 1: Natalie (skuilnaam)

Natalie is ‘n 10-jarige kleurling dogter, woonagtig in Karlienpark. Natalie se huistaal is Afrikaans, maar sy is ook Engels goed magtig. Met die aanvang van die navorsing in Augustus 2011 het sy by haar ouma en haar 5 materne ooms gewoon. Sommige van die ooms het in die huis gewoon en ander in sinkhuisies in die “jaart”. Die ouma was sieklik en daar het op gereelde basis drankmisbruik onder die ooms plaasgevind. Slegs twee van die ooms het werk. Volgens die ouma, wat ‘n Indiër is, is die gesin Christene: “die kind lees Bybel en loop kerk in Karlienpark”, maar behoort nie aan ‘n kerk nie.

Haar pa lewe nog en is weer by ‘n vrou betrokke/getroud en het drie kinders. Hy woon ‘n paar blokke van Natalie af. ‘n Oupa en ‘n oom is reeds voorheen oorlede. Natalie het nog nooit van tevore enige vorm van terapie of berading ontvang nie. Die gebrek aan geldelike middele, sowel as tekort aan hulpverleners, maak dat dit “normaal” is vir die kinders uit Karlienpark om nie berading of terapie te ontvang nie.

Na die vierde sessie is haar ouma oorlede en het sy by die buurvrou, Ant Marie gaan woon. Daar was onderlinge spanning in die familie oor waar sy moes woon. Sommige van die familie wou gehad het sy moet by ‘n tannie in Upington gaan woon, maar ander het geglo dat Ant Marie die aangewese persoon was, aangesien dit die ouma se wens was dat Natalie daar woon na haar dood. ‘n Maatskaplike werker het volgens hulle die reëling bevestig, maar die navorser kon nie vasstel of dit wel so is nie. Sy het egter net ‘n paar weke by Ant Marie gewoon en is toe na ander familie geskuif, nog voordat die plasing by ant Marie amptelik was. Sy het in Desember Upington toe verhuis.

5.5.2 Deelnemer 2: Sam (skuilnaam)

Sam is ‘n 11-jarige Tswana-seun, woonagtig in Thlabane, loopafstand van Karlienpark Laerskool. Sam woon sedert sy pa se dood in 2003 by sy paterne grootouers. Sam se pa is dood aan ‘n aneurisme in die brein wat gebars het. Sam se huistaal is beide Engels en Afrikaans. Hy is ook Tswana magtig. Sy ouma praat met hom Afrikaans, maar hy verkies Engels as voertaal. Sam se drie ooms is in dieselfde huis woonagtig. Een van die ooms se vrou en kind woon ook daar en Sam verwys na die seuntjie as “my baby brother”. Sy oupa werk in Pretoria en sy ouma is ‘n verpleegster by ‘n groot myngroep in Rustenburg. Die gesin behoort aan die Anglikaanse Kerk.

Sam se biologiese ma is weer getroud. Hy beskryf sy ma en stiefpa as Tswanas, maar verwys na homself as “coloured”. Hy het gereelde kontak met sy materne familie. Hy het reeds ‘n ander nabye familielid aan die dood afgestaan. Sam het nog geen vorm van berading of terapie ontvang nie.

Aangesien die taal wat tydens Sam se sessies gebruik is, Engels was, is die beskrywing daarvan in die verhandeling ook in Engels weergegee.

5.5.3 Deelnemer 3: Joe (skuilnaam)

Joe is ‘n 6-jarige blanke seun, woonagtig in Rustenburg. Joe, sy ma en bababoetie van 1 jaar woon by sy materne grootouers in ‘n woonstel na sy pa se dood in Mei 2011. Joe se pa is dood aan ‘n hartaanval in ‘n straat terwyl hulle by sy seun uit ‘n vorige huwelik gekuier het. Hulle het in Junie 2011 Rustenburg toe verhuis. Met die aanvang van die navorsing was Joe se ma werkloos, hulle het ‘n finansiële krisis beleef en was totaal van die grootouers afhanklik. Na die vierde sessie het Joe se ma ‘n tydelike werk gekry en was daar finansiële verligting vir die gesin. Joe se ma het genoem dat sy graag weer op haar eie voete sou wou staan. Joe se huistaal is Afrikaans. Joe se oom is twee weke voor die aanvang van navorsing oorlede. Sy half-suster, asook sy paterne ouma is ook reeds oorlede. Joe se ma het nie oor die

finansiële middele beskik en daar was in die dorp waar hulle vandaan kom, geen persoon wat ‘n laerskoolkind kon begelei of beraad het nie. Joe het dus ook nog geen vorm van terapie of berading ontvang nie.

5.5.4 Deelnemer 4: Gertjie (skuilnaam)

Gertjie is ‘n 7-jarige blanke seun, woonagtig by sy pa en 5-jarige boetie in Rustenburg. Sy ma is in Maart 2010 na ‘n roetine operasie oorlede. Die pa het hul (pa en ma se) besigheid as gevolg van probleme tussen hom en sy skoonouers, verloor. Hulle moes noodgedwonge na Rustenburg verhuis en waar sy pa ‘n nuwe pos aanvaar het. Gertjie is in nasorg geplaas en sy pa gaan haal hom eers teen vier uur by die skool.

Sy paterne ouma is drie weke voor die aanvang van navorsing aan longontsteking oorlede. Gertjie se pa was baie bitter oor sy vrou se dood. Die familie het die dokter wat die operasie uitgevoer het, van nalatigheid beskuldig. Na Gertjie se ma se dood, het sy pa finansiële probleme ondervind as gevolg van die utigawes rakende sy ma se dood en kon Gertjie geen vorm van terapie of berading ontvang nie.

5.6 BESKRYWING VAN DIE TERAPEUTIESE SESSIES

Die doel, doelwitte en aktiwiteite van elke sessie van die pastorale model is volledig in hoofstuk 4 beskryf. Die implementering van hierdie model, soos dit met al vier deelnemers aan die gevallestudies deurloop is, sal deur middel van ‘n beskrywing van die verloop, analisering en evaluering van elke sessie weergegee word. Twee van die kinders (Natalie en Sam) is by Karlienpark Laerskool in ‘n houthuisie gesien en die ander twee (Joe en Gertjie) het na navorser se speelkamer toe gekom. Een van die sessies sal in Engels beskryf word, aangesien die deelnemer se moedertaal Engels is en dit derhalwe die gebruikstaal in die sessie was. Die sessies sal ook aan die hand van die ontwikkelde pastorale model geëvalueer word om vas te stel of die verwagte doelwitte wel deur die aktiwiteite bereik is.

5.7 SESSIE 1: BOU 'N VERHOUDING

5.7.1 Die doel van sessie 1

- Om met die deelnemer kennis te maak. Om met 'n kind 'n verhouding te bou, is dit egter ook nodig om die kind te bevriend en sy maatjie te word (Van der Merwe, 1996: 30).
- Om hom op sy gemak te stel deur op sy vlak en vanuit sy verwysingsraamwerk te werk (Geldard & Geldard, 2008:10 - 16).
- Om inligting deur te gee om sodoende 'n veilige omgewing vir die kind te skep en sekuriteit daardeur te verleen aangesien hy vooraf weet wat gaan gebeur en wat van hom verwag word (Landreth, 2001:247; Geldard & Geldard, 2008:11 - 12).
- Om inligting op 'n nie-bedreigende wyse in te win (Van der Merwe, 1996:81).
- Om dadelik die gesprek rondom die dood te inisieer om sodoende aan te dui dat die hulpverlener anders as ander volwassenes is in die sin dat die hulpverlener nie wegskram om oor die dood te praat nie. Hierdeur word ook toestemming aan die kind verleen dat dit binne hierdie verhouding veilig is om oor die dood te praat (Kübler-Ross & Kessler, 2005:163).

Gedurende die eerste ontmoeting is die fokus van die sessie die bou van 'n terapeutiese verhouding met die deelnemers. Hierdie verhouding dien 'n besondere doel (Geldard & Geldard, 2008:9). Schoeman en Van der Merwe (1996:9) beskryf die verhouding tussen die terapeut en die kind as volg:

> *"The individualisation and attention that the child experiences in therapy is in itself therapeutic even without any other inputs from the therapist".*

5.7.2 Verloop van sessie 1

Die doel van die studie is aan elke deelnemer verduidelik en ook dat hulle navorser behulpsaam sal wees deur hul deelname aan die studie. Hulle is verseker van vertroulikheid en kon hul eie skuilname kies. Die deelnemers is ook in kennis gestel

dat daar digitale opnames van die sessies gemaak gaan word. Elke deelnemer is ook verseker dat hy enige tyd van die proses kon onttrek.

Die deelnemer is gevra om ‘n prentjie van sy familie te teken (met of sonder die persoon wat oorlede is). Terwyl die deelnemer besig was, het navorser agtergrond-inligting verkry deur individuele en ongestruktureerde onderhoudvoering.

Die navorser het haarself aan elke deelnemer bekend gestel deur haar agtergrondinligting te gee, ook haar voor- en afkeure. Die navorser is van mening dat indien daar van die deelnemers verwag word om van hulself te vertel, dit niks minder as reg is dat hulle ook iets van die navorser weet nie. Hierdie standpunt word deur Schoeman en Van der Merwe (1996:30) ondersteun. Hierdeur kan ‘n verhouding gebou word. Die individuele reaksies van die deelnemers word vervolgens aangebied:

5.7.2.1 Natalie

Natalie het baie gemaklik haar storie vertel. Natalie het die volgende van haar pa in herinnering geroep: “Hy het my gesupport toe ek klein was, maar nou gee hy nie om vir my nie”. Hy woon ‘n paar straatblokke van haar af met ‘n nuwe vrou en drie kinders en daar is geen kontak met haar nie. Natalie se ma is in November 2009 oorlede. Die oorsaak van die dood is onbekend, aangesien nóg die ouma nóg een van die ooms ‘n sinvolle en verstaanbare verduideliking kon gee. Sover verstaan kan word was sy siek (moontlik ‘n lugwegaandoening), is kliniek toe en is daar dood (daar bestaan onduidelikheid oor of sy eers huistoe is of nie). Volgens Natalie het haar ma “rocks” in haar keel gehad. Haar ma het Saterdag by ‘n ander oom gaan slaap. Sy het Sondagoggend sleg gevoel. Toe Natalie wakker word, het sy daarnatoe gehardloop. Toe sy by haar ma kom het haar ma kop-onderstebo op die bed gesit en het niemand in die oë gekyk nie. Natalie het weer gaan speel. Toe sy by die huis kom, het haar ouma vir haar gesê dat haar ma oorlede is. Toe val sy op die grond neer en huil. ‘n Maatjie sê dat as sy huil oor haar ma dan sal haar ma

haar kom doodmaak en saamvat. Die navorser het dadelik hierdie wanperspepsie reggestel. Sy en haar ouma slaap op die bank in die sitkamer, want haar ouma wil nie in die kamer slaap nie – sy sê iets jaag haar. Sy vertel hierdie stories terwyl sy besig is om te teken.

Sy het eerste haarself, daarna haar oom Dawid en laaste haar ouma geteken. Aanvanklik het sy genoem dat sy nie weet hoe om ‘n boom te teken nie, maar het dan tog ‘n boom met vrugte in geteken. Natalie het haarself met ‘n groot glimlag op haar gesig geteken.

Figuur 1: Natalie se gesinstekening

5.7.2.2 Sam

Sam was very quiet and reserved and spoke very little. When he spoke, it was quite softly. Sam first said that he did not know what his father died of, but he knew that his father had died in 2003. He then said his father died of a headache. The researcher explained what his grandmother had said about how his father had died. He just accepted it, as if he had known all along.

Sam said that he lived in Thlabane with his little baby brother, his three uncles, grandmother and grandfather. He said that his little by brother was sometimes naughty and would eat sand and take his stuff. He enjoyed being part of a big family as you always get to go somewhere with someone. He did see his biological mother quite often. She lived in an extension of Thlabane, not to far away. She had married/was in a relationship with a "stepfather", but had no other children. She came to pick him up in her car over weekends.

He drew his baby brother, his mother, himself, his three uncles and two cousins and a tree. He later added in his sister.

Figuur 2: Sam se gesinstekening

5.7.2.3 Joe

Joe het genoem dat sy halfsussie, sy ouma en sy oom al dood is. Sy oom is die week van tevore dood. Joe het geen ongemak of emosies getoon toe hy bogenoemde stellings gemaak het nie.

Joe teken eerste vir sy kleinboetie (klein) en dan homself. Hy voeg ‘n basislyn met gras by, dan wolke en dan ook ‘n boom met vrugte in. Laastens (met baie aanmoediging) teken hy sy ma. Hy skryf sy naam bo-aan en gebruik ‘n ander kleur vir elke letter. Die naam is toegemaak om sy identiteit te beskerm.

Joe is baie stil en onseker. Hy gee negatiewe selfboodskappe soos “ek kan nie ‘n boom teken nie” aan homself deur.

Figuur 3: Joe se gesinstekening

5.7.2.4 Gertjie

Terwyl Gertjie besig is om te teken vertel hy die volgende:

- Sy ma is dood omdat die een dokter die ander dokter gestamp het.
- Hy glo almal wat siek is gaan dood.
- Hy sê net wanneer daar bloed uit ‘n mens se neus en mond uitkom, gaan jy dood.

Hy teken eers sy kleinboetie, dan sy pa, dan ‘n boom en laastens vir homself. Daar

is geen detail of addisionele kleur in die prentjie nie. Hy wil dit self teen die muur opsit. Gertjie en Joe het in navorser se speelkamer hul prente teen die muur gesit.



Figuur 4: Gertjie se gesinstekening

5.7.3 Evaluering van sessie 1

Tydens die eerste sessie was die primêre fokus die bou van ‘n verhouding tussen die navorser en die deelnemers. Al die kinders was aanvanklik gespanne en het min gepraat. Die navorser het saam met al die deelnemers op die mat in die onderskeie vertrekke gesit en sodoende op gelyke vlak tot hul wêreld toegetree. Hierdie gebaar het hulle duidelik meer op hul gemak gestel. Die doel om kennis te maak en die deelnemers op hul gemak te stel, is met al die deelnemers bereik.

Die navorser het verduidelik wat die doel van die navorsing is en dat hulle deel sou vorm daarvan en uiteindelik ander kinders sou kon help. Inligting oor wat die proses vorentoe sou inhou, het almal meer ontspanne gelaat.

Tydens hierdie sessie was een van die doelwitte die inwin van inligting op ‘n nie-bedreigende manier. ‘n Verdere doelwit was om ‘n gesprek rondom die dood te inisieër. Hierdie doelwitte is ten volle bereik, deurdat elkeen van die deelnemers spontaan en sonder enige ooglopende ongemak hul stories met die navorser gedeel het.

Alhoewel die identifisering en regstel van wanpersepsies nie die doel van die eerste sessie was nie, het van die deelnemers reeds hier hul wanpersepsies met die navorser gedeel:

- Natalie is deur maats vertel dat as jy huil, dooie mense jou sal kom doodmaak en saamvat.
- Sam het gedink dat sy pa dood is van ‘n hoofpyn.
- Gertjie het gedink dat sy ma dood is omdat die een dokter die ander dokter gestamp het, dat almal wat siek is doodgaan en dat wanneer daar bloed uit ‘n mens se neus en mond uitkom, jy doodgaan.

Tydens hierdie sessie kon die wanpersepsies wat genoem is, reeds reggestel word en kon die spanning waaronder die kinders as gevolg hiervan verkeer het, verlig word. Die navorser het onder die indruk gekom dat die kinders dit vreemd gevind het dat ‘n volwassene op hulle vlak met hulle omgaan en dat hulle onbekend daarmee is.

Ter inligting moet gemeld word dat toe die vorms aan die onderwysers uitgedeel is om in te vul, kon Sam se onderwyseres hom nie plaas nie en moes navorser hom aan haar gaan uitwys. Sy het genoem dat sy niks van hom weet nie aangesien hy altyd doodstil in die klas is en nie deelneem nie. Die feit dat Sam so optree bevestig navorser se waarneming van sy teruggetrokkenheid.

5.8 SESSIE 2: UITBOU VAN DIE VERHOUDING, UITRUIL VAN INLIGTING

Voordat die navorser die self-ontwerpte speletjie met elk van die deelnemers hanteer het is daar van Perspektief Opleidingskollege se Child Functioning Inventory, Senior Primary gebruik gemaak om elkeen te assesseer.

Twee van die drie afdelings (selfpersepsie en trauma) wat gemeet is, is negatiewe subskale. ‘n Totaal van meer as 40% toon ‘n behoefte vir verbetering aan. ‘n Totaal van tussen 36% - 40% dien as ‘n waarskuwing dat aandag aan hierdie aspek gegee moet word en ‘n totaal van minder as 36% is in die aanbevole gebied.

Die laaste afdeling (verhoudings) is ‘n positiewe subskaal. ‘n Totaal van minder as 60% toon ‘n behoefte vir verbetering aan. ‘n Totaal tussen 60% - 64% dien as ‘n waarskuwing dat aandag nodig is en ‘n totaal van meer as 64% is in die aanbevole gebied. Die uitkoms van die meting word vervolgens in tabelvorm aangebied.

5.8.1 Resultate van Perspektief se assesseringskaal

TABEL 5.1: CFI-SNR PRIMARY (Children's Functioning Inventory –Senior Primary)

	Natalie	**Sam**	**Joe**	**Gert**
Selfpersepsie:				
Angstigheid	68	43	0	43
Skuldgevoelens	50	16	5	22
Trauma:				
Geheueverlies	25	12	12	25
Frustrasie	7	0	14	21
Hulpeloosheid	50	25	31	62
Houding teenoor volwassenes	0	5	11	22
Wantroue	55	20	10	40
Skoolprobleme	7	0	0	7
Verhoudings:				
Pa				75
Ma		87	93	
Ouma	93			

Onder selfpersepsie is twee konstrukte, naamlik angstigheid en skuldgevoelens geassesseer. Die resultate was soos volg:

- Die assessering het aangedui dat drie van die kinders – Natalie, Sam en Gert se angstigheidsvlakke hoër as die aanvaarde norm was. Natalie se angstigheidsvlakke was die hoogste. Joe het geen angstigheid beleef nie, wat volgens die toets sou kon aandui dat Joe nie in kontak met sy emosies is nie.
- Drie van die kinders (Sam, Joe en Gertjie) se skuldgevoel-vlakke was normaal, maar dié van Natalie (50) was hoër as die aanvaarde norm. Dit het aan navorser 'n aanduiding gegee dat Natalie moontlik skuldig voel rakende

die dood van haar ma en dat die navorser hierdie skuldgevoelens moet ondersoek ten einde hulp aan Natalie te verleen.

Onder trauma is 6 konstrukte gemeet, naamlik geheueverlies, frustrasie, hulpeloosheid, houding teenoor volwassenes, wantroue en skoolprobleme. Die resultate was soos volg:

- Al die kinders het normale vlakke van geheueverlies en frustrasie getoon. Twee van die kinders (Sam en Joe) se hulpeloosheidsvlakke was normaal, maar dié van Natalie en Gertjie was hoër as aanbeveel. Dit het aan die navorser ‘n aanduiding gegee dat Natalie en Gertjie gevoelens van hulpeloosheid beleef het tydens die dood van hul onderskeie ouers, terwyl hierdie gevoelens tans voortduur.
- Dit het geblyk asof al die kinders ‘n positiewe houding met die volwassenes in hul lewens beleef het.
- Natalie en Gertjie het ‘n hoër telling met wantroue (van mense in hul lewens) gewys as Sam en Joe.
- Volgens die toets ervaar nie een van die deelnemers abnormale probleme by die skool nie.
- Onder verhoudings is die kind se verhouding met óf sy pa óf sy ma óf sy primêre versorger gemeet. Al die kinders beleef normale verhoudings met hul primêre versorgers.

5.8.2 Die doel van sessie 2

- Om die verhouding tussen die hulpverlener en die deelnemer verder uit te bou en te versterk (Geldard & Geldard, 2008:50).
- Om verdere inligting in te win op ‘n nie-bedreigende en genotvolle manier (Schoeman, 2004:92).
- Om die kind te help om sy respons op die aard van die vrae te ondersoek en daardeur van sy sterk- en swakpunte bewus te word (Geldard & Geldard, 2008:237).

- Deur die speletjie en die trauma-spesifieke vrae wat gevra word, word die kind gehelp om sy trauma in ‘n storie te omskep (Steele & Raider, 2001:12).
- Om enige wanpersepsies te identifiseer en reg te stel (Kübler-Ross &Kessler, 2005:160).

Om ‘n geleentheid te skep vir die kind om meer oor die dood te leer.

Tydens hierdie sessie word daar van ‘n selfontwerpte speletjie gebruik gemaak. Aangesien die laerskoolkind van speletjies en reëlgebonde spel hou (Louw & Louw,



Figuur 5: Speletjie 1

2007:239-260, Schaeffer & Reid, 1986:2) is hierdie ‘n goeie medium om te gebruik om inligting van die kind rondom voorveronderstellings en fisiese simptome, asook wat die kind rondom die dood glo, in te win. Dit is noodsaaklik dat regstellings plaasvind indien die kind vreemde persepsies het (Wass & Corr, 1991:193 en Kübler-Ross & Kessler, 2005:160).

Vraag 1 is verpligtend vir navorser en deelnemer. Aangesien hierdie studie vanuit ’n Christelike paradigma geskied, is dit uiters belangrik dat daar kennis geneem word van wat die kind glo en of die kind oor enige kennis rakende Christenskap beskik. Die dobbelsteen word gerol en die merker word die regte hoeveelheid aangeskuif. Die nommer waarop die merker land, moet beantwoord word. Die persoon wat eerste by die laaste vraag kom, is die wenner. Die wenner wen iets kleins. Die vrae is soos volg:

1. Ken jy vir Jesus en wat weet jy van Hom?
2. Wat is die snaaksste ding wat al ooit met/in jou familie gebeur het?
3. Wat laat mense doodgaan?
4. Is jy bang dat ander mense vir wie jy lief is, sal doodgaan?
5. Wat maak jou bang?
6. Het jy ‘n troeteldier en wat is sy naam?
7. Wat/hoe speel jy en jou maats?
8. Het jy al ooit gehuil? Waar en wanneer?
9. Wat doen jy en jou (oorlewende) ouer wat lekker is?
10. Kan jy keer dat iemand doodgaan?
11. Wat is jou beste maat se naam?
12. Wat is jou grootste droom/wens?
13. Waar is die hemel en hoe is dit daar?
14. Het jy ander familie?
15. Vertel vir my iets wat jy van jou pa of ma kan onthou?
16. Kry jy soms hoofpyn of maagpyn of is jy soms naar?
17. Praat jy ooit met iemand oor jou hartseer of verlange?
18. Wat mis jy die meeste van jou ma of pa?
19. Wat is vir jou nou nog lekker?
20. Vertel my van ‘n vakansie waar julle almal saam was?
21. Slaap jy lekker in die aand of kry jy soms nagmerries?
22. Dink jy jou pa of ma kon keer of dit verhelp om nie dood te gaan nie?
23. Glo jy dat jy eendag weer jou pa of ma sal sien?
24. Wat sou jy nog graag vir jou pa of ma wou sê?

5.8.3 Verloop van sessie 2

Die navorser het die speletjie uitgehaal en die reëls daarvan aan die deelnemers verduidelik. Elke deelnemer is genooi om saam te speel.

5.8.3.1 Natalie

Natalie beantwoord haar vrae en ook uit haar eie, die navorser se vrae. Sy antwoord soos volg op die vrae:

1. Sy ken vir Jesus, maar is onseker oor wat sy van Hom af weet.
5. Sy is bang vir spoke, die duiwel, donkerte en dooie mense. Dooie mense kan jou in jou slaap wegdra en ver weg neersit en hulle maak ook soms mense seer. Sy is ook bang vir slange, krokodille, olifante en bere.
3. Dit wat mense laat doodgaan is kanker, asma, iets in 'n mens se keel, "*accidents*" en "*crime".*
11. Haar beste maat se naam is Maurika.
12. Haar grootste wens is dat sy 'n "*phone*" kan kry.
15. Wat sy kan onthou van haar ma is dat sy baie gedoen het vir haar (Natalie) en ouma. As daar nie kos in die huis was nie, het sy 'n plan gemaak. As sy vir haarself iets gekoop het, het sy ook vir Natalie iets gekoop.
16. Sy het elke oggend hoofpyn. Sy kry soms maagpyn – veral as sy net daar sit. Sy word net naar as sy in 'n kar ry – karsiek.
13. Sy dink dis lekker in die hemel. Die hemel is daar bo iewers.
20. Haar beste vakansie was toe hulle by Hartebeespoortdam was. Hulle het daar gebraai en geswem en soms bier gedrink. Sy en haar nefie het roomys gekry en sy het alleen biltong gekry.
17. Sy vertel soms vir niemand as sy hartseer is nie, maar soms vir ouma.
21. Sy slaap baie lekker in die aande.
23. Sy glo sy sal haar ma weer sien. Sy weet net nie of haar ma haar sal kan onthou nie.
24. Sy sou graag vir haar ma sou sê dat sy lief is vir haar en dat sy haar nie sal vergeet nie.

5.8.3.2 Sam

1. Sam says that he knows about Jesus. Jesus cares for poor people and orphans.
5. He is afraid of scorpions, snakes, lightning and the dark. He sees scary stuff in the dark.
3. Cancer and accidents cause people to die.
10. You can not stop (prevent) people from dying, but you can help if someone is sick.
11. His best friend is Rethabile.
13. Heaven is up and there are lots of angels in heaven.
15. He remembers the good times with his dad when his dad took Sam with him on the taxi. His father was rich.
18. He misses having a dad a lot.
16. He sometimes has headaches, stomach pains and sometimes feels dizzy.
2. The funniest thing is that his baby brother hit him over the head with a bottle.
4. He is afraid that other people he loves may die, but they are still young.
9. His mom takes him to visit his grandmother and he enjoys that.
12. His biggest wish is for his dad to come back to earth.
17. He sometimes talks to a friend and his neighbours about his sadness.
19. He enjoys jumping on a trampoline.
20. His best holiday was when his grandmother and the rest of the family went to Durban and he went along.

5.8.3.3 Joe

2. Joe noem dat hy niks van Jesus af weet nie.
5. Hy noem dat hy eintlik vir niks bang is nie, maar sê later dat hy bang is die see loop oor.
4. Hy is bang dat sy ma kan doodgaan.
12. Joe wil baie graag ‘n regte BB-gun hê. Hy wil daarmee jag.
11. Sy beste maat se naam is Kyle.

15. Hy kan onthou dat hy saam met sy pa gaan jag het. Sy pa het hom ook saamgevat en om die plaas gery en saam met hom bal geskop.
16. Hy kry baie hoofpyn en party kere maagpyn en naarheid.
17. Hy praat met niemand oor sy hartseer nie.
14. Hy het nog ander familie.
19. Lekkergoed en om te speel is vir hom lekker.
18. Hy mis dit dat sy pa hom in die bed sit.
20. Hulle het nooit saam met vakansie gegaan nie.
22. Hy dink sy pa sou graag by hom wou gebly het as sy pa sou kon kies.
23. Hy glo hy sal sy pa weer eendag in die hemel sien, want almal kan gaan.

5.8.3.4 Gertjie

1. Hy ken vir Jesus, want die skool leer mens van Hom.
2. Die snaaksste ding is toe Dewald (sy broer) in die dam geval het.
3. Krokodille, bere, leeue (sic), siekte en karongelukke laat mense doodgaan.
7. Hy en sy vriende speel graag "*flush the toilet*".
9. Hy en sy pa gaan drink saam 'n "*milkshake*" en dis vir hom lekker.
12. Hy wens die hele plek is vol jellie.
8. Hy het al gehuil oor 'n speelding en oor sy ma en ouma wat dood is – dis nie lekker om te huil nie.
13. Die hemel is bo en lyk mooi. Jesus is daar.
11. Hy speel liewers alleen, want dan kan niemand jou seermaak nie.
15. Sy ma was baie vriendelik. Sy het hulle graag gedruk. Sy het hulle geneem om te gaan "*milkshake*" drink by die Wimpy.
14. Sy ander familie is sy pa en pa se sussie en sy nefie Henko. Hy mis sy (materne) oupa en ouma.
18. Hy mis alles van sy ma.
17. Hy praat met sy pa en met sy boetie, maar sy pa wil nie hê dat hy hartseer moet wees nie.
23. Hy sal sy ma weer in die hemel sien. Hy sal graag vir haar wou sê dat hy lief is vir haar.

5.8.4 Evaluering van sessie 2

Die doel om die verhouding uit te bou en te versterk is met elkeen van die deelnemers bereik. Elkeen het die sessie baie geniet en was baie meer gemaklik in hul omgaan met die navorser. Sam het reeds in hierdie sessie bietjie harder begin praat en meer geredelik oogkontak gemaak.

'n Tweede doel was om meer inligting te kry en veral op die fisiese simptome van belang te let. Die deelnemers het soos volg gereageer:

- Natalie het genoem dat sy hoofpyn en maagpyn kry en dat sy vir niemand van haar hartseer vertel nie. Sy vertel net soms vir haar ouma.
- Sam mentioned that he sees scary stuff in the dark and therefore does not sleep well. He is also afraid that other people he loves may die. He suffers from headaches, stomach aches and is sometimes dizzy. He talks to a friend or his neighbours when he feels sad.
- Joe was bang dat die see sal oorloop en dat sy ma mag doodgaan. Hy het ook fisiese simptome van hoofpyn, maagpyn en naarheid. Hy praat met niemand oor sy hartseer nie. Interessant is dat Joe genoem het dat hy niks van Jesus weet nie, maar hy het tog geglo dat hy sy pa weer eendag in die hemel sal sien.
- Gertjie het genoem dat dit nie lekker is om te huil nie. Hy praat soms met sy pa en sy boetie, maar sy pa wil nie hê hy moet hartseer wees nie.

Die derde doel was om wanpersepsies te identifiseer en reg te stel. Hierdie doel is ook bereik. Slegs een deelnemer het die volgende wanpersepsies openbaar:

- Natalie het weer genoem dat dooie mense jou kan kom wegdra in die nag. Weereens kon dit reggestel word.

Die vrae wat gevra is, het die deelnemers gehelp om hul trauma in 'n storie te omskep deur aan hulle die geleentheid te bied om daaroor te praat. Uit die response het die speletjie in daardie doel geslaag.

'n Geleentheid is ook vir die deelnemers geskep om meer van die dood te leer, aangesien hulle enige vrae daaroor kon vra. Spesifieke vrae oor die dood is ook gevra:

Vraag 3: Wat laat mense doodgaan?

- Natalie het genoem dat kanker, asma, iets in mens se keel, "accidents" en "crime" mense laat doodgaan.
- Sam said that cancer and accidents cause people to die.
- Gertjie het genoem dat krokodille, bere, leeue (sic), siekte en karongelukke mense laat doodgaan.

Vraag 4: Is jy bang dat ander mense vir wie jy lief is, sal doodgaan?

- Joe het geantwoord dat hy bang is dat sy ma kan doodgaan.
- Sam was afraid that other people he loves, may die, but they are still young.

Vraag 10: Kan jy keer dat iemand doodgaan?

- Sam said that you can not stop (prevent) people from dying, but you can help if someone is sick.

Vraag 13: Waar is die hemel en hoe is dit daar?

- Natalie se antwoord was dat die hemel daar bo iewers is. Sy dink dit is lekker in die hemel.
- Sam said that heaven is up and there are lots of angels in heaven.
- Gertjie het geantwoord dat die hemel bo is en mooi lyk. Jesus is daar.

Vraag 22: Dink jy jou pa of ma kon keer of verhelp om nie dood te gaan nie?

Niemand het op hierdie vraag geland nie en dit is dus nie beantwoord nie.

Vraag 23: Glo jy dat jy eendag weer jou pa of ma sal sien?

- Joe se antwoord was dat hy glo dat hy sy pa weer eendag in die hemel sal sien, want almal kan gaan.

- Gertjie se antwoord was dat hy sy ma weer in die hemel sal sien. Hy sal graag vir haar wou sê dat hy lief is vir haar.

Hierdie vrae het aan navorser die geleentheid gebied om uit te vind wat die deelnemers oor die dood, die hemel, ensovoorts dink. Dit het ook aan die deelnemers die geleentheid gebied om hul vrese met navorser te deel: Joe was byvoorbeeld bang dat sy ma sou doodgaan en Sam was bang dat ander mense vir wie hy lief is, sal doodgaan. Vrese wat gedeel word, het minder krag.

5.9 SESSIE 3: HULP MET LEWENSSTORMS EN EMOSIES

Die basis vir hierdie tegniek is uit Divorce Care for Kids verkry (Jacobs, 2005:2 - 6). Die navorser het die waarde van die gebruik van die storie besef en die tegniek ontwikkel. Die navorser is van mening dat die byvoeg van die ondersoek van emosies by die storielyn inpas, aangesien God die mens ook met emosies geskep het. Die storie van Jesus wat die storm stilmaak in Mark 4:35 - 41, is gelees. Die storie is gedramatiseer aan elkeen van die deelnemers verduidelik. ‘n Bietjie agtergrond oor die Bybelse tyd en gebruike is deurgegee. Daar is aan die deelnemer verduidelik dat daar net soos natuurstorms ook storms in ‘n mens se hart is.

5.9.1 Die doel van sessie 3

- Dat elke deelnemer besef dat die dood soos ‘n groot storm in die mens se lewe is.
- Om die kind die geleentheid te gee om sy storie/trauma te teken (Steele & Raider, 2001:12).
- Om die kind die geleentheid te gee om sy storie te verbaliseer (Malchiodi, 2001:23).
- Om aan die kind die geleentheid te gee om van passiewe hulpeloosheid na aktiewe beheer in sy storie aan te beweeg deur die storie te internaliseer (Steele & Raider, 2001:12).

- Om die kind bewus te maak van emosies wat ervaar kan word, veral deur hul eie angstigheid of vrese te herken deur met van die karakters in die storie te identifiseer (Geldard & Geldard, 2008:214, Gunn & Fewell, 1993:47, Sweeney, 1997:121).
- Om die kind in kontak met sy emosies wat hy ervaar het en/of steeds ervaar na die verlies van sy ouer te bring (Sisemore, 2003:120).
- Om die kind te lei om die emosies te erken of te herken (Winter, 1999: 368-371).

5.9.2 Verloop van sessie 3

Elke deelnemer is gevra om die storm te teken wat hy tydens sy ouer se dood ervaar het. Nadat die kind die storm-tekening voltooi het, gesels hy en navorser daaroor. Een van die vrae wat navorser spesifiek vra is waar die kind dink Jesus tydens sy storm was. Elke kind teken dan Jesus se teenwoordigheid op sy prentjie in.

Hierna word die prentjie omgedraai. Die navorser verduidelik vervolgens dat dit normaal is om na iemand se dood ‘n klomp emosies te beleef. Van die algemeenste emosies is: kwaad, bang, hartseer, bly, hulpeloos en deurmekaar. Die deelnemer word gevra om ‘n kleur te kies wat elke emosie vir hom verteenwoordig. Die kind word verder gevra om met die spesifieke kleur te wys hoeveel van die emosie hy beleef het. Die deelnemer kies ook self hoeveel emosies hy beleef het tydens sy storm. Die doel hiervan is slegs om die kind van die emosie(s) bewus te maak en om ‘n geleentheid te skep om daaroor te praat. Die doel van die kleure is dus slegs bewusmaking by die kind.

5.9.2.1 Natalie

Die navorser het vir Natalie gevra om haar storm na haar ma se dood te teken. Die indruk wat die navorser gekry het toe Natalie die opdrag gegee is, is dat sy verbouereerd voorkom. Terwyl sy besig was om te teken, vertel sy dat haar ouma aan die einde van die jaar moontlik Upington toe gaan en dat sy dan by haar oom en tannie moet gaan bly totdat ouma terug is. Sy was ook ontsteld aangesien die

tannie langsaan besig was met die "*welfare*". Blykbaar was die tannie bekommerd oor haar ouma wat siek is en dat daar nie goed na Natalie omgesien word nie. Natalie het byvoorbeeld sommige aande vir die gesin gekook.

Sy het haarself geteken as 'n glimlaggende dogtertjie wat onder wolke staan en dit het oor haar gereën. Daar val slegs reën oor 'n gedeelte van die tekening. Sy praat nie baie oor haar tekening nie.

Figuur 6: Natalie se storm

Die tekening is vervolgens omgedraai en sy kon kleure kies wat haar aan die volgende emosies laat dink het:
Kwaad, bang, hartseer, bly, deurmekaar. Sy is gevra om dan die bladsy in dele in te deel om te simboliseer hoeveel sy van watter emosie gevoel het. Natalie het slegs drie emosies erken en ingekleur: hartseer, bang en kwaad. Sy het amper die helfte van die bladsy gebruik. Hartseer was pienk en 'n groot deel, bang was swart en byna net soveel soos hartseer. Daar was 'n klein deeltjie wat bruin was wat kwaad gesimboliseer het. Sy het emosies soos volg geverbaliseer:

- Hartseer (Pienk): Dat haar ma dood is en haar ouma siek is.
- Bang (Swart): Sy is bang om alleen te wees en dat sy elke dag geslaan sal word.
- Kwaad (Bruin): Sy is kwaad omdat hulle vir haar gejok het toe hulle gesê het haar ma is in die hospitaal.
- Bly (Sy kies nie 'n kleur vir bly nie): Sy is bly omdat sy in die huis kon bly, maar sy voel tog deurmekaar ook.

Waar was Jesus in haar storm? Sy het rooi gekies vir Jesus se kleur. Hy was in die wolke, maar ook by haar.



Figuur 7: Natalie se emosies

5.9.2.2 Sam

Sam drew himself rather small on the page and added bolts of lightning and raindrops that covered nearly the entire page. The face that he drew was a sad face. He also added a blowing wind to the drawing.



Figuur 8: Sam se storm

On the other side of the page he chose colours to symbolize specific emotions and then used the page to show how much he felt of each emotion. He chose six emotions: Sad, helpless, mixed-up, angry, afraid and happy. Sam felt that it was not allright to talk about emotions. Researcher explained that emotions were felt by all people. He then said that it was not allright to feel sad, afraid, mixed-up, helpless and angry all the time – only some of the time. During the early stages of talking about the emotions, he seemed very uneasy and moved around a lot. Sam has a very inquisitive nature. He also thinks about things – he does not just accept answers at face value. Sam chose the emotions that he had experienced and the following colours to express emotions:

- Sad (brown): He drew a smallish sized figure with a strange look on his face. It made him sad that his father was dead, when people hit him, when people swear, and when he remembers about his father.
- Helpless (purple): He scribbled on a medium sized portion of the page. He always feels helpless when there are no people with him.

- Mixed-up (red): He scribbled nearly the same portion as helpless. He feels mixed-up when he wants to lend something from others and they don't want to give it to him.
- Angry (Pink): About half the size of the other two emotions. He gets angry when his brother doesn't want to give him the phone or doesn't want to play with him.
- Afraid (green): The same size as angry. He is afraid of the dark and of dying.

He is also afraid of Satan, who will come and control a person. His friends have told him that Satan can do that. The researcher asked if he knew what the Bible said about that and told him that the Bible says that all people always have a choice to obey Satan or not . He said that Jesus is like light, but Satan is dark – purple – and puts bad thoughts in our minds.

He said that God is also Jesus, but how is that possible? The researcher tried to explain the Holy Trinity, using a candle as an example. A candle consists of the wax, the wick and the flame, but people refer to it as a candle. In the same way there is a Father, a son Jesus and the Holy Spirit, who people call God. As the researcher was explaining that a father takes care of his children, and gives them food, Sam said that he had a dream about heaven. He saw kids in heaven. There was a big party and there was even a DJ. He saw his father there and he was smiling.

Sam then mentioned that he had heard that worms eat you after you were dead and wanted to know if it was true. The researcher had to ask if he had ever seen a dead animal and he replied that he had seen a dead rat. Did the rat breathe or could it move? Did it seem to him that the rat felt anything? He replied: "No." The researcher explained that in the same way a person can't feel anything after he had died, so whatever happened after death did not bother a person at all.

Sam had also heard that people are sometimes buried alive and wake up in a coffin. The researcher reassured Sam that a doctor has to make very sure that a person was dead before he was buried.

- Happy (yellow): The smallest amount of squiggles. He mentioned during the session that he likes to go to his father's grave. His grandmother and his uncles sometimes take him to go and visit his father's grave on Sundays. He sometimes takes flowers.



Figuur 9: Sam se emosies

The researcher asked Sam to turn the page back over and to draw where he thought Jesus was during his storm. Jesus was in white and Sam drew Jesus in right next to him. He feels that Jesus can help heal your heart and that He has helped Sam.

5.9.2.3 Joe

Joe het vertel dat hy bang is as daar storms is. Hy slaap dan by sy ma. Hy noem dat dit ‘n groot storm was toe sy pa dood is, ook toe sy sussie en sy oom dood is. Joe het homself met ‘n halwe lyf onderaan die bladsy geteken met ‘n groot hartseer mond met ses wolke bokant hom. Hy het baie lank geneem om te besluit hoe om sy mond te teken. Daar val reën in strepe uit die wolke tot by hom. Hy het nie arms of hande nie.

Figuur 10: Joe se storm

Die navorser het aan Joe gevra om emosies te kies wat hy ervaar het nadat sy pa dood is. Joe kies vyf emosies: Kwaad, bang, hartseer, hulpeloos en deurmekaar.

- Kwaad (rooi): Hy trek ‘n lyn oor ‘n deel van die bladsy en sê hy is sommer baie kwaad omdat hy nie meer ‘n pa het nie.
- Bang (oranje): Dieselfde hoeveelheid as die kwaad, hy is ook baie bang. Hy is bang in die aande en hy is bang die see loop oor (Tsunami).
- Hartseer (blou): Hy is baie hartseer. Die hoeveelheid is dubbel dié van kwaad en bang. Hy is hartseer omdat sy pa dood is en omdat hy hom mis.

- Hulpeloos (geel): Die grootste deel van die bladsy (byna die helfte) is as hulpeloos gemerk. Hy noem egter dat hy nie hulpeloos voel nie.
- Deurmekaar (pers): Slegs ‘n dun strepie pers wys hoe deurmekaar hy soms voel.
- Bly (groen): Hy is bly oor niks.

Die navorser vra of dit reg is dat mens emosies beleef. Hy sê nee dis nie reg nie. Die navorser vra of hy dink dat Jesus ooit bang was. Hy dink nie dat Jesus ook bang gevoel het nie. Die navorser verduidelik dat die Bybel vertel hoe bang Jesus was die aand voordat Hy gekruisig is. Die Bybel sê dat Jesus in doodsangs geraak het en dat Sy sweet soos bloeddruppels geword het (Luk 22:43) en dat Jesus ook gehuil het toe Sy vriend Lasarus dood is (Joh 11:35). Joe het net instemmend geknik, toe navorser vra of hy nou verstaan dat as Jesus kon huil, dit ook reg is dat ons kan huil.

Joe is vervolgens gevra om ‘n kleur vir Jesus te kies en om aan te dui waar Jesus tydens sy storm was. Hy sê dat Jesus in sy hart was, maar hy weet nie hoe om vir Jesus daar in te teken nie. Die navorser vra of Jesus ‘n mens kan help dat ‘n bietjie van die seer kan weggaan? Hy antwoord: “Ja, baie van die seer ja”.

Figuur 51: Joe se emosies

5.9.2.4 Gertjie

Gertjie teken homself op die boeg van ‘n boot op golwe. Pers donker wolke is oral aan die bokant van die prentjie, met twee weerligstrale – een kom byna reguit op sy kop af. Gertjie het ‘n baie basiese stokmannetjie in die boot gebruik.

Figuur 6: Gertjie se storm

Gertjie verkies om vorms agterop sy prentjie te teken om weer te gee hoe sy emosies lyk. Hy kies ses emosies: Bang, kwaad, bly, deurmekaar, hulpeloos en hartseer.

- Bang (swart): Hy teken net ‘n klein stukkie bang. Hy is bang vir “creepy” drome.
- Kwaad (rooi): Sy kwaad is groot. Hy is baie kwaad vir die dokter wat sy ma doodgemaak het.
- Hartseer (blou): Hartseer is ‘n groot reghoek. Hy het baie gehuil, want sy ma was dood. Hy huil en bid elke aand dat Jesus sy ma moet terugstuur. Gertjie wil nie vir Jesus op sy prentjie invoeg nie.

Hulpeloos, bly en deurmekaar het nie kleure nie en hy noem ook nie presies hoe groot hulle is nie. Hy noem wel dat hy baie hulpeloos gevoel het toe die hond die kat opgevreet het.

Aangesien Gertjie in die navorser se speelkamer gespeel het, was die ander speelgoed byderhand. Hy het lank dokter-dokter met ‘n pop gespeel en gepraat oor die dokter wat aspris sy ma doodgemaak het. Hy opereer ook op die pop. Die navorser het aan hom verduidelik dat geen dokter net in die oggend sal opstaan en besluit om iemand dood te maak nie. Wat is ‘n dokter se doel? Hy het geantwoord om mense gesond te maak. Hoe voel ‘n dokter as iemand doodgaan? Hy weet nie. Die navorser vra of ‘n dokter miskien baie hartseer kan voel as iemand doodgaan? Hy antwoord nie. Die navorser het vir Gertjie toegelaat om met die pop dokter-dokter te speel, as ‘n vorm van trauma-ontlonting. God het aan kinders die vermoë gegee om hulself gesond te “speel”. Dit was dus belangrik dat Gertjie die geleentheid kry om self te probeer sin maak van wat gebeur het.



Figuur 7: Gertjie se emosies

5.9.3 Evaluering van sessie 3

Die doel van hierdie sessie is dat elke deelnemer besef dat die dood eintlik soos ‘n groot storm in ‘n mens se lewe is. Die deelnemer kon met die bang dissipels in die boot identifiseer. Dit kon moontlik die bewusmaking van eie emosies tot gevolg hê.

Elke deelnemer kon self sy storm op ‘n manier teken wat vir homself sin maak. Die deelnemers het ook die geleentheid gekry om hul stories op hul eie manier te vertel. Dit plaas die deelnemer in beheer tydens sy storm en laat hom toe om die trauma te eksternaliseer en op te deel in hanteerbare hoeveelhede.

Die volgende primêre doel van die tegniek is om die deelnemers te begelei om emosies te hanteer. Elke deelnemer het die geleentheid gekry om te sê hoe hy oor emosies voel: of dit toelaatbaar is of nie. Die meeste van die deelnemers het aanvanklik gevoel dat dit nie toelaatbaar is om te huil of om kwaad te voel nie. Die navorser is onseker oor die rede hiervoor, aangesien van die ouers of versorgers wel aangedui het dat hulle soms huil of gehuil het. Die navorser kon aan elkeen van die deelnemers verduidelik (ook aan die hand van Jesus se lewe) dat dit heeltemal aanvaarbaar was om emosies te hê en dit uit te leef wanneer iemand dood is en dat dit geoorloof is om dit te erken. Dit het die deelnemers help besef dat dit aanvaarbaar is om emosies te ervaar en in kontak daarmee te wees. Elke deelnemer het emosies geïdentifiseer deur van ‘n spesifieke kleur gebruik te maak.

Laastens het die deelnemers die geleentheid gehad om te sê waar hulle gedink het Jesus tydens hul storm was en of Hy hulle gehelp het om deur hul storm te kom of van hul seer minder te maak.

- Natalie het genoem dat Jesus in die wolke was tydens haar storm, maar ook by haar.
- Sam drew Jesus in white. He felt that Jesus was right next to him during his storm. He also felt that Jesus can help heal your heart and that He has already helped to heal Sam’s heart.
- Joe het genoem dat Jesus tydens sy storm in sy hart was en dat Hy hom gehelp het dat ‘n bietjie van die seer weggaan. Op ‘n vraag van die navorser of Jesus hom al gehelp het, het hy soos volg geantwoord: “Ja, baie van die seer, ja”.

Hierdie sessie het ook ‘n geleentheid gebied aan al die kinders om geloofskwessies of –vrae oor die Bybel met die navorser te bespreek. Sam se vrae het die teorie van geloofsontwikkeling (vergelyk 4.2.1.8) van die laerskoolkind bevestig.

5.10 SESSIE 4: DEELNAME AAN DIE BEGRAFNIS

Tydens hierdie sessie kry die kind die geleentheid om die begrafnis uit te speel. Daar is dikwels tydens die begrafnisproses sekere aspekte wat ‘n kind nie verstaan of wat die kind nie die geleentheid kry om vrae oor te vra nie. Dit is belangrik dat die kind wel iewers die geleentheid kry om op sy manier deur die begrafnis te werk. Dit is ook van uiterste belang dat misverstande in hierdie sessie opgeklaar word, andersins kan kinders vir die res van hul lewe onder ‘n wanindruk verkeer wat moontlik groot skade in hul funksionering kan veroorsaak.

5.10.1 Die doel van sessie 4

- Om die kind geleentheid gee om die sensoriese komponent van sand te benut om sodoende die sensoriese element van die trauma te prosesseer (Malchiodi, 2012:21).
- Die kind geleentheid te gee om die gebeure van die begrafnis te ondersoek en te probeer sin maak daarvan (Geldard & Geldard, 2010:182).
- Om die kind in beheer van hierdie situasie te plaas (Steele & Raider, 2001:12).
- Om die kind te help om die traumatiese gebeurlikheid (begrafnis) te wysig en te herstruktureer om ‘n normale herinnering te word (Van der Kolk *et al*., 1996:420).
- Om aan die kind die geleentheid te gee om oor die begrafnis te praat of om vrae daaroor te vra (Steele & Raider, 2001:15).
- Om enige misverstande rondom die begrafnis en die dood wat by die kind bestaan, op te klaar.

5.10.2 Verloop van die sessie 4

Die navorser het aan elke deelnemer verduidelik dat sy speelgoed, wat bestaan uit ‘n verskeidenheid mensfigure, kissies en blomme, asook ‘n sandbak saamgebring het en gevra of die deelnemer sy ouer se begrafnis in die sand probeer rekonstrueer deur enige van die speelgoed te gebruik indien hy sou kans sien daarvoor.

5.10.2.1 Natalie

Natalie was baie besluiteloos en onseker van haarself. Sy sou elke keer as sy iets opgetel het, eers opgekyk het vir goedkeuring van navorser. Sy het uiteindelik begin om van die figuurtjies te gebruik en het tussendeur die storie van die begrafnis vertel. Sy het genoem dat hulle ‘n groot tent by die huis opgeslaan het. Dit was aan die einde van die jaar. Pastoor Jacobs het uit die Bybel gelees, gepreek en vir almal vertel hoe haar ma was. Haar ma se kis het in die sitkamer van die huis gestaan en daar was van haar ma se “*favourite*” blomme op in wit, rooi en pienk. Sy het na haar ma in die kis gaan kyk en haar ma het anders gelyk, nie soos wat sy altyd gelyk het nie. Haar ma is in Karlienpark se begraafplaas begrawe. Dit het lank geneem om die gat toe te gooi, want die gat was baie diep. Mense het agterna gesê dat iemand haar ma se kis gesteel het, maar sy glo dit nie. Hulle het rys, vleis, pampoen, aartappelslaai en “*juice*” by die huis geniet na die begrafnis. Sy mis nog elke dag haar ma.

Sy het ook spontaan genoem dat sy en haar ouma in die slaapkamer begin slaap het en nie meer in die sitkamer nie, wat moontlik ‘n aanduiding is dat hulle nie meer bang is vir iets “wat hulle jaag” nie.

Figuur 8: Natalie se begrafnistoneel

5.10.2.2 Sam

When the researcher went to fetch Sam from his classroom, the teacher (who had previously not even known who he was) complained that he was talking too much, asking too many questions and being naughty in general. To the researcher that was a sign that he is becoming more “normal” and less withdrawn.

When Sam sat down, he immediately noticed all the toys. He picked up an army figure and smiled broadly. The researcher explained why the toys where there and asked if he would try to make a scene in the sand about his father’s funeral. The researcher said that she knew that he was very little and probably could not remember. If he couldn’t remember what happened at the funeral, he could do it as he thought it had been. Sam seemed very excited and distracted by all the toys. He put the army toy in a coffin and took it out again. He’s experience of the funeral was that there was a tent at the gravesite and that the “church part” of the funeral also took place there. He quickly chose a figure for himself and added the rest of his

family. He added a figure for his mother, then took it out, saying that his mother did not attend the funeral. He did not know why she was not there. He mentioned that there normally is a pastor at a funeral.

He did not look at his father in the coffin, he just remembers him the way he was. He mentioned that people say that he looks and is a lot like his dad and that makes him proud. His grandmother has never told him about his father's funeral. He thought he was about 5 years old when his father died (his father actually died in 2003, which makes him about 2 years old). He did not think that he cried at the funeral, but he thought that he had been sad and cried when they told him about his father's death.

He believed that his father is in heaven. Heaven is light and nice. Sam believes that hell is bad. He mentioned that only good people go to heaven and you have to be good all the time. The researcher asked him what the Bible says about going to heaven, but he did not know what the Bible says. According to Sam neither he nor his grandmother reads the Bible, but they do go to church and in church they read the Bible. The researcher explained that the Bible says that people go to heaven when they believe in God and Jesus and ask Him to live in their hearts. The researcher also explained that it was not as if a real person came to live in your heart. The researcher asked him if he was ever naughty and did not do what his mother asked him to do. He said that he sometimes does not listen to his mother. The researcher asked whether it meant that he was not his mother's child anymore? He replied that he will always be his mother's child, even if he is naughty. The researcher explained that in the same way believers always stay God's children, even when believers are naughty. The researcher also explained that a believer has to try to do what God wants and to live the way He wants people to live. Believers must say that they are sorry if they do wrong things. That is the way believers get to heaven.

The researcher asked Sam how he had been sleeping lately? He had previously struggled to go to sleep and often had nightmares. Sam replied that he had been sleeping very well and was not so afraid of the dark anymore.

Figuur 9: Sam se begrafnistoneel

5.10.2.3 Joe

Joe het dadelik sy hande in die sand gesit en daarmee begin speel. Joe was op die toneel toe sy pa dood is. Die navorser het gevra of hy sou kans sien om die toneel in die sand te maak. Hy het ingestem. Hy het ‘n motor gekies, ook ‘n figuur vir homself, pa, ma, kleinboetie en groot boetie (pa se kind uit ‘n vorige huwelik). Hy het die mensfigure gebruik om die storie mee te vertel. Hulle was in Baberton en het stilgehou, want “pa wou gaan dop en sigarette koop”. Groot boetie het uitgeklim om te gaan koop en pa het ook uit motor geklim. Pa het oor die deur gehang en toe op die grond neergeval. Pa het homself “natgepiepie”. Joe het skaam voorgekom daaroor en die navorser het verduidelik dat ‘n mens nie beheer daaroor het wanneer jy so siek is nie. Hy het instemmend sy kop geknik. Hy en mamma het uit die motor geklim en nader gegaan. Baie swart mense het om die motor saamgedrom. Joe het

'n paramedikus-mannetjie van die navorser gebruik en vertel dat die paramedici gekom het en 'n suurstofmasker oor pa se neus gesit en hom in die ambulans gelaai het, maar hy was klaar dood (aldus Joe se vertelling). Die navorser het verduidelik dat hulle nie so sou opgetree het as hy reeds dood was nie. Joe noem dat hulle vir pa hospitaal toe geneem het, maar hy mag nie ingegaan het nie. Hy sou baie graag by sy pa wou wees. Hy het baie by die hospitaal gehuil. Hy noem dat hy enigiets sou doen om sy pa weer lewendig te kry.

Figuur 10: Joe se toneel van sy pa se dood

Nadat sy pa dood is, het sy groot boetie saam met hulle huistoe gery – hulle het baie lank gery. Sy ma het gesê dat hy na sy pa in die kis kon gaan kyk, maar sy ouma-hulle het nee gesê. Hy het toe nie gegaan nie. Hy het in die navorser se tuin ingegaan en blomme gepluk. Hy vertel die verhaal verder. Die begrafnis was uit 'n kerk en daar was 'n dominee. Die kis was eers in die lykswa en het toe voor in die kerk gestaan. Hy en sy familie het voor in die kerk gesit. Almal het gehuil. Sy pa het buiten 'n seun (groot boetie) ook twee dogters gehad, maar een van die dogters is al dood. Sy ander oupa (paterne) is ook al dood. Hy het mensfigure uitgesoek vir sy familie en hulle in die "kerk" geplaas. Hy het die mensfiguur wat hy gekies het vir sy pa, met 'n batman-figuurtjie gevang en in die kis geplaas. Die kis, met sy pa in,

het in die kerk gestaan. Die navorser het ‘n “dominee” in die kerk geplaas, waarna Joe onmiddelik die kis verskuif het om voor die dominee te staan.

Hulle is van die kerk af na die begraafplaas toe. Toe hulle daar gekom het, was daar klaar ‘n gat in die grond. Daar was stoele onder ‘n tent. Hy het aan navorser die figuurtjies gegee om in die sand te sit. Die kis het afgesak en net hy het die kis toegegooi. Sy groot broer en sy oupa het later gehelp. Hulle het eers blomblare in die gat ingegooi voordat die kis toegegooi is. Hy noem dat hy nie ‘n briefie vir pappa geskryf het nie. Hy was ook by sy sussie se begrafnis en dit was ook soos pa se begrafnis, daar was net baie meer mense. Sy pa het gehuil by sy sussie se begrafnis. Terwyl hy hierdie inligting deurgee, speel hy die hele tyd met sy hande in die sand en maak die klein kissie vol en dan weer leeg.

Sy oom se begrafnis was anders, vertel hy, want hy is veras. Hy het nie geweet wat gebeur tydens ‘n verassing nie. Die navorser het verduidelik hoe verassing werk en gevra of hy dink mens kan iets voel as jy veras word. Hy het gesê dat ‘n mens kan voel. Die navorser het gevra of hy al ‘n dooie voël of akkedis gesien het en of dit kan beweeg, asemhaal, voel, ens. Hy het nee geantwoord en genoem dat iets wat dood is nie kan wakker word nie. Hy het genoem dat as mens hel toe gaan, jy dan kan voel. Die navorser het verduidelik dat sy al gehoor het dat mense sê hulle dink die hel is moontlik so dat mens kan voel nadat jy dood is – asof jy lewe, maar niemand weet verseker nie. Hy het genoem dat ‘n mens net in die hemel kan wakker word. Hy weet nie wat ‘n mens in die hemel doen nie, maar dit gaan lekker wees daar.

Joe het vir baie lank die kis (wat in die sand was) aanhou met die sand toegooi – oor en oor. Hy het gesê dat sy hart nog baie seer oor sy pa is en dat hy amper weer wou huil toe hy die begrafnis uitgespeel het. Die navorser het gevra of hy dink mense in die hemel kan sien wat hier op aarde aangaan. Hy het “ja” geantwoord en dat dit goed was dat sy pa kon sien wat hy hier op aarde doen. Hy het aangehou om met die kis in die sand te speel totdat die sessie verby was. Dit was byna asof die

sensoriese gevoel of die herhalende handeling hom getroos het of verligting gebring het.

Figuur 11: Joe se begrafnistoneel

5.10.4 Gertjie

Gertjie was gretig om in die sand te speel en het dadelik daarmee begin speel. Gertjie het egter dadelik weerstand gebied toe die navorser voorstel hulle speel mamma se begrafnis uit. Hy het gevoel dat hy dit nie kan speel nie, want daar was nie ‘n kerk nie. Die navorser se kis het nie soos ‘n regte kis gelyk nie, want ‘n regte kis is groter, het mooi goedjies op en handvatsels aan. Hy het wel gaan blomme pluk en dit op die kis gesit, maar wou nie ‘n figuur kies om in die kis te sit om vir mamma voor te stel nie. Mamma se kis was buite die kerk. Hy het twee dominees in die sand geplaas, baie ander mense onder andere sy paterne ouma wat ‘n paar maande na mamma dood is en ook sy ander grootouers. Mense het baie gehuil, maar hy voel dat dit nie reg is om te huil nie. Hy het ‘n engeltjie gekies om in die “kerk” (sandbak) rond te vlieg. Hy het genoem dat hy nie ‘n briefie vir sy ma geskryf het nadat sy dood is nie.

Hy het hierna opgestaan en iets anders gekies om mee te speel en wou nie verder iets met die begrafnis doen nie. Die navorser het hom nie gedwing om voort te gaan nie en het saam met hom gespeel. Kinders wat beduidende spel onderbreek ondervind gewoonlik stres deur die spel wat hulle dan sodoende vermy of kan weier om daaroor te praat totdat hulle gereed voel om die werklikheid in die oë te kyk (Oaklander, 1988:251).

Figuur 12: Gertjie se begrafnistoneel

5.10.3 Evaluering van sessie 4

Die doel van hierdie sessie was om elke kind toe te laat om op sy eie manier sin te probeer maak uit die begrafnisgebeure deur dit uit te speel. Die deelnemers was deurentyd in beheer van die begrafnis, wat teenstrydig is met wat werklik tydens die begrafnisgebeure was waar hulle slegs willose toeskouers was. Hierdie doel is dus suksesvol bereik. Deur die begrafnis op hul eie manier uit te speel, kon die deelnemers ook die trauma wysig en herstruktureer op ‘n manier wat vir hulle sin maak.

‘n Verdere belangrike element was die sensoriese komponent van die sand, wat

volgens Malchiodi (2001:23) ook self-kalmerende belewenisse verskaf, wat stres in die kind sal verminder. Joe het vir baie lank die kis nog aanhou toegooi met die sand – oor en oor. Dit was duidelik dat hierdie komponent van die spel ‘n deel van die begrafnisgebeure vir hom bevredig het.

Elke deelnemer het ook die geleentheid gehad om oor die dood te praat of om vrae daaroor te vra. Ook hierdie doel is suksesvol bereik deurdat drie van die deelnemers vrae gevra of daaroor gepraat het. Slegs Gertjie het min deelgeneem en wou nie eers die begrafnis uitspeel nie. Gertjie was nie gereed om die begrafnis te beleef nie. Tog was hy in beheer en het die navorser dit gerespekteer.

‘n Verdere doelwit van die vierde sessie was om enige misverstande op te klaar. Die volgende het tydens die sessie navore gekom en is hanteer:

- Natalie het genoem dat mense aan haar vertel het dat haar ma se kis gesteel is en hierdie misverstand kon opgeklaar word.
- Sam thought that only people who were good all the time, could go to heaven. The researcher could give an explanation as above.
- Joe het gevoel dat ‘n mens (as jy veras word) kan voel hoe jy brand. Hierdie stelling kon reggestel word, deur hom te lei om te dink oor wat die dood is.

5.11 SESSIE 5: BESPREEK DIE VERANDERINGE

Die navorser het vraelyste wat deur Lehman *et al*. (2000:78-85; 146-148) opgestel is, gebruik om weer ‘n speletjie te ontwerp . Die primêre doel van die speletjie is dat die kind bewus moet word van die veranderinge wat daar na die dood van die ouer ingetree het en steeds in die toekoms sal intree. Die speletjie bestaan uit ‘n klomp stellings wat elk op ‘n aparte kaartjie (van papier) getik is. Elke stelling het ‘n kolletjie by: blou, geel, groen en oranje. Die stellings word in ‘n houertjie geplaas en elkeen (navorser en die kind) trek vervolgens ‘n stelling wat bespreek moet word. Die een wat eerste vier van elke kleur het, wen. Die wenner kan kies met watter speelgoed hy wil speel. Die gebruik van ‘n speletjie is breedvoerig in hoofstuk 4 (punt 4.4.10.2)

bespreek . Die navorser heg ‘n voorbeeld van hoe ‘n paar van die stellings lyk aan. Dit is soos volg:



Figuur 19: Speletjie 2

Geel:

Slegte goed gebeur met goeie mense.

Die spesiale persoon is nie meer Kersfees by ons nie.

Ek slaap nou in 'n ander plek en kry nou nagmerries.

Niemand praat meer met mekaar nie.

Wanneer dinge verkeerd gaan, voel dit of ek gestraf word.

Ons eet nou 'n ander soort kos.

Ek bekommer my dat ek kan doodgaan op dieselfde manier.

Ek kan nie aan die slaap raak nie.

Partykeer "voel" dit vir my of die dooie persoon by my is. Ek voel sy/haar teenwoordigheid.

Wanneer iemand doodgaan, hou hulle wag oor jou en beskerm hulle jou.

Blou:

Ek kry nie meer drukkies nie.

Ons kry nou minder geld.

Partykeer praat ek met die persoon wat dood is.

Doodgaan is aansteeklik.

My familie het nie meer pret nie.

Niemand praat meer aan tafel nie.

Ek is nou bang vir swart/wit mense.

Ons moes trek na die spesiale persoon se dood.

Partykeer maak ek my broek nat.

Wanneer 'n spesiale persoon doodgaan, staan familie/vriende by mekaar en help mekaar.

Oranje:

Ek sal weer eendag my spesiale persoon "sien".

Iemand anders bad my nou.

Alle dinge gebeur met 'n rede, ook slegte goed.

Ek is nou in die naskool.

Partykeer dink ek my spesiale persoon kon sy/haar dood vermy het

Ons eet nie meer so baie uit nie.

Wanneer 'n spesiale persoon doodgaan, weet hulle die hele tyd wat jy dink en doen.

Ek kyk meer TV.

Die spesiale persoon sit my nie meer in die bed nie.

Ons eet nie meer by die tafel nie en daar is 'n leë stoel by die tafel.

Groen:

Ek kan hiervan herstel en gesond en gelukkig wees.

Ons speel nie meer as 'n gesin buite nie.

Ek mis die spesiale persoon met my verjaarsdag.

Die meeste mense wil nie oor die dood praat nie.

Ek eet minder kos.

Wanneer iemand doodgaan, word iemand gebore om hulle te vervang.

Mense baklei nou meer.

Ons bly meer by die huis.

Ek kan nie meer die spesiale persoon sien nie.

Ek is nou bang vir die donker.

Figuur 20: Stellings van speletjie 2

5.11.1 Die doel van sessie 5

- Om die kind geleentheid te gee om oor die veranderinge wat in sy lewe plaasgevind het te praat (Lehman *et al*., 2000:5 - 6).
- Om die kind bewus te maak van verdere veranderinge of verliese wat reeds voorgekom het of sal voorkom (Lehman *et al*., 2000: 5).
- Om die kind daardeur sterkter te maak – as die kind weet wat gaan kom, sal dit makliker wees om dit in die toekoms te hanteer en om die kind te help om sy respons op die aard van die vrae te ondersoek en daardeur van sy sterk- en swakpunte bewus te word (Geldard & Geldard, 2008:237).

5.11.2 Verloop van sessie 5

Daar is aan elke deelnemer verduidelik hoe die speletjie werk. Die kaartjies is in ‘n houer geplaas en die deelnemers, sowel as die navorser het ‘n kaartjie getrek en moes die stelling op die kaartjie verduidelik.

5.11.2.1 Natalie

Natalie se ouma is vier dae voor hierdie sessie oorlede. Die navorser het Natalie oor die begrafnis uitgevra. Die verloop was baie dieselfde as haar ma se begrafnis. Natalie het baie min emosie getoon terwyl sy die verloop van die begrafnis vertel het, hoewel sy gesê het dat sy baie hartseer was. Sy was baie trots want sy het voor die kis die begraafplaas in gestap.

Die navorser het besluit om voort te gaan met die gebruik van die model, nadat Natalie ook aangedui het dat sy graag wou speel. Sy het soos volg op die stellings wat sy getrek het geantwoord (sy het ook weer spontaan navorser se stellings beantwoord):

- Dit voel nie of sy gestraf word nie.
- Sy dink Kersfees sal net ‘n bietjie lekker wees.
- Sy sukkel soms om aan die slaap te raak.
- Sy kry nou nie meer drukkies by haar ma of haar ouma nie.

- Sy kyk nie meer TV as voorheen nie.
- Sy dink eers lank oor die vraag of mens kan herstel en gesond en gelukkig wees. Sy het eers getwyfel, maar toe tog besluit dat mense en Jesus ons op aarde kan help sodat ons harte weer beter kan word.
- Sy mis haar ma met haar verjaardag, want haar ma het altyd koek gekoop en ‘n klein partytjie gehou.
- Sy voel dat as iemand doodgaan, familie en vriende saamstaan om te help.
- Sy eet nou meer as wat sy geëet het.
- Sy maak partykeer haar broek nat.
- Hulle bly nie meer by die huis (soos voorheen) nie – sy bly nou by Ant Marie.
- Sy dink dinge gebeur met ‘n rede, al weet ons nie hoekom nie.
- Sy het vir ma by haar gevoel, maar voel nie vir ouma nie.
- Sy kan nie haar ma of haar ouma sien nie.
- Sy is nie in ‘n naskool nie.
- Sy dink elke mens gaan dood op sy eie manier en dat sy nie op dieselfde manier as haar ma of ouma sal doodgaan nie.
- Sy dink nie ‘n mens kan kies om dood te gaan of nie – Jesus kies vir jou.
- Sy glo dat dooies die hele tyd weet wat jy dink en vir jou kan sien.
- Dooies kan nie mense oppas en hulle beskerm nie.
- Mense praat nie oor die dood nie, want dis te seer.
- Sy praat nie met haar ma na haar ma se dood nie.

Die navorser het speelgoed saamgebring en het aan Natalie gesê dat sy kon kies waarmee sy wou speel nadat sy die speletjie gewen het. Sy het gekies om met die sand en die diere te speel. Sy het genoem dat haar ma haar wildtuin toe geneem het en dat die diere haar daaraan laat terugdink. Sy het spontaan genoem dat sy nogal lekker by Ant Marie bly (die buurtannie).

5.11.2.2 Sam

Sam spoke about the statements as follows.

- Sam said that people are not fighting more after his father’s death.

- Sam felt that dead people sometimes know what you are thinking and doing.
- Sam's family still have fun together.
- Sam moved from his mother's house to his grandmother's house after his father's death.
- He sometimes misses his father when it is his birthday, but not a lot.
- He sometimes talks to his father in his head.
- Sam baths himself.
- Sam felt that people do not talk about death.
- He sometimes has nightmares about "creepy stuff".
- Sam is not afraid of the dark.
- He thought that people are able to choose if they want to live or if they want to die.
- He felt that dead people protect us.
- After his father died, he was not able to put Sam in bed anymore.
- His father died because he was sick, but does not know what sickness he had.
- His mother and his grandmother still talk to each other.
- They do not stay home more.
- Family and friends stand together when someone dies.
- Sam feels that you can get better after someone you love dies.
- Sam won the game and as his prize could choose which of the toys that researcher had brought, he wanted to play with. He chose to play with the action figures.

5.11.2.3 Joe

Joe was opgewonde om te speel. Hy beantwoord die stellings soos volg:

- Joe is nie na sy pa se dood bang vir die donker nie.
- Hy mis sy pa, want sy pa eet nie meer saam met hulle nie. Sy oupa eet nou soms saam. Hulle het altyd voor die TV geëet en soms by die tafel. Dit was vir hom die lekkerste om voor die TV te eet.

- Hy praat soms met sy pa wat klaar dood is, in sy kop, maar weet nie altyd wat om te sê nie.
- Hy dink ‘n mens se hart kan beter word nadat iemand dood is.
- Dit voel nog vir hom of sy pa naby hom is.
- Sy pa het hom altyd bed toe gedra as hy voor die TV aan die slaap geraak het en nou doen niemand dit meer nie.
- Hy voel hartseer omdat sy pa se stoel leeg is, maar hy wil nie voor sy ma huil nie, want dis vir hom sleg as sy huil.
- Hulle moes van’n ander dorp af na Rustenburg toe trek en ook van hulle huis na ouma se huis.

Hy het twaalf punte bymekaar gemaak en kan kies wat om te speel. Joe is baie besluiteloos en sukkel om te kies waarmee hy wil speel. Hy kies uiteindelik ‘n waterspeletjie, maar besluit dadelik dat dit moeilik is. Hy kry dit tog reg om sukses te behaal. Hy speel met verskeie items, maar maak moeilik ‘n keuse.

5.11.2.4 Gertjie

Gertjie was baie vol energie toe hy die speelkamer binnekom. Hy het die honde vriendelik gegroet en hulle gevryf. Die navorser moes die honde naderhand uit die speelkamer uitstuur. Gertjie was baie verbaas dat hulle so goed vir die navorser luister. Gertjie was baie gewillig om deel te neem aan die speletjie.

Die navorser het in hierdie sessie ongelukkig baie min notas gemaak: slegs oor twee van die vrae. Die klank van die kamera-opname was baie swak en bykans onhoorbaar. Die navorser kan dus slegs oor die twee vrae waaroor daar notas terugvoer gee.

- Gertjie glo dat sy ma kon keer om nie dood te gaan nie. Die navorser en hy het ‘n lang gesprek daaroor gehad. Hy het uiteindelik verstaan dat sy ma nie kon kies om dood te gaan of nie. Hy het besef dat Jesus Sy kinders kom haal as hulle lyfies nie meer reg werk nie en as hulle te swaar kry.
- Hy het ook geglo dat sy ma deurskynend is en altyd by hom is.

Gertjie het tog die speletjie gewen en kon kies wat hy wou speel. Hy het verskeie items gekies en daarmee gespeel.

5.11.3 Evaluering van sessie 5

Die doelwit van hierdie sessie was om die kind bewus te maak van die veranderinge en hom die geleentheid te bied om daaroor te praat. Hierdie doelwit is suksesvol bereik deur middel van die vrae. Elke deelnemer het geleentheid gehad om oor die veranderinge in sy lewe te praat en om bewus te word dat daar soms ook verdere veranderinge kan intree . Die volgende inligting is tydens die sessie bekom:

- Al vier die deelnemers moes na hul ouer of versorger se dood verhuis.
- Natalie maak haarself nou soms nat (na ouma se dood).
- Sam still sometimes has nightmares about "creepy stuff".

By van die deelnemers was daar vreemde wanpersepsies, wat deur die navorser reggestel kon word:

- Sam thought that people could choose if they wanted to live or die.
- Gertjie het geglo dat sy ma kon keer om dood te gaan.

Die deelnemers het die teenwoordigheid van die oorledene en die poging tot kommunikasie met die oorledene, soos deur Silverman *et al*., (1994:499) aangedui, beleef:

- Natalie het haar ma by haar gevoel. Sy het geglo dat dooies die hele tyd weet wat jy dink en jou uit die hemel kan sien.
- Sam sometimes talks to his father in his head.
- Joe het gevoel dat sy pa by hom is. Joe het soms met sy pa in sy kop gepraat, maar nie altyd geweet wat om te sê nie.
- Gertjie het gekies om te glo dat sy ma deurskynend is en altyd by hom is.

Drie van die vier deelnemers het bewus geword dat hulle kan herstel en gelukkig kan wees na die dood:

- Natalie het genoem dat mense en Jesus iemand kan help om beter te word.
- Sam believed that friends and families stand together when someone dies.
- Joe was seker dat ‘n mens se hart beter kan word.

Slegs Gertjie het geglo dat niemand kan herstel na die dood van ‘n geliefde nie. Vir navorser was dit, sowel as die feit dat hy ook nie kans gesien het om die begrafnis-ritueel uit te speel nie, ‘n aanduiding dat hy nog nie gereed was om met sy emosies kontak te maak nie.

Daar is in die doel van hierdie speletjie met die drie van die deelnemers geslaag. Dit was egter slegs gedeeltelik suksesvol in die geval van Gertjie.

5.12 SESSIE 6: MAAK VAN ‘N HERINNERINGSHOUER

Tydens hierdie sessie is elke deelnemer gevra om ‘n herinneringshouer of onthou-boks (soos een van navorser se latere maatjies dit genoem het) vir die persoon wat dood is te maak. Hierdie houers moes vervolgens versier word soos wat die deelnemer dit verkies. Daar kan ook tydens hierdie sessie ‘n briefie of briefies vir die oorledene geskryf word.

5.12.1 Die doel van sessie 6

- Om die kind ‘n geleentheid te gee om herinneringe en aandenkings van die oorledene vas te vang en op n tasbare manier vir die toekoms te stoor (Herbst & De la Porte, 2006:40).
- Om die kind die geleentheid te gee om met die ouer(s) te probeer kommunikeer deur briefies te skryf (Silverman*, et al*., 1992:499).
- Om die kind die geleentheid te gee om herinneringe op te roep, te konkretiseer en vir later te bêre (Furman, 1984:195).
- Om die kind die geleentheid te gee om te huil.

5.12.2 Verloop van sessie 6

Die deelnemer word gevra om ‘n skoendoos of ander toepaslike houer te verf en versier soos hy wil. ‘n Briefie kan vervolgens aan die ouer geskryf en in die houer geplaas word. Die navorser het ook aan Natalie en Sam gesê dat die laaste sessie in die navorser se speelkamer sou plaasvind.

5.12.2.1 Natalie

Natalie het spontaan begin glimlag toe sy hoor wat gedoen gaan word. Sy het ‘n bietjie getwyfel oor hoe sy moet begin verf en het aanvanklik gesukkel, maar het dit reggekry en vinnig meer selfvertroue bygekry. Sy was baie opgewonde, want sy sou op ‘n kamp gaan. Terwyl sy geverf het, het navorser gevra of sy haar ouma mis en of sy nog lekker by Ant Marie bly? Sy het genoem dat sy wel na haar ouma verlang, maar dat sy darem nog lekker by Ant Marie bly. Nadat die houer klaar geverf is, het navorser dit in die son geplaas om droog te word. Sy het toe ‘n briefie vir haar ma (in die vorm van ‘n kaartjie) geskryf en dit versier. Aan die voorkant van die kaartjie het sy geskryf: I love you mum.

Binne-in het sy geskryf:

I love you mum you were always there for me and
I will miss you everyday you were the only mum I
could have in the hole wold (sic).
I miss you and don’t forget I love you very much.
I love you very much

Die navorser het verduidelik dat die houer daar is sodat sy enige tyd weer ‘n briefie kan skryf as sy na haar ma verlang of as sy kwaad is omdat haar ma nie iewers saam met haar kan wees nie. Sy kon ook die houer uithaal as sy hartseer is en dit kon haar dalk help om soms te huil. Sy het dit baie geniet om kreatief te wees. Sy het vertel van goeie punte wat sy vir van haar toetse gekry het. Sy was baie opgewonde om die volgende Vrydag in navorser se speelkamer te gaan speel.

Figuur 21: Natalie se herinneringshouer



Figuur 22: Natalie se briefie aan haar ma

5.12.2.2 Sam

Sam enjoyed painting the memory box, but was in a hurry to finish. He wanted to play with some of the other toys that researcher had brought. After the researcher had placed the box in the sun to dry, he wrote a letter to his father. He wrote as follows:

Dear my dad
I wise (sic) you were alive
I miss you very much

At the bottom of the page he drew a picture.

Figuur 23: Sam se herinneringshouer



Figuur 24: Sam se briefie aan sy pa

5.12.2.3 Joe

Joe het dit geniet om die houer te verf. Hy het baie spesifieke kleure bo-op geverf. Hy het genoem dat hy laas in hul ou huis geverf het. Hy is baie kreatief en het met pypskoonmakers die letters van Pappa gevorm. Hy is nogal tegnies en beskik oor goeie handvaardigheid. Die navorser het met een letter gehelp en hy het toe voortgegaan en dit gebuig en op die houer geplak. Joe se briefie het ongelukkig verlore gegaan.

Figuur 25: Joe se herinneringshouer

5.12.2.4 Gertjie

Gertjie het ingestem om aan hierdie projek te werk, maar was nie baie ywerig om aan die werk te kom nie. Hy het slegs die houer swart geverf en baie blare opgeplak. Hy het later gevra dat die navorser hom help om sy ma se naam op die houer se deksel te maak met kraletjies. Hy het ook gesê dat die navorser hom moes help om 'n briefie vir sy ma te skryf. Hy het gedikteer en navorser het geskryf. Sy briefie het soos volg gelees:

"Liefste Mamma,

Ek is so baie lief vir jou al is jy dood.

Ek mis Mamma so baie omdat Ma in die hemel is en nie meer by ons nie.

Liewe Jesus, kan ek asseblief my ma weer terugkry, want ek kan nie lewe sonder my ma nie."

Hierna wou hy dadelik slangetjies en leertjies speel.

Figuur 26: Gertjie se herinneringshouer

5.12.3 Evaluering van sessie 6

Die maak van die herinneringshouer is vir die doel van hierdie sessie as kuns gebruik, aangesien daar baie sensoriese komponente aan die maak daarvan verbonde is (Malchiodi, 2012:18). Deur middel van die kreatiewe elemente van kuns kan die seer van ‘n traumatiese ervaring dus op ‘n baie kragtige manier verlig word. Die doel om ‘n tasbare objek te maak is met elkeen van die deelnemers bereik.

Die doel om herinneringe tasbaar vas te vang en te stoor is slegs suksesvol deur twee van die deelnemers bereik. Slegs die twee kinders uit navorser se praktyk het oor foto’s en persoonlike artikels van die oorledene beskik wat in die houer geberg kon word. Die ander twee kinders het geen foto’s gehad om te stoor nie. Natalie het onderneem om haar ooms te gaan vra of daar iets van haar ma of ouma was wat sy kon kry.

Die doel om te kommunikeer is suksesvol bereik deurdat elkeen van die deelnemers ‘n briefie aan die oorledene geskryf het.

Die deelnemers kon tydens hierdie sessie vrylik praat oor die persoon wat dood is. Die navorser het hulle aangemoedig om in die toekoms, as hulle iets van die

persoon wat oorlede is onthou, weer ‘n briefie te skryf en in die houer te bêre. Elke deelnemer is aangemoedig om gereeld die houer oop te maak en saam met die oorlewende ouer daardeur te kyk en indien hy so voel, te huil.

5.13 SESSIE 7: GEE AAN DIE KIND HOOP

Tydens hierdie sessie is die deelnemers gevra om ‘n kruis te versier. Die gedagte is dat dit spesiaal gedoen word om aan hulle hoop te gee. Vir Christene is die dood nie die einde nie. In The Message, stel Peterson (2002:1479-1480) dit as volg:

> *“ Don’t let this throw you. You trust God, don’t you? Trust Me. There is plenty of room for you in My Father’s home. If this weren’t so, would I have told you that I’m on My way to get a room ready for you? And if I’m on My way to get your room ready, I’ll come back and get you so you can live where I live” (John 14:1-3).*

Vir Christene moet tye van swaarkry as ‘n geleentheid beskou word om te leer en om die ongelooflike krag van God te ontdek, volgens 2 Kor 1:6. Om ‘n kind in hierdie proses te begelei, is ‘n groot voorreg wat met uiterse versigtigheid en nederigheid hanteer moet word. Randolph (2005:16) beklemtoon weer die belangrikheid *van daar wees* (in verhouding wees) tydens die rouproses soos volg: *“what meant most to grieving persons were not the words I said, but the fact of my presence with them in their sorrow”.* Die feit dat die navorser beskikbaar gedurende die proses was en die deelnemers bygestaan het, het deel van die genesende verhouding uitgemaak.

5.13.1 Die doel van sessie 7

- Om die kind die geleentheid gee om die herinneringshouer te voltooi.
- Om die kind te help om iets konkreets as ‘n simbool van hoop te skep (Blore, 1998:30; Tripp, 2005:9).

- Om aan die kind die geleentheid te gee om op sy eie manier teologiese sin te maak oor wat gebeur het, asook om sy eie respons te verstaan (Lester, 1985:49).
- Om weer aan die kind die geleentheid te bied om oor die hemel of enige vraagstukke, indien hy die behoefte daaraan het te praat.
- Om die sessies af te sluit.

5.13.2 Verloop van sessie 7

Elke deelnemer maak sy herinneringshouer klaar en versier na willekeur. Daarna word ‘n houtkruisie versier soos hy wil. Die navorser gebruik die kruis as vertrekpunt om oor die hemel en die hoop wat dit Christene gee, te gesels. Elke deelnemer word ook in kennis gestel dat dit die laaste sessie is en elkeen is bedank vir sy deelname aan die studie.

5.13.2.1 Natalie

Die navorser het aan Natalie verduidelik dat sy vandag haar onthou-boks moet klaarmaak en dat ‘n kruis versier gaan word. Natalie was baie opgewonde om haarself op die kamera (in navorser se speelkamer) te sien. Sy het vooraf reeds spontaan in die buitenste sandbak begin speel terwyl Sam nog besig was. Sy het nog ‘n laag verf op die houer geverf. Sy het baie meer selfvertroue getoon as die vorige keer toe sy moes verf. Sy het baie gemaklik inisiatief geneem. Toe sy dit klaar geverf het, het die navorser dit buite geplaas om droog te word. Die navorser het weer vir haar die kaartjie gewys wat sy vir haar ma gemaak het. Sy het baie moeite met die kruis se versiering gedoen.

Sy en die navorser het oor die hoop wat Jesus se opstanding aan Christene gee gepraat: dat ons mekaar weer eendag in die hemel sal sien. Sy het ook die houer verder versier en blomme en pypskoonmakers rondom die houer geplak.

Figuur 13: Natalie se kruis

5.13.2.2 Sam

The researcher explained to Sam that the memory box had to be finished and that a cross also had to be decorated. Sam was very interested in die playroom and the researcher's dogs. One dog, a Jack Russel by the name of Jessica, works with the researcher in the playroom. Sam seemed afraid of the dogs and hesitantly touched Jessica, but he persisted. He was initially much more interested in the dogs than in decorating the memory box or the cross. Jessica stayed close to him and even lay next to him while he was working on the cross. He eventually became interested in finishing the box and added flowers, leaves and glitter to the box and cross. The researcher spoke to him about the hope that Jesus gives Christians: that we will again see our loved ones in heaven. Sam enjoyed the session very much, especially the interaction with Jessica.

Figuur 28: Sam se kruis

5.13.2.3 Joe

Joe het die houer voltooi en toe die kruis versier. Hy het gekies om die hele kruis vol gom te smeer en die versierings bo-oor te sprinkel. Die navorser en hy het oor die hemel en die hoop wat Jesus se opstanding vir Christene gee: dat ons die mense vir wie ons lief is, weer in die hemel sal sien. Hy het die kruis in die deksel van die houer geplak. Hy het genoem dat sy ma nooit gewerk het terwyl sy pa nog gelewe het nie, maar nou moet sy werk. Dit is duidelik dat dit ‘n verdere verlies vir Joe was. Joe het besluit om vir sy pa prentjie te teken van die huis op die plaas waar hulle voorheen gewoon het en dit in die herinneringshouer geplaas.

Figuur 29: Joe se kruis

5.13.2.4 Gertjie

Gertjie het gekies om net die kruis te verf en dit geensins verder versier nie. Hy het vir sy ma ‘n prentjie van ‘n beer en ‘n kat geteken. Dit was haar gunsteling diere. Die navorser het aan hom gevra hoe hy nou voel oor die dokter wat sy ma geopereer het. Hy het skielik genoem dat hy die dokter met ‘n saag in die hospitaal gesien het en dat die dokter sy ma met die saag bygekom het. Hy het die onderwerp verander en gesê dat sy boetie pille gevat het, want hy is baie stout en daarom is sy ma toe dood. Hy het ook genoem dat sy ma wakker was tydens die operasie. Hy was baie kwaad vir Jesus, omdat Jesus net almal kom vat wat vriendelik en goed is. Jesus het gesien sy ma was ook so. Die navorser het weer probeer om die wanpersepsies reg te stel. Daar is gepraat oor hoe ‘n mens se liggaam ophou werk as dit te siek is. Gertjie was egter nie weklik daardeur getroos dat hy sy ma weer eendag in die hemel sou sien nie nie – hy wou haar nou terughê.

Dit was vir die navorser duidelik dat Gertjie nie die rouproses voltooi het nie. Die navorser is van mening dat Gertjie wel verdere hulp nodig sal hê om die rouproses te voltooi.

Figuur 30: Gertjie se kruis

5.13.3 Evaluering van sessie 7

Die verskillende doelwitte vir die laaste sessie is suksesvol afgehandel. Al die deelnemers het hul houers voltooi. Elkeen het ook die kruisie, as simbool van die hoop rakende die Ewige Lewe, voltooi. Daar is met elke deelnemer ‘n gesprek oor die Lewende Hoop, wat Jesus is gevoer. Drie van die deelnemers het dit as ‘n troos beskou en dit het vir hul hoop gegee. Gertjie was egter steeds kwaad vir Jesus, omdat Hy sy ma weggevat het. Die laaste sessie het ‘n sinvolle manier gebied om afskeid te neem.

5.14 RESULTATE VAN ASSESSERING

Twee maande nadat die sessies beëindig is, het navorser al vier die kinders by hul skole besoek. Die ekometriese assesseringskaal (Child Functioning Inventory – Senior Primary) van Perspektief Opleidingskollekte is weer individueel by elkeen van die deelnemers afgeneem. Nadat die skaal voltooi is, is aan elke kind 'n Kinderbybel as dankie-sê geskenk vir hul deelname aan die studie gegee.

Tabel 5:14 CFI-SNR PRIMARY (2de Assessering)

	Natalie		Sam		Joe		Gertjie	
Selfpersepsie:	Voor	**Na**	Voor	**Na**	Voor	**Na**	Voor	**Na**
Angstigheid	68	**58**	43	**37**	0	**6**	43	**43**
Skuldgevoelens	50	**66**	16	**5**	5	**5**	22	**50**
Trauma:								
Geheueverlies	25	**50**	12	**0**	12	**12**	25	**12**
Frustrasie	7	**7**	0	**0**	14	**0**	21	**7**
Hulpeloosheid	50	**43**	25	**6**	31	**37**	62	**43**
Houding teenoor Volwassenes	0	**5**	5	**5**	11	**0**	22	**38**
Wantroue	55	**65**	20	**25**	10	**35**	40	**55**
Skoolprobleme	7	**7**	0	**0**	0	**0**	7	**7**
Verhoudings:								
Pa							75	**100**
Ma			87	**93**	93	**100**		
Ouma	93							

5.14.1 Natalie

Daar moet kennis geneem word van die feit dat Natalie se enigste ander versorger,

haar ouma, tydens die empiriese ondersoek dood is. Dit sou aan die hand van die voorafgaande studie sin maak dat hierdie addisionele trauma ‘n effek op Natalie moes hê. Wat waarskynlik verder ‘n effek sou hê is die feit dat Natalie eers by die buurtannie (Ant Marie) gewoon het. Sy het daar in ‘n huis gewoon en genoeg gehad om te eet. Haar ooms het egter besluit dat dit vir haar beter sou wees om by verlangse familie te gaan woon. Sy het daar in ‘n “one room” (sinkhuisie) saam met vyf ander mense gewoon en het aan navorser genoem dat hulle nie altyd genoeg gehad het om te eet nie. Sy was ook daarvan bewus dat sy na die sluiting van die skole na Upington na ‘n tannie van haar sou verhuis. Die assesseringskaal het die volgende getoon:

- Natalie se angstigheidsvlakke het van 68 na 58 afgeneem, wat ‘n baie positiewe teken is.
- Natalie se vlakke van skuldgevoel het egter van 50 tot 66 gestyg. Toe hierdie toets afgeneem is, het Natalie reeds by die tweede gesin gewoon. Daar was geen respons van die maatskaplike werker se kant af nie (volgens Ant Marie). Haar familie het besluit dat sy na verlangse familie moes oorskuif en dit is so gedoen. Sy sou ook nadat die skool sluit verhuis na Upington. Vir haar om sin uit die oënskynlike verwarrende situasie, is dit moontlik dat sy gevoel het dat sy iets verkeerd gedoen het en dis waarom sy so verskuif word. Natalie is tans 10 jaar oud en dus nog in die konkreet-operasionele fase (Zastrow & Kirst-Ashman, 2010:118) wat haar logies op ‘n konkrete wyse kan laat dink. Sodanige denke is om sin te maak uit wat nie verstaan word nie.
- Die vlakke van geheueverlies het vanaf 25 na 50 toegeneem. Dit sou kon aandui dat Natalie weens die addisionele trauma meer vergeetagtig of verstrooid as gewoonlik is. Dit sou sin maak dat die brein besig is met die verwerking van die trauma en dat daar dus minder breinkrag vir die normale dag-tot-dag dinge beskikbaar is.
- Natalie se vlakke van frustrasie het op 7 onveranderd gebly, wat ook in die aanbevole area val.

- Natalie se vlakke van hulpeloosheid het vanaf 50 na 43 afgeneem. Dit is ‘n positiewe afname wat daarop kan dui dat sy meer in beheer voel, ten spyte van haar omstandighede.
- Natalie se houding teenoor volwassenes het effens gestyg van 0 na 5. Dit is ‘n positiewe aanduiding dat sy meer in kontak met haar gevoelens gekom het.
- Die vlakke van wantroue het met 10 punte gestyg vanaf 55 na 65. Die volwassenes in Natalie se lewe het namens haar besluite geneem en haar na willekeur rondgeskuif. Sy het moontlik vertroue in die volwassenes om haar verloor.
- Die vlakke van skoolprobleme 7 het dieselfde gebly en is in die aanbevole area.
- Natalie se vlakke van verhouding met ‘n primêre versorger kon nie bepaal word nie, aangesien sy weerstand gebied het. Sy het gevoel dat sy nog nie vir iemand lief geword het na ouma se dood nie.

5.14.2 Sam

According to the ecometric assessment, there was an overall positive change in Sam. His teacher had reported him as being naughty, but when asked to explain what he was doing, it seemed that he had been asking a lot of questions and was overall more talkative. To researcher this was a sign of more self-confidence.

- Sam’s level of anxiety had decreased from 43 to 37, which was slight. It was in the normal area of functioning.
- Sam experienced less feelings of guilt, as the level had decreased from 16 to 5. It remained in the normal area of functioning.
- Sam’s level of memory loss had decreased from 12 to 0. This was still in the normal area of functioning.
- The level of frustration had stayed the same at 0. This was within the normal area of functioning.

- It seemed as if Sam was feeling more in control of his life as he had less feelings of helplessness. The level decreased from 25 to 6. This was a normal functioning level.
- Sam's attitude towards adults had not changed. The level stayed at 5, which is normal.
- The level of mistrust had increased marginally from 20 to 25. This was however still well within the range of normal functioning.
- Although Sam's teacher reported that he was "naughty", Sam felt that nothing had changed. The level of school problems stayed at 0.
- Sam's relationship with his mother had increased from 75 to 100 from the first test to the second test, which means that he is feeling more positive about her.

5.14.3 Joe

Joe was met die aanvang van die sessies baie stil en in sy dop gekruip. Gaandeweg het hy egter ontdooi en meer selfvertroue gekry. Hy was meer in staat om te kies. Hy het ook meer geredelik oogkontak gemaak. Sy juffrou het 'n kort verslag oor hom geskryf wat noem dat Joe ontwikkel het in 'n seuntjie "wat nou spontaan aan klasaktiwiteite deelneem." Sy selfvertroue het verbeter en skolasties het hy ook mooi gevorder. Hy het verskeie maatjies en kom goed met hulle oor die weg. Die algehele indruk van die assessering is dat sy funksionering verbeter het - sy juffrou se briefie bevestig dit. Bogenoemde ondersteun dus navorser se eie indrukke.

- Joe se angstigheidsvlakke het van 0 na 6 gestyg, wat binne die normale parameters is. Dit sou egter 'n aanduiding kon wees dat hy meer realisties in kontak met sy gevoelens is.
- Joe se skuldgevoelens het dieselfde op 5 gebly, wat binne die normale parameters is.
- Joe se tellings vir geheueverlies het dieselfde op 12 gebly, wat binne die normale parameters is.

- Joe se frustrasievlakke het van 14 na 0 afgeneem, maar was steeds binne die normale parameters.
- Joe se vlakke van hulpeloosheid het effens vanaf 31 na 37 toegeneem. Dit het die telling na die waarskuwingsgebied opgeskuif. Daar moet steeds aandag hieraan gegee word.
- Dit het geblyk dat Joe meer positief jeens volwassenes gevoel het, aangesien sy telling afgeneem het vanaf 11 na 0. Dit is binne die normale parameters.
- Joe vertrou mense egter minder, aangesien die telling vir wantroue toegeneem het vanaf 10 na 35. Navorser is nie seker wat die rede hiervoor sou wees nie. Dit was egter steeds in die aanbevole area.
- Die telling van skoolprobleme het dieselfde op 0 gebly en val binne die normale parameters.
- Joe se verhouding met sy ma het verbeter vanaf 93 na 100. Dit val binne die normale parameters.

5.14.4 Gertjie

Gertjie se juffrou het aan navorser ‘n briefie gegee waarin sy meld dat sy ‘n verskil in hom kan sien. Sy het ook daarin genoem dat Gertjie se pa tans twee meisies het tussen wie hy moet kies en dat Gertjie voorgestel het dat sy pa die maer meisie kies. Dit sou moontlik ‘n antwoord bied waarom Gertjie se houding teenoor volwassenes en wantroue se tellings soveel verhoog het. Volgens sy juffrou kom dit voor asof hy sy ma se dood heeltemal verwerk het. Uit die sessies was dit egter vir navorser duidelik dat Gertjie nog nie gereed was om met sy emosies te deel nie. Waarskynlik was die seer nog te vlak en het die vreemde omstandighede rondom sy ma se dood daartoe bygedra. Daar was baie gerugte in die plaaslike koerant en in die stad dat daar ongerymdhede tydens die operasie was.

- Gertjie se telling vir angstigheid het dieselfde op 43 gebly. Dit val binne die waarskuwingsarea en het beteken dat dit aandag moet kry.

- Gertjie se skuldgevoeltelling het aansienlik vanaf 22 na 50 verhoog. ‘n Moontlike verklaring hiervoor sou kon wees dat Gertjie skuldig voel omdat hy van die nuwe tannies in sy lewe hou. Hierdie telling val dus tans binne die waarskuwingsarea.
- Die telling vir geheueverlies het vanaf 25 na 12 verminder. Dit is binne die aanbevole area.
- Dit blyk dat Gertjie se vlak van frustrasie van 21 na 7 verminder het, wat normaal is.
- Dit het gelyk asof Gertjie meer in beheer van sy lewe voel, aangesien sy vlakke van hulpeloosheid van 62 na 43 verminder het. Dit was egter steeds nie in die normale area nie.
- Gertjie het nou ‘n minder positiewe houding teenoor volwassenes, aangesien hierdie telling vanaf 22 na 38 gestyg het. Navorser weet nie wat die rede hiervoor sou wees nie.
- Gertjie vertrou die volwassenes in sy lewe minder. Die telling het vanaf 40 na 55 gestyg, wat ‘n waarskuwing aandui.
- Die telling vir skoolprobleme het dieselfde op 7 gebly. Dit is binne die normale parameters.
- Gertjie se verhouding met sy pa het vanaf 75 na 100 verbeter, ten spyte daarvan dat hy ‘n minder positiewe houding jeens volwassenes het en volwassenes minder vertrou. Die feit dat twee ander persone ‘n rol in sy pa se lewe speel kan moontlik hiermee verband hou. Die vraag kan ontstaan of hy die motiewe van die twee vriendinne bevraagteken.

5.15 SAMEVATTING

Dit is steeds vir die navorser ‘n wonder dat die Here Sy genesingswerk so getrou in kinders doen. Dit bly altyd ‘n voorreg om deel daarvan te mag wees. Die navorser wil graag hierdie hoofstuk afsluit deur ‘n kort samevatting van elke kind se sessies.

5.15.1 Sessie 1: Bou ‘n verhouding (vgl. 5.7.3)

Die doelwitte wat in sessie 1 gestel is, is met al die deelnemers bereik. Die primêre doel was om die deelnemers op hul gemak te stel en ‘n verhouding met hulle te begin bou. Inligting is op ‘n nie-bedreigende wyse ingesamel. Alhoewel die identifisering en regstel van wanpersepsies nie ‘n doel tydens hierdie sessie was nie, is die wanpersepsies wat gedeel is, onmiddelik reggestel. Die hantering van die sessie kan dus onveranderd bly aangesien dit die gewenste uitwerking gehad het.

5.15.2 Sessie 2: Uitbou van die verhouding en uitruil van inligting (vgl. 5.8.4)

In hierdie sessie is daar steeds gepoog om die verhouding tussen navorser en die deelnemers te versterk en is die doelwit suksesvol bereik. ‘n Verdere doel was om meer inligting van die deelnemers te kry, ook rondom hul fisiese simptome. Die fisiese probleme wat geïdentifiseer kon word, is:

- Natalie kry gereeld hoofpyn en maagpyn.
- Sam sometimes has headaches, stomach pains and sometimes feels dizzy.
- Joe kry baie hoofpyn en partykeer maagpyn en naarheid.

Die doelwit om meer inligting, (op ‘n nie-bedreigende manier) van die deelnemers oor hul fisiese simptome te verkry is dus bereik.

‘n Tweede doelwit is om wanpersepsies te identifiseer en reg te stel. Die enigste wanpersepsie wat tydens hierdie sessie na vore gekom het, is:

- Natalie is bang dat dooie mense vir haar in haar slaap sal wegdra en ver weg neersit. Sy was ook bang dat dooie mense soms mense sal seermaak.

Die vrae wat in die speletjie gevra is, het die deelnemers gehelp om hul trauma in ‘n storie te omskep deur aan hulle die geleentheid te bied en aan hulle toestemming verleen om oor die dood te praat. Verder is daar ook ‘n geleentheid vir die

deelnemers geskep om meer van die dood te leer, aangesien die speletjie spesifieke vrae oor die dood insluit.

Die navorser is tevrede dat hierdie sessie ‘n gewenste uitwerking gehad het.

5.15.3 Sessie 3: Hulp met lewensstorms en emosies (vgl. 5.9.3)

Hierdie sessie het aan elke deelnemer die geleentheid gebied om hul stories op hul eie manier te vertel en nie slegs deur dit te verbaliseer nie. Dit het die deelnemers in beheer geplaas tydens hul storm en die geleentheid gebied om die trauma te eksternaliseer en in hanteerbare hoeveelhede op te deel.

Die volgende primêre doel was om die deelnemers te begelei om emosies te hanteer. Hier is aan elke deelnemer die geleentheid gebied om emosies te ondersoek. Elke deelnemer het die geleentheid gekry om te sê hoe hy oor emosies voel. Die navorser het aan die hand van Jesus se voorbeeld verduidelik dat dit heeltemal korrek is om emosies te hê en dit uit te leef – ook wanneer iemand dood is.

Elkeen van die deelnemers het hul eie interpretasie van hul hartstorm geteken. Elkeen kon ook verduidelik waar hulle gedink het Jesus tydens die storm was. Die deelnemers het dit soos volg geteken:

- Natalie het vir Jesus in die wolke, maar ook by haar, geteken.
- Sam drew Jesus in white and right next to him. Sam felt that Jesus can help your heart to heal and that Jesus has already helped him.
- Joe het genoem dat Jesus tydens sy storm in sy hart was, maar hy weet nie hoe om Hom daar te teken nie. Sy antwoord op navorser se vraag of Jesus ‘n mens kan help dat ‘n bietjie van die seer weggaan, was “Ja, *baie* van die seer, ja.”

- Gertjie was die enigste deelnemer wat nie ‘n kleur vir Jesus wou kies nie.

Die tweede belangrike doelwit vir hierdie sessie was om die deelnemers bewus te maak op emosies en in besonder die emosies wat hulle moontlik kon ervaar het tydens die dood van hul ouer. Elke kind het emosies geïdentifiseer deur ‘n spesifieke kleur aan ‘n emosies te koppel. Hoewel van die deelnemers (Sam en Joe) gevoel het dat dit nie reg is om oor emosies te praat nie, het hulle tog daaroor gepraat en kon hulle verduidelik wat hulle hartseer, bang, kwaad, ensovoorts maak.

Hierdie sessie het egter ook ‘n geleentheid aan die deelnemers gebied om wanpersepsies te deel.

- Sam was afraid that Satan would control him, that you would feel the worms eating you when you are dead and that people could be buried alive.

Die navorser kon weereens wanpersepsies regstel.

Die doelwitte van hierdie sessie is suksesvol bereik en die sessie kan onveranderd gebruik word.

5.15.4 Sessie 4: Deelname aan die begrafnis (vgl. 5.10.3)

Tydens hierdie sessie is elke deelnemer toegelaat om op sy eie manier sin te probeer maak uit die begrafnisgebeure deur dit uit te speel. Die deelnemers was deurentyd in beheer van die begrafnis, wat teenstrydig is met wat werklik tydens begrafnisgebeure was, waar hulle hulpelose toeskouers was. Die sensoriese komponent van die sand het ook ‘n belangrike rol in die herroep van traumageheue gespeel en om self-kalmerende belewenisse te verskaf. Tydens hierdie sessie is daar ook ‘n geleentheid vir die deelenemers geskep om oor die dood te praat of vrae te vra.

Drie van die vier deelnemers het positief gereageer toe hulle gevra is om die begrafnistoneel in die sand te maak. Joe het ook die toneel waar sy pa dood is (hy was teenwoordig) in die sand gemaak. Gertjie was huiwerig om die toneel te maak, maar het deelgeneem en die diens in die kerk uitgespeel. Hy het egter die spel na die "kerkdiens" onderbreek en het iets anders gekies om mee te speel.

Drie uit die vier deelnemers het meegedoen aan die sessie. Gertjie was onwillig om dit end-uit te voer, maar was deurentyd in beheer.

'n Verdere doelwit was om enige misverstande op te klaar. Die volgende het tydens die sessie na vore gekom en is hanteer:

- Natalie het genoem dat mense aan haar vertel het dat haar ma se kis gesteel is.
- Sam thought that only people who were good all the time, could go to heaven.
- Joe het gedink dat 'n mens as jy veras word, kan voel hoe jy brand.

Hierdie sessie se doelwitte is dus ook suksesvol bereik.

5.15.5 Sessie 5: Bespreek die veranderinge (vgl. 5.11.3)

Die doelwitte van hierdie sessie is om aan die deelnemer die geleentheid te bied om van die veranderinge bewus te word wat na die dood van sy ouer ingetree het, daaroor te praat en ook om hom van verdere veranderinge wat moontlik nog kan intree bewus te maak.

Die volgende inligting in hierdie verband is ingewin:

- Al vier die deelnemers moes na hul ouer of versorger se dood verhuis, wat 'n groot verandering is.
- Natalie maak haarself nou soms nat (na ouma se dood).
- Sam still sometimes has nightmares about "creepy stuff".
- Gertjie is na sy ma se dood in die na-skool, wat 'n groot verandering is.

By van die deelnemers was daar vreemde veronderstellings of wanpersepsies, wat deur die navorser reggestel kon word:

- Sam thought that people could choose if they wanted to live or die.
- Gertjie het geglo dat sy ma kon keer om dood te gaan.

Die deelnemers het die teenwoordigheid van die oorledene en die poging tot kommunikasie met die oorledene, soos deur Silverman *et al*., (1994:499) aangedui, beleef:

- Natalie het haar ma by haar gevoel. Sy het geglo dat dooies die hele tyd weet wat jy dink en jou uit die hemel kan sien.
- Sam sometimes talks to his father in his head.
- Joe het gevoel dat sy pa by hom is. Joe het soms met sy pa in sy kop gepraat, maar nie altyd geweet wat om te sê nie.
- Gertjie het gekies om te glo sy ma deurskynend is en altyd by hom is.

Drie van die vier deelnemers het bewus geword dat hulle kan herstel en gelukkig kan wees na die dood:

- Natalie het genoem dat mense en Jesus iemand kan help om beter te word.
- Sam believed that friends and families stand together when someone dies.
- Joe was seker dat ‘n mens se hart beter kan word.

Slegs Gertjie het geglo dat niemand kan herstel na die dood van ‘n geliefde nie. Vir navorser was dit, sowel as die feit dat hy ook nie kan gesien het om die begrafnis-ritueel uit te speel nie, ‘n aanduiding dat hy nog nie gereed was om met sy emosies kontak te maak nie.

Hierdie sessie het gedeeltelik daarin geslaag om al die doelwitte te bereik. Die navorser sou egter ‘n ander benadering met Natalie gevolg het aangesien haar ouma vier dae voor die sessie oorlede is. Gertjie se optrede tydens hierdie sessie, het ook as ‘n bevestiging gedien dat Gertjie nog nie emosioneel gereed was om die rouproses te voltooi nie.

5.15.6 Sessie 6: Maak van ‘n herinneringshouer (vgl. 5.12.3)

Die eerste doel was om ‘n houer te maak waarin die deelnemers aandenkings van hul ouers kon plaas om te stoor. Hierdie doelwit is suksesvol met al die deelnemers bereik. Elke deelnemer het gemaklik ‘n houer versier en het moeite gedoen om dit mooi te laat lyk.

Die doel om met die oorledene te kommunikeer is met elkeen van die deelnemers bereik deurdat elkeen ‘n briefie geskryf het en dit binne-in die houer geplaas het.

Die doel om herinneringe tasbaar vas te vang en te stoor is slegs gedeeltelik bereik. Slegs twee van die deelnemers het oor byvoorbeeld foto’s beskik om binne die houer te plaas.

Al die deelnemers is ook aangemoedig om vrylik oor die persoon wat dood is, te praat en indien nodig, te huil.

Hierdie sessie kan onveranderd gebruik word.

5.15.7. Sessie 7: Gee aan die kind hoop (vgl. 5.13.3)

Al die deelnemers het hul herinneringshouer voltooi. Elkeen het ‘n kruisie, as simbool van die hoop rakende die Ewige Lewe, voltooi. Daar is met elke deelnemer ‘n gesprek in hierdie verband oor Jesus gevoer. Vir al die deelnemers was dit ‘n troos en het dit hoop gegee. Slegs een van die deelnemers was steeds kwaad vir Jesus, omdat Hy sy ma weggevat het.

Hierdie sessie het minstens tot gevolg gehad dat hy sy woede kon verwoord en dat navorser daarvan kon kennis neem.

5.16 SLOT

Vir navorser het dit deur die loop van die empiriese ondersoek, duidelik geword dat die gebruik van speel, in kombinasie met Bybelse riglyne en Bybelse narratiewe uitstekend by mekaar aansluit en saamgebruik kan word. Wat uitstaan is hoe die gebruik van speel hulpverlening by die laerskoolkind vergemaklik en die kind se gees as't ware oop en toeganklik maak. Die gebruik van Bybelse narratiewe daamee saam is 'n kragtige instrument tot heelwording.

Die model voldoen egter nie volledig aan die behoeftes van kinders wat gekompliseerde rou beleef nie, byvoorbeeld Gertjie en Natalie. Die bykomende probleme wat die dood van Gertjie se ma en ouma, nadat elkeen in die hospitaal was en die spekulasie rondom die dood van sy ma, asook sy pa en die res van die familie se hantering daarvan, het aanleiding tot dieper probleme gegee as wat in hierdie model aangespreek is. Natalie se ouma se dood, haar verskuiwing van familie tot familie, asook haar pa se onbetrokkenheid het ook tot gevolg gehad dat die model minder suksesvol was.

Die empiriese navorsing, soos in hierdie hoofstuk uiteengesit, maak dit moontlik om 'n model daar te stel wat vir gebruik in die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde laerskoolkind na die dood van 'n ouer geskik is. In hoofstuk 6 word hierdie model vir die gebruik in die pastorale versorgingsproses van die laerskoolkind daar gestel.

HOOFSTUK 6: PRAKTYK-TEORIE

'N VOORGESTELDE MODEL VIR DIE GEBRUIK VAN SPEEL AS HULPMIDDEL IN DIE PASTORALE VERSORGINGSPROSES VAN DIE GETRAUMATISEERDE LAERSKOOLKIND AS GEVOLG VAN DIE DOOD VAN 'N OUER

6.1 INLEIDING EN DOELWITSTELLING

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om deur die integrasie van die basis-teorie en die meta-teorie 'n praktyk-teoretiese model daar te stel vir gebruik in die pastorale versorgingsproses van laerskoolkinders wat 'n ouer aan die dood afgestaan het. Die formulering van sodanige model is dan die gevolg van die uitkristalisering en integrering van die onderskeie tersaaklike komponente van hierdie studie.

6.2 PRAKTYK-TEORIE

In terme van die model van Zerfass (soos bespreek in hoofstuk 1) vorm hierdie hoofstuk die praktyk-teoretiese samevatting van al die basiese vertrekpunte en perspektiewe soos aan die orde gestel deur die loop van hierdie studie. Praktyk-teorieë word ontwerp vir elke kommunikatiewe handeling (Pieterse, 1993:52). Die bevindinge van die empiriese ondersoek word dan gewoonlik in die praktyk deur middel van interaksie met die bestaande praktyk-teologiese teorieë geïntegreer. In hierdie proses speel teoretiese en empiriese gegewens op mekaar in totdat nuwe konsepte daaruit geformuleer kan word vir 'n praktykteorie om die praxis te rig en te stuur (Heyns & Pieterse, 1998:86).

6.3 DIE HANTERING VAN 'N AANTAL BELANGRIKE VRAE

Die sentrale navorsingsvraag van hierdie studie is: In watter mate kan speel as 'n hulpmiddel gebruik word tydens die pastorale versorgingsproses van die laerskool-kind wat getraumatiseer is deur die dood van 'n ouer? (vgl. 1.3).

In die proses om uiteindelik by die nodige navorsings resultate te arriveer met betrekking tot die basis-teorie en meta-teorie is daar van die volgende vrae gebruik gemaak:

6.3.1 *Watter Bybelse riglyne kan geïdentifiseer word met betrekking tot die pastorale versorgingsproses van getraumatiseerde kinders?*

Daar is gepoog om antwoorde op hierdie vraag te vind deur ‘n basis-teoretiese ondersoek te doen met betrekking tot die kultuur-historiese agtergrond ten opsigte van die tema van die dood en ook die tema van kinders. ‘n Verdere ondersoek is ook gedoen na Bybelse riglyne in verband met kinders volgens Deut 6:6-9, Jesus se omgang met kinders volgens Mark 10:13-16, Paulus se voorbeeld volgens 1 Kor 9:19-23 en die erkenning van speel as ‘n aktiwiteit van kinders volgens Sag 8:5.

6.3.2 *Watter insigte kan geïdentifiseer word vanuit die geskiedenis van die pastorale versorging van getraumatiseerde kinders?*

In hierdie verband is ‘n basis-teoretiese ondersoek gedoen na die geskiedenis van pastoraat en veral met betrekking tot belangrike bydraes in die ontwikkeling van Kinderpastoraat. Verder is daar ook ‘n literatuurstudie van ‘n aantal bydraes rakende Kinderpastoraat gedoen.

6.3.3 *Watter perspektiewe bied die aangrensende wetenskappe betreffende die rol van speel in die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde kind as gevolg van die dood van ‘n ouer, en wat leer die historiese ontwikkeling van speel as hulpmiddel in die begeleiding van emosioneel verwonde kinders?*

‘n Meta-teoretiese ondersoek is gedoen na die kind se belewing van die dood, die kind se reaksie op die dood van ‘n ouer, die kind se verstaan van die doodskonsep, kindertrauma, die kind se behoeftes en take na die dood asook ‘n moontlike hulpverleningsmetode.

6.3.4 *Watter perspektiewe kan vanuit 'n empiriese ondersoek moontlik meer lig werp op hierdie tema?*

'n Empiriese ondersoek is gedoen om die voorgestelde hulpverleningsmetode te toets, om sodoende meer lig te werp op die gebruik van speel tydens die pastorale versorgingsproses.

6.3.5 *Watter model kan geformuleer word wat as basis kan dien vir die gebruik van speel tydens die omvattende pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde kind wat 'n ouer aan die dood afgestaan het?*

Ten einde die merkers uit te spel van die model wat uiteindelik aan die orde gestel word vanuit hierdie studie sal daar vervolgens weer eens gebruik gemaak word van die voorafgaande vrae en aan die hand daarvan sal die proses vervolgens stap vir stap verduidelik word.

6.3.5.1 *Watter Bybelse riglyne kan geïdentifiseer word met betrekking tot die pastorale versorgingsproses van getraumatiseerde kinders?*

Die riglyne wat verkry is uit hierdie studie is die volgende:

- **Kultuur-historiese agtergrond rakende die dood (vgl. 2.4)**

Rituele was destyds algemeen (vgl. 2.4.2) en die dood was nooit 'n stil en stemmige gebeurtenis nie. Daar was gewoonlik 'n oop en publieke demonstrasie van rou (vgl. 2.4.3) deur familie en vriende.

- **Kultuur-historiese agtergrond rakende kinders (vgl. 2.5)**

Kinders het 'n belangrike plek in beide die Ou en die Nuwe Testament gehad. Kinders is gesien as gawes of geskenke van God in die Ou en die Nuwe Testament. Soos kinders ouer word, het hulle in die strate en op die pleine met maats gespeel (Sag 8:5), bymekaargekom (Jer 6:11) en na mekaar geroep, fluit gespeel, gesing en gedans (Matt 11:26). Volgens Stander en Louw (1990:302) en De Vaux (1984:48) het kinders in die strate blokke getrek en op een been gespring ('n vorm van

"hopscotch"), met balle en albasters gespeel, selfgemaakte musiekinstrumente bespeel en selfs ook bordspeletjies gespeel.

- **Bybelse riglyne in verband met kinders volgens Deut 6:6-9 (vgl. 2.6.9)**

Die teksgedeelte begin by die "hart" – 'n wilsbesluit om inligting oor te dra. Teen hierdie agtergrond sou ouers byvoorbeeld kon besluit om hul kinders te leer oor die dood. Die gebruik van simbole in vers 8 is 'n uiters geskikte medium om te gebruik om die boodskap oor te dra. Tydens die pastorale versorgingsproses, sou die simboliek van speel ook gebruik kon word as 'n medium om bepaalde belangrike boodskappe oor te dra.

- **Jesus se omgang met kinders volgens Mark 10:13-16 (vgl. 2.7.8)**

Markus was moontlik diep geraak deur die liefde wat Jesus vir mense gehad het. Jesus het weereens die belangrikheid van kinders beklemtoon deur Sy optrede deur Sy arms om die kinders te sit, hulle die hande op te lê en hulle te seën. Jesus aanvaar kinders en daarom moet kinders dienooreenkomstig deur ouers, kerke en die gemeenskap aanvaar word. Jesus sal ook kinders wat swaarkry na die dood van 'n ouer genees van emosionele seer.

- **Paulus se voorbeeld in 1 Kor 9:19-23 (vgl. 2.8.8)**

Paulus volg Jesus se voorbeeld in so 'n mate dat hy bereid is om "swak" te word om sodoende "swakkes" vir Christus te wen. Paulus ruim in werklikheid alle onnodige struikelblokke uit die weg wanneer hy met iemand werk. Deur sy uitspraak in 1 Kor 13:11 herken Paulus dat kinders op 'n ander manier funksioneer as volwassenes en by implikasie, dan ook op 'n ander manier benader moet word as volwassenes. Paulus, wat Jesus se voorbeeld volg, modelleer dat dit aanvaarbaar sal wees om 'n kind te benader op 'n manier wat vir hulle verstaanbaar is.

- **Erkenning van speel as 'n aktiwiteit van kinders in Sag 8:5 (vgl. 2.9.8)**

Wanneer God Jerusalem seën, word oud en jonk - die weerloses in die samelewing - ingesluit. Oud en jonk werk nie, maar doen dinge wat toepaslik is vir hul ouderdom,

soos sit (oues) en speel (jonges). In hierdie Skrifgedeelte erken Sagaria dus dat kinders anders as volwassenes funksioneer.

6.3.5.2 *Watter insigte kan geïdentifiseer word vanuit die geskiedenis van die pastorale versorging van getraumatiseerde kinders?*

- **Wat is pastoraat? (vgl. 3.3)**

Pastorale sorg het uit die Latynse woorde cura animarum ontstaan. Die fokus in pastoraat is op die sorg en omgee vir al God se mense onder alle omstandighede gerig.

- **Wat en wie is 'n pastor? (vgl. 3.4)**

Pastoraat is nie moontlik sonder 'n persoon wat die pastoraat bedien nie. Elke gelowige is in wese 'n berader in die Bybelse sin van die woord.

- **Geskiedenis van pastoraat (vgl. 3.5)**

In die boek Handelinge word die rol van die Heilige Gees as verlengstuk van menslike aktiwiteite beklemtoon. Die invloed van die Heilige Gees is dus die middelpunt van ware Christelike hulp.

- **Belangrike bydraes in die ontwikkeling van Kinderteologie (vgl. 3.6)**

Kinderteologie het 'n bewussyn na vore gebring van die belang van kinders in die Bybel. In die Ou Testament is kinders ingesluit as deel van die sosiale lewe en strukture. Lofprysing was visueel en dramaties – beide maklik toeganklik vir kinders en volwassenes. Bepaalde simbole, byvoorbeeld Paasfees (Eks 20) en die stapel van 12 klippe (Jos 4), sou kinders dring om vrae te vra. In die Nuwe Testament word daar baie verwys na insidente wat Jesus se omgang met kinders insluit.

- **Beskrywing van Kinderpastoraat (vgl. 3.7)**

Enige persoon wat wil betrokke raak by Kinderpastoraat, moet glo dat kinders inherent waardevol vir God is. Die belangrikste drie kwessies in die definiëring van

Kinderpastoraat is die volgende:

- Die vorming van ‘n verhouding tussen die hulpverlener en die kind.
- Dat dit korrek is om ‘n kind in krisis of ‘n emosioneel verwonde kind te begelei.
- Dat dit nodig is om hulp te verleen aan kinders deur gebruik te maak van die Skrif of Skrifgefundeerde middele.

- **Raakpunte uit ‘n literatuurstudie van ‘n aantal bydraes rondom Kinderpastoraat (vgl. 3.8)**

Die bydraes se evaluering het gelei tot ‘n aantal belangrike raakpunte. Hierdie raakpunte is gebruik in die samestelling van ‘n pastorale model vir die begeleiding van die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van ‘n ouer.
Raakpunte wat in hierdie verband belangrik geblyk het, is die volgende:

- **Verhouding**

Die belangrikheid van in ‘n verhouding met kinders wees vleg soos ‘n goue draad deur die literatuur. Lester (1985), Sweeney en Landreth (1993), Blore (1998), Cook (1999), Sisemore (2004), Coetsee (2005 & 2011) en Basson (2010) verwys almal pertinent na die verhouding tussen die kind en die hulpverlener of pastor as die belangrikste in die helingsproses.

- **Kennis**

In al die literatuurstudies wat geraadpleeg is, word besondere klem geplaas op die belangrikheid van kinders te “ken.” Die artikels, boeke en verhandelinge gee ook telkens aandag aan die ontwikkelingsvlakke van kinders. Hierdeur word daar erkenning gegee aan die feit dat kinders anders funksioneer as volwassenes.

- **Die unieke aard van kinders en die gebruik van speel**

Simboliek het reeds in die Ou Testament ‘n belangrike rol vervul en verskeie simboliese gebeure (Paasfees – Eks 20; klipstapels - Jos 4) en herinnerings-tekens (Deut 6:8-9) is gebruik om kinders aan God se verbond, sorg en liefde te herinner.

Speel is die kind se unieke taal waardeur hulle hulself uitdruk. Dit sou dus ook gepas wees vir ‘n hulpverlener om die kind se wêreld te betree om sodoende op hul vlak hulp te verleen. Lester (1985:85) beskryf dat hierdie proses van speel goed werk aangesien kinders nie besef dat hulle heelwat van hulself openbaar terwyl hulle speel nie.

- **Die gebruik van stories tydens die hulpverleningsproses**

Lester (1985), Stewart en Berryman (1989, *in* Stover & Stover, 1994) Sweeney en Landreth (1993), Blore (1998), Cook (1999) Basson (2010) en Coetsee (2011) ondersteun almal die gebruik van stories, en spesifiek Bybelstories. Stewart en Berryman (1989:26) noem dat stories van God in die Bybel kinders help om hul vrese aan te spreek. Hierdie stories verskaf aan hulle waardevolle riglyne vir die lewe en om die sin van die lewe te ontdek.

Dit is duidelik uit die voorafgaande dat ‘n model om hulp te verleen aan die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van ‘n ouer die volgende vier basiese elemente sal moet insluit:

- Verhoudingsbou.
- Kennis.
- Gebruik van speel.
- Bybelse stories.

6.3.5.3 *Watter perspektiewe bied die aangrensende wetenskappe betreffende die rol van speel in die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde kind as gevolg van die dood van ‘n ouer, en wat leer die historiese ontwikkeling van speel as hulpmiddel in die begeleiding van emosioneel verwonde kinders*

- **Die kind se persepsie van die dood (vgl. 4.2)**

Die kind se persepsie van die dood verskil van díé van volwassenes, veral vanweë hul fisiese, kognitiewe, persoonlikheids- en emosionele ontwikkeling. Hul gesin,

sosiale ontwikkeling, godsdienstige ontwikkeling en kultuur waaraan hulle blootgestel word, speel ook ‘n beduidende rol in die kind se belewenis van die dood.

- **Die kind se godsdienstige- en geloofsvorming (vgl. 4.2.1.8)**

Die laerskoolkind val binne die fase van die middelkinderjare kind. Hiervolgens verstaan die kind God hoofsaaklik deur middel van narratiewe verhale wat voorhande is binne hul kultuur. Die Bybelverhale van vroeër kan nou gebruik word om die kind te help om ook aspekte van hul geloof te verstaan.

- **Die kind se reaksie op die dood van ‘n ouer (vgl. 4.3)**

Elke kind se reaksie op die dood van ‘n ouer is uniek, maar daar is verskeie reaksies en emosies wat wel redelik universeel sou kon voorkom, byvoorbeeld op fisiese, emosionele, kognitiewe, sosiale en geestelike terreine. Dit is belangrik dat hierdie reaksies bekend is aan die hulpverlener sodat die kind se optredes en gedrag nie misverstaan word nie.

- **Die kind se verstaan van die doodskonsep (vgl. 4.4)**

Hoe die kind die dood verstaan en daaruit probeer sin maak, sal afhanklik wees van dit wat uit die kultuur geleer is. Die Westerse en die Tswana-kultuur verskil byvoorbeeld van mekaar in hierdie verband en verskille soos hierdie is ‘n belangrike faktor waarvan kennis geneem moet word. Die hulpverlener sal daarop moet let dat elke kultuur gerespekteer word en dat een nie minder belangrik geag word as die ander nie.

- **Faktore wat die kind se rouproses bevorder of bemoeilik (vgl. 4.5)**

Die tipe dood, insluitend of dit skielik/onverwags is en of dit verhoed kon word, sal ‘n bepaalde rol speel in die rouproses van die kind. Verskeie literatuurbronne in hierdie verband is bestudeer, onder andere dié van Kübler-Ross en Kessler (2005), Wells (1992), Silverman, Nickman en Worden (1992) en Cook en Dworkin (1992).

- **Die effek van trauma op die brein (vgl. 4.7)**

Daar is onder andere ook gefokus op die effek wat trauma op die brein het. Die gevolgtrekking is gemaak dat trauma op ‘n onlogiese wyse in die brein gestoor word. Die trauma verlam dikwels die area van Broca (waar emosies in woorde omgeskakel word)(Van der Kolk, 2003:306). Die kind het dus nodig om ‘n ander metode te gebruik om deur die trauma te werk.

- **Die kind se behoeftes en take na die dood (vgl. 4.8 en 4.9)**

Die kind sal dalk nie dadelik sy verlies hanteer nie, maar sal wel op ‘n gepaste tyd daarmee deel, aangesien die kind oor ‘n meganisme beskik om die verlies intakt te hou totdat die kind of oud genoeg of psigologies genoeg daarop voorberei is om daarmee te deel (Kübler-Ross & Kessler, 2005:166).

- **Raakpunke uit die literatuur (vgl. 4.9.4)**

‘n Literatuurstudie het die volgende merkers uitgewys vir die samestelling van ‘n model vir hulpverlening:

1. Beskikbaarheid van volwassenes om hulp te verleen aan die kind.
2. Feite - eenvoudige, duidelike en toepaslike taal – op die kind se vlak.
3. Hulp en informasie in verband met emosies.
4. Deelname aan die begrafnis.
5. Bespreek veranderinge wat ingetree het na die dood.
6. Behou die band met die oorledene.
7. Bespreek die toekoms en hervat die lewe.

- **Die kind se unieke taal (vgl. 4.10)**

Vir die kind is speel ‘n natuurlike vorm van kommunikasie. Kinders van alle kulture speel, wat dit ‘n universele middel maak wat ideaal is om ook in Suid-Afrika, met ons diverse kulture, te gebruik. Deur die aktiwiteit van speel kan kinders veilig hulle emosies uitdruk sonder verwerping deur ander. Dit is ook deur speel wat genesing vir hartseer kan plaasvind. Sonder die natuurlike helingskrag van speel sal die

emosionele wonde wat deur die dood van ‘n ouer of ouers opgedoen is moontlik nooit geheel kan word nie (Sweeney & Landreth, 1993:355).

- **Geskiedenis van speel (vgl. 4.10.1)**

In Bybelse tye het kinders alreeds gespeel soos deur Stander en Louw (1990:302) en De Vaux (1984:48) beskryf. Die Bybel erken ook die belangrikheid van speel as ‘n normale aktiwiteit van kinders in Sag 8:5: “Die pleine van die stad sal vol seuns en dogters wees wat daar speel” (Bybel, 1983).

Sigmund Freud het met sy psigo-analitiese teorie die soeke na hulpverleningsmetodes vanuit ‘n psigologiese hoek begin. Sy dogter, Anna Freud, het die eerste belangrike bydraes rakende hulpverlening aan kinders deur middel van speel, gelewer. Daarna het verskeie rolspelers belangrike bydraes gelewer tot die ontwikkeling van die uiteindelike dissipline van spelterapie.

- **Die waarde van speel (vgl. 4.10.3)**

Kinders se kommunikasiestyl verskil radikaal van dié van volwassenes, veral omdat hulle nog nie taal tot so ‘n mate bemeester en ook nog nie oor die abstrakte denkwyse beskik om gedagtes, gevoelens en gedrag te verbaliseer nie. Daarom is dit so dat “... c*hildren will express their feelings through play, drawing and non-verbal behaviour”* (Ferreira & Read, 2006:183). Speel is vir ‘n kind wat verbalisering vir ‘n volwassene is: die mees natuurlike medium vir die uitdrukking van die self (Schaefer, 1993:6).

- **Die gebruik van speel (vgl. 4.10.4)**

Verskeie soorte speelmateriaal en verskillende vorme van speel word gebruik tydens die hulpverleningsproses van die getraumatiseerde laerskoolkind. Die verskillende vorme van speel sluit onder andere in:

- Kreatiewe spel, waaronder teken en verf, klei, sand en enige ander kreatiewe aktiwiteit resorteer,

- Ontspanningspel, met spesifieke verwysing na die gebruik van speletjies en Biblio-spel, wat die gebruik van stories insluit.

- **Voorgestelde hulpverleningsmetode (vgl. 4.11)**

'n Voorgestelde hulpverleningsmetode is ontwerp waarin die merkers wat uitgewys is uit die literatuurstudie (vergelyk 4.9.4), gekombineer is met elemente van speel (vergelyk 4.10.3 & 4.10.4), aangesien dit die kind se natuurlike medium van uitdrukking is. Die voorgestelde hulpverleningsmetode bestaan uit sewe sessies en is die volgende:

Sessie 1: Bou 'n verhouding.
Sessie 2: Uitbou van verhouding en uitruil van inligting.
Sessie 3: Hulp met lewensstorms en emosies.
Sessie 4: Deelname aan die begrafnis.
Sessie 5: Bespreek die veranderinge.
Sessie 6: Maak 'n herinneringshouer.
Sessie 7: Gee aan die kind hoop.

Hierdie voorgestelde model sal as deel van die empiriese ondersoek getoets word.

6.3.5.4 *Watter perspektiewe kan vanuit 'n empiriese ondersoek moontlik meer lig werp op hierdie tema?*

- **Metodologiese verantwoording (vgl. 5.3)**

Daar is vir die empiriese ondersoek van die "gemengde metodes" benadering gebruik gemaak. Eerstens is 'n kwalitatiewe benadering gebruik waar die navorser as't ware deel word van die respondente se leefwêreld en fokus op wat die respondente as werklikheid ervaar. Gevallestudie is gebruik om insig in die lewe van die kind te kry. Sodoende kan die invloed van speel tydens die hulpverlenings-proses bepaal word.

Tweedens word daar gebruik gemaak van die kwantitatiewe benadering. As deel van hierdie benadering is daar van ‘n meetinstrument, die Children’s Functioning Inventory – Senior Primary van Perspektief Opleidingskollege, gebruik gemaak om die resultate van die studie te versterk. Die deelnemers is aan die begin van sessie twee getoets en ook twee maande na die studie ten einde geloop het.

- **Evaluering van sessie 1 (vgl. 5.7.3)**

Die primêre fokus van hierdie sessie was om ‘n verhouding tussen die navorser en die deelnemers te bou. Verdere doelwitte was die inwin van inligting op ‘n nie-bedreigende wyse en om die gesprek rondom die dood te inisieer. Hierdie drie doelwitte is suksesvol bereik. Hoewel die identifisering en regstel van wanpersepsies nie ‘n doelwit tydens hierdie sessie was nie, is wanpersepsies spontaan deur die deelnemers met die navorser gedeel en kon dit reggestel word.

- **Evaluering van sessie 2 (vgl. 5.8.4)**

Die kinders is aan die begin van die sessie deur die gebruik van die meetsinstrument (CFI-Snr Primary) geassesseer. Die doel om die verhouding uit te bou en te versterk is met elkeen van die deelnemers bereik. ‘n Verdere doel was om meer inligting van die deelnemers te verkry, om sodoende veral op die fisiese simptome te let. ‘n Derde doel was om wanpersepsies te identifiseer en reg te stel. Bogenoemde doelwitte is suksesvol bereik. Verder is ‘n geleentheid om deur middel van die speletjie meer van die dood te leer, geskep.

- **Evaluering van sessie 3 (vgl. 5.9.3)**

Die doel van hierdie sessie was om die kinders bewus te maak van hul emosies deurdat hulle met die karakters in die Bybelse narratief kon identifiseer. Die volgende doel was om die deelnemers te begelei om emosies te hanteer. Die laaste doel was om die deelnemers daarvan bewus te maak dat Jesus deur elke lewens-storm ook by die mens is. Hierdeur is die geleentheid aan die deelnemers gebied om geloofskwessies met die navorser te bespreek. Hierdie doelwitte is slegs gedeeltelik bereik.

- **Evaluering van sessie 4 (vgl. 5.10.3)**

Gedurende hierdie sessie is die deelnemers toegelaat om elkeen op sy eie manier sin te probeer maak deur die begrafnisgebeure uit te speel. Elke deelnemer was deurtentyd in beheer van die begrafnis, in teenstelling met werklike gebeure. Hierdie doel is volledig bereik. Elke deelnemer het die geleentheid gehad om oor die dood te praat of vrae daaroor te vra. Drie van die deelnemers het van hierdie geleentheid gebruik gemaak. 'n Verdere doelwit was om enige misverstande rakende die dood op te klaar. Hierdie doelwit is ook bereik. Slegs Gertjie het gedurende hierdie sessie getoon dat hy nie gereed was om die begrafnis te herbeleef of enige vrae daaroor te vra nie.

- **Evaluering van sessie 5 (vgl. 5.11.3)**

Die doelwit van hierdie sessie was om die kind bewus te maak van die veranderinge in sy lewe na die dood van sy ouer en aan hom die geleentheid te bied om daaroor te praat. Al vier die deelnemers het na die dood van hul ouer of versorger, verhuis. Weereens kon wanpersepsies tydens die sessie reggestel word.

By al die deelnemers was daar 'n poging om die teenwoordigheid van die oorledene in hul lewens te behou en om met die oorledene te kommunikeer, soos deur Silverman *et al*. (1994:499) aangedui. Drie van die vier deelnemer het ook daarvan bewus geword dat hulle kan herstel en gelukkig wees na die dood van hul ouer.

- **Evaluering van sessie 6 (vgl. 5.12.3)**

Die maak van 'n herinneringshouer is vir die doel van hierdie sessie as kuns gebruik as gevolg van die sensoriese komponente daarvan. Die doel om 'n tasbare objek as herinneringshouer te maak is met elkeen van die deelnemers bereik.

Die doel om herinneringe tasbaar te berg, is slegs met twee van die deelnemers bereik, aangesien slegs hulle oor persoonlike artikels en foto's beskik het. Die doel om te kommunikeer is suksesvol bereik deurdat elkeen van die deelnemers 'n briefie aan die oorledene geskryf het.

- **Evaluering van sessie 7 (vgl. 5.13.3)**

Die doelwitte wat tydens sessie 7 gestel is, is suksevol afgehandel. Al die deelnemers het hul herinneringshouers voltooi. Elkeen het ook ‘n kruis as tasbare simbool van die Ewige Lewe gemaak. Daar is met elkeen van die deelnemers ‘n gesprek rondom Jesus, as Lewende Hoop, gevoer. Drie van die deelnemers het dit as troos beskou. Gertjie was egter steeds kwaad vir Jesus wat sy ma weggevat het. Hierdie sessie het ‘n sinvolle wyse gebied om die hulpverleningsproses mee af te sluit.

- **Resultate van assesering (vgl. 5.14)**

Die assesering het getoon dat twee van die deelnemers (Sam en Joe) se resultate verbeter het.

Natalie se skuldgevoelens, geheueverlies en wantroue (van volwassenes) het verhoog. Sy is egter na haar ouma se dood na twee gesinne verskuif, met ‘n moontlikheid van ‘n derde. Dit is beslis moontlik dat hierdie toedrag van sake daartoe aanleiding kon gee.

Gertjie se skuldgevoelens, houding teenoor volwassenes en wantroue (van volwassenes) het ook verhoog. Die twee vriendinne in sy pa se lewe, so kort na sy ma se dood, kon moontlik aanleiding daartoe gegee het.

- **Samevatting (vgl. 5.15)**

Vir navorser het dit deur die loop van die empiriese ondersoek duidelik geword dat die gebruik van speel, in kombinasie met Bybelse riglyne en Bybelse narratiewe uitstekend by mekaar aansluit en saam gebruik kan word. Wat uitstaan, is hoe die gebruik van speel hulpverlening vergemaklik by die middelkinderjare kind en die kind se gees as’t ware oop en toeganklik maak. Die gebruik van Bybelse narratiewe daarmee saam is ‘n kragtige instrument tot heelwording.

Die model voldoen egter nie volledig aan die behoeftes van kinders wat gekompliseerde rou beleef nie. Dit is uitgewys in die geval van twee deelnemers.

Verdere navorsing sal gedoen moet word om ‘n addisionele hulpverleningsmetode daar te stel, wat gebruik kan word in die pastorale versorgingsproses van die kind wat gekompliseerde rou beleef.

6.3.5.5 *Watter model kan geformuleer word wat as basis kan dien vir die gebruik van speel tydens die omvattende pastorale versorgings-proses van die getraumatiseerde kind wat ‘n ouer aan die dood afgestaan het?*

- **Sessie 1: Bou ‘n verhouding**

Die eerste sessie in die voorgestelde model vir die gebruik van speel in die pastorale versorgingsproses van laerskoolkinders, se primêre doel is die bou van ‘n verhouding.

In die basis-teoretiese deel van hierdie studie het dit duidelik na vore gekom dat Jesus se voorbeeld by uitstek die voorbeeld is om na te volg tydens ‘n hulpverleningsproses. Hy het nie gehuiwer om in ‘n verhouding te staan met mense nie. Hy het gemarginaliseerdes, byvoorbeeld kinders, betrek en hulle as voorbeeld gebruik (vgl. 3.6.2.2).

Vanuit die bestudering van Mark 10:13-16 het dit duidelik na vore gekom dat Jesus onomwonde die belangrikheid van kinders beklemtoon deur Sy optrede (vgl. 2.7.8) en hulle insluit deur hulle in ‘n verhouding met Hom te laat staan. In die daaropvolgende hoofstuk het bydraes uit die Kinderteologie hierdie aanname bevestig (vgl. 3.6.2). Uit ‘n literatuurstudie van agt verskillende bydraes rakende Kinderpastoraat, het ses van die agt ook die belangrikheid van in ‘n verhouding met kinders te staan, bevestig (vgl. 3.9.3.1). Sweeney en Landreth (1993:354) beskryf

hierdie verhouding as *"... the single most creative force in healing. The relationship is the key to growth*".

Ook vanuit die metateorie is verskeie raakpunte geïdentifiseer (vgl. 4.8 en 4.9.4) wat die belangrikheid bevestig dat 'n volwasse hulpverlener bereid moet wees om in 'n verhouding met die kind te staan. 'n Verdere bydrae vanuit die metateorie is dat die hulpverlening aan die kind, na die trauma van die dood van 'n ouer, op sy vlak moet geskied (vgl. 4.10.2 & 4.10.3). Aangesien die kind se nie-verbale kommunikasie meer prominent na vore kom tydens trauma as sy verbale kommunikasie, is dit dus gepas om van speel gebruik te maak in die hulpverleningsproses (vgl. 4.10.4).

Opsommenderwys het dit duidelik geblyk dat deur die integrasie van Jesus se optrede rakende kinders, die bydraes rakende pastoraat aan kinders, sowel as die bydraes vanuit die metateorie, 'n sessie saamgestel kan word waar die elemente van verhoudingsbou en speel benut word om toe te tree tot die kind.

- **Sessie 2: Uitbou van verhouding, uitruil van inligting**

Vanuit die basis-teoretiese ondersoek wat in hoofstuk 2 en 3 gedoen is, het Jesus se omgang met kinders (vgl. 2.7.8 & 3.6.2) dit duidelik uitgelig dat om toe te tree tot 'n verhouding met kinders belangrik is tydens die hulpverleningsproses. Jesus het die belangrikheid van 'n verhouding met kinders ook met Sy dissipels bespreek (vgl. 3.1). Visuele lofprysing en simbole het verseker dat die kind kon deel in die sosiale lewe en strukture destyds, aangesien dit op die kind se vlak van ontwikkeling trefkrag het (vgl. 2.6.9; 2.8.8; 3.6.2.1; 3.7.1). Stander en Louw (1990:302) sowel as De Vaux (1984:48) noem dat kinders reeds in die Bybelse tye byvoorbeeld sekere bordspeletjies gespeel het.

Vanuit die meta-teoretiese ondersoek wat in hoofstuk 4 en 5 gedoen is, is bevind dat die kinders vanweë hul vlak van ontwikkeling nie in staat is om op dieselfde wyse as volwassenes benader te word tydens die hulpverleningsproses nie (vgl. 4.2. & 4.10).

Louw en Louw (2007:239 – 260) noem dat kinders aangetrek word na speletjies met gestruktureerde reëls, soos byvoorbeeld bordspeletjies (vgl. 4.10.4.2). Speletjies kan die fisiese, kognitiewe, emosionele en sosiale ontwikkeling van kinders aanhelp (vgl. 4.10.4.2). Speletjies kan dus gebruik word om emosionele wonde te genees. Tweedens kan dit ook gebruik word om inligting in te win rakende enige voorveronderstellings of simptome wat by die kind bestaan as gevolg van die trauma van die dood (vgl. 4.3; 4.7; 4.10.3 & 4.10.4.2).

Op praktyk-teoretiese vlak is daar in hoofstuk 5 aangedui hoe die gebruik van sodanige speletjies binne die konteks van die sessie plaasvind, en ‘n impak het op die heling van die deelnemer.

- **Sessie 3: Hulp met lewensstorms en emosies**

Die derde stap of sessie in die voorgestelde model vir die gebruik van speel as hulpmiddel in die pastorale versorgingsproses van die laerskoolkind, sluit in die gebruik van ‘n Bybelse narratief tesame met die aksie van teken.

‘n Bybelse narratief wat ideaal vir hierdie doel is, is byvoorbeeld Mark 4:35-41. Die basis-teoretiese ondersoek het aan die lig gebring dat ‘n verskeidenheid van Bybelse outeurs (vgl. 3.9.3.4) die gebruik van verhale, en spesifiek Bybelse verhale, ondersteun. Die uiting van emosies in die Bybelse tye was bekend en het algemeen voorgekom na die dood van ‘n geliefde (vgl. 2.4.2.1).

Die gebruik van verhale word ook deur die meta-teorie ondersteun (vgl. 4.10.4.3). Verhale/stories gee aan die kind die geleentheid om met die karakters te identifiseer terwyl die kind ook attent gemaak word op die regmatige plek van emosies. Teken word vervolgens ook gebruik om emosies na vore te bring (vgl. 4.10.4.1).

- **Sessie 4: Deelname aan die begrafnis**

Deelname aan ‘n begrafnis is sedert die vroegste tye van belang vir die mens. Die manier van rou in die Bybelse tyd verskil radikaal van dit wat tans nagevolg word (vgl. 2.1 en 4.1).

Uit die basis-teoretiese ondersoek was dit duidelik dat rituele en uiting van emosie algemeen voorgekom het (vgl. 2.4.2.1). Die enigste verwysing na ‘n kind wat rou, is díé van Isak in Gen 24:67 wat vertroos is na sy ma se dood. Kinders is egter nooit uitgesluit van begrafnisse en die rouproses nie (vgl. 2.4.2.2). Uit hoofstuk 3 (vgl. 3.9.3.2 & 3.9.3.3) is die belangrikheid om die regte kennis aan kinders te gee en om kinders te “ken” uitgelig. Hierdeur word erkenning gegee aan die feit dat kinders anders funksioneer en dat speel die belangrikste en natuurlikste aktiwiteit in kindwees is.

Vanuit die meta-teorie het geblyk dat kinders geleentheid gebied moet word om die volgende te kan ervaar:

- Om op hul manier die gebeure van die begrafnis te eksploreer.
- Om die traumatiese gebeurlikheid te struktureer sodat dit uiteindelik ‘n normale herinnering kan word.
- Om die sensoriese komponent van byvoorbeeld die sand van die sandbak hiervoor te benut.
- Om aan die kind die geleentheid te bied om oor die begrafnis te praat of vrae daaroor te vra om sodoende die nodige kennis oor te dra (vgl. 4.7.2 & 4.10.4.1).

Die empiriese navorsing in hoofstuk 5 het uitgelig dat die gebruik van byvoorbeeld sand tydens die begrafnisgebeure ‘n geleentheid aan elke deelnemer gebied het om in beheer te wees en om sodoende van hulp te wees tydens die helingproses.

- **Sessie 5: Bespreek veranderinge**

Hoewel die rousmart proses ‘n unieke belewing is wat van mens tot mens verskil, is daar tog raakpunte. Een van die belangrikste raakpunte is dat die dood ‘n mens se lewe onherroeplik verander.

Vanuit die basis-teorie in hoofstuk 3 het geblyk dat hulpverlening aan kinders net so belangrik as hulpverlening aan volwassenes is aangesien Jesus deur Sy voorbeeld dit duidelik gestel het dat Hy kinders besonder liefhet en dus ook van Sy volgelinge verwag om so teenoor kinders op te tree (vgl. 3.6.2.2; 3.9.1). Dit sou dus gepas wees om volgens Jesus se voorbeeld vanuit ‘n pastoraal-teologiese oogpunt hulp te verleen aan die kind ten opsigte van die veranderinge wat in sy/haar lewe sal plaasvind na die dood van ‘n ouer.

Vanuit metateorie het veral die belangrikheid daarvan geblyk om die kind ‘n geleentheid te gee om te praat oor die veranderinge wat in sy lewe plaasgevind het en nog sal plaasvind. Lehman *et al*., (2000:5 – 6) het besonder klem gelê op hierdie aspek (vgl. 4.9.4 & 4.10.4.2).

Die empiriese navorsing het onder andere gefokus op die veranderinge wat in die deelnemers se lewens ingetree het deur middel van ‘n eenvoudige, genotvolle en nie-bedreigende speletjie. Vreemde voorveronderstellings het soms in die proses na vore gekom en kon deur die navorser reggestel word.

- **Sessie 6: Maak van ‘n herinneringshouer**

Tydens die sesde sessie in die voorgestelde model vir die gebruik van speel as hulpmiddel in die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van ‘n ouer, is die maak van ‘n herinnerings-houer die fokus.

Vanuit die basis-teorie in hoofstuk 3 is ‘n literatuurstudie van ‘n aantal bydraes rakende die pastorale versorging van kinders gedoen. ‘n Raakpunt wat by vyf van die agt bydraes na vore gekom het, is die gebruik van speel (vgl. 3.9.3.3). In hoofstuk 2 is melding gemaak van Paulus wat in ‘n tyd van krisis Jesus se voorbeeld volg deurdat hy bereid was om “swak” te word om sodoende die “swakkes” vir Christus te wen (vgl. 2.7.8). In 1 Kor 13:11 noem Paulus dat toe hy ‘n kind was “ek gedink het soos ‘n kind, geredeneer het soos ‘n kind”. Paulus gee in ‘n sekere sin deur ‘n formulering soos hierdie erkenning aan die feit dat kinders op ‘n ander manier funksioneer en dink as volwassenes en dus anders hanteer behoort te word. Sag 8:5 gee ook erkenning aan speel as ‘n aktiwiteit eie aan kinders (vgl. 2.8.8)

In hoofstuk 4 stel Silverman *et al*. dit vanuit die meta-teorie dat die kind probeer om sy verhouding met die oorledene lewend te hou deur briefies te skryf of gesels, herinneringe op te roep en artikels wat aan die oorledene behoort het, bymekaar te maak (vgl. 4.6.3). Herbst (2006:40) stel dit duidelik dat die behoefte om herinneringe en aandenkings vas te vang so oud soos die wêreld self is (vgl. 4.11.6). Malchiodi (2012:21) is van mening dat die maak van ‘n houer gekoppel aan herinneringe sensories van aard is en dat dit die onbewuste na vore sal bring (vgl. 4.7.2 & 4.11.6).

Uit die empiriese navorsing van hoofstuk 5 het geblyk dat al die deelnemers gretig was om aan die aktiwiteite deel te hê. Elke deelnemer het dit positief beleef om iets tasbaars te maak waarbinne artikels van die oorledene geplaas kon word om daardeur die band met die oorledene te behou en te versterk (vgl. 5.12).

- **Sessie 7: Gee aan die kind hoop**

Die sewende sessie in die voorgestelde model se primêre doel is om hoop te gee. Coetzee het dit duidelik gestel dat “... die Heilige Gees bedien heling ... aan gewonde kinders” (vgl. 3.8.8). Die nodige kennis in hierdie verband moet gevolglik aan kinders deurgegee word. In hierdie verband is daar deurgaans die vertroostende woord vanuit die Skrif dat “... niks, geen dood of lewe... of hoogte of diepte... kan ons

van die liefde van God skei nie" (Rom 8:38 – 39). Daar is ook die belofte van die Ewige Lewe, waar God elke traan sal afdroog en waar daar nooit weer gehuil sal word nie (Tripp, 2005:12). Hierdie belofte gee aan hartseer Christene troos en berusting (vgl. 4.11.7).

Vanuit die meta-teorie het verder geblyk dat 'n aksie soos byvoorbeeld die versiering van 'n klein kruisie aan die kind die geleentheid bied om 'n tasbare voorwerp van hierdie hoop te skep. Vir die laerskoolkind se fase van ontwikkeling is die konkreetheid van 'n voorwerp van groot belang (vgl. 4.2.1.2).

Tydens die empiriese navorsing in hoofstuk 5 het die navorser dan ook telkens die geleentheid gehad om die Lewende Hoop met die deelnemers te kon bespreek en die hulpverlening op hierdie wyse uiteindelik op 'n sinvolle punt te termineer (vgl. 5.13.2).

6.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die sentrale navorsingsvraag van hierdie studie beantwoord deur middel van die integrering van die basis-teoretiese en meta-teoretiese insette tot 'n praktyk-teoretiese model. In hierdie model word stap vir stap uitgespel in watter mate speel as 'n hulpmiddel gebruik kan word tydens die pastorale versorgingsproses van die laerskoolkind wat getraumatiseer is deur die dood van 'n ouer.

Die breë merkers van hierdie voorgestelde model sou dan as volg geformuleer kan word:

Sessie 1: Bou 'n verhouding.
Sessie 2: Die uitbou van die verhouding en inwin van inligting.
Sessie 3: Hulp met lewensstorms en emosies.
Sessie 4: Deelname aan die begrafnis.

Sessie 5: Bespreking van veranderinge.

Sessie 6: Maak van ‘n herinneringshouer.

Sessie 7: Gee aan die kind hoop.

Die navorser is terdeë bewus daarvan dat daar nie presiese korrekte stappe is om ’n kind te begelei ná die dood van ’n ouer nie. Hierdie model is dus bloot ’n raamwerk waarbinne kinders, op hul vlak, begelei kan word om deur hul verlies te werk.

HOOFSTUK 7: FINALE SAMEVATTING

SAMEVATTING EN VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING

Die laaste hoofstuk van hierdie studie is 'n samevatting van die navorsing wat in die vorige ses hoofstukke gedoen is.

7.1 SENTRALE NAVORSINGSVRAAG EN DOELWITTE

7.1.1 Sentrale navorsingsvraag

In watter mate kan speel as 'n hulpmiddel tydens die pastorale versorgingsproses van die laerskoolkind wat getraumatiseer is deur die dood van 'n ouer gebruik word?

7.1.2 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie was om aan te toon dat speel 'n uiters effektiewe hulpmiddel in die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde laerskoolkind wat 'n ouer aan die dood afgestaan het kan wees. Aan die hand van Zerfass se model (1974:166 e.v.) is die studie in drie onderafdelings verdeel.

- **Eerstens** het die studie uit 'n basis-teoretiese afdeling bestaan waarin daar eksegese van 'n aantal Skrifgedeeltes gedoen is. As deel van die basis-teoretiese afdeling het vervolgens ook 'n hoofstuk gevolg waarin 'n literatuurstudie gedoen is waarin die fokus op die historiese ontwikkeling van die pastorale versorging van kinders geplaas is.

- **Tweedens** het die meta-teoretiese afdeling gevolg waarin daar 'n literatuurstudie vanuit die grenswetenskappe soos Psigologie en Maatskaplike Werk gedoen is

om die effek van die dood op en die begeleiding van die getraumatiseerde laerskoolkind vas te stel. Die meta-teoretiese deel is deur ’n empiriese ondersoek afgesluit, waarin beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes gebruik is.

- **Derdens** is die resultate uit die velde van teologie (basis-teorie) sowel as die velde van maatskaplike werk en psigologie (meta-teorie) gebruik om ’n praktyk-teoretiese model te formuleer wat in die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde laerskoolkind (waarvan speel ’n integrale element sal wees) as gevolg van die dood van ’n ouer gebruik kan word.

7.2 BASIS-TEORIE

Vanuit die sentrale navorsingsvraag het verdere vrae ontstaan: Watter Bybelse riglyne kan met betrekking tot die pastorale versorgingsproses van getraumatiseerde kinders geïdentifiseer word? In hoofstuk 1 is eksegese van ’n aantal Skrifgedeeltes gedoen om riglyne in hierdie verband te identifiseer.

7.2.1 Hoofstuk 2

Eksegese van ’n aantal Skrifgedeelte met betrekking tot die pastorale versorging van getraumatiseerde laerskoolkinders as gevolg van die dood van ’n ouer

Die ondersoek na ’n aantal Skrifgedeeltes het belangrike riglyne na vore gebring,

- **Bybelse riglyne in verband met kinders volgens Deut 6:6 – 9**
  Die middelpunt van hierdie betrokke teks is die *Sjema* of liefdesgebod. Riglyne word gegee om die *Sjema* te onthou en aan die volgende generasie(s) oor te dra. Die teksgedeelte begin by die “hart”, wat op ’n intellektuele keuse om inligting oor te dra dui. Ouers sou dus teen hierdie agtergrond kon besluit om hul kinders van inligting te voorsien rakende ’n aangeleentheid soos byvoorbeeld die dood. Tans

word die “hart” egter as die setel van emosies beskou. Dit is ook deel van die ouers se taak om ook die emosies te modelleer.

Vers 7 bevestig die belangrikheid van herhaling as deel van die proses van die oordra van sekere beginsels en begrippe aan ’n kind, op beide ’n formele en ’n informele manier.

Die navorser is van mening dat onderrig kan geskied terwyl kinders besig is met ouderdomstoepaslike aktiwiteite, waarby speel ingesluit sou kon word.

In vers 8 word daar van simbole gebruik gemaak. Hierdie gebruik van simbole is ‘n kragtige medium om so ‘n belangrike boodskap soos die Sjema oor te dra. Speel is ‘n medium wat tydens die hulpverleningsproses aan kinders gebruik word en dit sou geïnterpreteer kon word dat die simboliek van speel wel geskik is vir gebruik tydens die pastorale versorgingsproses.

- **Jesus se omgang met kinders volgens Mark 10:13 – 16**
  Markus se beskrywing is ’n warm en menslike beskrywing van die alledaagse lewe en handelinge van Jesus by die see, die sinagoge, die huis en die tafel (Sabin, 2005:10). In hierdie alledaagse omgewing het Jesus Sy liefde gewys deur wonderwerke te doen en genesings te verrig. Markus was waarskynlik diep geraak deur Jesus se liefde vir die verworpenes in die samelewing. Juis daarom beklemtoon hy dat Jesus in staat is om mense te genees.

  Jesus het in hierdie perikoop weer eens die belangrikheid van kinders deur Sy optrede beklemtoon. Hy het Sy arms om die kinders gesit, hulle die hande opgelê en hulle geseën. God het kinders aanvaar en as Hy dan vereis dat gelowiges soos kinders moet word om in Sy Koninkryk te kan ingaan, dan moet ouers, kerke en die gemeenskap ook kinders as inherent waardevol ag. Jesus het ook verskeie kinders genees. Hierdie gedeelte sou moontlik kon dien as ‘n

rigtingwyser van hoe Jesus verwag dat daar met Sy kinders omgegaan moet word.

- **Paulus se voorbeeld in 1 Kor 9:19 – 23**

  Paulus skryf hierdie brief in antwoord op 'n vorige brief waarin die probleme in die gemeente van Korinte beskryf word. Deel van die probleem was dat van die gemeentelede hulself belangriker as ander geag het, en dit terwyl Jesus juis geen onderskeid getref het nie.

  Paulus volg Jesus se voorbeeld na in so 'n mate dat hy bereid is om "swak" te word om sodoende die "swakkes" vir Jesus te wen. Paulus benader mense op 'n manier wat vir hulle duidelik, verstaanbaar en toeganklik is. Terminologie en woordgebruik soos hierdie sou uiteindelik in 'n groot mate op kinders toegepas kan word. Die navorser gebruik onder andere 'n speletjie (vgl. 5.8.2) met eenvoudige vrae, wat toepaslik vir kinders is.

  In 1 Kor 13:11 beskryf Paulus dat toe hy 'n kind was hy gedink het soos 'n kind en geredeneer het soos 'n kind. Hieruit blyk onder andere duidelik vir Paulus dat kinders anders as volwassenes funksioneer en dus by implikasie ook anders as volwassenes benader moet word. As dit vir Paulus aanvaarbaar is om kinders op 'n manier te benader wat vir hulle duidelik en verstaanbaar is, dan behoort dit ook vir die mens van vandag aanvaarbaar te wees. Die navorser het byvoorbeeld op die mat gesit en op gelyke vlak toegetree tot die kinders (vgl. 5.7.3).

- **Erkenning van speel as 'n aktiwiteit van kinders in Sag 8:5**

  Na God se straf, bring Sagaria die belofte dat die toekoms sal verander. Jerusalem en al sy inwoners sal geseën word, God se straf sal tot 'n einde kom en Hy sal weer daar woon.

  Uit die teksgedeelte van Sag 8:4 – 5 is dit duidelik dat oues en jonges dinge doen wat toepaslik vir hul ouderdom is. Die oues sit en die jonges speel. Daar

bestaan geen vrees vir oorlog nie, want die weerloses in die samelewing is weer in die oopte. Dat oud en jonk saam genoem word, is 'n aanduiding van God se belofte dat Jerusalem weer vol mense sal wees.

In vers 5 erken Sagaria speel as 'n normale aktiwiteit van kinders en daardeur ook by implikasie dat kinders anders as volwassenes funksioneer. Aangesien die dood 'n normale deel van die lewe is, sou kinders ook in 'n sekere mate kon "speel" om sin van die dood te maak. Dit is juis om hierdie rede dat die navorser gebruik maak het van speelgoed om die kind te help om sy belewing van die begrafnis uit te druk (vgl. 5.10.3).

7.2.2 Hoofstuk 3

'n Fokus op die historiese ontwikkeling van die pastorale versorging van kinders

Vanuit 'n omvattende studie rakende die historiese ontwikkeling van die pastorale versorging het die volgende perspektiewe na vore gekom:

- Die fokus van pastoraat is die sorg en omgee van God se mense. Handelinge beklemtoon die rol van die Heilige Gees in die geestelike gawes (*charismata*) van mense en is die vertrekpunt van ware geestelike hulp. Sy teenwoordigheid en invloed maak juis Christelike berading uniek.
- Pastoraat het deur die eeue ontwikkel, maar in die negentiende en twintigste eeue het die vaardighede wat daarmee gepaardgaan, verlore geraak. Bybelse berading is egter in die 1960's herontdek met verskeie rolspelers wat belangrike bydraes gelewer het.
- Die ontwikkeling van Kinderteologie bevestig die inherente waarde van kinders deur Jesus wat aan kinders 'n besondere plek toegeken het. Kinderteologie begin by Jesus en vra watter lig kinders op God (Vader, Seun en Heilige Gees) en Sy optrede in die wêreld laat val het. Deur Jesus se omgang met kinders en die feit dat Hy kinders as voorbeelde van hoe die mensdom moet wees om die Koninkryk van God binne te gaan gebruik het, het Hy die belangrikheid van

kinders en hul geloof, beklemtoon. Wanneer ’n volwassene tot die kind toetree om hulp te verleen, mag daar nooit vergeet word dat daar baie by kinders geleer kan word nie.

- Kinderpastoraat het te doen met die pastorale begeleiding van emosioneel verwonde kinders, deur middel van die Bybel, binne ’n liefdevolle verhouding.

Die belangrikste raakpunte wat vanuit die literatuurstudie na vore gekom het, is die volgende:

- **Verhouding**

  Die belangrikheid van in ’n verhouding met die kind te staan, het soos ’n goue draad deur die literatuur gevleg. Die Heilige Gees gee heling deur helende verhoudings (Coetsee, 2011:21-24). Pastorale sorg sal gevolglik slegs kan slaag indien dit vanuit ’n gevestigde verhouding geskied.

- **Kennis**

  Die belangrikheid van kennis van kinders, veral ten opsigte van die kind se vlak van ontwikkeling, is vanuit die literatuur bevestig. Daar is weer eens verwys na die erkenning wat Paulus aan die feit gee dat kinders anders as volwassenes funksioneer, en ook dat Sagaria speel as ’n aktiwiteit van kinders erken. Dit het ook geblyk van uiterste belang te wees dat die volwassene wat tot die kind toetree, oor voldoende kennis sal beskik oor hoe die kind op trauma reageer om sodoende op die kind se vlak hulp te verleen.

- **Unieke aard van kinders en die gebruik van speel**

  Reeds in die Ou Testament het simboliek ’n belangrike rol vervul en is simboliese gebeure (Paasfees – Eks 20; klipstapels – Jos 4) en herinneringstekens gebruik om kinders aan God se sorg en liefde te herinner. Speel is die kind se natuurlike medium van kommunikasie en is ’n belangrike aktiwiteit van kindwees. Dit sou dus gepas wees as ’n hulpverlener die kind se leefwêreld met hierdie benadering

betree en soos Paulus “alles vir almal te word om in elke geval sommige vir Christus te wen”.

- **Die gebruik van verhale tydens die hulpverleningsproses**
  Die gebruik van verhale, veral Bybelse verhale, korrespondeer met die behoeftes van kinders. Jesus het self van gelykenisse gebruik gemaak om sekere begrippe te verduidelik Die krag van Bybelse verhale en gelykenisse lê juis daarin dat dit tot die onderbewuste van ’n persoon spreek.

  Dit is duidelik dat ’n model om hulp aan die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van ’n ouer te verleen, hierdie vier basiese elemente sal moet insluit.

7.3 META-TEORIE

7.3.1 Hoofstuk 4

Meta-teoretiese perspektiewe met betrekking tot die effek van die dood op en die begeleiding van die laerskoolkind

In hoofstuk 4 is daar ondersoek ingestel na die effek van die dood op die kind, wat gedoen is aan die hand van ’n literatuurstudie. Die volgende elemente is beskryf:

- Die kind se belewing van die dood en die faktore wat die belewing beïnvloed.
- Die kind se reaksie op die dood van ’n ouer.
- Die kind se verstaan van die doodskonsep en veral die rol wat die Tswana- of Westerse-kultuur daarin speel.
- Faktore wat die rouproses vergemaklik.
- Die kind se fases van rou.
- Die kind se reaksie op trauma, met spesifieke verwysing na die stoor van trauma in die brein.
- Die kind se behoeftes tydens die fase na die dood.
- Die kind se treurtake na die dood.

- Die unieke taal van die kind (speel).

Die volgende raakpunte in hierdie verband is vanuit die literatuur verkry:

- ’n Volwassene/hulpverlener moet bereid wees om in ’n verhouding met die kind te tree.
- Feite wat in eenvoudige, duidelike en toepaslike taal verwoord word en wat op die kind se vlak is, is van kritiese belang.
- Hulp en inligting in verband met emosies (deurlopend).
- Deelname aan die begrafnis.
- Bespreek veranderinge wat na die dood ingetree het.
- Behou die band met die oorledene.
- Bespreek die toekoms en hervat die lewe.

Laastens is ’n voorgestelde hulpverleningsmetode ontwikkel waarbinne die onderskeie raakpunte, soos hierbo aangedui, gekombineer is met elemente van speel aangesien dit die kind se natuurlike medium van kommunikasie is.

7.3.2 Hoofstuk 5

Evaluering van die resultate van ’n empiriese ondersoek ten opsigte van die begeleiding van die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van ’n ouer

Die voorgestelde hulpverleningsmetode vanuit hoofstuk 4 is as deel van die kwalitatiewe empiriese ondersoek aan die hand van gevallestudies getoets. Die resultate van die kwantitatiewe empiriese ondersoek is ook weergegee. Die sewe sessies wat hier aan die orde was, is soos volg:

Sessie 1: Bou ’n verhouding.
Sessie 2: Uitbou van die verhouding en uitruil van inligting.
Sessie 3: Hulp met lewensstorms en emosies.
Sessie 4: Deelname aan die begrafnis.
Sessie 5: Bespreek die veranderinge.

Sessie 6: Maak van ’n herinneringshouer.

Sessie 7: Geeaan die kind hoop.

Vanuit die sessies met die vier deelnemers het die volgende insigte na vore gekom:

- Dat die gebruik van speel die hulpverlening aan die laerskoolkind vergemaklik en die kind se gees as’t ware toeganklik maak.
- Dat die gebruik van Bybelse narratiewe saam met speel ’n kragtige instrument is tot bewuswording van emosies en ook heelwording.
- Dat die laerskoolkind ’n behoefte het om oor sekere aspekte rakende sy/haar geloof te praat, veral na die dood van ’n ouer.

7.4 PRAKTYK-TEORIE

7.4.1 Hoofstuk 6

’n Voorgestelde praktyk-teoretiese model vir die gebruik van speel as hulpmiddel in die pastorale versorgingsproses van die laerskoolkind wat getraumatiseer is deur die dood van ’n ouer

In ’n poging om die sentrale navorsingsvraag wat in hoofstuk 1 aan die orde gestel is, te beantwoord, is daar gepoog om in hierdie hoofstuk ’n praktyk-teoretiese model vir die gebruik van speel as hulpmiddel in die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde kind uit te spel. Die voorgestelde model sien dan soos volg daar uit:

Sessie 1: Bou ’n verhouding.

Sessie 2: Uitbou van die verhouding en uitruil van inligting.

Sessie 3: Hulp met lewensstorms en emosies.

Sessie 4: Deelname aan die begrafnis.

Sessie 5: Bespreek die veranderinge.

Sessie 6: Maak van ’n herinneringshouer.

Sessie 7: Gee aan die kind hoop.

7.5 OORSPRONKLIKE DOELWITTE IS BEREIK

Met die formulering van hierdie praktyk-teoretiese model is die volgende doelwitte wat oorspronklik gestel is, bereik:

- Om toepaslike Bybelse riglyne te identifiseer wat gebruik kan word met betrekking tot die pastorale versorgingsproses van getraumatiseerde laerskoolkinders.

- Om bepaalde insigte te identifiseer vanuit die geskiedenis van die pastorale versorging van getraumatiseerde laerskoolkinders.

- Om spesifieke ontwikkelingsfases, behoeftes en take van die kind na die dood van ’n ouer vanuit die aangrensende wetenskappe te identifiseer, asook die rol van speel in die begeleiding van emosioneel verwonde laerskoolkinders.

- Om toepaslike perspektiewe vanuit ’n empiriese ondersoek te identifiseer.

7.6 FINALE GEVOLGTREKKING

Tydens hierdie studie het dit duidelik geword dat ’n kombinasie van speel en pastorale sorg die hulpverlening aan die laerskoolkind in ’n groot mate vergemaklik het. God het, in Sy groot wysheid, speel as ’n vorm van kommunikasie vir die kind toegedeel, wat dan ook as sulks gebruik moet word in die pastorale versorgingsproses van die laerskoolkind.

7.7 TEMAS VIR VERDERE NAVORSING

- Die gebruik van speel in die pastorale versorgingsproses van die voorskoolse kind na die dood van ’n ouer.

- Speel as hulpmiddel in die pastorale versorgingsproses van die kind wat gekompliseerde rou beleef.

- Kan speel as ’n hulpmiddel in die pastorale versorgingsproses van ’n tiener dien?

- Die gebruik van Bybelse narratiewe in die pastorale versorgingsproses van die laerskoolkind na die dood van ’n ouer.

BIBLIOGRAFIE

Adams, J.E 1973. Competent to counsel. USA: Presbyterian and Reformed Publishing Company.

Allen, F. 1934. Therapeutic work with children. *American Journal of Orthopsychiatry*, 43:256-261.

Altschul, S. & Pollock, G.H. 1988. Childhood bereavement and its aftermath. Madison: International Universities Press, Inc.

Atkinson, D.J. 1990. The Message Genesis 1 – 11. The Bible Speaks Today. Downers Grove, Illinois: Inter Varsity Press.

Axline, V. 1947. Non-directive play therapy for poor readers. *Journal of Consulting Psychology*, 11:61-69.

Axline, V. 1950. Entering the child's world via play experiences. *Progressive education*, 27:68-75.

Axline, V. 1964. Dibs: In search of self. Personality development in play therapy. New York: Penguin Books.

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. The practice of social research. Kaapstad: Oxford University Press, Suid-Afrikaanse Uitgawe.

Babbie, E. 2007. The practice of social research. 11th ed. Belmont: Thompson Wadsworth.

Barker, R.L. 2003. The social work dictionary. 5th ed. Washinton DC: NASW Press.

Barnett, P. 1991. The servant King: Reading Mark today. Sydney: The Anglican Information Office.

Basson, S.W. 2010. 'n Model vir die gebruik van Bybelse Narratiewe in die pastoraat aan kinders tussen die ouderdom van 6 en 13 jaar. Potchefstroom: Noordwes Universiteit. (Verhandeling-PhD).

Bergman, G. 2008. Philosophy of science. (*In* Dubin, R., Theory building: a practical guide to the construction and testing of theoretical model. New York: Free Press).

Bible, The. 1952. Revised Standard Version. Great Britian: W. Collins Sons & Co. Ltd. for The Bible Societies.

Biddle, M.E. 2003. Deuteronomy: Smyth & Helwys Bible Commentary. Macon, Georgia: Smith & Helwys Publishers Inc.

Blaikie, N. 2000. Designing social research. Cambridge: Polity Press.

Blom, R. 2006. Terapeutiese begeleiding van jong kinders ... 'n Christelike perspektief.

Blom, R. 2006. The handbook of Gestalt Play Therapy: Practical guidelines for child therapists. Athenaeum Press, Gateshead, Tyne and Wear.

Blomberg, C.L. 1994. The NIV application Commentary: 1 Corinthians. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Bible Publishers.

Blore, J. 1998. How to help a grieving child. *The Journal of Biblical Counselling*. *Winter,* Vol. 16(2):24-30.

Blore, J. 2007. Helping the grieving child or teenager. *The Journal of Biblical Counselling.* Winter, 47 – 51.

Botha, J.G. 2004. Pastorale versorging van getraumatiseerde slagoffers van geweldmisdaad. Potchefstroom: Noordwes-universiteit. (Proefskrif – Ph.D.).

Bowlby, J. 1980. The making and breaking of affectional bond. New York: Routledge Press.

Bundy, A. & Cordier, R. 2009. Children and Playfulness. (*In* Stagnitti, K. & Cooper, R., *eds*. Play as therapy: Assessment and Therapeutic Interventions. London, Jessica Kingsley Publishers. p.45-58).

Bunge, M., Fretheim, T. & Gaventa, B.R. eds. 2008. The Child in the Bible. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans Publishers

Bunge, M.J. (Ed.) 2001. The Child in Christian thought. Grand Rapids, MI: Wim B. Eerdmans.

Burger, D. & SIimpson, N. 1996. Poorte vir die Genade. Kaapstad: Lux Verbi.

Bybel in Praktyk, Die 1993. Die Bybel: Nuwe vertaling met herformulerings. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Bybel, Die. 1983. Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van SA.

Bybel, Die. 2006. Nuwe Lewende Vertaling. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Byrd, W. & Warren, P. 1989. Counselling and children. Dallas: Word Publishing.

Caldwell, E.F. 2001. Zechariah 8:1-8. *Interpretation 55* no 2 April 2001, p 185-187.

Carpenter, E.E. 2009. Deuteronomy. (*In* Walton, J.H. ed. 2009. Zondervan Illustrated Bible Background Commentary Volume 1: Deuteronomy. Grand Rapids, Michigan: Zondervan. p.418 – 547) .

Christensen, D.L. 2001. Word Biblical Commentary. Vol 6A. Nashville: Thompson Nelson Publishers.

Ciampa, R.E. & Rosner, B.S. 2010. The first letter to the Corinthians. Grand Rapids, Michigan: Wim. B. Eerdmans Publishing Co.

Clark, C. 2004. Hurt. Inside the world of today's teenagers. Grand Rapids, Michigan: Baker Publishing Group.

Clements, R. 2001. Epworth Commentaries: The book of Deuteronomy. England: Epworth Press.

Clinton, T., Hart, A & Ohlschlager, G. eds. 2005. Caring for people God's way. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson Inc.

Coetsee, D. 2011. Walking with wounded children. Petra Training Manual Petra College. Whiteriver.

Coetzee, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls. (*In* Floor, L. & Coetzee, J.C. *Die Skrif en wetenskap*. Potchefstroom: PU vir CHO. p.15-30).

Coetzer, W. 2008. Traumaberading. Ongepubliseerde handleiding. Potchefstroom.

Cole, R.A. 1989. Tyndale: New Testament Commentaries. Leicester, England: Inter-Varsity Press.

Collins, G.R. 2011. Die A-Z van berading: Die mees omvattende gids. Kaapstad: Struik Geestelike Boeke.

Cook, A.S. & Dworkin, D.S. 1992. Helping the bereaved. Therapeutic interventions for Children, Adolescents and Adults. USA: Basic Books.

Cook, E.L. 1999. Counselling Children. *The Journal of Biblical Counselling,* Vol 18 (1): 10 – 16, Fall.

Corr, C.A., Corr, D.M. & Nabe, C.M. 2003. Death and Dying, Life and Living. Belmont, USA: Wadsworth/Thompson Learning.

Cupit, G. 2012. Childhood as a challenge to traditional theology. Children and spirituality symposium. [www.childtheology.org/new/docupload/papers_booklet] [Datum van gebruik: 17 Oktober 2012]

Davis, N. 1989. The use of therapeutic stories in the treatment of abused children. *Journal of Strategic and Systemic therapies* (8):18-23.

De Jongh Van Arkel, P.J. 2000. Recent movements in Pastoral Theology. *Religion & Theology*, 7(2):160-161.

De Klerk, B.J. & Van Rensburg, F.J. 2011. Preekgeboorte: ‘n Handleiding vir Gereformeerde eksegese en prediking. Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies.

De Klerk, R. & Le Roux, R. 2004. Emosionele Intelligensie vir kinders en tieners: ’n Praktiese gids vir ouers en onderwysers. Kaapstad: Human & Rousseau.

De Vaux, R. 1984. Anceint Israel: It's life and institutions. London: Dartman, Longman & Todd.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professionals. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

De Wet, F.W. 2006. Die aanwending van Rolf Zerfass se handelingswetenskaplike model in prakties-teologiese teorievorming – 'n gereformeerde perspektief. *In die Skriflig*, 40(1):57 – 87.

De Witt, M.W. 2011. The young child in context: a thematic approach. Pretoria: Van Schaik.

Delport, C.S.L. & Roestenburg, W.J.H. 2011. Quantative data collection methods: questionnaires, checklists, structured observation and structured interview schedules. (*In* De Vos *et a*l. Research at grass roots. For the social sciences and human service professionals. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p.171-205).

Delport, C.S.L. & De Vos, A.S. 2011. Professional research and professional practice. (*In* De Vos *et al*. Research at grass roots. For the social sciences and human service professionals. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p.45-60).

Delport, C.S.L. & Fouche, C.B. 2011. Mixed methods research. (*In* De Vos *et al*. Research at grass roots. For the social sciences and human service professionals. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p.433-448).

Denis, P. 2002. Sinomlando Project: Sharing family stories in times of AIDS – pilot study report. School of Theology, University of Natal. (www.theology.ukznac.za/sinomlando) [Datum van gebruik: 14 Mei 2012]

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2000. Handbook of qualitative research. 2nd ed. London: Sage.

Deppe, I.L. 2005. Verlies in die lewe van die 7 – 11 jarige kind in die enkelouergesin: 'n pastorale perspektief. Pretoria: Unisa. (Verhandeling M-Diac).

Doka, K.J. 1995. Children mourning, mourning children. Hospice Foundation of America.

Douglas, J.D. (Ed) 2004. New Bible Dictionary Third Edition Leicester, England: Inter-Varsity Press.

Dreyer, J.S. 1991. Navorsingsmetodologie. Pretoria: Unisa. (Studiegids Pta. 100-T Praktiese Teologie) p. 225-274.

Du Plessis, A. 1988. Leefwyse in die dae van die Bybel. Pretoria: Serva-Uitgewers.

Du Rand, J.A. 1993. 1 & 2 Korintiërs. (*In* Vosloo, W. & J. Van Rensburg, F. *reds*. 1993. Die Bybel in Praktyk (Nuwe Vertaling). Vereeniging: Christelike Uitgewers-maatskappy.

Dunn, J.D.G. & Rogerson, J.W. (Eds) 2003. Eerdmans Commentary on the Bible. Grand Rapids, Michigan: Wim. B. Eerdmans Publishing Co.

Evans, C.A. 2001. Word Biblical Commentary. Vol. 34B. Nashville: Thompson Nelson Publishers.

Faul, A.C. & Hanekom, B.J. 2009. Handleiding vir opleiding: Perspektief Opleidingskollege. Module 1: Grondbeginsels van Ekometrie. Ongepubliseerde handleiding.

Faul, A.C. & Hanekom, B.J. 2009. Handleiding vir opleiding: Perspektief Opleidingskollege. Module 3: Ekometrie. Ongepubliseerde handleiding.

Ferreira, S. & Read, M. 2006. Gestalt play therapy with grieving and traumatized children. (*In* Blom, R. The handbook of Gestalt Therapy: Practical Guidelines for Child Therapists. London, UK: Jessica Kingsley Publications. p.181-204).

Fouche, C.B. & Schurink, W. 2011. Qualitative research designs. (*In* De Vos *et al*. Research at grass roots. For the social sciences and human service professionals. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p.307-327).

Fowler, J.W. 1981. Stages of faith: The psychology of human development and the quest for meaning. San Fransisco: Harper & Row.

Fowler, J.W. 1995. Stages of faith: the Psychology of human development and the quest for meaning. San Fransisco: Harper Books

Fowler, J.W. & Dell, M.L. 2006. Stages of faith from infancy through adolescence: Reflections on 3 decades of faith development theory (*In* Roehlekepartain, E.C., King, P.E., Wagener, L., Benson ,P.L. *eds*. The handbook of spiritual development in childhood and adolescence. California: Sage Publications. p. 34-45).

Frederickson, R. 1992. Surviving childhood sexual abuse. Londen: The Falmer Press.

Freud, A. 1946. The psycho-analytical treatment of children. Londen: Imago.

Freud, S. 1909/1955. The case of “Little Hans” and the “Rat Man.” Londen: Hogarth Press.

Frey, D.E. 1986. Communication boardgames with children. (*In* C.E.Schaeffer en S.E. Reid *Game play: Therapeutic use of childhood games*. New York: John Wiley. p. 21-41).

Froebel, F. 1903. The education of man. New York: D. Appleton.

Furman, E. 1984. Children's pattern in mourning the death of a loved one. (*In* Corr, C.A. & Wass, H. Childhood & Death. New York: Hemisphere Publishing Corporation. p. 185-202).

Garland, D.E. 2002. Mark. (*In* Arnold, C.D. (Ed.) 2002. Zondervan Illustrated Bible Background Commentary. Grand Rapids, Michigan: Zondervan. p. 1 – 115).

Geldard, K. & Geldard, D. 2008. Counselling Children: A practical introduction. California: Sage Publications.

Gerkin, C.V. 1997. An introduction to pastoral care. Nashville: Abingdon.

Getz, G.A. 1980. Sharpening the focus on the church. Chicago: Moody Press.

Getz, G.A., & Wall, J. 2000. Effective church growth strategies. Chicago: Moody Press.

Gill, D.W.J. 2002. 1 Corinthians. (*In* Arnold, C.D. (Ed.) 2002. Zondervan Illustrated Bible Background Commentary: 1 & 2 Corinthians. Grand Rapids, Michigan: Zondervan. p. 1 – 95).

Grobler, H. 2000. Die terapeutiese begeleiding van die kind na die dood van ''n ouer. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Verhandeling - PhD).

Grollman, E.A. 1991. Explaining death to children and to ourselves. (*In* Papadatou, D. & Papadatos, C. eds. Children and death. USA: Hemisphere Publishing Corporation. p. 3-8).

Grollman, E.A. ed. 1995. Bereaved children and teens. Boston: Beacon Press.

Grossoehme, D.H. 1999. The pastoral care of children. Binghampton, New York: The Haworth Press.

Gunn, D.M. & Fewell, D.N. 1993. Narrative in the Hebrew Bible. New York: Oxford University Press.

Hart- May, S. 2005. Loss and grief work. (*In* Clinton,T., Hart, A. & Ohlschlager , G. *eds*. Caring for People God's Way. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson Inc. p.361 - 385).

Hays, R.B. 1997. Interpretation: A Bible Commentary for teaching and preaching. First Corinthians. Louisville: John Knox Press.

Heitink, G. 1999. Practical Theology. History. Theory. Action Domains. Grand Rapids, Michigan: Wim. B. Eerdmans Publishing Co.

Henderson, D.A. & Thompson, C.L. 2011. Counselling children. 8th Ed. USA: Brooks/Cole Cengage Learning.

Henning, E. 2004. Finding your way in qualitative research. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Hepworth, D.H. & Larsen, J.A. 1993. Direct social work practice: theory and skills (4th ed.) Pacific Grove, California: Brooks/Cole Publishing Co.

Herbst, A. & De La Porte, A. 2006. Memory work: Telling your story through life maps. Muckleneuck, Pretoria: CB Powell Bible Centre, Unisa.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1998. Eerste tree in die Praktiese Teologie. Pretoria: Gnosis Boek & Uitgewers BK.

Heystek, P.H. 2000. 'n Prakties-teologiese ondersoek van die "mekaar"-opdragte in die Corpus Pualinium met die oog op die kerklike gemeenskap. Potchefstroom: NWU (Verhandeling - ThD).

Hill, A.E. 2009. Zechariah. (*In* WALTON, J.H. ed. 2009. Zondervan Illustrated Bible Background Commentary Volume 5: The Minor Prophets. Grand Rapids, Michigan: Zondervan. p. 202 – 231).

Hoffman, S.F. 2006. Gestaltspel terapeutiese riglyne vir die hantering van die kind wat verlies ervaar: 'n pastorale perspektief. Pretoria: Unisa. (Verhandeling - M-Diac.).

Holy Bible, The. 1997. New Living Translation. Wheaton, ILL. : Tyndale House Publishers.

Horsley, R.A. 1998. Abingdon New Testament Commentaries: 1 Corinthians. Nashville, Abingdon Press.

HSRC-Report. 2008. South African National HIV Prevalence, Incidence, Behaviour and Communication Survey, 2008: A turning tide among teenagers?

Hug-Hellmuth, H. 1921. On the technique of child analysis. *International Journal of Psychoanalysis*, 2:287.

Huntley, J. 1999. A narrative approach to working with students who have learning difficulties. (*In* Morgan, A. Once upon a time .... narrative therapy with children and their families. Adelaide: Dulwich Centre Publications).

Jacobs, L.R. 2005. Divorce care for kids activity book. USA: Crown Publishers.

James, B. 1989. Treating traumatized children. Lexington, M.A: Lexington Books.

Janse van Rensburg, J. 2007. Navorsingsmetodologie. Voordrag gelewer by die Teologiese Fakulteit van die Noordwes-Universiteit op 9 Maart 2007.

Jeffries, B. & Gillespie, A. 1981. Art Therapy with the emotionally frozen. *Adoption and Fostering*, 106(4):9-15.

Johnston, P. 2001. Operation World. UK: WEC International.

Keck, L.E. (Ed). 2002. The new interpreter's Bible: Volume X. First Corinthians. Nashville, Abingdon Press.

Keller, T. 1988. Puritan resources for Biblical Counselling. *Journal of Pastoral Practice* 9, (3):11 - 44.

Klein, M. 1955. The psychoanalytic play technique. *American Journal of Orthopsychiatry*, 25:223-237.

Kübler-Ross, E. 1969. On Death and dying. Macmillan, New York.

Kübler-Ross, E. & Kessler, D. 2005. On Grief and Grieving. USA: Simon & Schuster, Inc.

Kumar, R. 2005. Research methodology: a step-by-step guide for beginners. 2nd ed. London: SAGE.

Landreth, G. 1991. Play therapy: The art of the relationship. Muncie: Accelerated Development Press.

Landreth, G. L. 2002. Play Therapy: The art of the relationship. 2nd ed. New York: Routledge, Taylor & Francis Group.

Landreth, G.L. 1972. Why play therapy? *Texas Personnel and Guidance Association Guidelines*, 21:1.

Landreth, G.L. 2001. Innovations in Play Therapy: Issues, Process and Special Populations. USA: Taylor & Francis.

Landreth, G.L. , Allen, L. & Jacquot, W. 1969. A team approach to learning disabilities. *Journal of Learning Disabilities*, 2:82-87.

Lang, P. 1994. Caring for children: International perspectives on pastoral care and PSE. London: Cassel Publishers.

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2001. Practical research: planning and design. 7th ed. New Jersey: Merrill Prentice Hall.

Lehman, L., Jimmerson, S.R. & Gaasch, A. 2000. Grief support group curriculum. Philadelphia: G.H. Buchanan.

Lehman, L.,Jimmerson, S.R., Gaasch, A. 2000 Grief support group curriculum: Adolescence edition, grade 7 -12. Philadelphia: Brunner-Routledge.

Lester, A.D. 1985. Pastoral care with children in crisis. Philadelphia: The Westminster Press.

Levy, D. 1938. Release therapy in young children. *Psychiatry*, 1:387-389.

Levy, D. 1939. Release therapy. *American Journal of Orthopsychiatry*, 9:713-736.

Lotter, G.A. 2004. Bybelse begronding vir berading. (Aantekeninge vir M- en D-studente) Potchefstroom: Noordwes Universiteit.

Lotter, G.A. 2007. Praktiese Teologie: Voëlvlug en (voorlopige) landing. Potchefstroom: NWU (Intreerede).

Louw, D. & Louw, A. 2007. Die ontwikkeling van die kind en die adolessent. Psychology Publications, ABC Boekdrukkers.

Louw, D.J. 1993. Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Pretoria: RGN.

Louw, D.J. 2012. Network of the Human Soul. Stellenbosch: Sun Press.

MacArthur, J.F. & Mack, W.A. 1994. Introduction tot Biblical counselling – a basic guide to the principles and practice of counselling. Dallas: Word Publishing.

Madu, S.N. ed. 2009. Trauma and psychotherapy in Africa. University of Limpopo Press.

Malan, C.N. 2005. Die verhale van kinders wat seksuele misbruik oorleef het: 'n Pastoraal narratiewe ondersoek. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling - PhD).

Malchiodi, C.A. 2001. Using drawing as intervention with traumatized children. *Trauma and Loss: Research and Intervention*, 1(1),21-28.

Malchiodi, C.A. (Ed.) 2008. Creative interventions with traumatized children. New York: The Guilford Press.

Malchiodi, C.A. (Ed.) 2012. Handbook of Art Therapy (2nd Edition). New York: The Guilford Press.

Marx, J. 2007. Pastorale berading aan kinders met onverwerkte rousmart. Ongepubliseerde M-Verhandeling. Potchefstroom.

McConville, J.G. 2002. Commentary on Deuteronomy. England: Apollos (an imprint of Intervarsity Press).

McGlaufin, H. 1990. How children grieve: Implications for counselling. ERIC. ED326789.

McMahon, L. 1992. The handbook of play therapy. London: Routledge.

Merrill, E.H. 1999. The New American Commentary Volume 4: Deuteronomy. USA: Broadman & Holman Publishers.

Message, The. 2002. The Bible in Contemporary Language. USA: Navpress.

Metzger, B.M. & Coogan, M.D. 2001. The Oxford Guide to Ideas and Issues of the Bible. New York: Oxford University Press.

Meyers, B.K. & Meyers, W.R. 1992. Engaging in Transcendence. The church's ministry and covenant with young children. Cleveland, Ohio: Pilgrim Press.

Miller, P.D. 1990. Deuteronomy. Interpretation: A Bible Commentary for teaching and preaching. Louisville: John Knox Press.

Mndende, N. 1997. African traditional attitudes to death and dying. *CME: South Africa's continuing medical education monthly.* Vol. 15(6), 793-798.

Monaledi, M. 2010. *Onderhoud gedoen deur navorser. 22 September 2010.*

Morgan, J. 2004. Memory work manual: Facilitator's guide. (http:/www.mrc.ac.za/aids/june2004/memorywork.htm) [Datum van gebruik: 14Mei 2012]

Morris, L. 1989. Tyndale New Testament Commentaries: 1 Corinthians. Grand Rapids, Michigan: W.B. Eerdmans Publishing Company.

Mulder, N. 2006. 33% van laasjaar se sterftes weens vigs was hier. *Beeld*, 31 Mei 2006, p. 5.

Nadeau, J.W. 1998. Families making sense of death. Thousand Oaks, California: Sage Publications.

Ndudane, N. 1998. Accepting death as part of life. *Children First* Vol 2 (21), 6 – 7.

Neale, R.E. 1969. In praise of play: Towards a psychology of religion. New York: Harper & Row Publishers.

Nelson, R.D. 2002. The Old Testament Library: Deuteronomy. A Commentary. USA: Westminister John Knox Press.

Neuman, W.L. 2006. Social research methods. Qualitative and quantitative approaches. 6th ed. Boston: Pearson Education.

New Dictionary of Social Work: Terminology Committee for Social Work. 1995. Revised and Comprehensive Edition. Cape Town: CTP Book Printers.

Ngubane, S. 2004. Traditional practices on burial systems with special reference to the Zulu people of South Africa. *Indilinga – African Journal of indigenous knowledge systems* Vol 3 (2) 171 – 177.

O' Connor, J. 2004. Children and Grief: helping your children understand death. Grand Rapids: Fleming H. Revell.

Oaklander, V. 1988. Windows to our children: A gestalt therapy approach to children and adolescents. New York: The Gestalt Journal Press.

Odendaal, F.F. & Gouws, R.H. (Reds.) 2009. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Kaapstad: CTP.

Olivier, I.J. 2006. The strategic task of the church in creating spaces for spirituality. Potchefstroom: North-West University. (Thesis – PhD).

Osmer, R. 2008. Practical theology: an introduction. Grand Rapids: Eerdmans.

Papadatou, D. & Papadatos, C. (EDS). 1991. Children and death. USA: Hemisphere Publishing Corporation.

Papalia, D.E., Olds, S.W. & Feldman, R.D. 2009. Human Development. Eleventh Edition. New York: McGraw-Hill Companies.

Pattison, S. 1993. A Critique of Pastoral Care. SCM Press Ltd.

Paul, M.J., Van den Brink, G. & Bette, J.C. (Reds.) 2005. Studiebijbel Oude Testament Bijbelcommentaar: Leviticus. Numeri. Deuteronomium. Veenendaal: Drukkers Centrum vor Bijbelonderzoek.

Perry, B.D. 1995. The Child's Loss: Death, Grief & Mourning [WEB] http/www.trauma-pages.com/s/perrylos.php [Datum van gebruik: 10 Maart 2010].

Perry, B.D. & Hambrick, E.P. 2008. The Neurosequential Model of Therapeutics. *Reclaiming children and youth*. Fall, 2008. Vol 17 no. 3.

Peterson, E. H. 2002. The Message: The Bible in contemporary language. Colorado Springs: Navpress.

Piaget, J. 1932. The moral judgment of the child. London: Kegan Paul.

Piers, C. 1996. A return to the source: Rereading Freud in the midst of contemporary trauma theory. *Psychotherapy, 33/Winter* 1996, 540-547.

Piers, M. & Landau, G. 1980. The gift of play. New York: Walker & Company.

Pilch, J.J. & Malina, B.J. 2000. Handbook of Biblical Social Values. Massachusetts, USA: Henderson Publications.

Porter, C. 1983. Spelterapie met die sorgbehoewende kind. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling – Ph.D.).

Powlinson, D. 1994. Biblical Counselling in the Twentieth Century. (*In* MacArthur, J.F. & Mack, W.A. 1994. Introduction to Biblical Counselling. Dallas: Word Publishing. p. 44 - 60).

Randolph, P. 2005. Grief: It's not about the process; It's about The Person. *Journal of Biblical Counselling*, Winter:14-19.

Richards, L.O. 1983. A theology of children's ministry. Zondervan. Grand Rapids, Michigan.

Roehlekepartain, E.C. & Patel, E. 2006. Congregations: unexamined crucibles for spiritual development. (*In* Roehlekepartain, E.C., King, P.E., Wagener, L & Benson, P.L. (Eds). *The handbook of spiritual development in childhood and adolescence*. Thousand Oaks: Sage Publications. p.324 - 336).

Root, A. 2009. Relationships Unfiltered. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishers.

Rothschild, B. 2000. The body remembers: The psychophysiology of trauma and trauma treatment. New York: WW Norton & Company.

Rubin, A. & Babbie, E. 2005. Research methods for social work. 5th ed. Australia: Thompson Brooks/Cole.

Rungan, V. 1997. The effect of the death of a parent on the psychic life of a child. Durban: University of Zululand. (Thesis M Ed.).

Sabin, M.N. 2005. New Collegeville Bible commentary: The Gospel according to Mark. Minnesota: Liturgical Press.

Samuels, A.B.(Ed) 2007. The New Interpreter's Dictionary of the Bible.

Sarles, K.L. 1994. The English Puritans. (*In* MacArthur, J.F. & Mack, W.A. 1994. Introduction to Biblical Counselling. Dallas: Word Publishing. p.21-43).

Scalise, P.J. 2009. Zechariah. (*In* Goldinghay, J. & Scalise, P.J. 2009. New International Biblical Commentary: Minor Prophets II. Peabody, Massachusetts: Hendrickson Publishers).

Schaefer, C.E. 1993. The therapeutic powers of play. USA: Jason Aronson Inc.

Schaefer, C.E. & Reid, S.E. (Eds.) 1986. Game Play: Therapeutic use of childhood games. New York: John Wiley.

Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. Entering the child's world: a play therapy approach. Pretoria: Kagiso Publishers.

Schoeman, J.P. 2004. Play Therapy: an important skill in child therapy. Ongepubliseerde studiegids. Pretoria.

Schoeman, O. 2005. "Failure": a pastoral study. Potchefstroom: North-West University (Thesis - PhD).

Sefotho, M.M. 2009. Mitigating the trauma of HIV/AIDS through psychosocial care and support: The case of orphaned and vulnerable children (*In* Madu, S.N*., ed.* Trauma and psychotherapy in Africa. 1st Edition. University of Limpopo Press. p. 135 – 145).

Selepe, M.C. & Edwards, S.D. 2008. Grief counselling in African Indigenous churches: a case of the Zion Apostolic Church in Venda. *Indilinga-African Journal of Indigenous Knowledge Systems*. Vol 7 (1) 2008.

Senior, L. & Hopkins, K. 1998. Growing up witha smile. Florida Hills: Smile.

Shim, Y.H.C. 1995. Pastoral care and counselling to and with children. Stellenbosch: US (Thesis MTh.).

Silverman, D. 2001. Interpreting qualitative data. 2nd ed. London: Sage Publications.

Silverman, P., Nickman, S. & Worden, W. 1992. Detachment revisited: The child's reconstruction of a dead parent. *American Journal of Ortho Psychiatry*, 62(4):492-503.

Silverman, P.R. 2000. Never too young to know: Death in children's lives. New York: Oxford University Press.

Sisemore, T.A. 2003. Christian Counselling for Children: The five domains model. *Journal of Psychology and Christianity*, 22(2): 115-122.

Sisemore, T.A. & Moore, R.L. 2002. Embracing the call to the least of these: welcoming children in Jesus' Name. *Journal of Psychology and Christianity* Vol 21, No. 4, 318-325.

Smidt, S. 2006. The developing child in the 21st century: a global perspective on child development. London: Routledge.

Smith, R.L. 1984. Micah-Malachi. Word Biblical Commentary. Vol 32. Waco, Texas: Word Books Pubisher.

Sommer, D.R. 1989. The spiritual needs of dying children. *Issues in comprehensive paediatric nursing*, 12: 225-233.

Stander, H.F. & Louw, J.P. 1990. Gebruike en gewoontes in die Bybel. Vereeniging: CUM boeke.

Steele, W. & Raider, M. 2001. Structured sensory intervention for traumatized children, adolescents and parents. *Trauma and Loss: Research and Interventions*, 1 (1): 8-20.

Stewart, S.M. & Berryman, J.W. 1989. Young children and worship. Louisville, Kentucky: Westminster/John Knox Press.

Steyn, R.S. & Lotter, G.A. 2006. Voorhuwelikse verhoudings: 'n verkennende kwalitatiewe empiriese ondersoek. *Praktiese teologie in Suid-Afrika: Practical Theology in South Africa,* 21(1):104-120.

Stonehouse, C. 1998. Joining children on the spiritual journey: Nurturing an life of faith. Grand Rapids. MI: Baker.

Stover, E.D. & Stover, M. 1994. Biblical Storytelling as a Form of Child Therapy. *Journal of Biblical Counselling*, Vol 13 (1):28-36.

Stroebe, M., Schut, H. & Stroebe, W. 2005. Attachment in coping with bereavement: a theoretical integration. *Review of General Psychology* . Vol 9. No. 1:48-66.

Strydom, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In* De Vos *et a*l. Research at grass roots. 4th ed. Pretoria: Van Shaik Publishers, p. 113-130).

Strydom, W.C. 2001. Pastorale gebruik van spelterapie met kinders: 'n evaluering. Pretoria: Unisa. (Verhandeling - M-Diac.).

Sweeney, D.S. 1997. Couselling children through the world of play. Wheaton: Tyndale House.

Sweeney, D.S. 2008. South African Theological Seminary Christian Counselling Conference: Children in Crisis. 16 & 17 May 2008. Sandton, South Africa.

Sweeney, D.S. & Landreth, G. 1993. Healing a child's spirit through pretend play: A Scriptural approach to treating children. *Journal of Psychology and Christianity*, 12(4):351-356.

Syme, G. 2006. Bereavement. (*In* Feltham, C. & Horton, I. 2006. *The Sage Handbook of Counselling and Psychotherapy.* Thousand Oaks, California: Sage Publications Inc. p. 382-389).

Taft, J. 1933. The dynamics of therapy in a controlled relationship. New York: Macmillan.

The Pew Forum. 2010. US Religious Landscape Survey. [Web:] http//www.pewforum.org/world-affaris/countries [Datum van gebruik: 7 April 2010].

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 1996. Counselling Children. California: Brooks/Cole Publishing Company.

Thompson, J.A. 1996. Handbook of life in Bible times. USA: InterVarsity Press.

Tripp, P.D. 2005. When grief enters your door. *The Journal of Biblical Counselling*, Winter, 2005: 7 – 13.

Van den Berg, J.A. 1998. Metaforiese pastorale gesinsterapie. Pretoria: Universiteit van Pretoria (Ongepubliseerde PhD proefskrif).

Van der Kolk, B. 2003. The neurobiology of childhood trauma and abuse. *Child and adolescent psychiatric clinics of North America*, 12:293-317.

Van der Kolk, B., McFarlane, A. & Wiesaeth, L. (Eds.) 1996. *Traumatic stress: The effects of overwhelming experience on mind, body and society.* New York: Guilford Press.

Van der Merwe, M. 1996. Basic components of play therapy. (*In* Schoeman,J.P. & Van der Merwe, M. 1996. Entering the child's world: a play therapy approach: Pretoria: Kagiso Publishers. p. 6-28).

Van der Merwe, M. 1996. Relaxation Play. (*In* Schoeman,J.P. & Van der Merwe, M. 1996. Entering the child's world: a play therapy approach: Pretoria: Kagiso Publishers. p. 77-84).

Van der Merwe, M. 1996. Biblio Play. (*In* Schoeman,J.P. & Van der Merwe, M. 1996. Entering the child's world: a play therapy approach: Pretoria: Kagiso Publishers. p. 108-127).

Van der Merwe, M. 1996. Creative Play. (*In* Schoeman,J.P. & Van der Merwe, M. 1996. Entering the child's world: a play therapy approach: Pretoria: Kagiso Publishers. p. 138-149).

Van Niekerk, R. 2008. Verlies, pyn en die verwerking daarvan. Christelike Uitgewers Maatskappy, Vereeniging.

Van Rooy, H.F. 1993. Sagaria. (*In* Vosloo, W. & J. Van Rensburg, F. *reds.* 1993. Die Bybel in Praktyk (Nuwe Vertaling) Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1331 – 1345).

Van Rooyen, C. 1998. Democratizing social work research. (*In* Gray, M. (Ed.), Developmental social work in South Africa: theory and practice. Johannesburg: David Phillip. p. 79-85.)

Van Wyk, A.G. 1985. Empiriese navorsingsmetodes in die praktiese teologie. Pretoria: Unisa. (Studiegids 1 vir PTA200 – W).

Van Zyl, L. 2007. Die ontwikkelingsfases van jou kind: verstaan jou kind beter. Lux Verbi BM, ABC Boekdrukkers.

Van Zyl, L. 2007. Kinderetiek en Kinderpastoraat. Unisa: Paidion Kursushandleiding, Eenheid 4. Kempton Park: AVA Systems.

Van Zyl, M.A. 1995. ‘n Ekometriese model vir maatskaplike welsynbeplanning. *Psigososiale Navorsing en Praktyk* 8 (1): 30-45.

Venter, C.J.H. 1995. Die Woord in die werklikheid. Wetenskapteoretiese perspektiewe op Diakonologie. *In die Skriflig*, 29(1&2):181-202, Mrt/Jun.

Venter, P. 2003. Sagaria. (*In* Van der Walt, J *red*. Die Bybel A – Z: ‘n omvattende, nuttige hulpbron wat die Bybel en sy leefwêreld vir hedendaagse gelowiges oopsluit). Vereeniging, Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 555 - 562).

Vitz, P.C. 1997. A Christian theory of personality. (*In* Roberts, R.C. & Talbot, M.R. eds. Limning the psyche: Explorations in Christian psychology. Grand Rapids: Wim. B. Eerdsmans. p. 22-40).

Vos, M.S. 1997. Helping children understand death and dying. *Social work practice* (1):35-41.

Vosloo, W. & J. van Rensburg, F. reds. 1993. Die Bybel in Praktyk (Nuwe Vertaling). Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Wass, H. & Corr, C.A. (eds.) 1984. Childhood and Death. USA, Washington: Hemisphere Publishing Corporation.

Webb, B. 2003. The Bible speaks today: The message of Zechariah. England: Inter-Varsity Press.

Webb, N.B. 1993. Helping bereaved children. A handbook for practitioners. The Guildford Press.

Wells, R. 1992. Helping children cope with grief. London: Sheldon Press.

White, K.J. 2000. “A Little child will lead them”: rediscovering children at the heart of mission. [www.childtheology.org/new/articles.php?type=1] [Datum van gebruik: 16 Oktober 2012].

White, K.J. 2010. Introducing Child Theology: Theological Foundations for Holistic Child Development. Penang, Malaysia: Malaysia Baptist Theological Seminary, Compassion International and the Global Alliance for Advancing Holistic Child Development.

Williamson, L. 1983. Interpretation: A Bible Commentary for teaching and preaching: Mark. Louisville: John Knox Press.

Winter, R. 1999. A Biblical and Theological view of Grief and Bereavement. *Journal of Psychology and Christianity*, Spring 1998 Vol. 18 (1): 367 – 379.

Witherington, B. 2001. The gospel of Mark: A Socio-Theoretical Commentary. Grand Rapids, Michigan: William. B. Eerdmans Publishing Company.

Worden, J. 1996. Children and grief. New York: Guildford Publications.

Wright, C.J.H. 1996. Deuteronomy: New International Biblical Commentary. Peabody, Massachusetts: Hendrickson Publishers Inc.

Zastrow, C.H. & Kirst-Ashman, K.K. 2007. Understanding human behavior and the social environment. USA: Brooks/Cole.

Ziegler, D.A. 2002. Traumatic Experience and the Brain. Phoenix, Arizona: Acacia Publishing Inc.

Zerfass, K. 1974. Praktische Teologie als Handlungwissenschaft. (*In* Klosterman, F. & Zerfass, K. *Praktische Teologie Heute*. München: Kaiser/Grünewald. p. 164 – 177).

education
Lefapha la Thuto
Onderwys Departement
Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

Palladium House
Oliver Tambo Drive, Rustenburg 0299
Private Bag X82110
Rustenburg 0300
Tel.: (014) 597-8600
Fax: (014) 597-3399
e-mail: pmokhutle@nwpg.gov.za

OFFICE OF THE CHIEF DIRECTOR: BOJANALA DISTRICT

Enquiries: M.E. Molefi 014-590 4802

To: Ms. Linda Grobler
Pastoral Counsellor & Play Therapist
M.Th (NWU – Potchefsroom Campus)

From: Ms M.P. Mokhutle
Director: Professional Support Services

Date: 23 May 2011

Subject: **Permission for Empirical Phd-Research in Karlienpark Primary**

Your correspondence dated 16 May 2011 on the above matter is acknowledged with thanks.

Kindly be informed that my office grants you permission to commence with your research at Karlienpark Primary School.

I further would like to advise that the parents of the learners who are going to participate in you research be informed and that the normal teaching and contact time of those learners not be interfered with.

Best wishes to you in all your endeavours.

Kind regards

Mokhutle

Ms M.P. Mokhutle
Director: Professional Support Services

Cc: Ms M.J Paledi – Area Office Rustenburg

Karlien Park Primary

EMIS: 100630
TEL : 014 538 1607
FAX: 0865135342
EMAIL: karlienpark@gwisa.com

P. O .Box 1500
RUSTENBURG
0300

TO *Ms. L. Grobler*

FROM *Karlien Park Primary*
M. Omarjee

SUBJECT : Request to scientifically research specific learner cases at the above school.

On behalf of the School Governing Body and the School Management Team we wish to acknowledge your request to do a study of various learners at our school for purposes of a scientific research you are conducting.

The school further wish to express our well wishes and success with your study. In the vent that you need assistance we will be gladly provide academic information on the subject matter being researched.

Yours faithfully

M. Omarjee

ABC
EDITING & PROOF-READING
DR FRANCI JORDAAN

Hiermee verklaar ek, **Franci Petra Jordaan (ID nommer: 620410 0010 083)**, dat ek die taalversorgingswerk vir **Linda Grobler (12930784)** vir die proefskrif ter verwerwing van die PHD-graad in Pastoraal, Fakulteit Teologie, gedoen het.



PROF. FP JORDAAN

QUESTIONAIRE FOR TEACHERS

Name of child: ..... Date of birth: ..... Grade .....

Date of death: .....

Relationship to deceased (i.e father, mother, aunt, uncle): .....

What caused the death? .....

.....

Does the child have any of the following symptoms:

Headache	Yes/Sometimes/No
Stomach ache	Yes/Sometimes/No
Nausea	Yes/Sometimes/No
Tiredness	Yes/Sometimes/No
Irritability	Yes/Sometimes/No
Panic attacks	Yes/Sometimes/No
More active (physically)	Yes/Sometimes/No
Less active (physically)	Yes/Sometimes/No
Shorter span of concentration	Yes/Sometimes/No
Attention easily distracted	Yes/Sometimes/No
Hyperactive behaviour	Yes/Sometimes/No
Academic marks have dropped	Yes/Sometimes/No
Aggressive behaviour	Yes/Sometimes/No
Anger outbursts	Yes/Sometimes/No
Destructive behaviour (breaking things)	Yes/Sometimes/No
More impulsive than before	Yes/Sometimes/No
Cries easily	Yes/Sometimes/No
Depressed	Yes/Sometimes/No
Jumps (gets a fright) easily	Yes/Sometimes/No

How well do you know the child? .....

.....

Are you familiar with the child's circumstances at home? .....

.....

What are the child's spiritual beliefs? .....

.....

Has the child changed since the parent/caregiver died? .....

.....

Is there anything else that is relevant to the child's behaviour? .....

.....

In your opinion, how is the child coping after the parent/caregiver's death? .....

.....

.....

.....

Name of teacher

.....

Signature

.....

Date

VRAELYS EN TOESTEMMINGSVORM VIR OUERS

Naam van kind: ..... Geb. datum: ..... Oud: .....

Doodsdatum: .....

Verhouding tot oorledene (bv. pa, ma, oom, tannie): .....

Wat het dood veroorsaak? .....

.....

Was die kind teenwoordig (daar) toe die person dood is? Ja/Nee

Het die kind die liggaam gesien? Ja/Nee Was die kind by die begrafnis? Ja/Nee

Kon die kind afskeid neem? Ja/Nee Was die kind al by die graf? Ja/Nee

Wat is die familie se geloof? .....

Is dit ook die kind se geloof? .....

Waarin glo julle geloof? ....

.....

Wat glo julle geloof oor die dood? .....

.....

Wat glo jul geloof oor die lewe na die dood? .....

.....

Wat glo jul kultuur oor die dood? .....

.....

Behoort die familie aan 'n kerk en woon julle dit by? Ja/Nee Naam v.d. kerk : .....

Is die kind aan enige ander trauma blootgestel bv.:

Teenwoordig by 'n gewelddadige misdaad Ja/Nee

Slagoffer van 'n geweldsmisdaad Ja/Nee

Blootgestel aan enige vorm van mishandeling: verbal, emosioneel, fisies, seksueel Ja/Nee

Indien ja, spesifiseer .....

Dood van 'n ander nabye gesinslid Ja/Nee

Dood van 'n vriend Ja/Nee

HET DIE KIND ENIGE VAN DIE VOLGENDE SIMPTOME:

Nagmerries	Ja/Soms/Nee
Bednatmaak	Ja/Soms/Nee
Maagpyn	Ja/Soms/Nee
Hoofpyn	Ja/Soms/Nee
Geen belangstelling in normale aktiwiteite	Ja/Soms/Nee
Bang om weg te wees van versorger	Ja/Soms/Nee
Aggressie	Ja/Soms/Nee
Woede uitbarstings & "tantrums"	Ja/Soms/Nee
Breek speelgoed of ander goed	Ja/Soms/Nee
Huilerigheid	Ja/Soms/Nee

Is daar enigiets anders wat die kind doen wat vreemd is? .....

.....

.....

Is daar iets wat jy dink navorser behoort te weet oor jou kind of die dood? .....

.....

.....

Ek, ... gee hiermee toestemming dat mev. Linda Grobler my kind se inligting vir haar navorsing mag gebruik. Ek gee ook toestemming dat al die sessies op video opgeneem mag word vir navorsingsdoeleindes. Ek versoek dat my kind nie by name geïdentifiseer mag word nie en dat alle details vertroulik hanteer sal word.

Geteken te Rustenburg op .....

....

Handtekening Verhouding met kind

VRAELYS VIR ONDERWYSERS

Naam van kind: ..... Geb. datum: ..... Graad .....

Datum van dood: .....

Verhouding met die oorledene (bv. pa, ma, oom, tannie): .....

Oorsaak van die dood? .....

.....

Het die kind enige van die volgende simptome:

Hoofpyn	Ja/Soms/Nee
Maagpyn	Ja/Soms/Nee
Naarheid	Ja/Soms/Nee
Moegheid	Ja/Soms/Nee
Geïrriteerdheid	Ja/Soms/Nee
Paniek aanvalle	Ja/Soms/Nee
Meer aktief (fisies)	Ja/Soms/Nee
Minder aktief (fisies)	Ja/Soms/Nee
Swakker konsentrasie	Ja/Soms/Nee
Aandag makliker afleibaar	Ja/Soms/Nee
Hiperaktief	Ja/Soms/Nee
Akademiese punte/prestasie het verswak	Ja/Soms/Nee
Aggressiewe gedrag	Ja/Soms/Nee
Woede uitbarstings	Ja/Soms/Nee
Destruktiewe gedrag (breek goed)	Ja/Soms/Nee
Meer impulsief as voorheen	Ja/Soms/Nee
Huil maklik	Ja/Soms/Nee
Depressief	Ja/Soms/Nee
Skrik maklik	Ja/Soms/Nee

Hoe goed ken jy die kind? .....

.....

Is jy bekend met die kind se omstandighede by die huis? .....

.....

Wat glo die kind (spiritueel)? ....

.....

Het die kind verander sedert die ouer/versorger dood is? .....

.....

Is daar enigiets anders wat relevant is rakende die kind se gedrag? .....

.....

In jou opinie, hoe hanteer die kind die kind die ouer/versorger se dood? ....

.....

.....

.....

Naam van onderwyser

.....

Handtekening

.....

Datum

Perspective Training College

Child Functioning Inventory Primary School (CFI-SPRIM)

Section A: Positive Psycho-social Functioning

0. Perseverance (1 - 9)
1. Satisfaction (10 - 17)
2. Future Perspective (18 - 25)

Section B: Self-perception

3. Anxiety (26 - 33)
4. Guilt Feelings (34 - 42)
5. Lack of Selfworth (43 - 50)
6. Isolation (51 - 58)
7. Responsible for others (59 - 66)
8. Lack of Assertiveness (67 - 74)

Section D: Trauma Dynamics

9. Memory Loss (75 - 82)
10. Frustration (83 - 89)
11. Helplessness (90 - 97)
12. Attitude towards adults (98 - 106)
13. Mistrust (107 - 116)
14. Stigma (117 - 124)
15. Body Image (125 - 133)
16. Personal boundaries (134 - 140)
17. Alcohol use (141 - 147)
18. Drug use (148 - 154)
19. School problems (155 - 161)

Section E: Relationships

20. Relationship with friends (162 - 169)
21. Relationship with mother (170 - 177)
22. Relationship with father (178 - 185)
23. Relationship with stepmother (186 - 193)
24. Relationship with stepfather (194 - 201)
25. Relationship with family (202 - 209)

Child Functioning Inventory Senior Primary (CFI- SPRIM)

Kinderfunksioneringinventaris Senior Primêr (CFI- SPRIM)

Perspektief

Potchefstroom, South Africa:

PO Box 20842 Posbus
Noordbrug, Potchefstroom, 2522

7 Grietjie Street / Straat 7
Dassierand, Potchefstroom, 2531

Tel +27 18 293 1416
Faks 0866 921 322

E-mail / E-pos:
perspektief@lantic.net

Besoek ons webwerf:
Visit our website:

www.perspectivetrainingcollege.com

Lede / Members:

AC Faul & AJ Hanekom

Perspektief in Menswees
CK 1992/029890/23

Comprehensive Children Assessment Omvattende Kinderassessering

Questionnaire / Vraelys

Comprehensive Children Assessment
Omvattende Kinderassessering

Child Functioning Inventory - Senior Primary (CFI-SPRIM)
Kinderfunksioneringsinventaris - Senior Primêr (CFI-SPRIM)

About your Personal Functioning Profile
Oor u Persoonlike Funksioneringsprofiel

***Confidentiality* / Vertroulikheid**

We want you to know that the personal information you share will remain just that, personal. Your confidentially will be respected.
Ons wil hê jy moet weet dat die persoonlike inligting wat jy met ons deel persoonlik bly. Jou vertroulikheid sal beskerm word.

***Purpose* / Doel**

The CFI is designed to improve the quality of your life by evaluating your present functioning and making recommendations for the future. For the report to be accurate, all questions need to be answered to the best of your ability.
Die CFI is ontwerp om kwaliteit van jou lewe te verhoog deur jou huidige funksionering te evalueer en aanbevelings vir die toekoms te maak. Vir die verslae om akkuraat te wees moet al die vrae na die beste van jou vermoë beantwoord word.

***A few Suggestions* / 'n Paar Voorstelle**

Grade yourself as quickly and as honestly possible. Do not speculate too long before you answer. This is not a test and there are no right or wrong answers. The first answer that comes to mind is usually the correct one.
Gradeer jouself so vinnig en eerlik moontlik. Moenie te lank oor 'n antwoord dink nie. Dit is nie 'n toets nie en daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie. Die eerste antwoord wat in jou gedagtes opkom, is normaalweg die korrekte een.

***Procedure* / Prosedure**

A ***Mark the relevant number on the answer sheet, by filling in the oval.***
Merk die relevante nommer op die antwoordblad, deur die ovaal in te kleur.

B ***Check to be sure you have answered every question.***
Maak seker jy het elke vraag geantwoord.

Perspektief Training College, PO Box 20842, Noordbrug 2522
Tel +27 18 293 1416 Fax 0866 921 322
775E-mail perspektief@lantic.net

Child Functioning Inventory - Senior Primary
Kinderfunksioneringsinventaris - Senior Primêr

Questionnaire / Vraelys

Met hierdie vrae wil ons jou graag beter leer ken. Beantwoord die vrae so vinnig as wat jy kan. Moenie te lank dink oor 'n vraag nie. Die eerste antwoord wat by jou opkom, is gewoonlik die beste een. Onthou daar is nie regte of verkeerde antwoorde nie. Antwoord elke item deur net die regte sirkel met 'n pen / potlood op die antwoordblad in te kleur.

With this questionnaire we would like to get acquainted with you. Grade yourself as quickly and as honestly as possible. Do not speculate too long before you answer. The first answer that comes to mind is usually the correct one. There are no wrong or correct answers. Mark the relevant number on the answer sheet, by using a pencil. Print clearly in the boxes and fill in the corresponding ovals.

I keep on trying until I succeed.	1.	Ek hou aan probeer totdat ek iets regkry.
I keep on doing my homework until it is done.	2.	Ek doen my huiswerk tot ek klaar is.
It is important to me to understand my school work.	3.	Dit is vir my belangrik om my skoolwerk te verstaan.
I complete my school work, even if it is difficult.	4.	Ek maak my skoolwerk klaar al is dit moeilik.
It is important to me to do better and better.	5.	Dit is vir my belangrik om beter en beter te doen.
I work hard at school.	6.	Ek werk hard by die skool.
It is important to me to do my school work correctly.	7.	Dit is belangrik vir my om my skoolwerk reg te doen
It is important to me to do well.	8.	Dit is belangrik vir my om goed te doen.
I enjoy working hard.	9.	Dit is vir my lekker om hard te werk.
I am satisfied.	10.	Ek is tevrede.
I feel cheerful.	11.	Ek voel vrolik.
I feel happy.	12.	Ek voel gelukkig.
I enjoy living.	13.	Dit is vir my lekker om te lewe.
I do the things that I enjoy.	14.	Ek doen dinge wat vir my lekker is.
I like my life the way it is.	15.	Ek hou van my lewe soos dit is.
I wish my life was different.	16.	Ek wens dat my lewe anders was.
I wish that I could go somewhere else.	17.	Ek wens dat ek na 'n ander plek kon gaan.
I think I will be happy when I am a grown-up.	18.	Ek dink ek sal gelukkig wees as ek groot is.
I think of the time when I will be a grown-up.	19.	Ek dink aan wanneer ek groot sal wees.
Things will go well for me when I am a grown-up.	20.	Ek dink dit sal goed gaan met my as ek groot is.
I think it will be fun when I am a grown-up.	21.	Ek dink dit sal lekker wees as ek groot is.
I wish I was a grown-up already.	22.	Ek wens ek was al groot.

I think my plans will work out when I am a grown-up.	23.	Ek dink my planne sal uitwerk as ek groot is.
I think things will be bad when I am a grown-up.	24.	Ek dink dit sal vir my sleg wees wanneer ek groot is.
I think it is better to be a grown-up, rather than being a child.	25.	Ek dink dit is beter om eerder 'n grootmens as 'n kind te wees.
I am afraid to make mistakes.	26.	Ek is bang ek maak foute.
I feel like running away from the things that scare me.	27.	Ek voel lus om weg te hardloop van die dinge wat my bang maak.
Things I don't know, scare me.	28.	Goed wat ek nie ken nie laat my bang voel.
I get stomach pains when I feel afraid.	29.	Ek kry maagpyn wanner ek bang is.
I am afraid that things may go wrong.	30.	Ek is bang iets gaan verkeerd.
There are places where I feel scared.	31.	Daar is plekke waar ek bang voel.
There are people who scare me.	32.	Daar is mense wat my bang maak.
I feel afraid.	33.	Ek voel bang.
I feel I deserve getting shouted at.	34.	Ek voel ek moet raas kry.
I am to blame when things go wrong.	35.	Dit is my skuld as dinge verkeerd gaan.
When something is wrong, I am to blame.	36.	As daar fout is, is dit my skuld.
I feel I do too many things wrongly.	37.	Ek voel ek doen te veel goed verkeerd.
I cause problems.	38.	Ek veroorsaak probleme.
I feel I should be punished.	39.	Ek voel ek moet gestraf word.
I am naughty.	40.	Ek is stout.
I easily get into trouble.	41.	Ek kom maklik in die moeilikheid.
I am to blame for many things.	42.	Baie goed is my skuld
People like me.	43.	Mense hou van my.
I like myself.	44.	Ek hou van myself.
I am important.	45.	Ek is belangrik.
I feel shy.	46.	Ek is skaam.
People love me.	47.	Mense is lief vir my.
I feel good about myself.	48.	Ek voel goed oor myself.
People listen to me.	49.	Mense luister na my.
I feel worthless.	50.	Ek voel niksweerd.
When I play on my own, I feel less afraid.	51.	Ek voel minder bang wanneer ek alleen speel.
I enjoy having people around me.	52.	Ek hou van mense om my.
I am scared to make new friends.	53.	Ek is bang om maats te maak.
I like to do things on my own.	54.	Ek hou daarvan om dinge op my eie te doen.
I am afraid of other children.	55.	Ek is bang vir ander kinders.

I like to be alone.	56.	Ek hou daarvan om alleen te wees.
I easily tell other people how I feel.	57.	Ek vertel maklik vir ander mense hoe ek voel.
I play on my own.	58.	Ek speel alleen.
I must prevent others from becoming sad.	59.	Ek moet keer dat ander hartseer word.
I must prevent bad things from happening to other people.	60.	Ek moet keer dat slegte goed met ander mense gebeur.
I am worried about other people.	61.	Ek is bekommerd oor ander mense.
I must make sure that other people are happy.	62.	Ek moet sorg dat ander mense gelukkig is.
I must keep other people out of trouble.	63.	Ek moet ander mense uit die moeilikheid uit hou.
Other people's problems are more important than mine.	64.	Ander se probleme is belangriker as my eie.
I may tell a lie to keep other people out of trouble.	65.	Ek mag jok om ander mense uit die moeilikheid te hou.
I protect others by taking the blame when things go wrong.	66.	Ek beskerm ander deur die skuld te vat as iets verkeerd gaan.
I say no to things that are bad for me.	67.	Ek sê nee vir goed wat vir my sleg is.
I show it when I dislike something.	68.	Ek wys as iets vir my sleg is.
I say yes when I actually mean to say no.	69.	Ek sê ja, wanneer ek eintlik nee bedoel.
I will tell someone when I think he/she is wrong.	70.	Ek sal vir iemand sê as ek dink hy/sy is verkeerd.
I am scared to say what I think.	71.	Ek is bang om te sê wat ek dink.
I pretend to be satisfied.	72.	Ek maak asof ek tevrede is.
I keep quiet even when I think others are wrong.	73.	Ek bly stil, al dink ek ander is verkeerd.
I do things that others want to do.	74.	Ek doen dinge wat ander wil doen.
I forget where I put things.	75.	Ek vergeet waar ek goed bêre.
When I have to give a message, I remember exactly what to say.	76.	Wanneer ek boodskappe moet oordra, onthou ek presies wat om te sê
I forget which day it is.	77.	Ek vergeet watter dag dit is.
I find it hard to remember important things.	78.	Ek sukkel om belangrike goed te onthou.
I forget to do my daily tasks.	79.	Ek vergeet die dinge wat ek elke dag moet doen.
I forget to give my parents letters from school.	80.	Ek vergeet om briewe van die skool af vir my ouers te gee.
I forget important things.	81.	Ek vergeet belangrike dinge.
I forget which homework I have to do.	82.	Ek vergeet watter huiswerk ek het.
I easily feel angry.	83.	Ek voel gou kwaad.
I bully my friends when they make me angry.	84.	Ek slaan/byt/skop my maats as hulle my kwaad maak.
I make my friends scared of me.	85.	Ek maak my maats bang vir my.
I say nasty things to my friends when they make me angry.	86.	Ek sê lelike goed vir my maats as hulle my kwaad maak.

I feel like swearing when my friends make me angry.	87.	Ek voel lus om te vloek as my maats my kwaad maak.
When I'm angry, I feel like breaking something.	88.	Ek voel lus om iets te breek wanneer ek kwaad is.
I feel like shouting when I'm angry.	89.	Ek voel lus om te skree wanneer ek kwaad is.
I find it hard to do things right.	90.	Ek sukkel om dinge reg te doen.
I have stopped laughing.	91.	Ek het opgehou om te lag.
I cry easily.	92.	Ek huil maklik.
I feel tired.	93.	Ek voel moeg.
I feel sad.	94.	Ek is hartseer.
There are only a few things I enjoy doing.	95.	Daar is min dinge wat vir my lekker is om te doen.
I feel like a failure.	96.	Ek voel soos 'n mislukking.
I feel alone.	97.	Ek voel alleen.
Grown-ups are stupid.	98.	Grootmense is simpel.
Grown-ups make me angry.	99.	Grootmense maak my kwaad.
I hate being with grown-ups.	100.	Ek haat dit om saam met grootmense te wees.
I am afraid of grown-ups.	101.	Ek is bang vir grootmense.
Grown-ups must leave me alone.	102.	Grootmense moet my uitlos.
I like grown-ups.	103.	Ek hou van grootmense.
Grown-ups like me.	104.	Grootmense hou van my.
I enjoy being with grown-ups.	105.	Ek hou daarvan om saam met grootmense te wees.
Grown-ups irritate me.	106.	Grootmense irriteer my.
People lie to me.	107.	Mense jok vir my.
I am afraid other people will hurt me.	108.	Ek is bang ander mense maak my seer.
I know other people will help me.	109.	Ek weet ander mense sal my help.
People pretend to like me.	110.	Mense maak asof hulle van my hou.
I can believe other people.	111.	Ek kan ander mense glo.
People mean what they say.	112.	Mense bedoel wat hulle sê.
I am cautious being alone with others.	113.	Ek is versigtig om alleen saam met ander te wees.
People hide things from me.	114.	Ander mense steek goed vir my weg.
I keep my secrets to myself.	115.	Ek hou my geheime vir myself.
Other people only want to hurt me.	116.	Ander mense wil my net seermaak.
I am different from other children.	117.	Ek is anders as ander kinders.
I wish I was more like other children.	118.	Ek wens ek was soos ander kinders.
Other children have less problems than I do.	119.	Ander kinders het minder probleme as ek.
Bad things only happen to me.	120.	Slegte goed gebeur net met my.

Other children are getting on better than I do.	121.	Dit gaan beter met ander kinders as met my.
Other children are happier than I am.	122.	Ander kinders is gelukkiger as ek.
My friends think I am different.	123.	My maats dink dat ek anders is.
My friends say rude things to me.	124.	My maats sê lelike goed vir my.
I like my body.	125.	Ek hou van my liggaam.
I wish I looked different.	126.	Ek wens ek het anders gelyk.
I feel good about myself when I look in the mirror.	127.	Ek voel goed oor myself as ek in die spieël kyk.
I feel like hiding my body.	128.	Ek voel lus om my liggaam weg te steek.
I feel ashamed of my body.	129.	Ek is skaam vir my liggaam.
My body feels dirty.	130.	My liggaam voel vuil.
I think people laugh at my body.	131.	Ek dink mense lag vir my liggaam.
I wish I could change my body.	132.	Ek wens ek kan my liggaam verander.
My body gives me the horrors.	133.	Ek gril vir my eie liggaam.
I look into other children's bags.	134.	Ek kyk in ander kinders se tasse.
I look into my teachers' drawers.	135.	Ek kyk in die onderwysers se laaie.
I knock before I enter a room.	136.	Ek klop voor ek in 'n kamer ingaan.
I like standing close to people.	137.	Ek hou daarvan om teenaan mense te staan.
I search for things other people hide.	138.	Ek soek na goed wat ander mense wegsteek.
I peep at other people's belongings.	139.	Ek loer in ander mense se goed.
I easily snoop around other people's stuff.	140.	Ek soek maklik in ander mense se goed rond.

Voltooi 141 - 147 met betrekking tot alkoholgebruik. Indien jy geen alkohol gebruik nie, los dit uit en begin weer by nommer 148 invul.
Complete 141 - 147 with regard to the use of alcohol. If you do not use any alcohol at all, leave this blank and start at number 148.

I drink when I am with my friends.	141.	Ek drink wanneer ek saam met my maats is.
My friends and I drink in secrecy.	142.	Ek en my maats drink in die geheim
It's OK to drink.	143.	Dit is OK om te drink.
I drink so much that I vomit.	144.	Ek drink so baie dat ek opgooi.
I drink to be popular.	145.	Ek drink om gewild te wees by my maats.
get into trouble because of my drinking.	146.	Ek kom in die moeilikheid omdat ek drink.
It is fun to drink.	147.	Dit is lekker om te drink.

Voltooi 148 - 154 met betrekking tot dwelmgebruik (dagga, gom, hoesstroop, ens.). Indien jy geen dwelms gebruik nie, los dit uit en begin weer by nommer 155 invul.
Complete 148 - 154 with regard to the use of drugs (dagga, glue, cough medicine, etc). If you do not use any drugs at all, leave this blank and start at number 155.

I use drugs when I am with my friends.	148.	Ek gebruik dwelms wanneer ek saam met my maats is.
My friends and I use drugs in secrecy.	149.	Ek en my vriende gebruik dwelms in die geheim.

It is OK to use drugs.	150.	Dit is OK om dwelms te gebruik.
I must use drugs.	151.	Ek moet dwelms gebruik.
I use drugs to be popular.	152.	Ek gebruik dwelms om gewild te wees by my maats.
I get into trouble because I use drugs.	153.	Ek kom in die moeilikheid omdat ek dwelms gebruik.
It is fun to use drugs.	154.	Dit is lekker om dwelms te gebruik.
I like school.	155.	Ek hou van skool.
I enjoy being at school.	156.	Dit is vir my lekker by die skool.
I hate school.	157.	Ek haat skool.
I am bored at school.	158.	Ek is verveeld by die skool.
School is unpleasant to me.	159.	Skool is vir my sleg.
I like my teachers.	160.	Ek hou van my onderwysers.
I easily get into trouble at school.	161.	Ek kom maklik in die moeilikheid by die skool.
I like my friends.	162.	Ek hou van my vriende.
My friends and I do things together.	163.	Ek en my vriende doen dinge saam.
I wish I had other friends.	164.	Ek wens ek het ander vriende gehad.
I can be honest with my friends.	165.	Ek kan eerlik wees met my vriende.
I hate my friends.	166.	Ek haat my vriende.
My friends share their secrets with me.	167.	My vriende deel hul geheime met my.
My friends and I have fun together.	168.	Ek en my vriende het 'n lekker tyd saam.
I share my secrets with my friends.	169.	Ek deel my geheime met my vriende.
I share my secrets with my mother.	170.	Ek deel my geheime met my ma.
My mother and I do things together.	171.	Ek en my ma doen dinge saam.
I spend time with my mother.	172.	Ek bring tyd saam met my ma deur.
My mother and I have fun together.	173.	Ek en my ma het 'n lekker tyd saam.
I share my feelings with my mother.	174.	Ek deel my gevoelens met my ma.
I feel angry when I think of my mother.	175.	Ek voel kwaad as ek aan my ma dink.
My mother understands me.	176.	My ma verstaan my.
My mother is angry with me.	177.	My ma is kwaad vir my.
My father and I do things together.	178.	Ek en my pa doen dinge saam.
I spend time with my father.	179.	Ek bring tyd saam met my pa deur.
I share my secrets with my father.	180.	Ek deel my geheime met my pa.
I share my feelings with my father.	181.	Ek deel my gevoelens met my pa.
My father and I have fun together.	182.	Ek en my pa het 'n lekker tyd saam.
I feel angry when I think of my father.	183.	Ek voel kwaad as ek aan my pa dink.

My father understands me.	184.	My pa verstaan my.
My father is angry with me.	185.	My pa is kwaad vir my.

As jy 'n stiefma het, voltooi 186 - 193 soos dit op haar van toepassing is.
Complete 186 - 193 if you have a stepmother.

I share my secrets with my stepmother.	186.	Ek deel my geheime met my stiefma.
My stepmother and I do things together.	187.	Ek en my stiefma doen dinge saam.
I spend time with my stepmother.	188.	Ek bring tyd saam met my stiefma deur.
My stepmother and I have fun together.	189.	Ek en my stiefma het 'n lekker tyd saam.
I share my feelings with my stepmother.	190.	Ek deel my gevoelens met my stiefma.
I feel angry when I think of my stepmother.	191.	Ek voel kwaad as ek aan my stiefma dink.
My stepmother understands me.	192.	My stiefma verstaan my.
My stepmother is angry with me.	193.	My stiefma is kwaad vir my.

As jy 'n stiefpa het, voltooi 194 - 201 soos dit op hom van toepassing is.
Complete 194 - 201 if you have a stepfather.

My stepfather and I do things together.	194.	Ek en my stiefpa doen dinge saam.
I spend time with my stepfather.	195.	Ek bring tyd saam met my stiefpa deur.
I share my secrets with my stepfather.	196.	Ek deel my geheime met my stiefpa.
I share my feelings with my stepfather.	197.	Ek deel my gevoelens met my stiefpa.
My stepfather and I have fun together.	198.	Ek en my stiefpa het 'n lekker tyd saam.
I feel angry when I think of my stepfather.	199.	Ek voel kwaad as ek aan my stiefpa dink.
My stepfather understands me.	200.	My stiefpa verstaan my.
My stepfather is angry with me.	201.	My stiefpa is kwaad vir my.

Voltooi 202 - 209 soos dit op die gesin waar jy die meeste bly, van toepassing is.
Complete 202 - 209 with regard to the family where you stay most of the time.

I share my feelings with my family members.	202.	Ek deel my gevoelens met my gesinslede.
My family bails me out of trouble.	203.	My gesin help my wanneer ek in die moeilikheid is.
Our family spends time together.	204.	Ons gesin bring saam tyd deur.
I feel alone at home.	205.	Ek voel alleen by die huis.
I can be honest with my family members.	206.	Ek kan eerlik wees met my gesinslede.
I share my secrets with my family members.	207.	Ek deel my geheime met my gesinslede.
I can share what happens to me with my family.	208.	Ek kan vir my gesin vertel wat met my gebeur.
I feel sad when I am with my family.	209.	Ek voel ongelukkig as ek by my gesin is.